

**'N VIKTIMOLOGIESE ONDERSOEK NA VROULIKE
KINDERSEKSWERKERS MET SPESIFIEKE
VERWYSING NA GAUTENG**

deur

A.E. HESSELINK-LOUW

Voorgelê ter vervulling van 'n deel
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (KRIMINOLOGIE)

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
PRETORIA**

November 2001

DANKBETUIGINGS

Hiermee my opregte dank aan die volgende persone en instansies:

Dr. Christiaan Bezuidenhout vir professionaliteit, vriendelike geduld en insiggewende leiding tydens die duur van hierdie studie

Prof. Ronelle Pretorius vir waardevolle insette en die aanvoer tot hierdie studie

Supt. André Neethling vir hulpvaardigheid en opoffering

Jean en Adéle du Plessis (The House) vir goedgunstigheids en raad

Stefan en Wilna de Beer (Pretoria Community Ministries) vir ondersteuning en hulp

Die Suid Afrikaanse Polisie wat my toegelaat het om hierdie navorsing te onderneem

Die respondente vir bereidwilligheid om aan hierdie studie deel te neem

Dr. Henning Pieterse (Universiteit van Suid-Afrika, Departement Afrikaans) vir die taalversorging

Henk Louw vir onbaatsigtige belangstelling, bystand, motivering, geduld en liefde

Jannie Hesselink vir aanmoediging, belangstelling en ondersteuning

Marinus Hesselink vir belangstelling en motivering

My Skepper.

A.E. Hesselink-Louw



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Opedra aan
die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en
Seksuelemisdryfeenheid
Johannesburg**



INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
TABELLE	xii
OPSOMMING	xiv
SUMMARY	xv
1. PROBLEEMSTELLING EN ORIËTERING	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 BEGRIPSOMSKRYWING	4
1.2.1 Prostitusie	4
1.2.2 Kinderprostitute of kindersekswerkers	6
1.2.3 Seksuele mishandeling van kinders	7
1.2.4 Minderjarige persoon	10
1.2.5 Slagoffer	10
1.2.6 Slagoffervatbaarheid	12
1.2.7 Slagofferpresipitasie	13
1.2.8 Slagofferlose misdaad	15
1.2.9 Pseudovolwassenheid	16
1.2.10 Pedofilie	17
1.2.10.1 Pedofiele	17
1.2.11 Koppelaar	18
1.2.12 Vergoeding	20
1.2.13 Uitlokking	21
1.3 'N HISTORIESE OORSIG VAN PROSTITUSIE	21
1.3.1 Prostitusie	22
1.3.2 Religieuse perspektiewe rakende prostitusie	25
1.3.3 Kindersekswerkers	26
1.4 PROBLEEMSTELLING: KINDERPROSTITUSIE AS 'N SAMELEWINGSPROBLEEM	27
1.4.2 Donkersyfers en onkunde rakende kinderprostitusie	29
1.4.3 Omvang van kinderprostitusie	30
1.4.4 Suid-Afrikaanse wetgewing	33
1.4.4.1 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997	35
1.4.4.2 Seksuele misdade wat teen kinders gepleeg word	35
1.4.5 Kindersekswerkers as slagoffers van emosionele en ekonomiese deprivasie	38
1.4.5.1 Emosionele deprivasie	38
1.4.5.2 Ekonomiese deprivasie	40
1.5 DOEL VAN DIE ONDERSOEK	41
1.5.1 Subdoelwitte	41
1.6 UITEENSETTING VAN HOOFSTUKKE	42

2.	MITES RAKENDE PROSTITUSIE EN KINDERPROSTITUSIE EN TEORETIESE ONDERBOU	44
2.1	MITES RAKENDE PROSTITUSIE EN KINDERPROSTITUSIE	44
2.2	TEORETIESE PERSPEKTIEWE IN VERBAND MET JEUGMISDAAD EN KINDERPROSTITUSIE	49
2.2.1	Vroeë teoretiese verklarings	52
2.2.1.1	Vroeë verklarings ten opsigte van vroulike wangedrag	53
2.3	BIOLOGIESE VERKLARINGS	55
2.3.1.	Cesare Lombroso (1835-1909)	55
2.3.1.1	Evaluering van die Lombrosiaanse denke	58
2.3.2	W.I. Thomas (1925)	59
2.3.2.1	Evaluering van W.I. Thomas se werk	61
2.4	SOSIOLOGIESE VERKLARINGS	63
2.4.1	Kingsley Davis (1960)	64
2.4.2	Otto Pollak (1950)	64
2.4.2.1	Evaluering van Thomas en Pollak se werk	66
2.5	PSIGOLOGIESE VERKLARINGS	66
2.5.1	Sigmund Freud (1856-1939)	67
2.5.1.1	Evaluering van Freud se psigoanalitiese benadering	70
2.5.2	Erik Erikson (1902-1980)	71
2.5.2.1	Evaluering van Erikson se teorie	78
2.6	'N FEMINISTIESE PERSPEKTIEF	79
2.6.1	Evaluering van die feministiese perspektief	83
2.7	SOSIALE STRUKTUURTEORIEË	83
2.7.1	Emilé Durkheim (1858-1917) – Anomie	84
2.7.2	Spanningsteorie: Robert Merton – Anomieteorie	85
2.7.2.1	Evaluering van die anomieteorie	92
2.7.3	Die algemene spanningsteorie van Robert Agnew	93
2.7.3.1	Evaluering van die algemene spanningsteorie	98
2.7.4	Die subkultuurteorie van Albert K. Cohen	99
2.7.4.1	Evaluering van die subkultuurteorie	103
2.8	SOSIALE PROSESTEORIEË	104
2.8.1	Die differensiële assosiasieteorie van Edwin Sutherland	105
2.8.1.1	Evaluering van die differensiële assosiasie	114
2.8.2	Die beheersingsteorie van Walter Reckless	115
2.8.2.1	Evaluering van die beheersingsteorie	121
2.8.3	Die sosiale beheersingsteorie van Travis Hirschi	122
2.8.3.1	Evaluering van die sosiale beheersingsteorie	131
2.9	SAMEVATTING	134
3.	AFGEHANDELDE NAVORSING	135
3.1	INLEIDING	135
3.1.1	Afgehandelde navorsing rakende kindersekswerk	135
3.2	PROFIEL VAN KINDERSEKSWERKERS	135
3.3	OORSAKE VIR KINDERPROSTITUSIE	136



3.3.1	Mishandeling	139
3.3.1.1	Seksuele mishandeling	140
3.3.1.2	Fisieke mishandeling	143
3.3.1.3	Emosionele mishandeling	144
3.3.2	Ekonomiese faktore	144
3.3.2.1	Armoede	145
3.3.2.2	Werkloosheid	146
3.3.3	Alkohol- en dwelmmiddelmisbruik	147
3.3.4	Lae opvoedingspeil en uitsakking op skool	149
3.3.5	Verstedeliking	151
3.3.6	Oorbevolking	152
3.3.7	Die gesin	152
3.3.7.1	Die disfunksionele gesin	156
3.3.7.2	Die gebroke gesin en ouerlike afwesigheid	156
3.3.7.3	Verwerping in die ouerhuis	158
3.3.7.4	Wegloop van die ouerhuis	158
3.4	NADELE VAN KINDERPROSTITUSIE	161
3.4.1	Die psigologiese impak van sekswerk op kinders	162
3.4.2	Fisieke gevolge	164
3.4.3	Seksueel oordraagbare siektes en mediese probleme	165
3.4.3.1	MIV/Vigs	165
3.5	VERWANTE PRAKTYKE VERBONDE AAN KINDERPROSTITUSIE	166
3.5.1	Pornografie	166
3.5.2	Sekshandel met kinders	167
3.6	DEKRIMINALISERING VAN PROSTITUSIE	169
3.6.1	Voordele van dekriminalisering van prostitusie	171
3.6.2	Nadele van dekriminalisering van prostitusie	174
3.6.3	Die implikasie van dekriminalisering op kinderprostitusie	175
3.7	BESTAANDE ONDERSTEUNINGSMEGANISMES OM KINDERPROSTITUSIE TE BEKAMP	176
3.7.1	The House, Intombi en Ethembeni	176
3.7.2	Lerato huis	178
3.8	LEEMTES IN BESTAANDE INSTANSIES	179
3.9	REHABILITASIE	179
3.10	SAMEVATTING	180
4.	NAVORSINGSONTWERP	181
4.1	INLEIDING	181
4.2	DOEL VAN ONDERSOEK	182
4.2.1	Subdoelwitte	183
4.2.2	Navorsingsverwagtinge	183
4.3	WYSE VAN DATA-INSAMELING	184
4.3.1	Verkennde ondersoek	185
4.3.2	Beskrywende ondersoek	187
4.3.3	Rigtinggewende vooraftoets	187
4.3.3.1	Beplanning van 'n vooraftoets	188



4.3.3.2	Semi-gestruktureerde vraelys	189
4.4	UITVOERING VAN DIE VOORAFTOETS: FASE EEN	190
4.4.1	Vorbereiding vir die vooraftoets	190
4.4.2	Meetinstrumente	191
4.4.3	Proefpersone	192
4.4.4	Profiel van die respondente wat by die vooraftoets betrek is	192
4.4.4.1	Redes vir die beoefening van kindersekswerk	194
4.4.4.2	Probleme wat tydens die vooraftoets ondervind is	195
4.4.4.3	Algemene kommentaar deur prostitute	196
4.5	FASE TWEE: ONDERHAWIGE STUDIE	197
4.5.1	Meetinstrumente vir onderhawige studie	197
4.5.1.1	Literatuurstudie	197
4.5.1.2	Werwing van proefpersone	199
4.5.1.2.1	Plek van werwing	199
4.5.1.3	Observasie en deelnemende observasie	201
4.5.1.4	Semi-gestruktureerde vraelys	203
4.5.1.5	Onderhoudvoering	206
4.6	STEEKPROEFTREKKING	207
4.6.1	Nie-waarskynlikheid-steekproeftrekking	209
4.6.1.1	Doelgerigte steekproeftrekking	209
4.6.1.2	Sneeubaltegniek	210
4.7	DEMOGRAFIESE INLIGTING RAKENDE DIE RESPONDENTE WAT BY FASE TWEE BETREK IS	211
4.7.1	Rassesamestelling	212
4.7.2	Taalvoorkeur	213
4.7.3	Opvoedingspeil	213
4.7.4	Voorbehoedmiddels	213
4.7.5	Inkomste van die respondente	214
4.7.6	Ouderdom	214
4.7.7	Algemeen	214
4.8	ANALISE	215
4.9	SAMEVATTING	215
5.	BESPREKING VAN RESULTATE EN VERWESENLIKING VAN NAVORSINGSVERWAGTINGE EN SUBDOELWITTE	217
5.1	INLEIDING	217
5.2	BEVINDINGE RAKENDE DIE NAVORSINGSVERWAGTINGE	217
5.2.1	Navorsingsverwagting 1: Aard en omvang van kinderprostitusie in Gauteng (Johannesburg en Pretoria)	217
5.2.1.1	Voorkoms (aard en omvang) van kindersekswerk in Gauteng	217
5.2.1.2	Ouderdomsverspreiding van die respondente	218
5.2.1.3	Verstedeliking en kindersekswerk	219
5.2.1.4	Aard van seksuele aktiwiteite	219
5.2.1.5	Kleredrag	221
5.2.1.6	Inkomste en uitgawes van die respondente	221
5.2.1.7	Werkure	222



5.2.1.8	Profiel van kliënte wat van kinderprostitute gebruik maak	222
5.2.2	Navorsingsverwagting 2: Wyse waarop kinders by prostitusie betrokke raak	223
5.2.2.1	Uitsakking op skool	223
5.2.2.2	“Oorlewingseks” vir finansiële redes	225
5.2.2.3	Huislike omstandighede	226
5.2.2.3.1	Konflik in die ouerhuis	227
5.2.2.3.2	Weglopery	228
5.2.2.3.3	Seksuele, emosionele en fisieke mishandeling	229
5.2.2.3.4	Die rol van stiefouers	231
5.2.2.3.5	Alkohol- en dwelmmiddelmisbruik deur ouers	233
5.2.2.4	Armoede	234
5.2.2.5	Oorbewoning in die ouerhuis	236
5.2.2.6	Werkloosheid	236
5.2.2.7	Dwelmmiddelmisbruik	237
5.2.3	Navorsingsverwagting 3: Risikofaktore verbonde aan kinderprostitusie	238
5.2.3.1	Weglopery	239
5.2.3.2	Verbrokkelde en onvolledige gesinne	239
5.2.3.3	Alkohol- en dwelmmiddelmisbruik	240
5.2.3.4	Swak skolastiese opleiding	241
5.2.3.5	Seksueel oordraagbare siektes, MIV en aborsie	242
5.2.3.6	Pornografie	244
5.2.3.7	Kontak met die Kriminele Regsplegingsstelsel	245
5.2.3.7.1	Deelname aan misdadige aktiwiteite	245
5.2.3.8	Slagoffers van misdaad	244
5.2.3.9	Post-traumatiese stessimptome	247
5.2.4	Navorsingsverwagting 4: Oorlewingsmeganismes van kinderprostitute	249
5.2.4.1	Psigo-sosiale verdedigingsmeganismes	249
5.2.4.2	Alkohol- en dwelmmiddelmisbruik	250
5.2.5	Navorsingsverwagting 5: Souteneurs se rol by kinderprostitusie	251
5.3	ALGEMEEN	253
5.3.1	Vryetydsbesteding	253
5.3.2	Persepsie teenoor die Suid-Afrikaanse Polisieagents	253
5.3.3	Behoeftes van kindersekswerkers om prostitusie te verlaat	254
5.3.4	Beskikbare meganismes om prostitusie te verlaat	255
5.3.5	Voordele van prostitusie	257
5.3.6	Toekomsverwagtinge van die respondente	257
5.4	SUBDOELWITTE	258
5.4.1	Subdoelwit 1: 'n Kriminologiese ontleding van gevallestudies om die sosiale aard van kinderprostitusie te bepaal	258
5.4.2	Subdoelwit 2: 'n Teoretiese verklaring van kinderprostitusie	258
5.4.3	Subdoelwit 3: Die identifisering van emosionele, psigiese	



	en fisieke gevolge wat sekswerk op kinders het	259
5.4.4	Subdoelwit 4: Identifisering van risikofaktore wat betrokkenheid by prostitusie kan verklaar	259
5.4.5	Subdoelwit 5: 'n Kontaklys van persone en organisasies wat betrokke is by kindersekswerkers in Gauteng	260
5.4.6	Subdoelwit 6: Om aan te dui wat die dekriminalisering van prostitusie op die voortbestaan van kinderprostitusie sal hê	260
5.5	SAMEVATTING	260
6.	AANBEVELINGS	262
6.1	ONVOLDOENDE OPLEIDING	262
6.2	VESTIGING VAN NETWERKE	263
6.3	WETGEWING	263
6.3.1	Internasionale wetgewing	263
6.3.2	Suid-Afrikaanse wetgewing	264
6.3.2.1	Die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 (soos gewysig in Wet 19 van 1999)	265
6.3.2.2	Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997	265
6.3.2.3	Die Wet op Seksuele Misdrywe, Wet 23 van 1957 (gewysig in 1988)	267
6.3.2.4	Die Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998)	269
6.3.2.5	Die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad (Wet 121 van 1998)	270
6.4	FASILITEITE VAN VEILIGHEID	271
6.5	REHABILITASIE	273
6.6	INLIGTINGLYS RAKENDE ORGANISASIES WAT BY KINDERSEKSWERKERS BETROKKE IS	274
6.7	ALGEMENE AANBEVELINGS	277
6.8	SAMEVATTING	279
	VERWYSINGS	281
BYLAAG 1		292
BYLAAG 2		298
	TABELLE	
	Tabel 1: Die Omvang van Kinderprostitusie in 1993 in Suid-Afrika	32
	Tabel 2: Aantal Straatprostitute in Suid-Afrika van Oktober 1996 tot Mei 1997	33
	Tabel 3: Demografiese Inligting rakende die Respondente wat in Fase Een betrek is	193
	Tabel 4: Demografiese Inligting rakende die Respondente wat in Fase Twee betrek is	212

TITEL: 'n Viktimologiese ondersoek na vroulike kindersekswerkers met spesifieke verwysing na Gauteng

DEUR: A.E. Hesselink-Louw

STUDIELEIER: Dr. Christiaan Bezuidenhout

MEDE-STUDIELEIER: Prof. Ronelle Pretorius

DEPARTEMENT: Kriminologie

GRAAD: Magister Artium

OPSOMMING

Kinderprostitusie is 'n sosiale probleem wat wêreldwyd voorkom. Kinders wat nog nie puberteit betree het nie asook adolessente word deur souteneurs en hulle ouers of voogde by kindersekswerk betrek. Hierdie kinders wat dikwels die enigste broodwinners van die gesin is, word aan vernederende en in sommige gevalle gedwonge seksuele aktiwiteite, geweld, intimidasie en dwelms blootgestel.

Die aard, omvang, werkswyse asook die emosionele, psigiese en fisieke gevolge van prostitusie op die kind is aan die hand van 'n verkennende, kwalitatiewe ondersoek (Gauteng - spesifiek Johannesburg en Pretoria) bestudeer. Die ondersoek word teoreties gerig deur onder andere die sosiale struktuur- en proseteorieë. Verder is verskeie risikofaktore ten opsigte van kindersekswerk geïdentifiseer. Die moontlike dekriminalisering van prostitusie asook die effek wat dekriminalisering van prostitusie op kindersekswerk sal hê, is onder die loep geneem. Verskeie aanbevelings in verband met verdere navorsing rakende kindersekswerk is gemaak en moontlike oorkomingstrategieë ten opsigte van kindersekswerk is ook geïdentifiseer.

TITLE: A victimological study of child sex workers with special reference to
Gauteng

BY: A.E. Hesselink-Louw

SUPERVISOR: Dr. Christiaan Bezuidenhout

CO-SUPERVISOR: Prof. Ronelle Pretorius

DEPARTMENT: Criminology

DEGREE: Magister Artium

SUMMARY

Child prostitution is a social phenomenon that occurs worldwide. Children, prior to reaching puberty, and adolescent's, are drawn into child sexwork by pimps, their parents or guardians. These children, often the only breadwinners of their families, become exposed to humiliation and in numerous situations coercion, violence, intimidation and drugs.

The nature, extent, working environment and the emotional, psychological and physical effects of child prostitution on the child are explored through an explorative and a qualitative study (Gauteng – specifically Johannesburg and Pretoria). The study is theoretically driven through, *inter alia*, the social process and structural theories. Several risk factors regarding child sex work are identified. The possible decriminalization of prostitution and the effect thereof on child sex workers was considered. Several recommendations for further research on child sex work were made and possible prevention strategies were also identified.

1. PROBLEEMSTELLING EN ORIËTERING

1.1 INLEIDING

Sedert die vroegste tye is kinders slagoffers van mishandeling (Siegal & Senna, 1997:288). Verwysings na fisieke en seksuele mishandeling van kinders word volgens Nelmapius (1995:76) asook Siegal en Senna (1997:288) in die meeste historiese geskryfte rakende hierdie onderwerp aangetref. 'n Verskynsel wat hiermee verband hou, naamlik kinderprostitusie, kom ook sedert die vroegste tye voor (O'Connor, 2000:3).

Kinderprostitusie is 'n wêreldwye verskynsel (Labuschagné, 1995a:1; O'Connor, 2000:3). 'n Derde van Suid-Afrika se prostitute is na raming kinders onder die ouderdom van 18 jaar (McNeill, 1996:46). Volgens Du Plessis (1996:42) staan hierdie kinders as "the invisible children" bekend omdat "niemand buiten hul middelklas, manlike kliënte weet waar om hulle te vind nie". Volgens dié outeur kan kinderprostitusie inderwaarheid beskou word as 'n uitvloeisel van langtermyn- seksuele mishandeling van kinders.

Tot op datum handel die meeste navorsingbronne oor prostitusie, oftewel sekswerk, oor volwasse sekswerkers (Crouse & Botha, 1977; Freed, 1949; Kilian, 1982; Milwidsky, 1984; Schurink & Winterbach, 1979; Minnaar, Venter & Schurink, 1980; Schurink & Levinthal, 1993; Visser, 1985). Daar bestaan beperkte kriminologiese navorsing in Suid-Afrika in verband met minderjariges wat vir sekswerk gebruik word. Van Heerden (1995:1) is ook die mening toegedaan dat daar nog beperkte navorsing oor kindersekswerkers gedoen is. Volgens dié outeur kan daar aanvaar word dat duisende kinders daarby betrokke is.

Ofskoon daar nie omvangryke studies in verband met kindersekswerkers gedoen is nie (<http://www.acapa.org.za/P/africa.htm>), wys Du Plessis (persoonlike mededeling, 10 Mei 1997), Siegal en Senna (1997:282) en O'Connor (2000:3) daarop dat hierdie verskynsel 'n

samelewingsrelevanté probleem is. Kinders so jonk as vyf jaar word deur kliënte en koppelaars (agente) as “ryp” genoeg beskou vir seksuele uitbuiting. Du Plessis verwys na ‘n geval waar ‘n vierjarige kind vir meer as nege maande deur haar ma as sekswerker uitgehuur is. Cheeky, ‘n 21 jarige prostituut, het aangedui dat haar ma haar as maagd op 12 vir R150 “verkoop” het. In die groter sentra van Suid-Afrika soos Johannesburg, Pretoria en Kaapstad bied kinderprostitute seksuele dienste soos onder andere orale seks teen R7 en geslagsomgang teen R30 - R200 aan (Du Plessis, persoonlike mededeling, 10 Mei 1997). ‘n Meer resente geval is die van ‘n egpaar in Brits wat hulle drie minderjarige dogters (9, 14 en 16 jaar) vir vyf jaar as kinderprostitute aan kliënte in die Brits omgewing vir tussen R20 en R30 uitverhuur het. Daar is ook bewerings dat die stiefpa die negejarige dogter gemolesteer en verkrag het (Du Preez, 1998:4; Pelsler, 1998:3). Sodra hierdie gevalle deur die media onder die publiek se aandag gebring word, veroorsaak dit meestal gemeenskapsreaksie soos ongelooft en skok.

Die kommersiële seksuele uitbuiting van kinders word beskou as een van die ernstigste miskennings van menseregte (Du Plessis, 1996:42; Hodgson, 1995: 23-53; McClain, 1997:1; O’Connor, 2000:3). Sekswerk ontnem kinders van hul onskuldige kinderdae en dit kan hul psigiese en fisieke welstand benadeel (Green, 1996:11; Van Zyl, 2000:1).

Ter ondersteuning van bogenoemde som Farley (1996:8) kinderprostitusie soos volg op:

“So the trauma researcher must ask: how is it a ‘choice’ when she has been sexually assaulted and defined as a whore since childhood, runs away at the age of 13, then gets recruited into prostitution by a coercive pimp, then gets addicted so she doesn’t have to feel the pain, then has a child, then gets beaten up by her pimp/old man, and on and on. How is this a ‘choice’? It’s not a choice. It’s a lifetime of human rights violations.”

Dit is dikwels moeilik om uit die bese kringloop van kinderprostitusie weg te breek aangesien die meeste kinderprostitute geen heenkome het nie (Coetzee, 1998:2). Ter ondersteuning hiervan kan die woorde van Cheeky, die prostituut na wie hierbo verwys is, aangehaal word: “Well, I’ve been here for years and the only way I’ve seen people leave is either OD-ing or getting killed” (Du Plessis, 1996:54). Cheeky is gedurende Desember 1994 dood aangetref in die strate van

Hillbrow. Tydens 'n na-doodse ondersoek het dit aan die lig gekom dat sy gemartel en daarna vermink is voordat sy om die lewe gebring is. 'n Prostituut in Coetzee (1998:2) se studie het haar soos volg hieroor uitgelaat: "geen ander werk kan vir ons dié soort geld gee nie. Ek verdien tot R10 000 'n maand. As ek die werk los, sal ek altyd terugkom as ek dringend geld nodig het. 'n Mens kom nooit vir altyd hieruit nie. Dit is soos 'n dwelm" (Coetzee, 1998:2).

Tydens die Wêreldkongres rakende die Kommersiële en Seksuele Eksploitasie van Kinders (wat in Swede gehou is, Augustus 1996) het dit aan die lig gekom dat georganiseerde misdaadsindikate kinders vir hulle eie gewin misbruik. Kinders word meestal aan dwang, intimidasie, geweld en dwelms blootgestel (...awaii.edu/hern95/pt021/child_prostitutes.html; <http://www.unicef.org/pon95/chil0015.htm>; O'Connor, 2000:3; Siegal & Senna, 1997:292-293). In die meeste gevalle word die geld wat die prostitute verdien aangewend om hulle dwelmmiddelafhanklikheid in stand te hou (Steenkamp, 2000:4; <http://www.acapa.org.za/A/brief1.htm>; <http://www.acapa.org.za/P/africa.htm>). Sommige kinders word selfs na die buiteland ontvoer om as kinderprostitute gebruik te word (<http://www.acapa.org.za/P/africa.htm>; http://www.lonelyplanet.com.au/dest/sea/rc_child.htm; http://www.cnn.com/WORLD/19604/01colombia_girls). In Suid-Afrika is die eksploitering van kinders vir prostitusie en pornografie 'n groeiende industrie. Die lewens van duisende kinders word sodoende vernietig (Cole & Theron, 1994:107; De Bruin, 2000:10; Smit, 1996:5). 'n Verdere probleem is dat prostitusie moontlik vir die toenemende groep werklose kinders en jeugdige 'n beroepkeuse kan word (Du Plessis, 1996:22; Siegal & Senna, 1997:293).

Verder is dogtertjies wat as kinderprostitute werksaam is, soms onkundig oor aangeleenthede wat vrouens raak, soos menstruasie, swangerskap en aborsie (Du Plessis, 1996:53; Van Hamm, 1997:14). Verdere probleme wat geïdentifiseer is by kinderprostitute is dat hulle gebruik maak van huishoudelike skoonmaakmiddels soos bleikmiddels en amoniak om hul geslagsdele te reinig. Volgens hulle wil hulle ontslae raak van die vuil gevoel wat hulle ervaar en poog hulle om op die wyse geslagsiektes te voorkom. Ter staving hiervan beskryf 'n 17 jarige prostituut dit

soos volg: "I put toothpaste inside before intercourse. I think it's more effective than condoms. It can prevent nasty diseases - even AIDS!" (Green, 1996:12). Die meisies probeer ook om hul produktiwiteit tydens 'n menstruasie-siklus te verhoog deur badsponse te gebruik om met hul "werk" voort te gaan (Du Plessis, 1996:40,92).

Na raming het die gemiddelde getroude vrou tussen 100 en 150 keer per jaar seksuele gemeenskap. Hierteenoor het kinderprostitute gemiddeld 1000 keer per jaar seksuele omgang (Du Plessis, 1996:44). Hierdie hoë intensiteit van seksuele omgang asook hulle onkunde in verband met seksueel oordraagbare siektes en hulle lewenswyse (naglewe, beperkte slaap, swak weersomstandighede, alkohol- en dwelmmiddelafhanklikheid en mishandeling), kan ernstige fisieke en emosionele gevolge vir die kindersekswerker hê (Chipfakacha, 1993:40; Du Plessis, 1996:56; Siegal & Senna, 1997:292 -293).

1.2 BEGRIPSOMSKRYWING

Vervolgens sal konsepte wat sentraal tot die tema staan onder die loep geneem word. Ten einde onduidelikheid te vermy word daar telkens 'n operasionele definisie geformuleer wat vir doeleindes van hierdie studie geld.

1.2.1 Prostitusie

Volgens Minnaar, Venter en Schurink (1980:2) is daar nie 'n algemene definisie van *prostitusie* nie, aangesien dié verskynsel verskeie vorme kan aanneem. Die meeste definisies verskil ten opsigte van die perspektief waaruit die onderhawige studie benader word. Pienaar (1992:9) beskou die verskynsel byvoorbeeld vanuit 'n morele oogpunt aangesien hy prostitusie beskryf as "n promiskue aanbod vir die gebruik van die vroulike liggaam vir wellustige dade deur 'n ander persoon teen vergoeding". Sy definisie is verder beperk deurdat daar oënskynlik net na die

vroulike liggaam (met ander woorde die volwasse, vroulike prostituut) verwys word.

Labuschagné (1995a:1) se definisie fokus is op die kliënt. Sy definieer prostitusie as “seksuele gratifikasie in ruil vir ‘n monitêre waarde-eenheid”. Du Plessis (1996:89) verwys na die vervulling van die prostituut se ekonomiese oorlewingsbehoefte in ruil vir ‘n seksuele diens. Seksuele interaksie vind plaas vir finansiële of materiële redes waar daar in normale omstandighede nie ‘n persoonlike of ‘n seksuele verhouding sou wees nie. Flowers (1987:118) omskryf prostitusie in terme van sosiale aspekte en die Reg. Volgens dié definisie word prostitusie gekenmerk aan elemente soos ruilhandel, promiskuiteit en emosionele verskille tussen die betrokke partye.

Louw, Van Heerden en Smith (1978:67) behandel die gedeeltelike of algehele afwesigheid van die emosionele element by die handeling van prostitusie. Anders as die outeurs van die voorafgaande definisies sluit Louw et al. by hulle definisie van prostitusie alle nie-diskriminerende geslagsverhoudinge in tussen persone van dieselfde of teenoorgestelde geslag waarvoor vergoeding in die een of ander vorm ontvang word.

Die mees omvattende van dié definisies is dié van Schurink en sy medewerkers wat ‘n prostituut definieer as “any person who gains his or her livelihood partly or wholly by indiscriminately, without affection, exchanging sexual and/or non-sexual activities for money or for accommodation, food and/or other valuable articles” (Schurink, Schurink & Smit, 1995:12).

Aangesien hierdie studie oor ‘n aspek van kinderprostitusie handel, en dié verskynsel ‘n sub-kategorie van prostitusie uitmaak, is die volgende definisie voldoende om prostitusie te beskryf:

Prostitusie is seksuele geslagsgemeenskap tussen volwasse persone teen finansiële of materiële vergoeding sonder dat daar ‘n betekenisvolle emosionele verhouding aangeknoop word.

1.2.2 Kinderprostitute of kindersekswerkers

In teenstelling met die bogenoemde omskrywings van die algemene begrip, *prostitutisie*, definieer Campagna en Poffenberger (1988:38) *kinderprostitutisie* as oorlewingseks oftewel seks vir die bevrediging van onmiddellike behoeftes soos kos, klere, skooling, dwelms en liefde. Hulle klassifiseer kinderprostitute as 'n subkultuur van prostitutisie.

Smit (1996:2) sluit aan by Campagna en Poffenberger maar gebruik die term "*dogterprostitutisie*" in plaas van kinderprostitutisie wanneer sy na kinderprostitute verwys. Schurink et al. (1995:12) beskou ook prostitutisie as oorlewingseks deurdat hulle na kinderprostitute verwys as persone onder die ouderdom van 18 jaar wat deur middel van dwang of mag geforseer word om seks te voorsien vir geld of artikels. Volgens die Nasionale Sentrum vir Kindermishandeling en Verwaarlosing word kinderprostitutisie omskryf as: "the use of, or participation by, children under the age of majority in sexual acts with adults or other minors where no force is present" (Siegal & Senna, 1997:292).

Cole (1992:17) definieer kinderprostitutisie bloot as die ruil van seksuele dienste teen materiële vergoeding. Sy onderskei egter nie tussen kinders en volwassenes nie. Volgens 'n internetartikel (<http://members.aol.com/dbtlori/dbt1.htm>) is die term kinderprostitutisie onvanpas en weersprekend en bestaan dié verskynsel nie. In die artikel word die term **seksuele eksploitasie van kinders** verkies ten einde stigmatisering te vermy.

In 'n ander internetartikel oor "The House", 'n rehabilitasie-sentrum en plek van veiligheid vir seksueel mishandelde kinders in Hillbrow, word 'n onderskeid getref tussen praktiserende prostitute op grond van ouderdom. Kinders onder die ouderdom van 19 jaar wat aktief by prostitutisie betrokke is, word "nuwe" kinderprostitute genoem. Vroue tussen die ouderdomme 19 en 25 jaar, word "ou" kinderprostitute genoem (<http://www.acapa.org.za/A/brief1.htm>). Die rede

waarom die volwasse vroue “ou” kinderprostitute genoem word, is omdat hulle gewoonlik vanaf 'n vroeë ouderdom (voor volwassenheid) by prostitusie betrokke geraak het. Hierdie kinderprostitute word as emosioneel onderontwikkeld en ongekwalifiseerd beskryf (<http://www.Acapa.org.za/A/brief1.htm>).

Hoewel al die bogenoemde navorsers elemente aandui wat verband hou met kinderprostitusie word hierdie kinders nie in een van die definisies beskryf as slagoffers nie. In hierdie studie word kinderprostitute as slagoffers van hul omstandighede beskou wat deur 'n oorlewingstryd gedwing word om prostitusie te beoefen. Vir die doel van hierdie studie word kinderprostitusie omskryf as: **Oorlewingseks deur minderjarige meisies en seuns wat seksuele gunste aanbied aan volwasse mans in ruil vir lewensmiddele soos skooling, kos, dwelms, geld en liefde. Hierdie seksuele aktiwiteite is onwettig en die prostitute word meestal deur koppelaars of souteneurs gemanipuleer en beheer.**

1.2.3 Seksuele mishandeling van kinders

Barkan (1997:308) definieer seksuele mishandeling van kinders as fisieke kontak of interaksie van 'n seksuele aard tussen kinders en volwassenes. McKendrick en Hoffmann (1990:212) onderskei tussen twee kategorieë seksuele mishandeling van kinders, naamlik mishandeling deur gesinslede en mishandeling deur ander persone, gewoonlik vreemdelinge. Laasgenoemde outeurs dui daarop dat definisies beïnvloed word deur die era waarin dit geformuleer word, en die heersende kulturele waardes asook die geloofstelsels wat op daardie stadium prominent is. Seksuele aktiwiteite tussen volwassenes en minderjariges soos betasting, die neem van onsedelike foto's en geslagsgemeenskap, kan volgens McKendrick en Hoffmann (1990:212) as seksuele mishandeling van kinders beskou word. Volgens dié outeurs is slagoffers van seksuele viktimisering kognitief en emosioneel onryp.

In die lig van Barkan (1997) en McKendrick en Hoffmann (1990) se definisies bied 'n internetartikel (plens@web.apc.org) 'n wyer definisie deur seksuele mishandeling van kinders as "enige vorm van oorreding tot seksuele kontak met kinders" te omskryf. Doyle (1995:199) sluit hierby aan, maar fokus meer op die slagoffers van prostitusie as die mishandeling van kinders. Doyle beskryf die seksuele mishandeling van kinders as: "The involvement of dependent, developmentally immature children and adolescents in sexual activities they do not truly comprehend, to which they are unable to give informed consent, or that violate the social taboos of family roles."

Bowker (1978:12) se definisie beperk seksuele uitbuiting nie net tot minderjarige kinders nie. Hy omskryf seksuele uitbuiting as enige seksuele handeling tussen individue wat verskillende ontwikkelingsstadia bereik het, waartydens die individu wat meer ontwikkel is, seksuele gratifikasie ondervind. In teenstelling hiermee word seksuele gemeenskap met 'n meisie onder die ouderdom van instemming (16 jaar) as seksuele aanranding beskou (<http://csf.colorado.edu/femisa/apr96/0175.htm>). Volgens hierdie artikel geld die bogenoemde selfs as die meisie 'n prostituut is.

Die radikale feministiese perspektief en die Marxistiese benadering spreek die moontlike oorsake van seksuele mishandeling aan en laat na om 'n duidelike omskrywing van kindersekswerkers te bied. Volgens die radikale feministiese perspektief is meisies meestal die ontvangers van geweld en seksuele mishandeling. Meisies loop weg van hul ouerhuise as gevolg van seksuele misbruik en ouerlike verwaarlosing. Hierdie onuithoudbare omstandighede dwing hulle om soos voortvlugendes te lewe (uit vrees dat hulle deur die oortreders opgespoor gaan word vir verdere mishandeling). Die resultaat is dat dié meisies hulle tot misdaad en prostitusie wend om te oorleef (Bartollas, 1997:202-203). Die radikale feministiese perspektief beskou manlike mag (bv. dominansie) en voorregte (soos beter werkseleenthede en hoër vergoeding) as die hooforsaak van problematiese samelewingsverhoudinge en ongelykhede.

Die Marxistiese feministe sluit hierby aan aangesine hulle seksueel mishandelde kinders as die produk van ongelyke verspreiding van mag en rykdom in 'n samelewing beskou (http://www.lonelyplanet.com.au/dest/sea/rc_child.htm). Kinderprostitusie is volgens hulle die produk van 'n klassestryd tussen die heersende klas en die werkende klas. Kindersekswerk is 'n "stryd" teen die heersende klas en 'n verskynsel wat meestal in die werkende klas geïdentifiseer word. Dié aktiwiteit spruit meestal voort uit armoede en sosiale ongelykheid wat in disfunksionele gesinne (werkende klas) voorkom. As gevolg van 'n kapitalistiese ekonomie en marginale klasse is kinderprostitusie 'n aktiwiteit wat as "survival of the fittest" beskou word (Bartollas, 1997:215-216).

Die "American Child Abuse Prevention and Treatment Act" (CAPTA) soos gewysig in Oktober 1996 (National Clearinghouse on Child Abuse and Neglect 1997:1) omskryf kindermishandeling en verwaarlosing as die onvermoë deur:

- 'n Ouer of voog (insluitend 'n werknemer van die huishouding) wat verantwoordelik is vir die kind se welstand
- 'n Ouer of voog wat die kind blootstel aan risiko's wat skade, die dood, of ernstige fisieke en emosionele skade kan veroorsaak
- 'n Ouer of voog om die seksuele mishandeling of eksploitasie van 'n kind onder die ouderdom van 18 jaar te voorkom (<http://www.calib.com/nccanch/pubs/usermanuals/basic/section2.cfm>).

Volgens CAPTA kan seksuele mishandeling van kinders omskryf word as die indiensneming, gebruik, oorreding, aanleiding, of dwang van enige kind om deel te neem aan, en/of by te staan in enige seksueel eksplisiete gedrag of enige stimulasie van sodanige gedrag, verkragting, en in gevalle van interfamiliêre verhoudinge, statutêre verkragting, molestering, prostitusie, of enige ander vorm van seksuele eksploitasie van kinders of bloedskande met kinders (<http://www.calib.com/nccanch/pubs/usermanuals/basic/section2.cfm>).

Seksuele mishandeling word nie in Suid-Afrikaanse wetgewing omskryf nie (McClain, 1997:17). Aangesien seksuele mishandeling van kinders 'n verskeidenheid vorme kan aanneem, word CAPTA se definisie van seksuele mishandeling ondersteun en die volgende werksdefinisie word vir hierdie studie geformuleer: **Seksuele mishandeling van kinders is die onwettige blootstelling, indiensneming, gebruik, oorreding of dwang (hetsy verbaal of fisiek) aan enige vorm van seksuele kontak, met of sonder die kinders se toestemming. Dit sluit die blootstelling aan pornografie, verkragting, bloedskande, molestering, verbale suggestie en fisieke kontak in.**

1.2.4 Minderjarige persoon

Volgens Louw et al. (1978:50) is 'n *minderjarige persoon* iemand wat handelsbevoeg beperk is en nog nie 21 jaar oud is nie. Dit impliseer dat 'n minderjarige sekere handeling net met die bystand of toestemming van 'n ouer of 'n voog kan verrig.

McClain (1997:10) omskryf minderjarigheid aan die hand van Artikel 28(3) van die 1996 - Grondwet. Hiervolgens is 'n minderjarige enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar, ongeag of so 'n persoon meerderjarigheid bereik het deur in die huwelik te tree. Volgens dié Wet word so 'n persoon nog steeds as 'n minderjarige beskou. Vir die doeleindes van hierdie studie sal volstaan word met McClain se omskrywing van 'n minderjarige persoon.

1.2.5 Slagoffer

Viktimologie is die studie van slagoffers. Dié term is vir die eerste keer in 1949 deur die psigiater Frederick Wertham gebruik (Maguire, Morgon & Reiner, 1997:578). Aangesien daar geen universeel aanvaarbare definisie vir die term "*slagoffer*" bestaan nie, is daar verskeie menings oor die definiëring van die begrip (Barkan, 1997:88). Volgens hierdie outeur is 'n persoon 'n

slagoffer wanneer skade aangerig word deur die pleeg van 'n misdaad (Barkan, 1997:86).

Mendelsohn dui aan dat daar die volgende tipes slagoffers bestaan, naamlik:

- Die volmaak onskuldige persoon, byvoorbeeld 'n kind wat 'n ideale slagoffer uitmaak
- Dié wat gedeeltelik verantwoordelik is vir hul viktimisering, byvoorbeeld 'n finansiële direkteur met onvoldoende kontrolemaatreëls
- Dié wat deur middel van onkunde slagoffers word, byvoorbeeld pensioenarisse wat hulle kapitaal ontwetend toevertrou aan bedrieërs
- Dié wat saam met die oortreder gelykmatig die skuld dra, asook die vrywillige slagoffer, byvoorbeeld 'n dwelmafhanglike of prostituut (dit staan ook bekend as slagofferlose misdade)
- Dié wat meer skuld aan hul viktimisering het as die oortreder, byvoorbeeld misdade wat gepleeg word op grond van provokasie
- Dié wat alleen vir hul viktimisering verantwoordelik is, byvoorbeeld dobbelaars
- Diegene wat viktimisering opmaak of valslik skep, byvoorbeeld iemand wat skuldig pleit op 'n misdaad wat hy nie gepleeg het nie (Schmalleger, 1996:289).

Doyle (1995:199) omskryf 'n slagoffer as enige persoon wat aan mishandeling (emosioneel en fisiek) onderwerp word. In teenstelling hiermee omskryf Schmalleger (1996:287) 'n slagoffer in terme van:

- Jeugdige – diegene wat kwesbaar is as gevolg van hul ouderdom, onvolwassenheid, en verstandelike vermoë
- Vrouens – hulle het fisiek minder krag as mans
- Bejaardes – hulle is nie in staat om hulleself fisiek te verdedig nie
- Die geestelik defektiewes – persone wat verwyderd is van die realiteit
- Immigrante – individue wat onseker is van die gedragsreëls in 'n samelewing
- Minderheidsgroepe – persone wat rassisme en ongelykheid ervaar
- Dom persone - oftewel die “gebore slagoffer”.

Siegal & Senna (1997:G-17) beskou 'n slagoffer as 'n persoon wat fisiek of emosioneel benadeel word deur 'n ander se optrede. Volgens Klopper (1994:19) moet die begrip *slagoffer* meer spesifiek benader word. Sy is van mening dat inisiatief geneem moet word wanneer die konsep "*slagoffer*" gedefinieer word. Klopper (1994:19) poneer dat die tipe ondersoek en die slagoffer wat bestudeer word, in gedagte gehou moet word wanneer die definisie van 'n slagoffer saamgestel word.

Vir hierdie studie word Mendelsohn (in Schmalleger, 1996:289) se omskrywing van 'n slagoffer gebruik. Die "volmaak onskuldige slagoffer" is die "ideale" slagoffer omrede dié persoon gewoonlik 'n kind is, of nie by sy/haar volle bewussyn is nie (Schmalleger, 1996:289). Verder word Schmalleger se definisie van 'n kinderslagoffer ook ondersteun, omrede die kinderprostituut 'n slagoffer is, selfs al inisieer die kind seksuele kontak omdat hy/sy nie emosioneel of in sommige gevalle wettiglik bevoeg is om toestemming tot seksuele aktiwiteite te verleen nie. Uit die aard van die kind se omstandighede word die kindersekswerker die slagoffer van seksuele, emosionele en ekonomiese viktimisering deur moontlike kliënte, koppelaars en die polisie. Die viktimisering kan verbale dreigemente, fisieke aanranding en selfs verkragting insluit (<http://www.acapa.org.za/R/child12.htm>). Vir hierdie studie is die operasionele definisie van 'n slagoffer soos volg: **'n Minderjarige kind wat as gevolg van haar kwesbaarheid, ouderdom en onvolwassenheid nie wettiglik toestemming kan verleen tot enige vorm van seksuele kontak, intimidasie en verbale dreigemente wat aanleiding kan gee tot seksuele aktiwiteite nie. Die "sekskoper" oftewel die kliënt is die viktimiseerder wat die kind deur middel van emosionele, fisieke en seksuele kontak of voorstellings viktimiseer.**

1.2.6 Slagoffervatbaarheid

Slagoffervatbaarheid waar die kind as fokus ter sprake is word deur Cole (1992:11) as "die mate van blootstelling aan en toeganklikheid vir volwassenes tot die seksuele uitbuiting" omskryf. Die

kind word seksueel op grond van fisieke en psigologiese eienskappe en maatskaplike omstandighede misbruik. Daarenteen beskryf Pretorius (1984:53) slagoffervatbaarheid as “'n toestand van oop tot of kwesbaarheid vir 'n aanval of beskadiging”. In 'n hofsaak, naamlik *Die Staat v. D* (261 G) is aangedui dat “ children are vulnerable to abuse, and the younger they are, the more vulnerable they are. They are usually abused by those who think they can get away with it, and all too often they do.” Dit impliseer dat veral jong kinders kwesbaar is vir mishandeling. As gevolg van hulle ouderdom en 'n gebrek aan integrasie kan hierdie kinders moontlik mishandeling as “normaal “ beskou.

Vir die onderhawige studie word *slagoffervatbaarheid* omskryf as: **Die onskuld, naïwiteit en kwesbaarheid van minderjarige kinders, in dié geval meisies. Kinderprostitute is besonder kwesbaar deurdat hulle afhanklik is van die inkomste wat uit prostitusie verkry word en die emosionele ondersteuning wat hulle van hulle koppelaars en medewerkers ontvang. As gevolg hiervan word hulle die slagoffers van seksuele uitbuiting.**

1.2.7 Slagofferpresipitasie

Slagofferpresipitasie oftewel *slagofferaanspreeklikheid* beteken dat die oortreder nie alleen vir die misdaad verantwoordelik gehou kan word nie, maar dat die slagoffer ook 'n rol in hulle slagofferskap kan speel (Klopper, 1994:23-26). Volgens Cole (1987:12) kan slagofferpersipitasie omskryf word as “'n fisieke, verbale, bewustelike en/of onbewustelike optrede, wat moontlik deur die oortreder as 'n uitnodiging, uitlokking of toestemming tot die pleeg van 'n misdaad vertolk kan word”. Klopper (1994:23-26) sluit hierby aan deur slagofferaanspreeklikheid te definieer as een of meer van die volgende: 'n uitnodiging, met ander woorde, waar die slagoffer in 'n gevaarlike situasie bewustelik optree of handel; agterlosgheid, waar die slagoffer versuim om die nodige voorsorg teen die risiko te tref; provokerende gedrag deur die slagoffer, wat bewustelik of onbewustelik 'n teenreaksie van die oortreder kan uitlok; doelbewuste uitlokking

deur die slagoffer met die oog op om die oortreder te beseer; en die mate van weerstand wat deur die slagoffer gebied word. Klopper (1994) se definisie is meer volledig as dié van Cole (1987) aangesien sy uitbrei in verband met die verskille tussen bewustelike en onbewustelike optrede deur die slagoffer.

Volgens Pretorius (1984:22) is die publiek apaties teenoor prostitute. Hierdie houding kan meebring dat die publiek prostitute blameer vir die misdade wat teen hulle (prostitute) gepleeg word. Koekemoer (persoonlike mededeling, 28 Augustus 1996) ondersteun Pretorius se standpunt, maar fokus merendeels op die kindersekswerker. Volgens Koekemoer is kindersekswerkers verantwoordelik vir hul eie viktimisering soos verkragting en aanranding. Laasgenoemde standpunte impliseer dat prostitusie vir die beoefenaars (prostitute en/of kinderprostitute) 'n lewenswyse is wat voortgesit word ten spyte van die moontlike gevare wat die beroep mag inhou. Hulle standpunte sluit aan by die Latynse spreuk *violente non fit in iuria* oftewel "die vrywillige aanvaarding van die risiko". Hiervolgens is die beskikbaarheid van kinderprostitute 'n faktor in hulle viktimisering wat impliseer dat kindersekswerkers hulle kliënte tot viktimisering kan uitlok.

In teenstelling met Pretorius en Koekemoer meld Gelinis (1983:328): "Whenever there is sexual contact between an adult and a child, it is always the adult's responsibility. Surprisingly, not everyone agrees with this". Gelinis se standpunt word ondersteun aangesien die kinderprostituut nie aanspreeklik kan wees nie - selfs as die kindersekswerker wat uit vrye wil as prostituut werk, is die volwasse kliënt steeds aanspreeklik vir die seksuele uitbuiting van 'n minderjarige persoon. Volgens die navorser is die kindersekswerker nie emosioneel en/of wetlik in staat om toestemming tot prostitusie te verleen nie.

Cole (1987) se definisie word in hierdie studie as operasionele definisie ondersteun. **Slagofferpresipitasie oftewel slagofferaanspreeklikheid behels die onbewustelike optrede van 'n kindersekswerker wat deur 'n kliënt (die uitbouter) as uitnodiging, toestemming of**

uitlokking tot seksuele aktiwiteite vertolk word.

1.2.8 Slagofferlose misdaad

Die term “*slagofferlose misdaad*” is die eerste keer deur Schur in 1965 gebruik om te verwys na dwelmverslawing, homoseksualiteit en aborsie (Conklin, 1995:84). Schur (1965:169) omskryf ‘n slagofferlose misdaad as “the willing exchange, among adults, of strongly demanded but legally proscribed goods and services”. Conklin (1995:84) interpreteer ‘n slagofferlose misdaad as “an offence that is consensual and lacks a complaining participant”. In die definisie lê hy klem op wedersydse toestemming en die afwesigheid van ‘n klaer.

Volgens Gelsthorpe en Morris (1990:147) is die regsisteem en die gemeenskap verantwoordelik vir die siening dat prostitusie ‘n slagofferlose misdaad is. Hierdie siening dra daartoe by dat prostitute se belange meestal laer prioriteit geniet as dié van oortreders en dat kliënte eerder beskerm as vervolgd word. Barlow (1993:304) is van mening dat ‘n slagofferlose misdaad ‘n vrywillige aktiwiteit is, waartoe beide partye (bv. die prostituut en die kliënt) toestemming verleen. Sharp en Hancock (1995:53) postuleer dat, wanneer daar geen skade aan individue of eiendom berokken is nie, ‘n slagofferlose misdaad gepleeg is. Sharp en Hancock (1995) dui nie aan of toestemming verleen word nie terwyl Barlow (1993) die skade wat moontlik gely word, buite rekening laat.

Die operasionele definisie van ‘n *slagofferlose misdaad* is soos volg: **‘n Slagofferlose misdaad is ‘n aktiwiteit waar konsensus bereik is deur twee partye wat toestemming verleen en waar daar nie ‘n klaer is nie of geen skade gely word nie. Kinderprostitusie is nie ‘n slagofferlose misdaad nie, aangesien minderjariges seksueel nie wettiglik konsensus kan bereik met volwassenes nie. Kindersekswerkers is eerder slagoffers van seksuele uitbuiting wat weens omstandighede geen keuse het as om in te stem tot seks nie**

(Bartollas, 1997:202-203). Kindersekswerkers kan geaffekteer word aangesien hulle meestal nie opgewasse is vir die emosionele en fisieke risiko's wat prostitusie mag meebring nie (Coetzee, 1998:3).

1.2.9 Pseudovolwassenheid

Die term *pseudovolwassenheid* verwys na die onderdrukte emosionele ontwikkeling by kinders wat vanaf 'n vroeë ouderdom blootgestel is aan oormatige seksuele stimulering of die vertoon van 'n ongewone pre-okkupasie met seksualiteit (MacFarlane & Waterman, 1986:229).

Du Plessis (persoonlike mededeling, 10 Mei 1997) brei uit oor die gedragspatrone van pseudovolwasse kinders in die seksbedryf deur daarop te wys dat kindersekswerkers se gedrag afwyk van die gedrag wat verwag word van kinders wat nie by prostitusie betrokke is nie. Verder word die kinders van normale groei en ontwikkeling ontnem deurdat hulle gedwing word om by seksuele praktyke betrokke te raak. Volgens Du Plessis (1996:39) lewe kindersekswerkers in 'n "grown up world" en oefen hulle soos volwassenes self diskresie uit oor slaapure, eetgewoontes, kleredrag en die wyse waarop hulle geld uitgee. Coetzee (1998:3) voer verder aan dat seksuele uitbuiting 'n traumatiese ervaring is vir die meeste kinderprostitute. Sy poneer dat seks 'n "ervaringsveld" word vir kinderprostitute.

Die omskrywing van MacFarlane en Waterman (1986) en Du Plessis (1996) word as werksdefinisie ondersteun aangesien hierdie outeurs die term "pseudovolwassenheid" breedvoerig bespreek. Hierdie definisie lui soos volg: **Kinders wat as gevolg van vroeë stimulering of blootstelling aan seksuele aktiwiteite soos volwassenes lewe en keuses uitoefen (finansiëel, seksueel en emosioneel), word as pseudovolwasse beskou. Pseudovolwassenheid beroof kindersekswerkers van hul "onskuldige kinderdae" (Van Zyl, 2000:5).**

1.2.10 Pedofilie

Die Duitse sielkundige Richard von Kraft-Ebing het die term *pedofilia*, of die liefde vir kinders, in die laat negentiende eeu ontwikkel. Dié konsep dui op 'n psigoseksuele perversie waarvolgens volwassenes eroties tot minderjariges aangetrokke voel (Bartol, 1999:285; De Young, 1982:97). In aansluiting hiermee poneer Russell (1984:237) dat pedofilie 'n langtermyn- seksuele belangstelling in kinders is.

Pedofilie is die seksuele gemeenskap of poging daartoe deur volwassenes met kinders onder die ouderdom van 12 jaar waar geen bloedverwantskap tussen die partye bestaan nie. Seksuele kontak tussen volwassenes en jeugdige tussen die ouderdomme van 13 en 16 jaar, staan bekend as "*hebephilia*", of 'n liefde vir jeug (Bartol, 1999:295; De Young, 1982:97). In hierdie studie word kindersekswerkers onder die ouderdom van 16 jaar bestudeer. Derhalwe is beide Russell (1984) en De Young (1982) se definisies van pedofilie (wat ook dan die kategorie van *hebephilia* insluit) van toepassing. As operasionele definisie behels: **Pedofilie behels 'n intense oordrewe en onbeheerbare seksuele belangstelling van volwassenes in kinders.**

1.2.10.1 Pedofiele

Coulborn Faller (1990:66) beskryf pedofiele as persone wat 'n seksuele aangetrokkenheid tot kinders het. Doyle (1995:198) sluit hierby aan deur pedofiele te beskryf as volwassenes met 'n eksklusiewe seksuele voorkeur vir pre-pubessente kinders. Ook Russell (1984:237) konstateer dat pedofiele 'n langtermyn- seksuele belangstelling in kinders toon.

Volgens Coulborn Faller (1990:66) kon seksuele mishandeling tydens die kinderjare van pedofiele aanleiding gegee het tot hul obsessie met kinders. Pedofiele beleef die seksuele kontak met kinders nie as 'n vorm van mishandeling nie maar as 'n bevredigende ondervinding vir beide partye. Volgens Von Kraft-Ebing kan pedofiele manlik of vroulik wees en hul seksuele

orientasie teenoor kinders kan heteroseksueel, homoseksueel of biseksueel wees (De Young, 1982:97).

Die definisie van Coulborn Faller (1990) word ondersteun aangesien manlike oortreders, wat meestal pedofiele insluit, van die dienste van kindersekswerkers gebruik maak. Die operasionele definisie van pedofiele is: **Volwasse persone wat 'n seksuele voorkeur vir kinderseksmaats het.**

1.2.11 Koppelaar

Die konsep “koppelaar” oftewel souteneur word breedvoerig in Die Wet op Seksuele Misdrywe 23 van 1957 omskryf. Die begrip “koppelaar” dui daarop dat 'n vrou of meisie gewerf en oorreed word om haar liggaam aan mans beskikbaar te stel vir seksuele handeling of prostitusie. Die oorreding kan plaasvind deur metodes soos bedrog of dwang (Snyman, 1995:343). Die wetgewer se doel met die bestrawwing van koppelaar is om vroue en jong meisies se liggame te beskerm teen uitbuiters asook om slawerny te beveg. Artikel 10 van bogenoemde wet handel spesifiek oor koppelaar. Dit stel dat iemand aan 'n misdryf skuldig is indien die genoemde persoon:

- 'n Vrouepersoon of 'n jong meisie, verkry of probeer verkry om ontug met enige ander persoon (uitgesluit die koppelaar) te pleeg
- Op enige wyse help om die bedoelde ontug te fasiliteer
- 'n Vrouepersoon of jong meisie na 'n bordeel verlok, of aanlok, met die doel om ontug of prostitusie te pleeg
- Die verlokte of aangelokte vrouepersoon of jong meisie in so 'n huis of plek versteek
- 'n Vrouepersoon of jong meisie verkry, of probeer verkry, om 'n gewone prostituut te word
- 'n Vrouepersoon of jong meisie verkry, of probeer verkry, om 'n inwoner van 'n bordeel te

word

- Enige middel, bedwelnde drank, saak of ding toepas op, of toedien aan, 'n vrouepersoon, of jong meisie, of haar dit laat inneem, met die opset om haar te bedwel
- Te oorweldig om daardeur 'n ander persoon (uitgesluit die koppelaar) in staat te stel om ontug met haar te pleeg.

In die meeste gevalle waar kinderprostitute ter sprake is, oortree koppelaars ook Artikel 12 van die Wet. Die artikel handel oor die aanhouding van 'n vrouepersoon of jong meisie teen haar wil in of op enige huis of plek, of in 'n bordeel, vir die doeleindes van ontug. Die vrouepersoon of jong meisie word verder ingevolge hierdie artikel geag teen haar wil aangehou te word indien:

- Sy onder die ouderdom van 16 jaar is
- Sy 16 jaar of daarbo is en onder die ouderdom van 21 jaar is
- Sy teen haar wil geneem is of aangehou word, of teen die wil van haar vader of moeder of enige persoon wat die wettige sorg of toesig oor haar het.

Volgens Schurink en Ndabandaba (1991:42) voer souteneurs die volgende funksies uit:

- Die verskaffing en voorstelling van kliënte aan prostitute
- Die verskaffing van dwelmmiddels aan prostitute
- Die betaling van borg van prostitute tydens arrestasie
- Die verskaffing van basiese lewensbenodighede aan prostitute soos voedsel, kleding en skuiling.

Louw et al. (1978:41) is van mening dat koppelaars kliënte aan prostitute verskaf of as bemiddelaars vir prostitute optree in ruil vir 'n persentasie van die opbrengs wat moontlik uit die kliënte verdien kan word. In aansluiting hierby word in 'n internetartikel (plens@web.apc.org) gemeld dat koppelaars op 'n gereelde basis saam met prostitute tyd deurbring en geld van hulle ontvang.

Die werksdefinisie is gebaseer op die Wet en vir die doel van die studie word 'n koppelaar omskryf as: **'n Volwasse man of vrou wat 'n minderjarige wederregtelik tot seksuele dienste dwing. Dit sluit 'n ouer-figuur, 'n familielid, 'n voog, 'n vriend of 'n vriendin in wat 'n kind verkoop, beheer of manipuleer met die oog op sekswerk. 'n Seksuele verhouding tussen die souteneur en die slagoffer is nie 'n vereiste nie. Die koppelaar kan emosionele kontak, 'n gevoel van aanvaarding en liefde, en noodsaaklike basiese lewensbenodighede soos voedsel, beskerming en sekuriteit verskaf. Manipulering van die meisies geskied deur middel van dreigemente soos onder andere om hulle bystand te onttrek of om die meisies van dwelmmiddels te weerhou, fisiek aan te rand of emosioneel af te takel.**

1.2.12 Vergoeding

Schurink en Ndabandaba (1991:38) beskryf *vergoeding* as die ruil van seksuele dienste vir geskenke en geld. Die vergoeding kan die vorm aanneem van geld, voedsel, alkohol, dwelmmiddels of 'n woonplek (plens@web.apc.org). Du Plessis (1996:42) brei uit op die definisie van Schurink en Ndabandaba deur emosionele afpersing as 'n moontlike vorm van vergoeding by te voeg. Dit impliseer dus dat vergoeding ook die vorm kan aanneem van afpersing soos 'n belofte om nie die prostituut se ouers te beseer nie indien sy doen wat hy haar vra.

Vergoeding kan ook die vorm van 'n ruiltransaksie aanneem. Seksuele dienste kan veruil word vir "lobola", 'n bruidsprys, kinderhuwelike of om artikels of skuiling te bekom. Betaling geskied dus nie noodwendig in die vorm van kapitaal nie (<http://www.acapa.org.za/P/africa.htm>). In die geval van kinderprostitusie is die ruiltransaksie daarop gebaseer dat volwassenes en/of koppelaars hul magsgposisie misbruik deur byvoorbeeld intimidasie toe te pas (<http://www.acapa.org.za/P/africa.htm>).

In die lig van die bogenoemde behels vergoeding die volgende: **Die verskaffing van liefde, aandag, vriendskap, 'n gevoel van belangrikheid of aanvaarding, klere, speelgoed, geskenke, uitstappies, skuiling, voedsel, dwelms, alkohol of geld wat in ruil vir seksuele dienste gelewer word. Vergoeding het dus 'n materiële en 'n emosionele komponent ten opsigte van die ruiltransaksie vir seksuele dienste.**

1.2.13 Uitlokking

Louw et al. (1978:84) omskryf *uitlokking* as die aanlokking of verleiding van 'n persoon vir onsedelike redes in 'n openbare plek. Die Wet op Seksuele Misdrywe 23 van 1957 omskryf uitlokking in Artikels 19(a) en 19(b) as “die misdryf waar 'n persoon in enige openbare plek vir onsedelike doeleindes iemand anders aanlok, uitlok of lastig val, of haarself opsetlik en openlik vertoon in onbehoorlike kleding of op 'n onbehoorlike wyse by enige deur of venster of op enige plek waar sy gesien kan word vanaf enige publieke straat of in enige plek waartoe die publiek toegang het”.

Aangesien Artikels 19(a) en 19(b) van die bogenoemde Wet slegs van toepassing is op volwasse persone wat kinders vir seksuele doeleindes uitlok en nie kinders wat volwassenes uitlok nie, word die volgende werksdefinsie gebruik om na die term uitlokking te verwys. Uitlokking behels: **Enige gedrag waarmee minderjarige meisies volwassenes uitlok vir onsedelike doeleindes of indien volwassenes kinders uitlok om seksuele dade te pleeg.** Vervolgens word aandag geskenk aan die historiese en religieuse oorsig van prostitusie en kinderprostitusie.

1.3 'N HISTORIESE OORSIG VAN PROSTITUSIE

Die meeste studies rakende kinderprostitusie fokus nie op die historiese verloop van hierdie

verskynsel nie (Cole, 1992:27; Minnaar, Venter & Schurink, 1980:1; Schurink & Ndabandaba, 1991:34; Visser, 1985:1). Kinderprostitusie is 'n uitvloeisel van en word as 'n aparte subkultuur binne prostitusie beskou (Campagna & Poffenberger, 1988:4-5,38). Ten einde die aard van kinderprostitusie te verstaan moet die historiese verloop van prostitusie onder die loep geneem word.

1.3.1 Prostitusie

Vervolgens sal die standpunte rakende prostitusie chronologies volgens datums/tydperke uiteengesit word. Die tydperke strek vanaf die vyfde eeu voor Christus tot en met die 20ste eeu. Prostitute se status het in verskillende samelewings, tydvakke en plekke verskil (Domeris, 1996:81). As gevolg van die botsende reaksie wat prostitusie in verskillende tydperke en samelewings uitgelok het, word daar op sowel die positiewe as die negatiewe verloop daarvan gefokus.

Volgens Schurink et al. (1995:4) is die eerste navorsing oor seks-vir-geld, oftewel prostitusie, in 1836 deur die Franse internis Alexandre Jean Baptiste Parent-Duchatelet gedoen. Parent-Duchatelet het onder andere vasgestel dat daar gedurende hierdie tyd 3 558 prostitute in Parys gewerk het. Ofskoon die eerste studie eers deur Parent-Duchatelet gedoen is, is prostitusie en kinderprostitusie 'n eeue-oue verskynsel wat, ondanks godsdienstige en kulturele invloede, sedert die vroegste tye in verskeie gemeenskappe beoefen is (Domeris, 1996:81; Coetzee, 1998:1).

In die vyfde eeu voor Christus het die Griekse mite wat bekend staan as "Pandora's box" 'n konnotasie tussen vroue en die 'bron van onheil' veroorsaak (Domeris, 1996:81). Daar bestaan twee weergawes van die "Pandora's box"-mite. Volgens die een weergawe is die boks gevul met alle soorte ellende en onheil. Wanneer Pandora die boks oopmaak ontsnap en versprei die onheil en ellendes oor die aarde. Die ander weergawe is dat die boks gevul is met seëninge wat

verlore raak nadat sy dit oopgemaak het ([http://www.cybercomm.net/~ grandpa/grkgdsnp.htm1](http://www.cybercomm.net/~grandpa/grkgdsnp.htm1)).

Verder het die Bybelse verhaal van Adam en Eva die konnotasie tussen vroue en die "val van die mensdom" versterk. Mettertyd is vroue in so 'n mate verwyd dat hul seksualiteit as die val van die mensdom bestempel is. St. Augustinus (en later Thomas Aquinas) het vroue beskryf as "a necessary evil" wat net geduld moet word vir die doel van voortplanting. Digters en skrywers soos Horatius en Plautus het oor vroue, maar veral oor prostitute geskryf (Bullough & Bullough, 1977:viii). Volgens Plautus was die gebruik van prostitute deur getroude mans 'n normale seksuele aktiwiteit (Domeris, 1996:81).

Prostitusie is laat in die Middeleeue deur die wetgewers "aanvaar" op grond van die behoeftes van die gewone man (Domeris, 1996:82). Die eerste registrasie van prostitute het in Rome plaasgevind en tydens die heerskappy van Caligula (37 - 41 nC) moes prostitute in dié stad belasting betaal nadat hulle geregistreer is. 'n Geregistreerde prostituut kon vir die res van haar lewe nie in die huwelik tree of 'n kind grootmaak nie. Hierdie stigma kon nooit verwyder word nie. Tydens die Middeleeue is die prostitute uitgeken aan uiterlike kenmerke soos tatoeërmerke en kleredrag en hulle het ook 'n laer status in die samelewing geniet. 'n Gebrek aan reinheid en welvoeglikheid by vroue het tot 'n sosiale stigma gelei wat die vrou nog meer magteloos gelaat het (Domeris, 1996:81).

Prostitusie was so algemeen beoefen dat St. Augustinus die opmerking gemaak het dat die afskaffing van prostitusie negatiewe gevolge vir die stabiliteit van die samelewing kan inhou (Otis, 1985:12; Bullough & Bullough, 1977:viii). Die teenkating van die kerk was nie op die prostituut gerig nie, maar eerder op diegene wat wins gemaak het uit die dienste van prostitute. Otis (1985:13) is van mening dat "the church's position on prostitution, crystallized by the fourth century, consisted of these three elements: acceptance of prostitution as an inevitable social fact, condemnation of those profiting from this commerce, and encouragement for the prostitute to repent". Pous Innocentius III het in 'n brief gedurende 1198 gepleit dat mede-Christene

vergewensgesind teenoor prostitute moet wees. Hy het voorgestel dat die gemeenskap prostitute se integrasie in die samelewing ondersteun deur hulle byvoorbeeld toe te laat om in die huwelik te tree (Otis, 1985:71,72). Gedurende 1213 is prostitute (in Frankryk), egter steeds soos melaatses en ander verworpenes afgesonder (Domeris, 1996:82).

Die houding teenoor prostitusie het in die daaropvolgende eeu so verander dat prostitute gedurende die 14de en 15de eeue klagtes van verkragting en aanranding teen die oortreders aanhangig kon maak (Otis, 1985:42). Daar was selfs in die 15de eeu in Beaucaire, Frankryk 'n resies vir prostitute op die feesdag van Maria Magdalena (Otis, 1985:13).

Tydens die 16de eeu het die strafreg in Frankryk vrouens op grond van hul minderwaardige status as onverantwoordelik bestempel en verkragting van prostitute was nie meer 'n misdaad nie (Otis, 1985:41-45). Prostitusie is in die 16de eeu verbied en alle bordele is op aandrang van die kerk gesluit (Domeris, 1996:82; Otis, 1985:83). In aansluiting hiermee meld Bullough & Bullough (1977:viii) dat daar opnuut in die 16de eeu 'n belangstelling in prostitusie bestaan het vanweë die sifilis-epidemie wat in Europa en die VSA uitgebreek het.

Martin Luther en sy volgelinge was gekant teen die bestaan van bordele en was voorstaanders van kuisheid onder jong mans. Johannes Calvyn was meer uitgesproke as Luther en het alle vorme van ontug, selfs tussen verloofdes, verdoem. Dit kan gesien word in die wetgewing teen ontug van sekere Amerikaanse state wat 'n weerspieëling is van Luther en Calvyn se standpunte. Gedurende 1562 het 20% van die kriminele sake in Geneve, Switserland oor geringe vorme van ontug en seksuele oortredings verband gehou (Otis, 1985:43). In dieselfde tydvak was daar definitiewe parallele in die wetgewing aangaande prostitute en die Hebreeuse Jode kerkstellings. Dit het behels dat beide prostitute en Jode op grond van hul "onsuiwerheid" verbied was om op die markplein aan voedsel te raak, en moes uitkenbare klere dra. Hulle is nie toegelaat om gedurende die "Heilige Week" in die openbaar te verskyn nie (Otis, 1985:70). Volgens Otis (1985:42) het die volgende stelling die persepsie wat teenoor prostitute bestaan

het, saamgevat: "hostility towards prostitutes was but one manifestation of the misogynous spirit of the sixteenth century".

Gedurende die 19de eeu was veneriese siektes vir medici 'n probleem aangesien daar gedurende hierdie tydperk 'n derde epidemie van sifilis ontstaan het. Tydens hierdie era het die mediese belangstelling in prostitusie meestal om die assosiasie met geslagsiektes gekonsentreer (Bullough & Bullough, 1977:viii). Verder het die mediese model van seksuele gedrag die ou religieuse model (wat die sondige natuur van die prostituut en haar kliënte ondersteun het) vervang. Die mediese model het die prostituut as "siek" bestempel terwyl prostitusie as 'n patologiese verskynsel beskou is (Bullough & Bullough, 1977:viii). Met die grondlegging van die sosiale wetenskappe in die 20ste eeu is prostitusie as 'n sosiale verskynsel deur onder andere sosioloë, sielkundiges en antropoloë bestudeer (Bullough & Bullough, 1977:ix).

Gedurende 1896 het die Uitvoerende Raad in Suid-Afrika hom ten gunste van staatsbeheerde bordele uitgespreek. In daardie stadium was daar sowat 300 bordele in Johannesburg wat 1 000 prostitute geakkommodeer het. Georganiseerde bordele is in 1907 gesluit en prostitute was genoodsaak om hul na die strate te wend vir besigheid (Visser, 1985:14).

1.3.2 Religieuse perspektiewe rakende prostitusie

Gedurende die Ou-Testamentiese era het 'n ambivalente siening teenoor prostitusie bestaan. Aan die een kant is prostitusie as 'n beroep aanvaar en aan die ander kant is mans gewaarsku teen die gevare van prostitusie (Domeris, 1996:84; Bullough & Bullough, 1977:viii). Volgens Domeris (1996:83) moet daar tussen die volgende drie Bybelse tradisies onderskei word: die praktyk van prostitusie; die metaforiese gebruik van ('n) "hoer" en die vrou wat egbreuk pleeg. Verwarring tussen die drie tradisies kan aanleiding gee tot aannames soos " Die Bybel

veroordeel prostitusie" of "Prostitute was in die Bybelse tyd gestenig" (Domeris, 1996:83).

Hoewel daar teenkating uit sekere oorde teen prostitute was, is prostitute as deel van die Bybelse samelewing aanvaar. In Genesis 38:15-18 word verwys na Tamar wat haar soos 'n prostituut vermom het om haar skoonvader te verlei omrede hy nie vir haar 'n man gegee het nie. Ragab, 'n prostituut, is vir haar geloof geprys (Hebreërs 11:31). Jesus het die religieuse leiers gewaarsku dat tollenaars en prostitute die sleutel tot die koninkryk is (Matteus 21:31). Alhoewel Christene teen prostitusie gewaarsku is, is prostitute nie sonder meer uitgesluit van verlossing nie.

1.3.3 Kindersekswerkers

Daar is in die inleidende paragraaf genoem dat kinderprostitusie en kindermishandeling as sinoniem beskou word. 'n Bewustheid van kindermishandeling het daartoe bygedra dat die bestaan van kinderprostitusie erken is. Weens 'n gebrek aan inligting rakende die oorsig van kinderprostitusie, kan religieuse perspektiewe en gedokumenteerde geskiedenis van kindermishandeling as hulpmiddele gesien word om die historiese verloop van kinderprostitusie in perspektief te plaas.

In die Bybel word daar na kindersekswerkers verwys. Vaders word byvoorbeeld in Levitikus 19: 29 versoek om nie hulle dogters as prostitute te verkoop nie. Hosea 4: 13, 14 lui soos volg:

" bring hulle offers op die bergtoppe en offer hulle op die heuwels onder al die groot groen bome waar daar lekker skaduwee is. Dit is waarom julle dogters hoereer en julle skoondogters egbreuk pleeg. Ek gaan nie julle dogters straf omdat hulle hoereer nie en julle skoondogters omdat hulle egbreuk pleeg nie, want daardie priesters is besig om met die hoere af te paar en saam met die tempelprostitute te offer. Maar die wat nie op my waarskuwing ag slaan nie, sal vernietig word."

In die vroeë Griekse en Romeinse samelewings was kastrering van seuntjies en anale seksuele gemeenskap tussen leerlinge en leraars 'n algemene gebruik wat nie bevraagteken is nie

(McKendrick & Hoffmann, 1990:212). Seksuele aktiwiteite met kinders, veral met meisies, is in die Oosterse beskawing as normaal bestempel. In Engeland kon 12-jarige meisies sedert 1929 in die huwelik tree (McConaghy, 1993:244).

Kindermishandeling is aan die einde van die 19de eeu deur sosiale hervormers ondersoek en is as 'n probleem in die VSA en Brittanje geïdentifiseer. Dit het aanleiding gegee tot die stigting van "Gemeenskappe vir die Voorkoming van Wreedheid teen Kinders", 'n organisasie wat hom beywer het om teen kindermishandeling op te tree (Dallos & McLaughlin, 1993:49). Aanvanklik is aangevoer dat kinders tot hul eie seksuele viktimisasie bydra. In 'n psigiatriese verslag oor slagoffers van seksuele misdade het Bender en Bau in 1937 die kinderslagoffers as "ongewoon aantreklik en met sjarmante persoonlikhede" beskryf (Straus, 1990:86). Die mishandeling van kinders is egter nie as 'n belangrike sosiale probleem beskou nie. Die probleem rondom fisieke mishandeling van kinders het eers gedurende die 1960's aandag geniet terwyl seksuele mishandeling gedurende die 1970's werklik teenkanting uitgelok het (Dallos & McLaughlin, 1993:49; McConaghy, 1993:v).

Volgens McKendrick en Hoffmann (1990:212) het die bewuswording van seksuele mishandeling van kinders stelselmatig in die samelewing ontwikkel. Aanvanklik is die bestaan van seksuele mishandeling van kinders ontken. Later is dié verskynsel as 'n "psigiatriese" siekte en as die gevolg van dwelm- en alkoholmisbruik beskou. Nadat fisieke mishandeling van kinders erken is, is die konsep "*emosionele mishandeling*" ook aanvaar. Dit het gelei tot die erkenning van die bestaan van seksuele mishandeling en die erkenning van die regte van kinders (soos 'n reg tot liefde, versorging en beskerming) in die meeste lande se konstitusies. Aangesien kinderprostitusie 'n vorm van seksuele mishandeling van kinders is, geld die bogenoemde standpunt oor die bewuswording van mishandeling ook vir kindersekswerkers.

1.4 PROBLEEMSTELLING: KINDERPROSTITUSIE AS 'N SAMELEWINGS-

PROBLEEM

Voor 1995 was die Suid-Afrikaanse samelewing tot 'n groot mate onbewus van kindersekswerkers aangesien daar 'n gebrek aan wetenskaplike navorsing hieroor bestaan het (Cole, 1992:27; Minnaar, Venter & Schurink, 1980:1; Schurink & Ndabandaba, 1991:34; Visser, 1985:1; Van Heerden, 1995:19). Tydens 'n werkswinkel gedurende Maart 1995, is kindersekswerkers deur die RGN op grond van hul bestaan, voorkoms en sigbaarheid as 'n Suid-Afrikaanse samelewingsprobleem geïdentifiseer. Labuschagné (1995a) en Smit (1996) het die probleem sedertdien bestudeer. In aansluiting hierby poneer Ellis en Walsh (2000:188) dat daar nie voldoende navorsing rakende die seksuele mishandeling van kinders bestaan nie.

Die seksuele eksploitasie van kinders in Afrika hou meestal met die straatkindverskynsel verband (Coetzee, 1998:15). Dit neem meermale die vorm van oorlewingseks aan, waar kinders se liggame vir geld, voedsel, kleding en skoolfoeie verkoop word (Coetzee, 1998:1; Du Plessis, 1997:1). In Suid-Afrika is kinderprostitusie 'n "geslote" straat-kultuur omrede die meisies meestal in hotelkamers of in agentskappe werksaam is en nie soos seuns op straat aangetref word nie (Du Plessis, 1997:1). Verder is meisies nie so onafhanklik soos seuns wat op die strate woon en gom snuif nie, maar is hulle eerder aan dwelms soos kokaiene verslaaf raak en deur koppelaars beheer word.

Volgens die End Child Prostitution Network International (ECPAT) is kindersekswerkers in Afrika 'n toenemende probleem. Die volgende aanhaling staaf hierdie aanname: " In Africa many countries are faced with a rising child prostitution problem, partly due to poverty, migration, from rural to urban areas, and with the advent of tourism" (<http://www.rb.se/ecpat/country.htm>). In die lig hiervan is die bekamping van die seksuele misbruik van kinders gedurende Augustus 1996 deur die World Congress on Commercial Sexual Exploitation of Children and the United Nations Children's Fund (UNICEF) in Stockholm, Swede tydens 'n kongres aangespreek. Gedurende

hierdie kongres het dit aan die lig gekom dat daar al wêreldwyd meer as een miljoen kinders in die seksmark gedwing is. Politieke leiers, amptenare van die Verenigde Nasies, agente, akademiese institute, professionele mediese verteenwoordigers en verteenwoordigers in die toerisme-industrie is regoor die wêreld byeengebring om die seksuele eksploitasie van onskuldige kinders te bekamp.

Faktore wat tot hierdie samelewingsprobleem bydra is dat die seksuele eksploitasie van kinders uiteenlopende reaksies by die publiek uitlok. Enersyds is die publiek geskok en verafsku hulle seksuele misdade wat teen kinders gepleeg word en andersyds fassineer en prikkel kinderprostitusie sommige mense. Dit bemoeilik die bestudering van hierdie verskynsel (McKendrick & Hoffmann, 1990:227; Smit, 1996:1). Die volgende aanhaling van 'n prostituut staaf hierdie aanname:

“Some uninformed people say that women enjoy being prostitutes, to those of you I must say the following: It has been the greatest acting experience of my life - something that I had to learn to survive the game - faking orgasms, telling the steamers how wonderful they were, that no one has ever made me feel as wonderful as they have, but in actual fact wishing that they would get the hell off because they are actually pathetic little worms that need to have their egos stroked” (<http://www.acapa.org.za/P/reality.htm>).

1.4.2 Donkersyfers en onkunde rakende kinderprostitusie

Die donkersyfers oor die aard en omvang van misdade teenoor kinders kan aan verskynsels soos kinderpornografie, internetpornografie, kinderseksringe en kinderprostitusie toegeskryf word (Chapman, 1980:66; Posel, 1993:12). As 'n beroep dra prostitusie meestal nie die goedkeuring van die gemeenskap weg nie, aangesien dié verskynsel teen die waardes en norme van die samelewing indruis. Prostitusie en kinderprostitusie word deur sommige lede van die publiek as 'n sosiale siekte beskou (Schurink & Ndabandaba, 1991:47; Occasional Bullentin: Vol. XII Oct. 1995 No.6 - Microsoft Internet Explorer).

Hierteenoor meen Du Plessis (1996:22), Masemola (1996:46) en Coetzee (1998:3) dat

tienerprostitusie eerder as “oorlewingseks” beskou moet word. Verder moet die moontlikheid dat prostitusie in die toekoms deur werklose tieners as ‘n aanvaarbare beroepsmoontlikheid oorweeg gaan word, nie uitgesluit word nie (Bartollas, 1997:211). Die gevare van sodanige beroep word derhalwe uit die oog verloor as gevolg van onder andere armoede, ‘n gebrek aan beroepsmoontlikhede en veral onkunde (Olivier, 1999:9).

Hal Wells het in sy boek *The Sensuous Child* (1978) aangedui dat “children have a right to sexual pleasure, most of the sexual trauma stuff is nonsense” (Wells, 1978:152). Hy baseer sy standpunt op ‘n gevallestudie van een van sy pasiënte. Die betrokke pasiënt is as 14-jarige meisie deur ‘n bende en later deur ‘n familielid verkrag. Volgens Wells het sy nie enige letsels van die insidente oorgehou nie aangesien sy later ‘n stabiele huwelik en gesinslewe geniet het. Argumente soos dié van Wells kan onkundiges oortuig dat kinderprostitusie nie gevare inhou nie. Verder kan dit tot wanopvattinge met betrekking tot die seksuele eksploitasie van kinders lei. In aansluiting hierby kan die feit dat kinderprostitusie in Suid-Afrika nie algemeen aan die publiek bekend is nie, meebring dat die bestaan daarvan geïgnoreer word.

1.4.3 Omvang van kinderprostitusie

In Asië is daar na raming 1 000 000 kinders as prostitute werksaam. Hierdie hoë syfer kan toegeskryf word aan die feit dat kindersekswerkers ‘n laer risiko is om geslagsiektes en die Menslike Immuniteitsvirus (MIV) oor te dra (<http://www.oneworld.org/news/tourism.htm>; <http://www.nando.net/newsroom/nt/world5.htm>). Hoewel die siening bestaan dat seks met kinders die risiko verlaag om seksueel oordraagbare siektes op te doen, is kinders medies gesproke meer vatbaar vir seksueel oordraagbare siektes. Die rede hiervoor is dat kinders se immunitestelsel nog nie ten volle ontwikkel het nie (<http://www.oneworld.org/news/tourism.htm>).

Volgens ‘n internetartikel (<http://www.nando.net/newsroom/nt/world5.htm>) is daar in Taiwan

jaarliks meer as 60 000 vroulike kinderprostitute tussen die ouderdomme van 12 en 16 jaar werksaam. In teenstelling hiermee word daar in 'n ander artikel (<http://www.rb.se/ecpat/country.htm>) gemeld dat hierdie syfers foutief is aangesien daar 100 000 kinders in Taiwan werksaam is. Na bewering is daar in die Fillipyne ongeveer dieselfde hoeveelheid kinders (100 000) as in Taiwan werksaam (<http://www.nando.net/newsroom/nt/world5.htm>). Daar is egter 'n ander artikel (<http://goldsite.com/wwwboard/message/24.htm>) wat die getal kinderprostitute in die Fillipyne op ongeveer 200 000 skat. Die meeste kinders in Taiwan en die Fillipyne prostitueer nie uit vrye wil nie, maar word as seksslawe verkoop en gedwing om by prostitusie betrokke te raak (<http://www.oneworld.org/news/tourism.htm>).

In Sri Lanka is daar na raming 10 000 kinderprostitute tussen die ouderdomme van ses en 14 jaar in bordele werksaam, en ongeveer 5 000 kinders tussen die ouderdomme van 10 en 18 jaar wat onafhanklik (sonder 'n koppelaar) prostitueer (<http://www.nando.net/newsroom/nt/world5.htm>; <http://www.rb.se/ecpat/country.htm>). In sowel die VSA as Indië is daar onderskeidelik 300 000 kinderprostitute onder die ouderdom van 18 jaar jaarliks aktief (...[hawaii.edu/hern95/pt021/child_prostitutes.htm](http://www.hawaii.edu/hern95/pt021/child_prostitutes.htm); <http://www.unicef.org/pon95/chil0015.htm>). In teenstelling hiermee word daar in 'n artikel op die internet (<http://www.rb.se/ecpat/country.htm>) aangedui dat daar 400 000 kinderprostitute in Indië werksaam is. Nagenoeg 200 000 kinders in Brasilië prostitueer onder die ouderdom van 18 jaar (<http://www.nando.net/newsroom/nt/world5.htm>). Kinders tussen vyf en 14 jaar word in Italië deur seksringe beheer en misbruik vir onder andere die produksie van pornografiese materiaal. Sommige kinders word vir prostitusie verkoop ten einde hul ouers se skulde te delg (Coetzee, 1998:3; <http://www.rb.se/ecpat/country.htm>).

Indien die hoeveelheid kinderprostitute in die buiteland met dié in Suid-Afrika vergelyk word, blyk dit of die plaaslike omvang daarvan nog nie op dieselfde vlak is nie. Dit dien egter gemeld te word dat dit 'n toenemende verskynsel in Suid-Afrika is (De Bruin, 2000:10; Du Plessis, 1996:75,97). Volgens McClain (1997:2-3) is daar wêreldwyd 'n toename van minstens 28,9%

prostitute per jaar. Hierdie tendens kan daartoe bydra dat hierdie verskynsel in Suid-Afrika in die afsienbare toekoms dieselfde afmetings gaan aanneem as in die buiteland.

Alhoewel geen onderskeid tussen kinder- en volwasse prostitute in Suid Afrikaanse statistieke getref word nie, word daar in 'n internetartikel (<http://www.acapa.org.za/P/legalcntr.htm>) gemeld dat ongeveer 96% van alle prostitute in Suid-Afrika jong vroue is. Schurink et al. (1995:25) het in 1993 bevind dat die omvang van kinderprostitusie soos volg daar uitsien in die groot stede van Suid-Afrika:

Tabel 1: Die Omvang van Kinderprostitusie in 1993 in Suid-Afrika

STEDE	AANTAL KINDERPROSTITUTE
Johannesburg	271
Durban	44
Kaapstad	15
TOTAAL	330

Du Plessis (1996:75,97) wys daarop dat kinderprostitusie in Johannesburg aansienlik toegeneem het. Na beraming is daar 2 000 kinders wat as prostitute in Johannesburg werksaam is. In 'n nasionale opname (1996) is bevind dat daar minstens 50 000 prostitute in Suid-Afrika is, waarvan ten minste 'n kwart hiervan kinderprostitute in Johannesburg is. Hierdie bevinding staaf McClain (1997) se stelling dat prostitusie jaarliks met groot getalle toeneem. Volgens Davids (2000:1) is daar na raming 28 000 kinderprostitute in Suid-Afrika werksaam. Kratcoski en Kratcoski (1986:140) dui daarop dat dit nie moontlik is om presies vas te stel hoeveel kinders by seksuele wandade misbruik word nie. In aansluiting hiermee meld McKendrick en Hoffmann (1990:228) dat daar beperkte statistiek bestaan in verband met die gevalle waar kinders seksueel geviktimizeer word. Dit impliseer dat daar as gevolg van die donkersyfertendens waarskynlik heelwat meer kinders by prostitusie betrek word. Brümmer (1999:7) sluit hierby aan

deur te meld dat die Suid-Afrikaanse Polisie diens in 1998 met 38 000 kinderprostitute landwyd te doen gehad het, maar dié outeur konstateer dat “dit net die oortjies van die seekoei is”. Met ander woorde, hy is van mening dat daar ‘n groot donkersyfer rakende kinderprostitusie bestaan.

Van Hamm (1997:5) het in Oktober 1996 tot Mei 1997 straatprostitute in Suid-Afrika bestudeer. Sy het nie ‘n onderskeid getref tussen kinders en volwasse prostitute nie. Haar bevinding oor die omvang van straatprostitute in Suid-Afrika word in Tabel 2 uiteengesit:

Tabel 2: Aantal Straatprostitute in Suid-Afrika van Oktober 1996 tot Mei 1997

DISTRIK	STRAATPROSTITUTE
Pretoria	577
Mamelodi	186
Atteridgeville	138
Soweto	3000
Johannesburg	1000
Durban	958
Port-Elizabeth	167
Oos-Londen	128
Wes-Kaap	368
Oos-Vrystaat	600
Noord-Vrystaat	400
Suidkus van Natal	368
TOTAAL	7890

Gedurende hierdie tydperk het 44 996 kliënte volgens Van Hamm die prostitute besoek. Sy het van videokameras en veldwerkers gebruik gemaak om die gemelde 577 straatprostitute te bestudeer (Van Hamm, 1997:5).

1.4.4 Suid-Afrikaanse wetgewing

Die besetting van die Kaapkolonie deur Nederland en daarna deur Brittanje in die 19de eeu het daartoe bygedra dat die wetgewing in Suid-Afrika aangaande prostitusie deur dié twee lande se uitsprake beïnvloed is (Du Plessis, 1996:18). Prostitusie word as ‘n misdad in die Suid-Afrikaanse Gemenebest omskryf. Hierdie bepaling is afkomstig van die Romeins- Hollandse Reg,

terwyl alle statutêre maatreëls in verband met prostitusie uit die Engelse Reg van die laat 19de eeu afkomstig is. Hierdie wetgewing het ten doel gehad om “wit slawerny” te voorkom, asook om te verseker dat jong vroue nie as prostitute gewerf word nie (Du Plessis, 1996:16). Die grootste gedeelte van die wetgewing is mettertyd in die Wet op Immoraliteit 23 van 1957 (ook bekend as die Ontugwet) ingesluit. In 1988 is dié wet na die Wet op Seksuele Misdrywe gewysig.

Die Wet op Seksuele Misdrywe (hierna Die Wet) handel oor geslagsgemeenskap of seksueel onbehoorlike daad wat strafwaardig is. Dit verwys ook na sekere handeling wat verband hou met die aktiwiteite soos die hou van ‘n bordeel, prostitusie en die verkryging van vroue (ingesluit dogtertjies) vir die doeleindes van geslagsgemeenskap (koppelaar). Daar word ook na “ontug” in Artikel 1 daarvan verwys. Ontug behels buite-egtelike vleeslike gemeenskap en is nie ‘n misdaad *per se* nie. In sekere gevalle soos waar gemeenskap met ‘n meisie onder die ouderdom van 16 jaar geskied, is dit statutêre verkragting en ‘n misdryf (Snyman, 1995:342-343).

Artikel 9(1) van die Wet op Seksuele Misdrywe maak voorsiening vir die vervolging van ‘n ouer of ‘n voog wat die ontering van ‘n kind of pleegkind onder die ouderdom van 18 jaar bewerkstellig of toelaat. Hierdie persone is skuldig indien hulle:

- ‘n Kind toelaat, verkry of poog om ‘n onsedelike of ‘n onbehoorlike daad of ontug te pleeg, of ‘n kind toelaat om in ‘n bordeel te woon of dit te besoek, of
- Die verleiding, ontering of prostitusie van ‘n kind toelaat, of dit help bewerkstellig of vergoeding daarvoor ontvang.

Artikel 10 van die bogenoemde Wet reguleer koppelaar. Volgens Artikel 11 is sameswering om ‘n vrouepersoon te onteer of om ontug met haar te pleeg ‘n misdryf. Verder reguleer Artikel 13 van die Wet ontvoering. Hierdie Artikel bepaal dat enige persoon wat ‘n ongetroude mans- of vrouepersoon onder die ouderdom van 21 jaar uit die bewaring en teen die wil van sy of haar vader of moeder of voog neem of aanhou, of ontug met opset toelaat, skuldig is aan ‘n misdryf.

Die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 (soos gewysig in 1999) reguleer die beskerming en welstand van kinders. Kinders wat potensiële slagoffers van verwaarloosing en moontlike mishandeling (bv. prostitusie) is, moet volgens Hoofstuk 3 en 8 van die Wet op Kindersorg verwyder en beskerm word. Artikel 50(1) van die bogenoemde Wet bepaal dat enige persoon wat toesig of beheer oor 'n kind het en toelaat dat 'n kind mishandel word, of 'n kind verlaat, aan 'n misdryf skuldig is. Hierdie Wet reguleer die vervolging van ouers of 'n voog wat toesig of beheer oor 'n kind het, en wat toelaat dat 'n kind mishandel word. Hierteenoor kan enige ander persoon (bv. 'n kindersekshandelaar), slegs skuldig bevind word aan 'n misdaad indien hy of sy 'n kind mishandel. Artikel 50A(1) handel oor die kommersiële seksuele eksploitering van kinders en bepaal dat enigiemand wat deelneem aan, of betrokke is by die kommersiële seksuele eksploitering van kinders, aan 'n misdryf skuldig is.

Artikel 50A(2) bepaal dat dit 'n misdryf is wanneer enige persoon wat 'n eienaar, 'n huurder of 'n bestuurder van 'n eiendom is waar die kommersiële seksuele eksploitasie van kinders plaasvind, nie binne 'n "redelike tydperk" informasie rakende hierdie aktiwiteite by die polisie aanmeld nie. Enersyds fokus Artikel 50A(2) van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983, soos gewysig in 1999), op die spesifieke plek waar die seksuele eksploitasie van kinders plaasvind. Andersyds reguleer die Artikel terselfdertyd die vervolging van so 'n persoon. Artikel 50A van die Wet op Kindersorg, reguleer die vervolging van enige persoon wat direk betrokke is by die seksuele eksploitasie van kinders, asook enige persoon wat wetlik betrokke is by die eiendom waar hierdie aktiwiteite plaasvind.

1.4.4.1 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997

Hoofstuk 6 van hierdie Wet plaas 'n verbod op die indiensneming van kinders (insluitend dwangarbeid). Artikel 14(1) van Hoofstuk 6 bepaal dat dit 'n misdryf is om enige kind onder die ouderdom van 15 jaar in diens te neem. Verder bepaal Artikel 14(2) dat geen kind in diens

geneem mag word in enige tipe “werk” (bv. prostitusie) wat “ongeskik” is vir die ouderdom van so ‘n kind nie. Volgens Artikel 14(2)(b) is ‘n persoon skuldig aan ‘n misdryf wanneer ‘n kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestesgesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling in gevaar gestel word.

1.4.4.2 Seksuele misdade wat teen kinders gepleeg word

Artikel 14 van Die Wet omskryf twee kategorieë misdrywe, naamlik misdrywe gepleeg deur die man en misdrywe gepleeg deur die vrou (Snyman, 1995:346). Die Wet, in Artikel 14 (1) (a), stel dat ‘n manspersoon wat:

- “ontug met ‘n meisie onder die ouderdom van 16 jaar pleeg of probeer pleeg; of
- ‘n onsedelike of onbehoorlike daad met so ‘n meisie onder die ouderdom van 19 jaar pleeg of probeer pleeg; of
- so ‘n meisie uitlok of aanlok om ‘n onsedelike of onbehoorlike daad te pleeg, aan ‘n misdryf skuldig is.”

Die toestemming deur die kind, indien enige, is nie ‘n verweer nie. Indien die kind nie toestemmig verleen het nie en ontug inderdaad plaasgevind het, is die manspersoon skuldig aan verkragting.

Ingevolge Artikel 14 (2) van Die Wet kan ‘n manspersoon homself verweer wanneer dit aan die hof blyk dat:

- “die meisie ten tyde van die pleeg van die misdryf ‘n prostiut was,
- die aangeklaagde manspersoon op daardie tydstip onder die ouderdom van 21 jaar was
- dit die eerste geleentheid is waarop hy vir sodanige misdryf aangekla is; of
- die meisie, of die persoon in wie se sorg sy was, die aangeklaagde manspersoon mislei het deur hom te laat glo dat sy op daardie tydstip bo die ouderdom van 16 jaar was”.

Artikel 14(3) en (4) plaas ‘n verbod op die optrede van ‘n vrou en handel oor dieselfde gedrag

wat hierbo beskryf is ten opsigte van die man. Dieselfde voorskrifte geld vir vroulike persone rakende onsedelike of onbehoorlike dade met 'n meisie onder die ouderdom van 19 jaar.

Artikel 28 (1) (a) - (c) van die Grondwet 108 van 1996 bereël die regte van kinders. Subartikel 1 stel dat al die regte van die kind, soos die reg op opvoeding, ouerlike sorg en die reg op skooling, beskerm word. 'n Kind het volgens Artikel 28(1)(d) die reg om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik en vernedering beskerm te word. Subartikel (e) verbied verder enige uitbuitende arbeidspraktyke teen kinders en Subartikel (f) stel dat 'n kind nie toegelaat mag word om werk te verrig of dienste te lewer wat onvanpas is vir sy of haar ouderdom of wat 'n risiko inhou vir die kind se welsyn, opvoeding en ontwikkeling nie. Dus word kinderprostitusie deur die Grondwet verbied. Artikel 28(2) stel uitdruklik dat dit wat in die beste belang van die kind is altyd van deurslaggewende belang sal wees wanneer 'n kind se belange ter sprake kom. Artikel 28(3) gee die omskrywing van 'n kind as enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar. Die Grondwet het die regte van die kind derhalwe, met inagneming van die Wet op Seksuele Misdrywe, verder verskans en beskerm.

Artikel 13 van die Grondwet plaas 'n verbod op slawerny, knegskap en dwangarbeid van persone. Geraldine Fraser-Moloketi (Destydse Adjunk-Minister van Welsyn, 1995) het in 'n toespraak (RGN konferensie, Children involved in Prostitution, 10 Maart 1995) die siening uitgespreek dat kinderprostitusie 'n vorm van slawerny is. Haar aanname word gebaseer op die dwang wat 'n koppelaar oor 'n meisie uitoefen om as prostituut te werk, asook op die feit dat kinderprostitute oor die algemeen nie vrywillig uit die beroep kan tree nie. Dit impliseer dat kinders as slawe aangehou, gebruik en gedwing word om as prostitute te werk. Hierdie toedrag van sake word in die Wet op Seksuele Misdrywe en deur die Grondwet verbied. Die straffe vir oortredings in terme van bogenoemde artikels is deur Artikel 22(f) voorgeskryf, naamlik gevangenisstraf vir 'n periode wat nie ses jaar en/of 'n geldboete wat nie R12 000 mag oorskry nie.

Die wyse waarop die Wet geïnterpreteer word veroorsaak dat daar 'n dubbele standaard aangaande prostitusie gehandhaaf word aangesien dit 'n misdaad is om 'n prostituut te wees, maar nie 'n misdaad is om van die dienste van 'n prostituut gebruik te maak nie (Posel, 1993:27).

Du Plessis (1997:1) is van mening dat gebruikers van kinderprostitute disfunksionele individue is. Ongeveer 2% van alle Suid-Afrikaanse mans en 'n onbekende hoeveelheid toeriste is hoofsaaklik die kliënte van kinderprostitute (O'Connor, 2000:4). Hierby meld McConaghy (1993: 71,72) en Uys (1996:6) dat prostitute in vergelyking met hulle kliënte 100 keer meer gearresteer word. Indien kliënte wel gearresteer word, word hulle meestal as staatsgetuies teen prostitute gebruik. In die verband voer McClain (1997:1) aan dat: "There is a perception in many communities that government is not hard enough on sex offenders, hence the numerous reports of vigilantism".

1.4.5 Kindersekswerkers as slagoffers van emosionele en ekonomiese deprivasie

Kinders wat by prostitusie betrokke raak is meestal die slagoffers van 'n disfunksionele gesinsopset (Pathologizing Prostitutes - Microsoft Internet Explorer; Uys, 1996:6). Die kinders kan onder andere blootgestel word aan konflik, seksuele mishandeling, emosionele en/of ekonomiese ontneming (Coetzee, 1998:3; Du Plessis, 1996:45; Posel, 1993:2; Schurink et al. 1995:13). Hierdie kinders beoefen prostitusie ter wille van oorlewing oftewel, "survival sex" (Coetzee, 1998:3; Du Plessis, 1997:2).

Vervolgens sal daar aandag aan kindersekswerkers as slagoffers van emosionele en ekonomiese deprivasie geskenk word.

1.4.5.1 Emosionele deprivasie

Volgens Green (1996:11) kan daar verskeie sielkundige, psigologiese en sosiale probleme aan prostitusie verbind word. Du Plessis (1996:19) is van mening dat prostitusie veral deur die gebruik van dwelmmiddels en pornografie gekenmerk word. 'n 19-jarige prostituut, wat as minderjarige prostitusie beoefen het, wys in aansluiting hierby daarop dat: "It is difficult to have sex with a guy if you're not on drugs ... because ... I don't know ... I just can't handle it ... that's why I smoke before I go with a client and afterwards again" (Du Plessis, 1996:60).

Volgens Du Plessis (1996:5) word prostitute op 'n sielkundige vlak geaffekteer. In hierdie verband poneer hy dat prostitute hulle emosioneel en seksueel afsluit om sodoende hulself sielkundig te beskerm. Derhalwe vind prostitute dit moeilik om weer mettertyd emosioneel by 'n verhouding betrokke te raak (Du Plessis, 1996:50). In aansluiting hierby meld De Young (1982:24) dat emosionele passiwiteit en alkohol- en dwelmafhanlikheid algemene nagevolge van prostitusie is.

Dit blyk dus of prostitute as 'n verdedigingsmeganisme hulself afstomp om sodoende die realiteit van hulle beroep (seksuele mishandeling) te hanteer (<http://www.acapa.org.za/P/shep.htm>). Na aanleiding hiervan kan die gevolgtrekking gemaak word dat prostitute min tot geen emosionele en seksuele genot uit seksuele ruiltransaksies verkry (Du Plessis, 1996:5). Verder dui Du Plessis daarop dat beoefenaars van prostitusie gewoonlik probleme met intimiteit en stabiliteit in hulle persoonlike verhoudings ondervind.

Prostitusie kan met aspekte soos 'n lae selfbeeld, gebrek aan waardigheid, skuldgevoelens, depressie, vernedering en verkleineringsgevoelens geassosieer word (Du Plessis, 1996:5,76,77; Green, 1996:12). Dit is ook 'n bekende verskynsel dat prostitute simptome van post-traumatische stresversteurings soos onder andere akute angstigtheid, depressie, insomnie, irritasie, terugflitsverskynsels, emosionele afgestomptheid en emosionele hiperwaaksaamheid kan toon (Farley, 1996:6; <http://www.acapa.org.za/P/ptsd.htm>). Om die emosionele impak van hierdie verskynsel op prostitute te staaf, haal Green (1996:12) die volgende stelling in haar studie aan:

“ Although I’m ... smiling on the outside - inside I’m crying”.

Sandy, ‘n prostituut, verwoord haar ondervinding soos volg:

“Going to bed with a strange man...a couple times a week ... maybe even a couple of times a day ... is not something to be proud about ... it is not something that you even talk about. The effects it has on a person is terrible and it is something that you will have to live with for the rest of your life ... and it is something that you need to overcome ... the shame ... and the guilt” (Du Plessis, 1996:76).

In die lig van bogenoemde meld Du Plessis (1996:5) dat prostitute ‘n sistematiese afbreek van die seksuele “self” kan beleef.

1.4.5.2 Ekonomiese deprivasie

Armoede is meestal die grootste bydraende faktor vir die toetrede tot prostitusie (Coetzee, 1998:3; Olivier, 1999:2). Volgens ‘n internetartikel word ‘n groot aantal vroue en kinders as gevolg van ekonomiese redes gedwing om prostitusie te beoefen, met ander woorde, die beroep word gewoonlik nie uit vrye keuse gevolg nie (<http://www.acapa.org.za/P/shep.htm>). In aansluiting hierby meld Posel (1993:3) dat prostitusie die resultaat van swak ekonomiese toestande in Suid-Afrika is. Derhalwe wend vroue hulle tot prostitusie, aangesien hulle nooit die geleentheid gehad het om die arbeidsmark suksesvol te betree nie. Die fundamentele voorvereistes vir prostitusie is oënskynlik ‘n gesonde liggaam en die vermoë om seksuele verhoudings aan te knoop sonder om emosioneel afhanklik te raak. Ter staving van haar standpunt meld Posel (1993:19-21) dat prostitusie ‘n ekonomiese oorlewingsmeganisme is, en ‘n skynbaar winsgewende beroep in die arbeidsmark moontlik maak.

Dr. Martin Luther King het hom soos volg oor georganiseerde misdaad soos byvoorbeeld prostitusie en kinderprostitusie uitgelaat: “organized crime flourishes in the ghetto as ‘permissive crime’ because no one cares particularly about the ghetto crime” (Yablonsky & Haskell, 1988:89). In aansluiting hierby word in ‘n artikel op die internet (<http://goldsite.com/wwwboard/messages/24.htm>) gemeld dat kindersekswerkers nie uit vrye wil prostitueer nie. Volgens dié

outeur is prostitusie vir volwasse persone meestal 'n vrye keuse en finansieel lonend. Hierteenoor is die teenoorgestelde van toepassing op kinders, aangesien 'n vrye keuse nie gemaak kan word nie, en kinders meestal tot prostitusie gedwing word, of ter wille van oorlewing prostitusie beoefen (<http://cgi.cnn.com/ASIANOW/southeast/9911/19/thai.child.prostitution/>).

1.5 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie studie is om minderjarige vroulike sekswerkers kwalitatief as slagoffers te bestudeer. Die kwalitatiewe benadering impliseer die studie van verskynsels soos dit ervaar word. Hoewel die nodigheid van ontleding vir 'n wetenskaplike ondersoek nie ontken word nie, is die uitgangspunt dat die betekenis of waarde van ervaring nooit uit die oog verloor moet word nie (Neuman, 1997:14). Kinderprostitusie word derhalwe intersubjektief op grond van die kinders se persepsies, interpretasies en belewenis van hul leewêreld bestudeer.

1.5.1 Subdoelwitte

Vervolgens word die volgende subdoelwitte vir hierdie studie gestel:

- 'n Kriminologiese ontleding van gevallestudies van die sosiale omvang en aard van kinderprostitusie in Gauteng
- 'n Teoretiese verklaring van kinderprostitusie
- Die identifisering van emosionele, psigiese en fisieke gevolge wat sekswerk op kinders het
- 'n Uiteensetting van Suid-Afrikaanse instansies wat hulle beywer vir die rehabilitasie van kinderprostitute
- Identifisering van risikofaktore wat betrokkenheid tot prostitusie kan verklaar
- Die verband aan te dui wat die dekriminalisering van prostitusie op die voortbestaan van kinderprostitusie kan hê.

1.6 UITEENSETTING VAN HOOFSTUKKE

Hoofstuk 2

Hoofstuk twee bevat die mites rakende prostitusie en kinderprostitusie en 'n teoretiese verklaring om kinderprostitusie as verskynsel te verduidelik. Teoretiese perspektiewe in verband met jeugmisdaad en kinderprostitusie word in hierdie hoofstuk uiteengesit.

Hoofstuk 3

In hierdie hoofstuk word afgehandelde navorsing rakende kinderprostitusie bespreek. 'n Moontlike verband tussen afgehandelde navorsing en resente navorsing (deur die navorser) word hier onder die loep geneem.

Hoofstuk 4

In hoofstuk vier word die metodologie van die studie uiteengesit. Die navorser ondersteun 'n kwalitatiewe, verkennende en beskrywende studie om kinderprostitusie as 'n relatief "nuwe" verskynsel te bespreek.

Hoofstuk 5

In hoofstuk vyf word die resultate bespreek. Verder sal die verwesenliking van sowel die navorsingsverwagtinge as subdoelwitte in hierdie hoofstuk uiteengesit word. Dus behels hoofstuk vyf: die aard en omvang van kindersekswerk in Gauteng; die wyse waarop kinders by prostitusie betrokke raak; risikofaktore verbonde aan kinderprostitusie; oorlewingsmeganismes van kinderprostitute en die souteneurs se rol by kinderprostitusie.

Hoofstuk 6

Die laaste hoofstuk bevat aanbevelings rakende kinderprostitusie. Verder word sekere aspekte geïdentifiseer wat verdere navorsing benodig.

2. MITES RAKENDE PROSTITUSIE EN KINDERPROSTITUSIE EN TEORETIESE ONDERBOU

Vervolgens sal aandag aan die mites rakende prostitusie en kinderprostitusie geskenk word.

2.1 MITES RAKENDE PROSTITUSIE EN KINDERPROSTITUSIE

Uiteenlopende perspektiewe rakende die verklaring van prostitusie en kinderprostitusie bestaan. Enersyds beskou Cesare Lombroso byvoorbeeld prostitute as oorgewig vroue wat met vroulike Hottentotte vergelyk kan word (Brown, Esbensen & Geis, 1996:472). Andersyds vergelyk sommige feministe prostitute as slawe en beskou dié verskynsel as 'n produk van die patriargale samelewing (Brown et al., 1996:477). Verder meen Du Plessis (1996:5) dat sekere standpunte rakende prostitusie, gerig is op die redes waarom prostitusie voorkom terwyl ander op die karakter van prostitute fokus.

Volgens Brown et al. (1996:481) huldig die publiek gewoonlik 'n sosiopolitieke perspektief eerder as 'n antropologiese perspektief rakende prostitusie. Dit behels dat prostitusie gepaard gaan met rykdom, 'n gemaklike lewe, 'n vrye wilsbesluit, dat dié beroep opwindig verskaf en aangename werksomstandighede bied (Du Plessis, 1996:5). Brown et al. (1996:479) dui egter daarop dat albei die teenstrydige perspektiewe rakende prostitusie ter sprake is wanneer hierdie verskynsel bestudeer word. Volgens die eerste perspektief hou prostitusie verskeie beroepsvoordele in soos byvoorbeeld buigsame werksure, kontak met verskillende persone en die geleentheid om 'n goeie inkomste te verdien. Andersyds word prostitusie gekoppel aan fisieke mishandeling, 'n lae selfbeeld en swak finansiële vergoeding. Die rede hiervoor is dat kliënte prostitute nie altyd finansiëel vergoed nie maar byvoorbeeld geskenke gee (kyk par. 1.2.12 – bladsy 20-21) (Brown et al., 1996:479).

Daar bestaan ook verskeie uiteenlopende perspektiewe rakende kinderprostitusie. In aansluiting by die voorafgaande meld Adèle du Plessis (Gauteng Konferensie oor die Dekriminalisasie van Sekswerk, Oktober 1996): “why don’t we bust these men that don’t hesitate to rape our children, children that by no choice but by a lack of choice ended in a life of prostitution ... the life of a child has no value, she is considered as young blood, a fresh piece of meat, with buyers too eager to sample her wares” (Du Plessis, 1996:38).

Kinders se betrokkenheid by prostitusie word deur sowel die publiek as navorsers bevraagteken (Hewlitt, 1991:12; McClain, 1997:8; Chapman, 1980:66). Dit dra by tot mites, teenstrydige perspektiewe en ‘n ongeloof dat die verskynsel bestaan. Volgens Campagna en Poffenberger (1988:38) is hierdie ongeloof ongegrond aangesien kinderprostitusie wyd verspreid voorkom en dit deur al hoe jonger kinders beoefen word.

‘n Verdere faktor wat tot hierdie teenstrydigheid bydra is dat seksuele aktiwiteite met meisies in sommige Oosterse lande as normaal bestempel word (McConaghy, 1993:244). Volgens Campagna en Poffenberger (1988:38) en Benghu (2000:1) word kinders ook dikwels “gedryf” tot prostitusie deur omstandighede (soos byvoorbeeld mishandeling of geweld) in die gesin. Ter ondersteuning hiervan meld Siegal en Senna (1997:292) dat 75 % minderjarige prostitute as “wegloop”- of “weggooi”-kinders bestempel kan word. In aansluiting hiermee meld Dallos en McLaughlin (1993:79) dat sommige seksueel mishandelde kinders “geleer” word om by prostitusie betrokke te raak. Kinderprostitusie word dikwels ook beoefen om mans terug te kry (“getting at men”) vir wat aan hulle gedoen is. Dit is ‘n vorm van uitdrukking wat as gevolg van self-haat manifesteer. Daar bestaan volgens dié outeurs ‘n direkte verband tussen jong meisies wat wegloop van hul ouerhuise en prostitusie. Hierdie meisies beoefen prostitusie om geld te verdien ten einde te kan “oorleef” op straat (Dallos & McLaughlin, 1993:79). ‘n Ander populêre

verklaring vir kinderprostitusie is dat kinderprostitute 'n negatiewe selfbeeld het en by prostitusie betrokke raak om erkenning en 'n gevoel van "behoort" te ervaar (Siegal & Senna, 1997:292).

Doyle (1995:3) is van mening dat seksuele aktiwiteite nie veronderstel is om op die pre-adolessente ouderdom 'n prioriteit te wees nie. Nietemin is die meeste pre-adolessente gefassineerd met hul liggame en hoe dit funksioneer. Indien hulle selfondersoek doen kan hierdie gedrag deur volwassenes as seksueel van aard bestempel word wat aanleiding kan gee tot 'n wanopvatting soos dat kinders gepreokkupeer is met seksuele aktiwiteite en dat hierdie gedrag vir hulle skadelik kan wees (Doyle, 1995:3).

Sielkundiges, psigiaters en akademici kan ook bydra tot die publiek se onkunde en oningelgte sienings rakende kinders wat hulle seksuele identiteit ontdek. Sommige psigiaters verwys na kinders as seksueel veelvormige perverse persone ("polymorphous perverse") wat in staat is om aan 'n verskeidenheid seksuele aktiwiteite deel te neem. Hierdie seksuele interaksie kan genotvol, misterieus en terselfertyd as skrikwekkend deur kinders ervaar word (Finch, 1967:1). Sigmund Freud het die bestaan van "werklike" mishandeling van kinders bevestig. Aangesien hy van mening was dat kinders oor seksuele ervarings met hul ouers fantasieer (Dallos & McLaughlin, 1993:51). Freud het dus die mishandeling van kinders toegeskryf aan kinders wat seksuele toenadering uitlok by volwassenes. Hierdie verklarings kan daartoe bydra dat kinders geblameer word vir kinderprostitusie en dat volwassenes geen aanspreeklikheid vir hulle gedrag hoef te aanvaar nie.

Volgens Schurink en Ndabandaba (1991:15) is prostitusie en kinderprostitusie 'n weerspieëling van die waardes, norme en aktiwiteite van 'n konvensionele gemeenskap. In Suid-Afrika lok mishandeling en spesifiek die seksuele mishandeling van kinders gevoelens soos skok, ongeloof, vrees, afsku en angst uit (McKendrick & Hoffmann, 1990:227). Die mishandeling van

kinders bots met die tradisionele oortuigings van hoe die gesinslewe moet wees. Die gesin word as die hoeksteen van die samelewing beskou wat moet toesien dat goeie norme en waardes aan kinders oorgedra word (Straus, 1990:84).

Daar bestaan 'n persepsie dat kinderdae 'n tydperk van "beskermdes onskuld" moet wees. Die idealisering van onskuldige kinderdae het tot gevolg dat die gemeenskap grootliks kindermishandeling in alle fasette ignoreer (Straus, 1990:82). Volgens Straus (1990:94) beklemtoon studies rakende kinders se vermoë om trauma te hanteer en daarvan te herstel die rol van die gesin as die belangrikste meganisme om trauma en stres by die kind te verwerk. Ouers is veronderstel om as 'n buffer teen stres en trauma op te tree. Vertrouing en gerusstelling moet veral gedurende tye wanneer kinders stres en trauma ervaar oorgedra word (Straus, 1990:94).

Seksuele mishandeling van kinders word as die ergste vorm van kindermishandeling beskou wat ernstige gevolge vir die slagoffer inhou (Du Toit & Pretorius, 1997:67; O'Connor, 2000:4). Ellis en Walsh (2000:188) is van mening dat enige kind 'n potensiële slagoffer van seksuele mishandeling kan wees. Barkan (1997:246) is van mening dat seksuele mishandeling van meisies die hoofrede tot onaanvaarbare gedrag soos byvoorbeeld wegloop van die huis, dwelmmiddelmisbruik en prostitusie is. Volgens Straus (1990:82) word dié tipe mishandeling gewoonlik geïgnoreer en derhalwe bestaan daar die minste begrip van alle tipes mishandeling vir dié verskynsel. Ter staving hiervan meld Straus (1990:84) dat David Finkelhor, 'n sosioloog, reeds in 1979 aangedui het dat seksuele mishandeling van kinders as 'n groter probleem omskryf word as wat deur die samelewing en akademici voorgegee word. 'n Algemene reaksie tot seksuele mishandeling is ontkenning, soos byvoorbeeld dat dit nie werklik gebeur nie, of dat dit oordryf word deur fanatiese maatskaplike werkers en feministe (Dallos & McLaughlin, 1993:48).

Volgens Du Plessis (1996:5) bestaan die volgende aannames of mites ten opsigte van prostitute en kinderprostitusie:

- Prostitusie is 'n beroepskeuse en geen druk word op vroue uitgeoefen om die beroep te beoefen nie
- Seksuele genot word verkry uit prostitusie
- Prostitusie kan 'n arm persoon welgesteld maak
- 'n Glansryke lewe is sinoniem aan prostitusie
- Prostitusie is 'n slagofferlose misdaad
- Prostitute is kapitalistiese nimfomane en slegte vroue, wat geen selfrespek het nie. Hulle kan as slette beskou word omrede hulle van seks buite 'n verhouding hou – soveel so dat hulle geld daaruit verdien.

Minnaar, Venter en Schurink (1980:1) sluit aan by bogenoemde en meld dat die volgende vooropgestelde mites rakende prostitusie bestaan:

- Prostitute is nimfomane
- Prostitute het harte van goud
- Prostitute word as emosioneel koud beskou
- Alle prostitute is lesbiërs
- Prostitute heg geen waarde aan godsdiens nie

In aansluiting by Du Plessis en Minnaar et al., meen Van Hamm (1997:10) dat die volgende vooropgestelde idees vir prostitusie ook geld:

- Vroue prostitueer om vir hulle afhanklikes te sorg
- Prostitusie is die enigste beroep vir ongekwalifiseerde persone

Navorsing (Du Plessis, 1996:5) oor prostitusie en kinderprostitusie het aan die lig gebring dat bogenoemde mites ver verwyderd van die realiteit is. Farley (1996:5) het in haar studie bevind dat:

- In 80 % van die gevalle is die prostitute fisiek aangerand terwyl hulle geprostitueer het
- Vier en vyftig persent van die aanrandings is deur kliënte uitgevoer
- Sewe en sestig persent is verkrag
- Vyf en veertig persent van die respondente is deur kliënte verkrag
- Tussen 55 % en 90 % van die prostitute is as kinders seksueel mishandel
- Vier en tagtig persent van die steekproef was haweloos
- Vyf en sewentig persent van die respondente het voorheen selfmoordpogings aangewend
- Agt en tagtig persent het aangedui dat hulle graag die beroep wil verlaat, maar dat hulle geen heenkome ('n plek van veiligheid) het as hulle dit doen nie, asook dat hulle geen werksondervinding en opleiding het nie. Die meeste het ook aangedui dat hulle dwelmrehabilitasie sal moet deurloop (Du Plessis, 1996:6).

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat prostitute en kinderprostitute slagoffers van geweld is. Dit beteken dat prostitusie nie 'n slagofferlose misdaad is nie en dat die beoefenaars nie aan 'n glansryke lewe blootgestel is nie.

2.2 TEORETIESE PERSPEKTIEWE IN VERBAND MET JEUGMISDAAD EN KINDERPROSTITUSIE

Die verklaring van misdaad en misdadigers is kompleks van aard aangesien elke persoon oor unieke karaktereenskappe beskik en verskillende handelingne toon in verskillende situasies (Labuschagné, 1996:2). Daarom is dit nodig dat kriminologie die misdaadverskynsel in sy totaliteit moet bestudeer. Dit beteken dat daar gefokus moet word op die faktore wat bydra tot

misdaad, individuele eienskappe van oortreders en slagoffers, hulle funksionering in hulle omgewing asook die faktore waaraan hulle blootgestel is (Labuschagné, 1996:2).

Kriminaliteit is die produk van 'n sistematiese proses waarin komplekse interaksie tussen ekologiese makro- en mikrofaktore plaasvind. Makrofaktore behels omgewingsinvloede en grootskaalse sosiale patrone soos sosiale veranderinge (bv. demokratisering in Suid-Afrika) asook die ekonomiese en politieke samestelling in 'n land (Brown et al., 1996:244; Labuschagné, 1996:14). Mikrofaktore het te make met die aktiwiteite van individue en hulle motiewe om misdaad te pleeg. Die persoon se motivering word beïnvloed deur onder andere die biologiese, sosio-kulturele en psigologiese ontwikkelingsfaktore (Brown et al., 1996:211). Die klem word geplaas op die wyse waarop individueel-menslike en sosiale faktore 'n spesifieke individu kan beïnvloed en predisponer om misdaad te pleeg (Labuschagné, 1996:2). Vanaf bevrugting word die kognitiewe en affektiewe of emosionele karaktereenskappe van 'n persoon gevorm en beïnvloed deur onder andere die gesin, interaksie met ander individue, groepe, instansies en die omgewing. Volgens hierdie benadering is daar verskeie uiteenlopende faktore wat 'n rol speel by die verklaring van misdaad.

Die akademiese belangstelling in kinderprostitusie is redelik reserw (Labuschagné, 1995a:23). Dit het veroorsaak dat daar 'n gebrek aan navorsing bestaan en dat daar nie spesifieke teorieë geformuleer is waarmee dié probleem verklaar en moontlike oplossings daarvoor gevind kan word nie (Perschler, 1996:9). Alhoewel daar teorieë is wat die misdadige gedrag van vroue en kinders verklaar, is daar nie 'n spesifieke teorie om kinderprostitusie as 'n kriminologiese verskynsel te omskryf nie. Labuschagné (1995a:9) poneer dat gedragswetenskaplikes die feit aanvaar dat kinders in die plek van vertrouwe, aanvaarding, liefde, toewyding en besorgdheid, eerder gewoond is aan aangeleenthede soos wantroue, verwerping, vyandigheid en afwending.

Die vrae wat uit bogenoemde afgelei kan word is: Wat dryf sommige jeugdige om misdaad te pleeg? Hoekom het sekere jeugdige selfbeheersing teen afwykende gedrag en ander nie? Hierdie vrae kan aan die hand van die volgende faktore of invloede tot die vertoon van wangedrag beantwoord word:

- Biologiese faktore, byvoorbeeld die dieët wat gevolg word
- Gedragpatrone, byvoorbeeld hoe alkohol- en dwelmmiddelmisbruik gedrag kan beïnvloed
- Omgewingsinvloede, byvoorbeeld armoede
- Persoonlikheidseienskappe, soos 'n lae selfbeeld wat kan aanleiding gee tot afwykende gedrag (Siegal & Senna, 1997:71).

Hierdie faktore kan sowel die persoonlikheid as die vertoon van wangedrag affekteer. Armoede kan byvoorbeeld veroorsaak dat werklose ouers toelaat dat hul kinders prostitueer omrede daar geen ander inkomste is nie. Hoë risikofaktore soos alkohol- en dwelmmiddelmisbruik kan aanleiding gee tot 'n swak selfbeeld. 'n Lae selfbeeld kan destruktiewe seksuele gedrag soos onder andere losbandigheid of prostitusie tot gevolg hê (Tyler, Hoyt & Whitbeck, 2000:235; Siegal & Senna, 1997:71).

2.2.1 VROEË TEORETIESE VERKLARINGS

Vervolgens sal 'n aantal teorieë en aannames wat spesifiek op prostitusie en kinderprostitusie van toepassing is, kortliks uiteengesit word. Hierdie teorieë en aannames sal nie breedvoerig bespreek word nie, aangesien dit bloot as basis gebruik word om verskeie verklarings wat vir kinderprostitusie bestaan, uit te lig. Die bespreking van hierdie teorieë en aannames moet in die lig van afgehandelde navorsing beskou word om die diversiteit van verklarings vir kindersekswerk te beklemtoon. Hierdie teorieë dien dus nie as 'n teoretiese onderbou vir die

studie nie. Na hierdie bespreking sal relevante teorieë wat van toepassing is op die onderhawige studie breedvoerig uiteengesit en krities geëvalueer word ten einde die bevindinge te ondersteun.

2.2.2.1 Vroeë verklarings ten opsigte van vroulike wangedrag

Vroue se betrokkenheid by misdaad en afwykende gedrag het sekondêre aandag in vroeë misdaadverklarings geniet (Schoemaker, 1996:226). Om vroulike kriminaliteit en wangedrag te verstaan moet daar op die vroeë werke oor vroulike oortreders gefokus word. Die meeste van die vroeë verklarings het egter die demografiese verskille wat tussen vroulike oortreders bestaan het, soos byvoorbeeld ouderdom, geïgnoreer (Schoemaker, 1996:226). Vroeë verklarings van vroulike misdadigheid het veral op vroulike seksualiteit gefokus. Misdadige vroue se gedrag is toegeskryf aan hulle losbandige seksuele lewensuitkyk. Volgens hierdie perspektiewe is meisies wat op 'n vroeë ouderdom fisiek ryp word meer geneig om antisosiale gedrag, soos promiskuiteit, te toon (Siegal & Senna, 1997:254).

Verder word prostitusie se antikwiteit, oftewel oudheid, bevestig deur die bekende uitdrukking "die oudste professie" op aarde (Reid, 1994:28). Nieteenstaande die feit is dié verskynsel nie ouer as die professies van priesters, verpleegsters of medici nie (Bullough & Bullough, 1987:xv). Histories is vroue as eiendom of besittings van hul vaders of mans beskou (Reid, 1994:216). Volgens Bullough en Bullough (1987:7) bestaan daar verskeie spekulasies en beperkte feite oor die oorsprong van prostitusie. Dié outeurs is van mening dat prostitusie alreeds vanaf die vroeë menslike ontwikkeling gestalte gekry het. Die verskynsel het verder ekonomiese, sosiologiese, psigologiese en religieuse ooreenkomste, wat verband hou met die man-vrou-verhouding.

Bullough en Bullough (1987:7) postuleer dat beide die matriargale en patriargale aannames van prostitusie nie die verskynsel verklaar nie.

Vroeë skrywers soos Maine en Bachofen (1861) het meestal oor prostitusie geskryf maar nie gepoog om dit as verskynsel te verklaar nie (Bullough & Bullough, 1987:1). Maine was van mening dat die ondergeskiktheid van vroue 'n natuurwet is wat afkomstig is van die aard van die beskawing. Prostitusie het in patriargale samelewings, buite gesinsverband bestaan – omrede geen gesinshoof sou toelaat dat enige van sy vroue of dogters by sulke aktiwiteite betrokke raak nie (Bullough & Bullough, 1987:20). Bachoven het patriargie as 'n superieure vorm van bestaan bo matriargale samelewings beskou. In teenstelling met Maine, het Bachoven nie patriargie as 'n universele sisteem aanvaar nie. Volgens dié outeur het daar vanaf die bestaan van die eerste beskawings 'n staat van seksuele promiskuiteit ontstaan, wat gekenmerk is deur 'n onstabiele gesinslewe. In hierdie tipe samelewing is vroue nie beskerm teen manlike mishandeling nie. Hulle was blootgestel aan manlike wellus en het derhalwe die behoefte ontwikkel aan geregleerde omstandighede (wetgewing) en verbeterde waardes (Bullough & Bullough, 1987:2).

Vroeë kriminoloë het die vroulike oortreder as onbelangrik en as 'n "afwyking" van die normale beskou. Handeling soos prostitusie en voorhuwelikse seks is aan vroulike seksualiteit gekoppel (Siegal & Senna, 1997:146). Die verklarings van vrouekriminaliteit was aanvanklik anders as dié van mans. Vroue is op grond van biologiese-, sosiale- asook psigologiese faktore anders as mans beskou (Patterson, 1995:34). In Suid-Afrika is dieselfde sienings gehandhaaf hieroor. Die weglating van vroulike kriminaliteit en geslagsaangeleenthede in navorsing wat hieroor handle, kan toegeskryf word aan die feit dat vroeë teorieë oor misdadverklaring hoofsaaklik op manlike kriminaliteit gefokus het (Barkan, 1997:70; Siegal & Senna, 1997:246).

Die "vader van kriminologie", Cesare Lombroso, het van die eerste bydraes tot die verklaring van vroulike misdaad in die kriminologie gemaak (Conklin, 1995:34; Williams & McShane, 1994:33). Sigmund Freud het ook belangrike insette vanuit 'n psigoanalitiese uitgangspunt gelewer. Hy was van mening dat afwykende gedrag onder vroulike jeugdige onder andere aan hulle seksualiteit toegeskryf kan word. Erik Erikson, 'n egosielkundige, het die oorslaan van belangrike persoonlikheidsfases/ontwikkelingstake as 'n bydraende faktor tot afwykende gedrag beskou. Feministiese uitlatings oor prostitusie het sedert die 1970's opslae gemaak. Die feminisme postuleer dat vroue in 'n patriargale samelewing onderdruk word en dat prostitusie 'n uitvloeisel van manlike dominansie is (Ellis & Walsh, 2000:388). Hierdie perspektiewe sal vervolgens meer breedvoerig uiteengesit word onder die volgende hoofkategorieë: Biologiese verklarings; sosiologiese verklarings; psigologiese verklarings en die feministiese perspektief.

2.3 BIOLOGIESE VERKLARINGS

Sedert die 1500's het navorsers meer algemeen op die verband tussen die menslike liggaam en die verklaring van misdaad gefokus. Gedurende die 1700's het "Frenologie" oftewel die studie van die skedel groot opspraak gemaak ten opsigte van die verklaring van misdaad (Reid, 1994:130). Tot Aristoteles (Reid, 1994:130) was van mening dat die mens se persoonlikheid aan die hand van die vorm van sy skedel ontleed kan word. Biologiese verklarings rakende misdadigheid onder vroue het meestal op die vrou se "natuurlike" rol om kinders groot te maak, passiwiteit en frustrasie gefokus (Barkan, 1997:70). Dié outeur konstateer dat die biologiese benadering vroulike kriminaliteit aan die hand van hulle seksualiteit verklaar. Vervolgens sal daar veral op Lombroso en Thomas se biologiese verklarings rakende prostitusie gefokus word.

2.3.1 Cesare Lombroso (1835 – 1909)

Die Lombrosiaanse denkwysie het veral gedurende die 1920's 'n betekenisvolle invloed gehad op hoe vroulike misdadigers beskou is (Ellis & Walsh, 2000:87; Siegal & Senna, 1997:251). Na aanleiding van Lombroso se teorie oor vroulike misdadigers het Cyril Burt byvoorbeeld in 1925 vroulike misdadigheid aan menstruasie verbind (Siegal & Senna, 1997:251).

Cesare Lombroso het aangevoer dat kriminele gedrag verband hou met fisieke karaktereienskappe soos onder andere 'n groot kakebeen, wangbeen en skedel, ongewone groot of klein ore en 'n plat neus (Bartollas, 1997:102). Misdadige persone (mans of vroue) is as biologiese "foute" oftewel "biological throwbacks" beskou. Misdadigers word volgens hom gebore met fisieke eienskappe wat hulle meer geneig tot misdaad maak. Volgens Lombroso was kriminele atavisties of vergelykbaar met primitiewe voorouers (Bartollas, 1997:102; Brown et al., 1996:216; en Martin, Mutchnick & Austin, 1990:29). Die "gebore kriminele" het volgens Lombroso ongeveer 'n derde van die misdaadpopulasie uitgemaak terwyl die ander twee-derdes as kriminaloïede of geringe misdadigers bestempel is.

Vroulike misdadigers het 'n inherent biologiese atavistiese neiging (Muncie, McLaughlin & Langan, 1996:161). Misdaad onder vroue word aan atavisme of die oorlewing van primitiewe kenmerke gekoppel. Charles Darwin (1809-1882) het met sy evolusieteorie mense en ander lewende organismes as eindprodukte van 'n lang evolusionêre proses beskou (Schmallegger, 1996:170-171; Martin et al., 1990:27). Lewende wesens word volgens hom deur natuurwette beheer soos byvoorbeeld "die natuurlike seleksie proses" en dat "oorlewing van die sterkste" voortbestaan verseker. Darwin het die term "*atavisme*" voor Lombroso gebruik, hoewel Lombroso in sy werk die term uitgebrei het. Lombroso het kriminaliteit of afwykende gedrag omskryf terwyl Darwin net daarna verwys het. Verder word elemente van Darwin se teorie toegepas op Lombroso se teorie van vroulike kriminaliteit (Martin et al., 1990:27). Volgens

Lombroso is kriminele gedrag 'n primitiewe eienskap (afkomstig van evolusie) wat in die moderne samelewing oorleef het (Schmalleger, 1996:170-171).

Lombroso meen dat vroue se seksuele ontwikkeling hiërargies van mans verskil (Muncie et al., 1996:164). Dit beteken dus dat vroue misdaad pleeg om hulle vroulikheid te oorkom en meer manlik op te tree. In die lig hiervan kan misdade soos prostitusie en winkeldiefstal aan geslag gekoppel en in seksuele terme verduidelik word (Muncie et al., 1996:162).

Lombroso en sy skoonseun William Ferrero het in 1895 die boek *The Female Offender* gepubliseer waarin hulle spesifiek op die vroulike oortreder fokus (Siegal & Senna, 1997:99). Vroulike misdadigers se liggame, ledemate en fisieke onreëlmatighede is in tronke bestudeer. Diegene wat voor die hof gedaag is, is ook ondersoek, gemeet en bestudeer. Vroulike kriminaliteit is geassosieer met karaktereieskappe soos nou voorkoppe, prominente wangbene en 'n manlike, stoer gesigsvorm (Brown et al., 1996:219).

Volgens Lombroso is vroue laer geëvalueer op die evolusierangleer en meer kinderlik, minder sensitief en intelligent as mans (Siegal & Senna, 1997:251). Vroue wat by misdaad betrokke geraak het – meestal prostitute en ander seksueel verwante misdade – kon volgens hom onderskei word van die “normale” vrou op grond van fisieke karaktereieskappe soos oormatige liggaamshare, lag- en ander gesigsplooië en 'n abnormale skedel (Siegal & Senna, 1997:251). Vroulike misdadigers sou oormatige manlike karaktereieskappe hê, en geneig wees om hul misdaad te verberg of weg te steek (Siegal & Senna, 1997:251).

Verder wou Lombroso uitvind waarom prostitute meestal oorgewig is. In dié verband meld hy prostitute “strike(s) those who look at the masse” (Brown et al., 1996:481). Hy was van mening dat atavisme die rede vir hulle liggaamsbou is. Prostitute sou ook meer atavistiese oftewel

primitiewe genetiese trekke as ander vroulike oortreders toon. Die boosaardige geneigdheid van vroulike oortreders was meer en duideliker uitkenbaar as dié van manlike oortreders (Brown et al., 1996:219). Moedersinstinkte en vroulike kwaliteite (bv. emosies, menstruasie, die grootmaak van kinders en swangerskap) moes onderdruk word, derhalwe beskou hy hierdie vroue as meer ongenadig en harder as mans wanneer hulle gewelddadige oortredings begaan. Vroulike oortreders word beskou as “oorgroeide” (“overgrown”) kinders met geen sin vir moraliteit nie (Brown et al., 1996:219).

Hierdie misdadige vroue het ‘n gebrek aan gebalanseerde eienskappe soos moederskap en ‘n behoefte aan liefde of passie getoon. Hulle is verder seksueel koud, en het fisieke swakheid en onderontwikkelde intelligensie. As gevolg hiervan is dié vroue buite beheer en kinderlik (Siegal & Senna, 1997:251). Dit het volgens Lombroso daartoe gelei dat vroue reeds op ‘n vroeë ouderdom met seksuele handeling eksperimenteer.

2.3.1.1 Evaluering van die Lombrosiaanse denke

Lombroso en Ferrero se bevindings is reeds grootliks verwerp op grond van hulle onwetenskaplike navorsingsmetodes. Kritiek teen Lombroso is dat hy nie van ‘n kontrolegroep gebruik gemaak het om primitiewe karaktereenskappe te meet nie (Martin et al., 1990:40). Verder het Lombroso nie direkte verbande tussen fisieke karaktereenskappe en kriminaliteit aangetoon nie. Charles Goring het in sy boek *The English Convict: A Statistical Study* (1913) Lombroso gekritiseer op grond van die gebrek aan ‘n teoretiese grondslag vir sy sienings (Martin et al., 1990:40). Volgens Goring bevat Lombroso se werk “an organised system of self-evident confusion whose parallel is only to be found in the astrology, alchemy, and other credulities of the Middle Ages” (Martin et al., 1990:40).

Daarenteen beskou Leonard Savitz (Martin et al., 1990:41) Lombroso se werk as suksesvol omrede sy werk op Darwinisme gebaseer is wat rassisme en ongelykheid aan die hand van evolusionêre beginsels regverdig. In aansluiting by Savitz beweer Thorsten Sellin (Martin et al., 1990:41) dat Lombroso se werk na 'n halwe eeu honderde akademici laat soek het na die "waarheid" oor idees rakende menslike gedrag en seks en dat sy teorie 'n waardige plek in die geskiedenis van denke in die kriminologie verdien.

2.3.2 W. I. Thomas (1925)

W. I. Thomas en Lombroso se siening oor vroue stem in 'n groot mate ooreen. Beide volg 'n biologies hiërargiese benadering wat ras en geslag as hoofemas identifiseer (Muncie et al., 1996:167). Volgens Schoemaker (1996:228) het Thomas sowel Lombroso en Freud se teorieë gekombineer as uitgebrei. In aansluiting by Lombroso meen Thomas (Muncie et al., 1996:166) dat vroue as konserwatief en sinoniem met beweginglose plante wat energie stoor, beskou moet word. Verder meen Thomas dat vroulike kriminaliteit beskou moet word as die resultaat van "aanpassingsprobleme" wat vroue ondervind. In aansluiting hierby postuleer die Freudiaanse perspektief dat vroulike kriminaliteit die gevolg van die natuurlike tendens by vroue is om manlike dominansie te begeer (Schoemaker, 1996:227).

In die publikasie *Sex and Society* (1907) konstateer Thomas dat vroue anabolies en mans katabolies is (Schoemaker, 1996:228). Dit impliseer dat vroue liggaamsvet en -vloeistowwe akkumuleer, terwyl mans hierdie liggaamsvloeistowwe op verskeie maniere uitskei. Thomas skryf die "vroulike agterstand" toe aan 'n gebrek aan seksuele vryheid en 'n fundamentele biologiese verskil tussen mans en vroue (Lilly, Cullen & Ball, 1995:176; Muncie et al., 1996:166). Vroue word ook deur hom as passief beskou. In teenstelling hiermee word mans as aktiewe en dinamiese wesens beskou (Muncie et al., 1996:161). Mans is inherent sowel die

“held” as die “misdadiger”. Met ander woorde, sowel slegte as goeie eienskappe is by mans aanvaarbaar, terwyl dit nie op vroue van toepassing is nie. Hierteenoor is vroue bestem om besorg te wees oor die moraliteit en stabiliteit van die gesin. Hulle moet ook poog om gedragsvaardighede (bv. aggressie, manlike dominansie en selfbeheersing) op grond van manlike reëls te bevorder (Schoemaker, 1996:228). Dit beteken dat die passiewe en ondinamiese vrou volgens Thomas sowel vroulikheid, moraliteit en stabiliteit as onderdanigheid op grond van manlike reëls in stand moet hou.

In sy boek *The Unadjusted Girl* (1925) argumenteer Thomas dat individue deur vier basiese begeertes gemotiveer word, naamlik: nuwe ervaringe, sekuriteit, reaksie en erkenning (Schoemaker, 1996:228). In die lig hiervan skryf Thomas afwykende gedrag deur vroue toe aan hulle begeerte om nuwe ervaringe en opwinding te ervaar. Omrede seks opwinding kan bied kan meisies vroeg in hulle lewe besef dat hulle seksualiteit “kapitaal” is. Deur middel van hulle “kapitaal”, oftewel seksualiteit, kan hulle sekere voordele bekom (Schoemaker, 1996:228). Hulle misbruik hul seksualiteit (kapitaal) vir persoonlike gewin en opgewondenheid (Lilly et al., 1995:176; Muncie et al., 1996:161; Schoemaker, 1996:228). Hierdie begeertes om opwinding deur die seksualiteit te verkry is veral kenmerkend van die laerklasmeisies. Hulle word dus as amoreel beskou.

Vroulike kriminaliteit is dan die resultaat van seksuele begeertes en 'n natuurlike reaksie op sekere sosiale omstandighede soos byvoorbeeld armoede of onderdrukking (Muncie et al., 1996:168). Die wending tot prostitusie kan as 'n perverse of rebelse reaksie teen die tradisionele rol van die vrou beskou word. 'n Vrou raak dus by prostitusie betrokke om haar behoefte aan opwinding (seks) en sekere onbewuste begeertes (bv. geld of seksuele vryheid), te bevredig. Vroue kan mans dus onder andere vir hulle ekonomiese voordeel manipuleer. Thomas beklemtoon ook omgewingsfaktore (bv. status en finansiële gewin) en die samelewing se

onbetrokkenheid om as sosialiseringssagente op te tree. Hierdie faktore kan tot misdadigheid aanleiding gee (Muncie et al., 1996:163).

In aansluiting hierby voer Schoemaker (1996:230) aan dat misdadige gedrag van meisies verband hou met kulturele waardes en sosiale rolle. Afwykende gedrag word gegrond op sowel sosiale en seksuele verwagtinge as morele konformiteit. Hierdie gedrag is dan ook meer aanvaarbaar onder die laerklas- as middelklasmeisies. Onaanvaarbare gedrag soos byvoorbeeld wegloop van die huis, seksuele promiskuiteit, en rebelsheid is meer algemeen onder die laerklasmeisies as onder hoërklasmeisies. Vroulike kriminaliteit word aan die hand van seksuele en morele gedrag verklaar. Met ander woorde, hierdie siening hou verband met die “aanpassingsprobleme” van vroue wat deur Freud en Thomas geïdentifiseer is. Hierdie afwykende gedrag word as dominant onder misdadige meisies beskou (Schoemaker, 1996:230).

2.3.2.1 Evaluering van W.I. Thomas se perspektief

Thomas volg 'n paternalistiese benadering. Die aard van die vroulike begeertes en instinkte waarna hy verwys, is aannames wat nie wetenskaplik bewys is nie. Hierdie teorie is seksisties van aard aangesien vroue se seksualiteit gebruik word om hulle as oortreders te identifiseer (Lilly et al., 1995:176; Flowers, 1987:121; Muncie et al., 1996:171). Volgens Muncie et al. (1996:162) is ander outeurs van mening dat Thomas Derdewêreldse omstandighede soos byvoorbeeld seksisme, sosio-ekonomiese omstandighede, rassisme, sosiale klasse en armoede rakende vroue ignoreer. Volgens hulle neem Thomas nie die harde arbeid wat deur armoedige vrouens tuis en in fabriek verrig word in ag nie. Thomas se siening van vroulikheid is gebaseer op kriteria wat vir die hoërklasvrou geld en neem dus nie laerklasvroue in ag nie. Hy is ook onsensitief teenoor menslike verhoudings en behoeftes (Muncie et al., 1996:166-167).

Teoretici wat uitgebou het op Thomas se aannames het mettertyd vroulike misdadigheid aan die hand van sowel biologiese as psigologiese eienskappe verklaar (Schoemaker, 1996:228). Volgens navorsing (Cowie, Cowie & Slater, 1968; Healy, 1915; Kanopa, 1966; Pollak, 1950) word vroulike kriminaliteit veroorsaak deur abnormale chromosoom-samestellings, oorgewig en fisieke oorontwikkelingsprobleme en biosielkundige probleme wat aan menstruasie en puberteit verbind word. In aansluiting hiermee konstateer Sheldon en Eleanor Glueck (1935) in hul boek *Five hundred delinquent women*, dat die meeste vroue-misdadigers intellektueel swakker en fisiek meer ontwikkel as mans is (Patterson, 1995:35). Hulle navorsing is later as onwetenskaplik verklaar.

Resente navorsing oor biologiese faktore fokus op chromosoomabnormaliteite in adolessente dogters (Schoemaker, 1996:228). Cowie en haar kollegas beweer dat oorontwikkelde adolessente dogters geneig is om seksueel promisku te wees (Flowers, 1995:66). Studies deur Dalton (Walklate, 1995:25) in die sestigerjare en Morton (Flowers, 1995:76) toon 'n verband tussen misdadigheid by vroue (impulsiewe, onbeplande misdade en geweldsmisdade) en endokriene steurnisse soos premenstruele sindroom (PMS). Hierteen is Bartol en Bartol (1989:237) van mening dat die verband tussen PMS en misdaad nog nie wetenskaplik bewys is nie.

Biologiese verklarings vir afwykende gedrag deur onder andere Hutchings en Mednick (1977) en Wilson en Hernstein (1985) het die volgende aan die lig gebring (Williams & McShane, 1994:39): Volgens Mednick se biososiale teorie word die biologiese karaktereienskappe van 'n individu as slegs 'n enkele aspek van afwykende gedrag beskou. Mednick is van mening dat die fisieke en sosiale omgewingsfaktore ook in ag geneem moet word by die verklaring van misdaad. Dié outeur postuleer dat alle individue moet leer om hul natuurlike begeertes te beheer. Hierdie leerproses geskied binne die gesin en die portuurgroep. Die leerproses is gebaseer op straf vir

onaanvaarbare gedrag of begeertes en beloning vir aanvaarbare gedrag (Williams & McShane, 1994:39).

Wilson en Hernstein (1985) bied 'n soortgelyke biososiale verduideliking as Mednick (1977) vir afwykende gedrag aan in hul publikasie *Crime and Human Nature* (Williams & McShane, 1994:40). Hulle kombineer genetiese faktore, psigologiese afwykings, persoonlikheidsaspekte (bv. 'n lae selfbeeld of depressie), dwelmmiddelmisbruik en sosialiseringfaktore ten einde afwykende gedrag te verklaar. Volgens 'n navorsingsverslag (Ciba Foundation Symposium 194, 1996:67) kan 'n mens se genetiese materiaal nie afwykende of konvensionele gedrag beïnvloed nie. In hierdie verslag word gemeld dat "genes are likely to influence the occurrence of criminal behaviour in a problematic manner by contributing to dispositions that make a given individual more or less likely to behave in a criminal manner." Hiervolgens kan genetiese invloed soos byvoorbeeld depressie aanleiding gee tot risikogedrag wat in afwykende gedrag kan manifesteer. In teenstelling hiermee het ander navorsing aangedui dat daar nie 'n verskil in genetiese verklarings vir afwykende gedrag en invloed van individue se vroeë sosialiseringproses of kinderdae is nie (Ciba Foundation Symposium 194, 1996:240). In dié verband postuleer Glover (in Ciba Foundation Symposium 194, 1996:240) dat "the relevant question to ask about the genetic disposition is really a variant of the traditional question: was the genetic disposition so strong that I could not resist it?"

2.4 SOSIOLOGIESE VERKLARINGS

Volgens Trojanowicz en Morash (1992:55) is sosiologie een van die eerste wetenskappe wat afwykende gedrag en misdaad bestudeer het. Hierdie wetenskap het onder andere belangrike jeugmisdaadteorieë (bv. die anomieteorie, sosiale leerteorie en die subkultuurteorie) ontwikkel ten einde misdadigheid onder jeugdiges te verklaar. Sosioloë beskou mense as sosiale wesens

en nie as individue nie (Barkan, 1997:4-5). Dit beteken dat die mens se gedrag en houding in 'n groot mate deur die samelewing gevorm en beïnvloed word. Veral Davis en Pollak het hulle oor prostitusie en die verklaring van hierdie verskynsel uitgelaat, derhalwe sal op hierdie outeurs se werk gefokus word.

2.4.1 Kingsley Davis (1960)

Sosiologiese perspektiewe beskou prostitusie as “'n aanvraag tot 'n aanbod”- verskynsel. Davis (1961) postuleer dat: “Prostitution functions therefore it must be good” (Muncie et al., 1996: 171). Volgens Davis hou prostitusie huwelike “in stand” en verlaag dit die voorkoms van egskeidings in die samelewing (Barkan, 1997:442). Dié outeur volg 'n struktureel-funksionalistiese benadering. Dit impliseer dat prostitusie as 'n strukturele noodsaaklikheid beskou word wat universeel voorkom. Prostitusie sal volgens hom gewoonlik uit 'n sekere sosiale klas voortspruit en derhalwe sal die verskynsel nie maklik verdwyn nie (Muncie et al., 1996:172). Vroue wat vrylik aan prostitusie deelneem word as wanaangepas en neuroties beskou. Die universaliteit van prostitusie is die gevolg van seksuele onderdrukking. Ten einde hierdie sisteem te laat voortbestaan, is prostitusie noodsaaklik aangesien dit die samelewing se “normale” funksionering in stand hou (Muncie et al., 1996:172). Prostitusie word gekoppel aan promiskuïteit en kan as 'n seksuele misdadigheid beskou word. Prostitusie se oorsprong is nie uit swak of onderdrukte ekonomiese toestande afkomstig nie, maar eerder uit materiële beperkinge op seksualiteit. Solank as wat mans prostitute vir seksuele genot opsoek, sal dié verskynsel nie voorkom kan word nie (Muncie et al., 1996:173).

2.4.2 Otto Pollak (1950)

Pollak beskou vroulike kriminaliteit as “versteekte” misdaad aangesien vroue meestal skuldig is aan aborsies en vergiftiging (Schoemaker, 1996:229). Hy is van mening dat misdadigheid onder vroue nie in misdaadstatistieke gereflekteer word nie aangesien vroue van natuur misleidend is en hulle misdadigheid versteek (Barkan, 1997:70).

Pollak kombineer sowel die biologiese as die sosiologiese verklarings vir vroulike afwykende gedrag. Gedurende 1950 het hy die oorsaak van vroulike kriminaliteit aan biologiese toestande soos swangerskap, menopouse en menstruasie toegeskryf (Siegal & Senna, 1997:252). In sy boek *The Criminality of Women* dui hy daarop dat vroue hoofsaaklik om seksuele redes en mans om ekonomiese redes misdaad pleeg (Flowers, 1995:69).

In aansluiting by Pollak verbind Reiss (1960) seksueel afwykende gedrag onder laerklasmeisies en -seuns aan aanvaarbare sosiale rolle tussen adolessente portuur (Schoemaker, 1996:231). Seuns en dogters raak volgens hierdie outeur meestal betrokke by seksuele aktiwiteite ten einde status onder die portuur te verwerf (Schoemaker, 1996:231). Seksuele promiskuiteit onder meisies word gewoonlik as afwykend beskou terwyl dit nie die geval by seuns is nie.

Teenswoordig word meer gefokus op ekonomiese faktore (soos finansiële gewin) en beperkte geleenthede (as gevolg van onderdrukking) ten einde misdaad onder vroue te verklaar. Vroulike kriminaliteit word onder andere toegeskryf aan die patriargale sosialiseringproses wat in die samelewing geld. Hierdie sosialisering maak adolessente meisies meer onderdanig en minder waaghalsig. In 'n studie (Flowers, 1995:70; Schoemaker, 1996:233) deur Cernkovich en Giardino waarby 1 355 hoërskooldogters en -seuns betrek is, is bevind dat beperkte geleenthede (as gevolg van armoede) 'n beter voorspeller van jeugmisdaad by dogters en seuns is as enige ander faktor (bv. skoolprestasie). Navorsing (Flowers, 1995:70) dui daarop dat misdaad by veral laerklasmeisies as reaksie op ekonomiese nood beskou moet word. In

aansluiting hiermee dui Flowers (1995:70) daarop dat Derdewêreldvroue om ekonomiese redes, soos byvoorbeeld armoede, seksuele misdade pleeg. James (in Flowers, 1995:70) het gevind dat 84,9 % van die prostitute in haar ondersoekgroep om ekonomiese en materiële redes by prostitusie betrokke geraak het. Schurink en Ndabandaba (1991:38) se navorsing het soortgelyke tendense getoon in Suid-Afrika. 'n Studie in Afrika (Uganda) deur Kameri-Mbote (UN 1994:7) het getoon dat vroue in Derdewêreldlande meestal as gevolg van ekonomiese omstandighede misdade soos prostitusie pleeg, aangesien dit die enigste wyse is waarop hulle 'n inkomste kan genereer.

2.4.2.1 Evaluering van Thomas en Pollak se werk

Thomas se verklaring van vroulike kriminaliteit en die vroulike persoonlikheid verteenwoordig sowel 'n kombinasie as 'n uitbreiding van Lombroso en Freud se werk (Schoemaker, 1996:229). In aansluiting by Thomas het Pollak van 'n Freudiaanse raamwerk gebruik gemaak om misdadigheid onder vroue te bespreek (Schoemaker, 1996:229). Volgens Schoemaker (1996:235) verklaar Thomas en Pollak vroulike kriminaliteit aan die hand van geslagsrolle. Hierdie outeur is van mening dat beide hierdie perspektiewe nie voorsiening maak vir verandering in geslagsrolle (soos deur emansipasie voortgeskryf) nie, en derhalwe nie verandering in misdaadverskynsels kan verklaar nie (Schoemaker, 1996:235). Sowel Thomas as Pollak ignoreer sosiale en omgewingsfaktore (bv. armoede en werkloosheid) wat verband hou met vroulike kriminaliteit (Schoemaker, 1996: 233, 235). Verder konstateer Barkan (1997:71) dat Pollak nie wetenskaplike bewyse vir sy aannames kon lewer nie. Thomas en Pollak se bydrae is dat hulle vroulike wangedrag vanuit 'n bio-sosiologiese perspektief verklaar het.

2.5 PSIGOLOGIESE VERKLARINGS

Die studieveld van die psigologie verklaar misdaad aan die hand van direkte en indirekte individuele verskille in die menslike persoonlikheid en intelligensie. Hierdie faktore kan oorerflik of ingebore wees (Schoemaker, 1996:47). Psigoanalise, 'n denkrigting binne die psigologie, is gedurende die 19de eeu deur Sigmund Freud ontwikkel. Later het Erik Erikson 'n psigososiale teorie ontwikkel wat veral die identiteitsontwikkeling van die adolessent beklemtoon het (Thom, 1988:113). Hierdie teorieë fokus veral op "onbewuste motiewe" (bv. seksuele drange, identifikasie en vertroue) wat nie direk geobserveer kan word nie (Schoemaker, 1996:9; Thom, 1988:115). Vervolgens sal veral Freud en Erikson se werk rakende vroulike kriminaliteit en prostitusie onder die loep geneem word.

2.5.1 Sigmund Freud (1856 –1939)

In die verlede het sielkundiges fisieke verskille tussen mans en vroue as 'n basis vir die verklaring van vroulike misdadigheid gebruik (Siegal & Senna, 1997:252). Sigmund Freud het 'n fundamentele bydrae tot die ontwikkeling van die psigoanalitiese teorie gemaak (Reid, 1994:153). Die psigoanalise fokus in 'n groot mate op die mens se onbewuste. Volgens Freud kan kinders wat nie voldoende gesosialiseer word nie, nie die vermoë ontwikkel om nie beheer oor hul impulse uit te oefen nie. Dit kan daartoe aanleiding gee dat hierdie kinders hulle tot misdadige gedrag wend ten einde uiting te gee aan hulle onderdrukte emosies (Reid, 1994:153).

Freud het nie 'n direkte bydrae tot die verklaring van jeugmisdaad gelewer nie, maar sy sienings rondom die persoonlikheid kan met vrug aangewend word in die verklaring van jeugmisdaad. Volgens hom bestaan die persoonlikheid uit drie komponente, naamlik die *id* (instinkte en dryfkrag), die *ego* (die mediator tussen die *id* en die *superego*) en die *superego* (die gewete) (Conklin, 1995:152). Alhoewel daar sewe psigoseksuele ontwikkelingsfases bestaan, is net vyf van hierdie fases ter sprake by jeugmisdaad. Normale kinders gaan deur vyf psigoseksuele

ontwikkelingsfases, naamlik die orale, anale, falliese, latente en genitale fases. Die eerste drie fases is veral van belang in die verklaring van jeugmisdaad. Die volwasse persoonlikheid is volgens Freud reeds teen die ouderdom van vyf jaar gevorm. Die persoonlikheidseienskappe wat as volwassene vertoon word, word dus in die vroeë psigo-seksuele ontwikkelingsfases vasgelê (Bartollas, 1997:109).

Freud het, soos Lombroso, sy teorie op Darwinisme gebaseer (Martin et al., 1990: 75). Volgens Freud hou positiewe ervaringe en genot verband met erotika, derhalwe is die primêre instink van die mens seksueel van aard. Menslike gedrag bestaan uit seksuele (libido-) en ego- instinkte (Martin et al., 1990:75). Seksuele drange verskaf erotiese behoeftes wat bevredig moet word ten einde genot te ervaar. Indien dit nie bevredig word nie veroorsaak dit ongerief. Volgens Freud het babas seksuele drange, maar hierdie drange tree eers na puberteit in (Meyer, Moore & Viljoen, 1993:51-52).

Freud voer aan dat emosionele trauma gedurende die kinderjare tot lewenslange sielkundige probleme kan lei. Jeugmisdaad kan dus voortspruit uit die vroeë negatiewe kinderervaringe wat 'n persoon beleef. Indien kinders seksueel, emosioneel of fisiek mishandel word, kan dit tot ernstige sielkundige probleme in hulle latere lewe lei. Hierdie mishandeling kan in jeugwangedrag wat kinderprostitusie kan insluit, manifesteer (Bartollas, 1997:110; Coulborn Faller, 1990:33-35; Gelinas, 1983:323).

Freud se teorie kan ook vroulike betrokkenheid by misdaad verklaar. Volgens Freud is die vrou se geslagsorgane biologies minderwaardig in vergelyking met die man s'n (Bartollas, 1997:111). Meisies lei aan penis-nyd wat impliseer dat hulle die penis beny (Elektrakompleks) en graag manlik wil wees (Martin et al., 1990:65). Die gebrek aan 'n penis word in verband gebring met konflik. Hierdie toestand veroorsaak 'n minderwaardigheidskompleks wat meisies dwing om te

kompenseer vir hul gebrek – as uitlaatklep raak meisies dan betrokke by misdaad / wangedrag (Siegal & Senna, 1997:252).

Verder word misdadige gedrag gekoppel aan 'n neurotiese ontwikkeling in die persoonlikheid (die onvermoë om daaglikse eise te hanteer). Misdaad hou ook verband met 'n soeke na kompensasie vir dit wat die persoon in haar kinderjare ontnem is (Bartollas, 1997:111). Wanneer kinders 'n gebrek aan liefde, aandag, erkenning en belangstelling van hul ouers ervaar, kan hulle by misdaad en prostitusie betrokke raak om aan hierdie behoeftes te voldoen (Cole, 1995:35). In die geval van prostitusie kan 'n koppelaar die geleentheid tot kompensasie skep of die meisie kan dit op haar eie vermag.

Freud was van mening dat sommige mans prostitute verkies omrede seksuele gratifikasie net by hulle verkry kan word. Hierdie band tussen dié partye beklemtoon volgens Freud prostitute se minderwaardige posisie wat beteken dat daar geen emosionele gevoelens betrokke is nie. Prostitusie word volgens hom verbind aan “slegte” vroue wat veroorsaak dat mans in die bestaan van “goeie” vroue glo (Bullough & Bullough, 1987:8).

Freud beskou (soos Lombroso en Thomas) seksualiteit as die oorsaak van vroulike gedrag en vroulike kriminaliteit (Muncie et al., 1996:161). Vroue is volgens hom passief, emosioneel, bedrieglik en narsisties. Hulle ly ook aan 'n minderwaardigheidskompleks. Hierdie kompleks ontstaan vanweë die gebrek aan 'n penis, oftewel die kastrasie-kompleks, wat veroorsaak dat vroue wraak koester teenoor mans (Muncie et al., 1996:170).

August Aichhorn (1935) het gepoog om jeugmisdaad aan die hand van die psigoanalitiese benadering te verklaar. Dié outeur was van mening dat daar 'n predisposisie tot jeugmisdaad bestaan (Martin et al., 1990:80). Met ander woorde, jeugdige wat hulle in sekere huislike

omstandighede (bv. gesinsgeweld, konflik en mishandeling) bevind, sal meer tot misdadigheid neig as jeugdige wat nie aan hierdie omstandighede blootgestel is nie. Volgens Aichhorn is gesinskonflik die hoofrede waarom kinders haat teenoor hulle ouers ontwikkel en dan ook op 'n latere stadium die haat verskuif na ander gesagsfigure (Bartollas, 1997:111). Hierdie kinders kan moontlik rebelleer teen alle vorme van gesag, norme en waardes en by misdaad of prostitusie betrokke raak om konflik te vermy.

Kate Friedlander (1947), 'n psigoanalisis, het veral op die antisosiale karaktereienskappe in die persoonlikheid gefokus. Faktore soos selfsug, impulsiwiteit en onverantwoordelikheid kan daartoe bydra dat die superego in die vroeë kinderjare abnormaal ontwikkel. Vroeë fisieke ontwikkeling by kinders kan antisosiale gedrag veroorsaak wat beteken dat hierdie individue nie oor die vermoë beskik om die realiteit te hanteer nie (Martin et al., 1990:81). Volgens Friedlander (Bartollas, 1997:111-112) is jeugwangedrag (bv. kinderprostitusie) 'n alternatiewe metode om aan onvervulde begeertes of behoeftes uiting te gee.

2.5.1.1 Evaluering van Freud se psigoanalitiese benadering

Wilson en Hernstein (in Martin et al., 1990:83) is van mening dat kriminoloë meestal nie Freud se psigoanalitiese benadering aanvaar nie, maar eerder sosiologiese verduidelikings ondersteun. Volgens dié outeurs is Freud se teorie te filosofies en klinies (slegs van toepassing op psigiatriese pasiënte) en derhalwe nie empiries toetsbaar nie. Sy teorie word ook as biologies deterministies beskryf aangesien hy sy aannames ontwikkel het op grond van sy terapie met pasiënte wat afkomstig was uit die middel-hoërklas. Derhalwe kan sy metodologie, steekproefsamestelling, veralgemening en objektiwiteit bevraagteken word (Martin et al., 1990:84; Meyer et al., 1993:73). Die hoofkritiek teen Freud se teorie is dat hy meestal sosiale faktore wat 'n invloed op misdadige gedrag kan speel, ignoreer (Martin et al., 1990:87). Freud

verskaf ook nie duidelike kriteria waarvolgens gedrag geëvalueer moet word nie. Dit veroorsaak dat sy werk vaag en dubbelsinning is. As gevolg hiervan is dit onmoontlik om empiriese bewyse vir of teen dié teorie te vind (Meyer et al., 1993:74). Freud het homself soos volg uitgelaat oor dié kritiek " In the Middle Ages, they would have burned me, nowadays they are content with burning my books" (Martin et al., 1990:70).

2.5.2 Erik Erikson (1902 – 1980)

Vir die kriminoloog is Erik Erikson se psigo-sosiale teorie van menslike ontwikkeling van belang aangesien die identiteitskrisisse wat mense beleef aanleiding tot misdadige gedrag kan gee. Sy voorstelling van menslike ontwikkeling verskil van Freud se teorie deurdat hy die ontwikkeling van die persoonlikheid deur die hele lewensiklus beklemtoon. Freud het beperkte aandag aan ontwikkeling ná die kinderjare gegee, terwyl Erikson minder aandag aan psigoseksuele ontwikkeling gegee het (Thom, 1988:39). Volgens Erikson kan probleme (bv. wantroue, twyfel en isolasie) wat tydens ontwikkeling ontstaan op 'n spontane wyse in latere stadia reggestel word (Meyer et al., 1993:155).

Erikson, 'n ego-sielkundige, het die gedagte van 'n selfstandige ego die duidelikste uitgebou. Hy het ter verklaring van afwykende gedrag, psigo-sosiale krisisse wat mense beleef, voorgehou. Hy beklemtoon veral die interaksie en wedersydse beïnvloeding tussen individue en die omgewing. Verder fokus hy op die mens se verlede en huidige sosiale omstandighede en hoe dít die vorming van die persoonlikheid beïnvloed.

Die persoonlikheid ontwikkel in verskillende stadiums en elke stadium word gepredetermineer deur die fisieke, kognitiewe en sosiale ontwikkeling van 'n persoon en sy/haar gereedheid om verder te ontwikkel (Thom, 1988:110). Die kenmerke, behoeftes en moontlikhede van die

persoonlikheid kom op 'n sekere ouderdom en in 'n spesifieke volgorde tot uiting. Dit vind altyd op so 'n wyse plaas dat die persoonlikheid as 'n geïntegreerde geheel of 'n eenheid ontwikkel (Thom, 1988:110).

Sosiale invloede (bv. interaksie, indentifikasie, en aandag) speel 'n rol in die ontwikkeling van die volwasse persoonlikheid (Thom, 1988:114). Psigoanalitiese teorieë beklemtoon die vroeë kinderdae as die kritieke tydperk in die vestiging van die persoonlikheid. Die verskeie fases van psigologiese ontwikkeling word met die kind se vermoë om sekere liggaamlike funksies en dryfkragte te reguleer in verband gebring (Kratcoski & Kratcoski, 1986:40). Volgens Erikson is die ontwikkeling van 'n identiteit gedurende adolessensie die hoofsaak en belangrikste faset van 'n kind se persoonlikheidsontwikkeling (Thom, 1988:114). Wanneer die interaksie tussen 'n adolessent en sy ouers positief en opbouend van aard is, lei dit gewoonlik tot 'n positiewe identiteit. Erikson toon aan dat 'n agtergrond van liefde en respek noodsaaklik is vir die verwerwing van 'n positiewe identiteit en selfbeeld. Die portuurgroep speel ook 'n belangrike rol by die verwerwing van 'n eie identiteit. Hierdie rol word nog belangriker wanneer die gesinslede nie meer 'n ondersteunende funksie verrig nie (Thom, 1988:114).

Erikson onderskei agt fases van ontwikkeling, wat vanaf geboorte tot die dood strek. Volgens Thom (1988:119) word hierdie ontwikkelingsstadia as die "epigenesis" van die identiteit beskou. Die individu kan in elke lewensfase sekere aanpassingsprobleme beleef, wat kan aanleiding gee tot afwykende gedrag soos byvoorbeeld prostitusie. Hierdie mislukking of onvermoë om suksesvol van een fase na die volgende te gaan kan tot antisosiale of misdadige gedrag aanleiding gee (Kratcoski & Kratcoski, 1986:41). Die agt fases van ontwikkeling oftewel lewenstake sluit die volgende in:

- **Babastadium:** *Basiese vertrouwe teenoor wantroue - hoop.* Tydens hierdie fase ontwikkel daar 'n vertrouensverhouding tussen kind en ouers of oppassers. Hierdie fase vorm die

basis vir die ouer-kind-verhouding. Basiese vertrouwe en min emosionele buigsaamheid is 'n tipiese gevolg van affektiewe verwaarlosing. Daarom is dit belangrik dat daar tydens hierdie fase 'n gevoel van innerlike sekuriteit ontwikkel en dat die wêreld as 'n veilige plek beskou word. Wanneer 'n kind nie innerlike sekuriteit beleef nie kan gevoelens van selfvertwyfel, ontoereikendheid en magteloosheid ontwikkel wat kan veroorsaak dat die individu in "outistiese isolasie" funksioneer. Volgens Thom (1988:119) beteken dit dat die kind hom/haar van ander persone onttrek wat latere identiteitsontwikkeling belemmer en identiteitsverwarring kan veroorsaak.

- **Vroeë kinderjare:** *Otonomie teenoor skaamte en twyfel - wilskrag.* Beheer oor die basiese liggaamlike funksies word gedurende hierdie fase verkry. Die kind ontwikkel beheer oor sy spiere, taalvermoë en om spierpatrone te koördineer. Thom (1988:120) toon aan dat Erikson hierdie fase as 'n stryd om outonomie beskou het aangesien die moeder die kind moet leer om sy ontwikkelende vermoëns te beheer (bv. toiletonderrig) terwyl die kind terselfdertyd 'n behoefte aan 'n eie wil het.
- **Kinderjare oftewel die speelstadium:** *Inisiatief teenoor skuld - doelgerigtheid.* Eksperimentering geskied deur middel van verskeie gedragsrolle in die onmiddellike omgewing. Die aanleer van gedragsgrense ("boundaries") is veral hier van belang. Hierdie stadium is belangrik vir die ontwikkeling van die super-ego oftewel die gewete. Thom (1988:121) poneer dat hierdie stadium gekenmerk word deur 'n sterk identifikasie met die ouers en dat die "self" 'n afsonderlike persoon is.
- **Skooljare:** *Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid - bekwaamheid.* Gedurende hierdie fase word gepoog om fisieke, sosiale, en kognitiewe vaardighede te leer, te bestuur en te beheer. Thom (1988:122) voer aan dat hierdie periode as die "vakleerlingskap van die lewe" gesien kan word. Die kind openbaar vaardigheid en 'n gevoel van prestasie word ervaar. Die onvermoë om sukses te behaal kan op 'n later stadium daartoe aanleiding gee dat die kind waardeloos voel (Thom, 1988:122).

- **Adolesensie:** *Die ontwikkeling van 'n identiteit, 'n sin van behoort en 'n spesifieke doel.*
Die onvermoë om 'n identiteit te vorm kan identiteitsdiffusie veroorsaak. Dit beteken dat 'n persoon onder andere kan twyfel oor sy seksuele, kulturele of beroepsidentiteit - wat rolverwarring kan veroorsaak (Thom, 1988:123).
- **Vroeë volwassenheid:** *Intimiteit teenoor isolasie - liefde.* Hier is die ontwikkeling van intimiteit ('n gevoel van behoort) met betekenisvolle andere van belang. 'n Gevoel van behoort word gedurende hierdie periode ontwikkel waar die individu byvoorbeeld in 'n beroep tree, 'n huweliksmat ontmoet of 'n ouer word (Thom, 1988:114).
- **Volwassenheid:** *Generatiewiteit teenoor selfbehepthheid en stagnasie - sorgsaamheid.*
Die plig en instandhouding van belangrike invloede soos die gesin en eksterne verhoudinge word gedurende hierdie fase beklemtoon. Die onvermoë om invloede (bv. kontak met die gesin of beroepsvordering) in stand te hou kan veroorsaak dat die individu stagneer en geïsoleerd voel.
- **Bejaardheid:** *Ego-integriteit teenoor vertwyfeling - wysheid.* Ontwikkeling van persoonlike integriteit wat in gesinskrisse en tye van siekte of dood noodsaaklik is (Kratcoski & Kratcoski, 1986:41; Meyer et al., 1993:166-171; Thom, 1988:110-132).

In aansluiting by Erikson se laat adolessente fase kan jeugdiges deur 'n laat adolessente fase beweeg (tussen die ouderdom van 16-18) waartydens hulle 'n lewenskrisis kan beleef wat volgens hom as "ego-identiteit" versus "roldiffusie" of verwarring bekend staan. Ego-identiteit word veroorsaak wanneer jeugdiges 'n positiewe identiteit ontwikkel terwyl roldiffusie ontstaan wanneer persoonlike onsekerheid ervaar word (Siegal & Senna, 1997:9). Erikson is van mening dat adolessente 'n lewenskrisis ervaar waar hulle emosioneel, impulsief, en onseker oor hul rol en doel in die lewe is. Om hierdie krisis op te los moet jeugdiges 'n ego-identiteit en 'n sin van "wie hulle is" en "wat hulle voorstaan" ontwikkel (Siegal & Senna, 1997:111).

Verskeie sielkundiges beskou die laat-adolescente jare as 'n tydperk wanneer 'n behoefte aan ouerlike onafhanklikheid ontwikkel word. Biologiese veranderinge en 'n begeerte om selfstandig te wees kan rebelse gedrag en konflik met gesag by die ouerhuis, skool en in die gemeenskap veroorsaak (Siegal & Senna, 1997:9).

Adolesensie word gekenmerk deur individuele transformasie. Gedurende hierdie fase is die self of die persoonlikheid onderworpe aan 'n metamorfose of verandering wat die jeugdige vatbaar maak vir afwykende gedrag (Siegal & Senna, 1997:9). Adolesensie is 'n tyd van beproewing en onsekerheid. Emosionele verwarring, gevoelens van angs, vernedering en buierigheid kom gedurende hierdie fase algemeen voor. Jeugdiges ondervind drastiese biologiese ontwikkeling wat, naas die kinderdae, vinniger as enige ander lewensfase verloop (Siegal & Senna, 1997:9).

Erikson se fases van persoonlikheidsontwikkeling kan van toepassing gemaak word op kinderprostitusie. Kinderprostitute kan gesien word as 'n subgroep van seksuele mishandelde individue. Hulle funksionering in die subgroep dra daartoe by dat hierdie kinders se lewensstake meestal nie suksesvol deurloop word nie. Thom (1988:110-112) meld dat 'n kind se kognitiewe ontwikkeling op ongeveer 15-jarige ouderdom deur formeel-operasionele denke gekenmerk word. Dit impliseer dat 'n kind oor die vermoë beskik om verskillende beroepe en rolle te oorweeg ten einde 'n beroepskeuse te maak. Thom (1988:112) poneer dat hierdie formeel-operasionele denke die resultaat van 'n goed ontwikkelde identiteit is. Dié outeur is ook van mening dat indentiteitsontwikkeling as baba begin met positiewe ouerlike kontak, aandag, liefde en identifikasie. Gelinas (1993:322) voer in hierdie verband aan dat:

"Child victims show a profound impairment in self-esteem. The family relational imbalances have taught them that they literally have no rights, particularly to the needs of their own; nothing is owed to them inherently or because of their contributions, and they are allowed no claim to needs, reciprocity or even acknowledgement. With such fundamentally impaired self-esteem, these victims tend to be extremely unassertive and passive, to the

point of paralysis. Eventually they will meekly submit to men who are also immature, needy and demanding".

Kinders wat aan fisieke, emosionele en seksuele mishandeling blootgestel word, is meestal weerloos, en beskik oor geen vermoë om uit die situasie te kom nie (Brown et al., 1996:418). Die gevolg hiervan is deprivasie van geborgenheid en liefde, miskenning en emosionele mishandeling (Labuschagné, 1998:11). Enige vorm van seksuele viktimisasie sal 'n letsel op 'n kind se lewe laat. Die permanente aard van die skade en die duur van die trauma sal van die tydperk, die aard van seksuele uitbuiting en die intensiteit daarvan, en wie die oortreding begaan het, afhang (Labuschagné, 1998:12). In die geval van kindersekswerkers word permanente skade aangerig aangesien hierdie kinders 'n verskeidenheid seksuele aktiwiteite (bv. orale en anale seks en geslagsgemeenskap) aan volwasse kliënte verskaf.

Voortydige blootstelling aan die seksuele veroorsaak 'n verdraaide persepsie van liefde, disrespek vir persoonlike grense, onvanpaste seksuele gedrag (bv. prostitusie) en dit kan inhibisies verminder (Du Plessis, 1996: 57). Ander newe-effekte is dat die kinders se neurologiese ontwikkeling benadeel word. Dit kan onder andere 'n ondergemiddelde intelligensie en vertraagdheid veroorsaak (Reid, 1994:303). Verder kan dit tot persoonlikheidsafwykings (bv. neurotiese gedrag) aanleiding gee. Indien daar nie onmiddellike tekens van beskadiging aanwesig is nie, kan seksuele mishandeling op 'n vroeë ouderdom steeds as 'n "tydbom" bestempel word wat in 'n latere stadium (gewoonlik wanneer seksuele intimiteit in verhoudings plaasvind) ter sprake kom (Reid, 1994:303). Volgens Reid (1994:199) is daar 'n verband tussen vroue wat geweldsmisdade pleeg en seksuele mishandeling tydens hulle kinderjare (Reid, 1994:199).

Ouers het die betekenisvolste invloed op 'n kind se persoonlikheidsontwikkeling (Kratcoski & Kratcoski, 1986:40). Binne die gesin vind emosionele, morele, intellektuele, sosiale en

geestelike groei van 'n kind plaas (Gelsthorpe & Morris, 1990: 117). Kinders leer binne die gesinsverband om hul behoeftes te bevredig en reëls na te volg, wat tyd, plek en omstandighede definieer (Labuschagné, 1995b:3). Persoonlike behoeftes (bv. aandag, liefde, vertrouwe en 'n sin van behoort) word op 'n sosiaal aanvaarbare wyse deur middel van ouerlike liefde, ondersteuning en aandag bevredig.

Konflik en emosionele mishandeling in die gesin, kan geleidelik 'n gevoel van verwerping en daarmee gepaardgaande hulpeloosheid en hopeloosheid laat ontwikkel (Campagna & Poffenberger, 1988:182). Seksueel mishandelde kinders en kinderprostitute kan derhalwe aanleer dat seksuele gunsies vir liefde, aandag, geluk en 'n geborgenheid verruil kan word (Dallos & McLaughlin, 1993:78). Seksuele mishandeling van kinders kan 'n siklus van mishandeling tot gevolg hê. Kinders wat seksueel mishandel is kan mettertyd by prostitusie betrokke raak, self ander kinders mishandel, of as volwasse persone kinders mishandel. Hulle word selfs slagoffers van ander tipes mishandeling (bv. geweld) word (Dallos & McLaughlin, 1993:78). Ter staving hiervan meld Dallos en McLaughlin (1993:78) dat meisies wat seksueel misbruik word gewoonlik direk leer om te prostitueer. Dit beteken dat kinders wat aan seksuele uitbuiting blootgestel word moontlik kan leer om seksueel onderdanig te wees en sodoende by prostitusie betrokke raak. Ouerlike konflik, verwerping, verbale mishandeling, sarkasme, intimidasie en teistering kan 'n kind se positiewe ontwikkeling vernietig of kortwiek. Die uitwerking hiervan is dat kinders moontlik die reg tot liefde en 'n gevoel van behoort en sekuriteit ontnem kan word (McKendrick & Hoffmann, 1990: 173).

Navorsing (Hjelle & Ziegler, 1981:143) ondersteun Erikson se psigososiale teorie. Hjelle en Ziegler (1981:143) het Erikson se teorie uitgebrei deur die volgende vyf gebiede te identifiseer wat afwykende gedrag of 'n identiteitskrisis by adolessente kan veroorsaak:

- *'n Beroepskeuse*: Besluiteloosheid kan tot negatiewe invloede soos byvoorbeeld promiskuiteit of prostitusie aanleiding gee
- *Die ouer-kind-verhouding*: Jeugdige se behoefte aan onafhanklikheid kan tot konflik lei wat dan moontlik op afwykende en onaanvaarbare gedrag (bv. wegloop van die ouerhuis of prostitusie) kan uitloop
- *Portuurlidmaatskap*: Eenvormigheid van gebare en gedrag kan as 'n verdedigingsmeganisme teen identiteitsverwarring beskou word
- *Liefdesverhoudings*: Die onvermoë om 'n positiewe liefdesverhouding te vorm kan aanleiding gee tot afwykende gedrag
- *Alkohol- en dwelmmiddelmisbruik*: Die gebruik van substansies kan tydelik emosionele spanning en identiteitskrisisse verlig (Hjelle & Ziegler, 1981:143-145).

2.5.2.1 Evaluering van Erikson se teorie

Erikson se teorie is gebaseer en ontwikkel op grond van sy wye ervaring in die psigoterapie, veral met kinders. Kritiek teen dié teorie is dat dit meestal die resultaat van ongeverifieerde spekulasie is (Meyer et al., 1993:175). Erikson skenk beperkte aandag aan misdaadaangeleenthede en aanvaar dat die verskillende fases van ontwikkeling dieselfde by verskillende kulture is. Dié teorie ontbreek aan wetenskaplike en eksperimentele strengheid. In teenstelling hiermee voer Meyer et al. (1993:175) aan dat Erikson se lewenswysheid en fyn waarnemingsvermoë vergoed vir dié beperkings.

Ander navorsing (Hjelle & Ziegler, 1981) ondersteun en brei uit op die vroeë psigoanalitiese teorieë. 'n Studie van Gelsthorpe (1989) het getoon dat emosionele en psigologiese steurnisse afwykende gedrag onder meisies veroorsaak. Strating (1961:72) het in Suid-Afrika soortgelyke bevindinge gemaak. 'n Psigoanalitiese studie deur Sampson en Laub (1993) het gevind dat

situasionele en omgewingsinvloede meestal die geleentehede tot konvensionele (aanvaarbare) of onkonvensionele (onaanvaarbare) gedrag beïnvloed (Schoemaker, 1996:69). In aansluiting hiermee het Magnusson, Klinteberg en Stattin (1992) gevind dat vroeë betrokkenheid by misdaad onder jeugdiges aan die hand van sosialisering (child-rearing), ouerlike- en gesins invloede eerder as biopsigologiese faktore verklaar kan word (Schoemaker, 1996:70). Dit beteken dat kinders aan die hand van gedragsinvloede (bv. seksuele mishandeling) by wangedrag (bv. prostitusie) betrokke kan raak.

2.6 'N FEMINISTIESE PERSPEKTIEF

Gedurende 1975 is daar drie feministe wat boeke gepubliseer het wat vir die kriminologie van belang is naamlik, *Sisters in crime: The rise of a new female criminal* (Freda Adler), *The contemporary woman and crime* (Rita Simon) en *Against Our Will* (Susan Brownmiller). Hierdie outeurs se werke het belangrike bydraes tot die kriminologies-feministiese denkwysse gemaak. Brownmiller het veral die seksuele viktimisering van vroue bespreek. Hierdie skrywers het grootliks daartoe bygedra dat feministiese teorieë in die kriminologie ontwikkel het (Ellis & Walsh, 2000:387).

Volgens Meda Chesney-Lind (1989) skryf Adler en Simon misdadigheid onder vroue toe aan faktore soos armoede, mishandeling en vroulike kwesbaarheid. Vroue is dié outeur slagoffers van manlike dominansie. Feministiese perspektiewe kan beskou word as 'n vroulike reaksie of betoog teen manlike dominansie (Schoemaker, 1996:242). Volgens McKendrick en Hoffmann (1990:99) behels feminisme die sienswyses en opvattinge van sowel manlike as vroulike ondersteuners. Volgens die feministiese perspektief maak prostitusie 'n inbreuk op vroue se elementêre menseregte deurdat hulle 'n teiken word van manlike mag, objektifikasie (seks-simbole) en eksploitasie (Barkan, 1997:41; <http://www.acapa.org.za/P/ptssd.htm>). In aansluiting

hierby is Brown et al. (1996:447) van mening dat verskeie feministe prostitusie sinoniem met slawerny beskou.

Carlen en Worrall (1987:56) konstateer dat vroue met 'n swak ekonomiese posisie gedwing kan word om te prostitueer omrede hulle slagoffers is van seksuele onderdrukking, manlike beheer en eksploitasie. Vroue se betrokkenheid by prostitusie hou verband met hul ekonomiese magteloosheid en simboliseer die objektifikasie (seks-simbole) en toe-eiening van vrouens as seksuele objekte en handelsware (Carlen & Worrall, 1987:53,56).

In aansluiting by Carlen en Worrall is Campagna en Poffenberger (1988:51) van mening dat meisies wat afwykende gedrag soos prostitusie toon, deur unieke probleme soos byvoorbeeld beperkte mag, keuses en burgerlike vryheid beïnvloed word. Gelsthorpe en Morris (1990:49) kritiseer die feministiese sienswyse dat vrouens meestal seksuele misdade pleeg en dat prostitute om biologiese redes betrokke raak by prostitusie en ander seksuele misdrywe. Hierdie outeurs voer aan dat vroue vanaf hul kinderdae leer om direkte sowel as indirekte vorme van seksuele aanranding, teistering en bedreiging te aanvaar (Gelsthorpe & Morris, 1990:175).

Navorsing (Carlen & Worrall, 1987:56) ondersteun die vroeë feministiese verklarings vir prostitusie. Volgens Carlen en Worrall (1987:56) het kinderprostitute nie 'n vrye keuse om betrokke te raak by prostitusie nie. Die beheer van die seksuele transaksie lê nie in die kind se hande nie, maar by die kinderviktimiseerder. Dié outeurs sluit aan by die Marxistiese aanname naamlik, dat die bestaande kapitalistiese sisteem vroue ekonomies eksploiteer. Dit impliseer dat die Marxisme en die feminisme (Marxistiese-feminisme) die eksploitasie van vroue aan die hand van die invloed van 'n kapitalistiese samelewing verduidelik. Prostitusie word dus as 'n produk van ekonomiese agteruitgang beskou. Prostitute is hiervolgens in 'n web van armoede vasgevang.

Die Marxistiese feministe argumenteer dat mans meestal die eiendomsbesitters is. Verder voer hulle aan dat klas- en geslagsongelykheid 'n resultaat is van 'n kapitalistiese samelewing en manlike dominansie (Bartollas, 1997:201). Vroulike betrokkenheid by misdaad en seksisme kan aan kapitalisme toegeskryf word. Tipes misdade waaraan vroue hulle skuldig maak in sodanige samelewings is gewoonlik nie-geweldsmisdade soos byvoorbeeld winkeldiefstal en prostitusie (Bartollas, 1997:201).

Die mees invloedryke Marxistiese ondersteuners van 'n Marxistiese verklaring van prostitusie was Friedrich Engels, 'n medewerker en vriend van Karl Marx (Bullough & Bullough, 1987:3-4). Volgens Engels sou 'n verandering in die ekonomie (na 'n sosialistiese samelewingsorde) die eliminasië of uitdunning van prostitusie veroorsaak aangesien daar in so 'n samelewing geen eksploitasie sal wees nie (Bullough & Bullough, 1987:3-4). August Bebel, 'n ondersteuner van Engels, het prostitusie as 'n sosiale instelling van kapitalisme beskou. Bebel het prostitusie selfs gelyk gestel aan instellings soos die polisie, die weermag, die kerk en die regering (Bullough & Bullough, 1987:5).

Die feministiese verklaring van die seksuele mishandeling van kinders kan verbind word aan die sosiale en kulturele waardes van 'n gemeenskap. 'n Patriargale kultuur en manlike dominansie kan in hierdie konteks gesien word as veroorsakende faktore van seksuele mishandeling (McKendrick & Hoffmann, 1990:220). Feministe beskou seksuele mishandeling as normale manlike gedrag wat polities gemotiveer is om mans se dominansie oor vroue te behou (McConachy, 1993:V). Bullough en Bullough (1987:2-3) voer in aansluiting hierby aan dat prostitusie ontstaan het as gevolg van die ongelykheid tussen mans en vroue. Mans is as finansiëel meer aktief en fisiek sterker as vroue beskou, terwyl vroue seksueel onderwerp word deur manlike dominansie.

Amerikaanse feministe is van mening dat prostitusie 'n ingewikkelde verskynsel is. Hulle baseer hulle stelling op die feit dat geen konsensus onder feministe rakende dié verskynsel bestaan nie. Liberale feministe beskou prostitusie as sekshandel (Brown et al., 1996:447). Hierdie beweging beding vir gelykheid en vir die geleentheid tot vryheid van keuse vir vroue (Bartollas, 1997:1990). Die radikale feministe huldig die standpunt dat prostitusie 'n resultaat is van 'n patriargale samelewing waar vroue vanaf 'n vroeë ouderdom as seks-objekte gebruik word (Brown et al., 1996:447; Elias, Bullough, Elias & Brewer, 1998:545). Volgens die radikale feministe is manlike mag en voorregte die vernaamste oorsaak van alle verhoudingsprobleme en ongelykheid in die samelewing (Bartollas, 1997:202; Chapkis, 1997:248; Schoemaker, 1996:243). In aansluiting hiermee voer Chesney-Lind (in Bartollas, 1997:202-203) die volgende rondom afwykende gedrag van vroue aan:

- Vroue is gereeld die slagoffers van geweld en seksuele misbruik
- Die viktimizeerder (gewoonlik die man) ontduik meestal vervolging en hou die vrou tuis waar sy nog meer weerloos is
- Dogtertjies wat in hul ouerhuise seksueel misbruik en deur hulle ouers verwaarloos word, word gedwing om 'n lewe van 'n "ontsnapte misdadiger" na te volg aangesien hulle dié mishandeling vervang met promiskuïteit of betrokkenheid by prostitusie.

Indien dogtertjies wegloop van hulle ouerhuise is hulle nie in staat om hulle skoolopleiding te voltooi nie en raak hulle by prostitusie betrokke om finansiëel te oorleef. Dit is dus nie vreemd dat sommige meisies hulle tot die straat wend waar hulle seksualiteit verder geëksploiteer word nie. Meisies wat op straat lewe en by prostitusie betrokke raak het niks waardevol om aan te bied nie, en moet daarom hulle seksualiteit gebruik om te oorleef (Bartollas, 1997:203). Die seksuele mishandeling van kinders, bloedskande en soortgelyke viktimisasie word as van die hoofoorsake van kinderprostitusie en prostitusie beskou (Brown et al., 1996:447).

Die feminis, Eleanor Miller (1947), het in haar boek *Street Women* gerapporteer oor 64 prostitute wat sy bestudeer het (Bartollas, 1997:202). Sy het bevind dat vroue wat by prostitusie betrokke raak 'n "pseudo-familie" of 'n subkultuur vorm waar identifisering en 'n gevoel van behoort ervaar word. Dié beroep word ook beskou as 'n alternatief tot ander lae besoldigde beroepe. Verder het die meeste van haar respondente aangevoer dat prostitusie 'n wyse van oorlewing is. Faktore wat veral 'n rol speel by die keuse van vroue om prostitusie as 'n beroep te kies, was gesinskonflik en -geweld, mishandeling asook weglloop van die huis af (Bartollas, 1997:202).

2.6.1 Evaluering van die feministiese perspektief

Ellis en Walsh (2000:394) poneer dat feministiese uitlatings meestal verwerp word en/of dat daar 'n beroep op modifikasie van hierdie teorieë bestaan. Dié outeurs voer aan dat feministiese teorieë nie empiries getoets is nie. Volgens Conklin (1995:107) het die feministiese beweging verwagtinge (bv. gelykheid in die arbeidsmark) by vroue geskep wat vinniger as die tempo van die samelewing verander het. Dit het frustrasie veroorsaak wat daartoe aanleiding gegee het dat vroue by misdaad of afwykende gedrag betrokke raak. In teenstelling hiermee meld Ellis en Walsh (2000:394-395) dat die radikale feministe gepoog het om feministiese perspektiewe te verbreed.

2.7 SOSIALE STRUKTUURTEORIEË

Voorstanders van sosiale struktuurteorieë is van mening dat faktore soos byvoorbeeld oorbevolking, ouderdom, geslag, armoede en opvoeding betrokkenheid by misdaad bepaal (Schoemaker, 1996:75). Hierdie perspektief, oftewel positivistiese kriminologie, beskou menslike gedrag as die eindproduk van sosiale, biologiese, psigologiese en ekonomiese invloede. Antonine Lacassagne (1843-1924) was die eerste kriminoloog wat hom soos volg hieroor

uitgelaat het: “societies have the criminals they deserve” (Ellis & Walsh, 2000:85,369). Dié gesegde van Lacassagne het daartoe aanleiding gegee dat die perspektief ontwikkel het dat ‘n samelewing bepaal wat misdaad is en dat samelewings op so ‘n wyse funksioneer dat kriminele gedrag in sommige individue veroorsaak word (Ellis & Walsh, 2000:85).

Volgens die positiviste beïnvloed sosiale magte (soos armoede en werkloosheid) die mens om misdaad te pleeg (Barkan, 1997:154; Brown et al., 1996:243). Gedurende die 1950's en 1960's is die struktuurteorieë gebruik om alle vorme van misdaad te verklaar. Die teorieë kan as makroteorieë beskou word wat jeugmisdaad as ‘n aanpassingsmeganisme van die laer klas beskryf (Brown et al., 1996:243; Siegal & Senna, 1997:168). Met ander woorde, daar word aanvaar dat alle mense konsensus ten opsigte van die geldigheid van wette het, maar gebreke in die samelewing moet erken en reggestel word ten einde afwykende gedrag te vermy. Ellis en Walsh (2000:369) konstateer dat hierdie teorieë makrososiokulturele teorieë is. Dié outeurs voer aan dat makroteorieë op grond van die volgende drie faktore van ander kriminologiese perspektiewe verskil. Eerstens is makroteorieë emosioneel stimulerend en akonflik georiënteerd; tweedens is die teorieë onderliggend polities van aard en derdens word ongelykheid tussen sosiale groepe as die basis vir misdaadverklaring gebruik (Ellis & Walsh, 2000:369).

Die spanningsteorieë van Emilé Durkheim en Robert Merton; die algemene spanningsteorie van Robert Agnew en die subkultuurteorie van Albert Cohen; is aanvaarde benaderings in die sosiale struktuurteorieë waarop gefokus sal word ten einde kinderprostitusie te verklaar.

2.7.1 Emilé Durkheim (1858-1917) - Anomie

David Emilé Durkheim, 'n Franse sosioloog, het die konsep “*anomie*” in sy boek *The Division of Labor in Society* (1893) gebruik om sosiale ongesteldheid of normloosheid (“*malaise*”) te

verduidelik (Martin et al., 1990:56). Durkheim beskryf misdaad as funksioneel en as 'n normale verskynsel in 'n samelewing (Martin et al., 1990:51-52). Misdaad is funksioneel omrede dit die basis van sosiale verandering daarstel. Die konsep "anomie" is gebruik om te verduidelik hoe 'n verbrekking van bestaande sosiale reëls, wette en waardes tot 'n gevoel van persoonlike verlies of ontnugtering kan lei (Schmallegger, 1996:250). Anomie is sinoniem met die ineenstorting van bestaande sosiale reëls, waardes en norme en word veroorsaak deur sosiale verandering en drastiese ekonomiese groei (Brown et al., 1996:248; Siegal & Senna, 1997:154).

Volgens Durkheim is aspirasies oftewel begeertes klasgebonde. Hy was van mening dat die hoër klas hoër doelwitte as die laer klas nastreef. Volgens hom stel 'n suksesvolle sosiale struktuur billike beperkings op die begeertes van die mens en dat onbevredigde begeertes die resultaat is van 'n samelewing wat gefaal het om billike beperkings te skep (Brown et al., 1996:248). *Anomie* verwys dus na 'n staat van normloosheid - waar norme nie meer effektief funksioneer om gedrag in 'n samelewing te reguleer nie. Norme of sosiaal voorgeskrewe of verwagte gedrag beheer die mens se optrede, terwyl die ineenstorting van norme 'n bedreiging vir die samelewing inhou (Brown et al., 1996:246-247).

2.7.2 Spanningsteorie: Robert Merton - Anomieteorie

Dié spanningsteorie staan ook bekend as die sosiale struktuurteorie, anomieteorie oftewel die geblokkeerde geleentheidsteorie. Dit fokus op die frustrasie wat sommige persone (veral die laer klas) beleef in hul poging om sukses te bereik in 'n kompeterende sosio-ekonomiese samelewing (Ellis & Walsh, 2000:347).

Volgens Merton word misdaad gekoppel aan gevoelens van frustrasie en woede. Hierdie gevoelens word veral deur die laer klas ervaar aangesien hulle middele (geleenthede) tot ekonomiese sukses geblokkeer is. Emosionele spanning wat deur die laer klas ervaar word kan toegeskryf word aan wettige pogings wat faal om die middelklas- doelwitte en -luukshede te bereik. Die woede en frustrasie wat as gevolg hiervan ervaar word kan lei tot misdadige gedrag (Siegal & Senna, 1997:144).

Anomie is 'n makroteorie, maar die teorie kan ook op 'n individuele vlak (mikroteorie) van toepassing wees (Brown et al., 1996:249). Die kern van hierdie teorie is dat alle mense dieselfde waardes en aspirasies nastreef. Volgens die teorie bestaan daar 'n verband tussen faktore soos armoede, ekonomiese geleenthede asook die beskikbaarheid van goedere en dienste en die pleeg van misdaad (Siegal & Senna, 1997:153).

Robert Merton het in 1938 op Durkheim se konsep van anomie uitgebrei ten einde die interaksie van veral twee elemente, naamlik kultureel voorgeskrewe doelwitte en sosiaal toelaatbare middele wat kenmerkend van 'n moderne kultuur wat anomie ervaar is, aan te toon (Barkan, 1997:167; Siegal & Senna, 1997:154). Hierdie elemente behels: kultureel voorgeskrewe doelwitte om sukses, rykdom en mag te bereik en sosiaal toelaatbare middele soos harde werk en opvoeding om die doelwitte te bereik (Siegal & Senna, 1997:155). Merton is van mening dat moderne samelewings doel-georiënteerd is en dat rykdom en materiële goedere in hierdie samelewings deur die meeste mense nagestreef word. Wettige middele om rykdom te bekom is egter verdeel volgens klas en status. Diegene met geen of beperkte formele opleiding en ekonomiese hulpmiddele se kans om suksesvol te wees, is dus gering (Siegal & Senna, 1997:155). Diegene wat nie toegang tot wettige middele het nie, kan gevoelens van frustrasie, normloosheid en anomie ervaar. Anomie kan daartoe lei dat persone hulle tot misdaad wend om hulle doelwitte te bereik (Barkan, 1997:167; Siegal & Senna, 1997:155).

Sosiale omstandighede plaas druk op persone uit die verskillende klasse en derhalwe reageer mense verskillend op hierdie uitdagings. Volgens Merton word begeertes sosiaal gegeneer aangesien die meeste mense finansiële sukses nastreef (Brown et al., 1996:249). Merton postuleer dat alle samelewings 'n kulturele sisteem het wat sosiaal aanvaarbare waardes, doelwitte, norme en middele voorstaan om sukses te bereik. Hierdie doelwitte en middele veroorsaak dat persone sukses op aanvaarbare wyses nastreef. Terselfdertyd kan daar druk op sekere segmente van die samelewing geplaas word om sukses te bereik deur aan nie-konformerende gedrag deel te neem. Dit gebeur wanneer doelwitte van sukses meer beklemtoon word as aanvaarbare wyses of metodes om sukses te bereik (Brown et al., 1996:249). Aanvaarbare middele of wyses tot sukses sluit onder andere die volgende in: spaarsaamigheid, matigheid, ywer, uitgestelde gratifikasie, harde werk, eerlikheid en sukses deur middel van self-verbetering (Brown et al., 1996:250).

Lede van die laer klas ervaar meer stres of spanning as die hoër klas in hul pogings om finansiël suksesvol te wees, aangesien die laer klas se middele (werk en geld) tot sukses geblokkeer is. Anomie word dus veroorsaak deur ontoeganklike, wettig institusionele middele (geleerdheid en beroepsgeleenthede) om die laer klas se ambisie te verwesenlik. Volgens Merton maak hierdie persone 'n gedeelte van die misdaad-populasie uit (Brown et al., 1996:250). Met ander woorde, sommige lede van die laer klas sal hulle tot misdaad wend terwyl ander met 'n lae inkomste tevrede sal wees en nie by misdaad betrokke sal raak ten einde sukses te bereik nie.

Laerklasjeugdige poog om deur middel van wettige middele (skoolopvoeding) hul doelwitte (sukses) te bereik. Hierdie doelwitte is meestal onbereikbaar wat derhalwe woede en frustrasie tot gevolg het. So kan misdadige gedrag 'n plaasvervanger vir wettige middele word om sukses of status te bereik. Anomie (normloosheid) ontwikkel wanneer daar 'n ontwrigting of skeiding

tussen wettige middele en doelwitte ontstaan (Bartollas, 1997:139). Jeugdiges in krot- of - agterbuurte raak by subkulture betrokke wat negatief en destruktief van aard is. Die rede hiervoor is dat die middel- en hoërklasmiddele om hulle doelwitte te bereik geblokkeer is. Hierdie subkulture ondersteun onkonvensionele waardes en norme wat in konflik met die konvensionele samelewing is (Siegal & Sienna, 1997:169).

Daar bestaan verskeie wyses waarop persone reageer op strukturele stres. Merton het vyf individuele reaksies met betrekking tot verwerking of aanpassing geïdentifiseer. Hierdie reaksies bevat verskeie kombinasies van kultureel voorgeskrewe doelwitte en middele om sukses te bereik (Siegal & Senna, 1997:155). Elke vorm van aanpassing, naamlik konformering, innovering, ritualisme, onttrekking en rebellie - behels doelwitte en middele wat gebalanseerd of ongebalanseerd kan wees. Hierdie aanpassingswyses is nie noodwendig afwykend van aard nie (Brown et al., 1996:251).

➤ Konformering

Diegene wat *konformeer* aanvaar die kultureel gespesifiseerde doelwitte en hou by die geïnstusionaliseerde middele in hul pogings om sukses te bereik, ongeag of hulle suksesvol is of nie. Hierdie kategorie sluit persone in wat die samelewing "in stand en bymekaar hou", en hulle sal voortgaan om dit te doen ongeag of hulle sukses bereik al dan nie (Bartollas, 1997:140; Brown et al., 1996:252).

Die samelewing behoort dus oorwegend uit konformerende persone te bestaan ten einde gebalanseerd te kan funksioneer (Brown et al., 1996:252). Volgens Siegal en Senna (1997:155) vind konformering plaas wanneer individue aanpas by die konvensionele sosiale doelwitte en wettige middele - met ander woorde, wanneer daar 'n balans is tussen doelwitte en middele.

Konformering is die algemeenste vorm van aanpassing, selfs by gemeenskappe (veral Derdewêreldlande) waar anomie in 'n ernstige graad voorkom (Siegal & Senna, 1997:155). Die *status quo* in 'n samelewing word aanvaar, en sukses word nagestreef deur middel van beperkte konvensioneel aanvaarde middele wat beskikbaar is (Barkan, 1997:168).

➤ **Innovasie**

Hierdie aanpassingswyse is hoofsaaklik die fokuspunt van kriminoloë. *Innovasie* is 'n algemeen onwettige of kreatiewe vorm van aanpassing by strukturele stres wat veroorsaak word deur die onvermoë om op wettige wyses sukses te bereik. Innoveerders streef daarna om die konvensionele doelwitte te bereik, maar heg nie waarde aan aanvaarde reëls of voorgeskrewe middele om hul doelwitte te bereik nie (Barkan, 1997:168). Volgens Siegal en Senna (1997:156) vind innovasie plaas wanneer die doelwitte van die gemeenskap aanvaar maar die middele verwerp word. Anomie ontstaan deurdat innoverende metodes (bv. prostitusie of dwelmmiddelhandel) aanvaar word. Innovasie is die resultaat van 'n gemeenskap wat sukses as 'n doelwit uitbeeld, maar terselfdertyd die beskikbare middele tot die doel terughou vir sekere lede van die gemeenskap (Bartollas, 1997:140).

Innoverende persone streef derhalwe daarna om konvensionele doelwitte te bereik maar gebruik onwettige middele om dit te bereik. Volgens hierdie persone is daar nie wettige middele tot hul beskikking nie en moet hulle dus van alternatiewe metodes gebruik maak. 'n Kind wat wegloop van haar ouerhuis en nie haar skoolopleiding voltooi nie, sal waarskynlik sukkel om 'n lonende werk te kry. Indien sy sosiaal gekondisioneer is om rykdom te verlang, kan sy 'n prostituut word om haar doelwit (finansiële sukses) te bereik. So word prostitusie 'n middel tot finansiële sukses vir 'n laerklasse meisie wat nie genoeg geld deur 'n wettige beroep kan verdien nie. Volgens Doyle

(1995:31) is kinders wat deur vreemdelinge misbruik word, of in prostitusie verval, meestal uit die laer sosiale klas afkomstig.

Hierdie aanpassingswyse verklaar misdaad as 'n laerklasverskynsel aangesien wettige geleenthede nie vir die laer klas beskikbaar is nie (Brown et al., 1996:252; Schmalleger, 1996:252). Laerklasjeugdige wat die doelwitte aanvaar het, maar vir wie die middele nie bereikbaar is nie, sal eerder by misdaad betrokke raak (innoveer) om hul doelwitte te bereik (Bartollas, 1997:140). Werkloosheid kan ook veroorsaak dat die laer klas meer as die middel en hoër klas by misdaad betrokke raak. Prostitusie kan dus as 'n beroepskeuse deur jeugdige oorweeg word, aangesien dié beroep geen formele opleiding en vaardighede vereis nie (Du Plessis, 1996: 22).

➤ **Ritualisme**

Ritualisme verwys na 'n aanpassingswyse waar individue hulle doelwitte verlaag eerder as om bestaande, aanvaarbare middele te gebruik om meer suksesvol te wees. Hierdie aanpassingswyse is kenmerkend van feodale samelewings, klubs en sekere sosiale organisasies. 'n Ritualis se behoeftes word bevredig wanneer hy of sy 'n tradisie navolg of rituele uitvoer wat nie noodwendig 'n doel of 'n eindresultaat het nie. 'n Voorbeeld is 'n "tipiese" staatsamptenaar wat tevrede met sy salaris, werksomstandighede en finansiële posisie is. Hierdie persoon het volgens hom/haar sukses bereik aangesien hy/sy 'n stabiele werk het en sy/haar finansiële behoeftes bevredig word (Schmalleger, 1996:253; Siegal & Senna, 1997:156). 'n Ander voorbeeld is skoliere wat skool toe gaan omdat dit van hulle verwag word en nie omdat hulle graag sukses wil bereik nie.

Ritualisme kan beskou word as 'n soektog na vryheid of 'n privaat ontsnapping van die gevare en frustrasies wat inherent is aan die kompeterende konvensionele samelewing. Hiervolgens verwerp ritualiste die doelwitte en klou meer vas aan veilige roetines en institusionele norme (Bartollas, 1997:140). Ritualiste word nie as afwykend beskou nie. Hulle poog dus nie om finansieël vooruit te gaan nie, maar eerder om op 'n rigiede wyse volgens sekere ritualisties voorgeskrewe reëls en norme te funksioneer. Ritualiste beskou werk as hul sekuriteit, en hulle gebruik nie hul werk as 'n middel om hul posisie te verbeter nie. Hierdie persone sal byvoorbeeld nie glo dat harde werk 'n moontlike salarisverhoging kan inhou nie (Barkan, 1997:168).

➤ **Onttrekking**

Hierdie vorm van aanpassing kan beskou word as 'n ontsnappingsreaksie – hierdie persone het as te ware moed opgegee (Barkan, 1997:168). Onttrekking geskied wanneer persone sowel die aanvaarde doelwitte as die middele van die samelewing verwerp. Volgens Merton is persone wat op dié wyse aanpas "in society but not of it", oftewel buitestaanders (Siegal & Senna, 1997:156). Persone wat in hierdie kategorie ingesluit word is psigotiese persone, verwerpte mense, rondlopers, boemelaars, kroniese alkoholiste en dwelmmiddelmisbruikers. Net soos innoveerders aanvaar hulle die doelwitte, maar hulle beskik nie oor die middele om dit te bereik nie. Omdat hulle moreel of andersins nie in staat is tot geweld of diefstal nie, poog hulle om te ontsnap van hulle onvermoë deur hul fisies of geestelik te onttrek (Siegal & Senna, 1997; 156). Hierdie individue is sosiaal en psigologies verwyderd van die samelewing (Schmallegger, 1996:253). 'n Groot aantal prostitute gebruik dwelmmiddels of ander substansies om van die realiteit van hul omstandighede te ontsnap. Derhalwe behoort hulle dus tot hierdie kategorie (Du Plessis, 1996:19).

➤ **Rebellie**

Rebellie beteken dat persone reageer op anomie deur die doelwitte en middele van die samelewing te verwerp en dit te vervang met 'n alternatiewe stel middele en doelwitte (Bartollas, 1997:141). Hierdie vorm van aanpassing is algemeen onder revolusionêre persone wat radikale veranderinge, alternatiewe lewenstyle, doelwitte en gelowe in 'n bestaande sosiale struktuur voorstaan (Barkan, 1997:168). Rebelle beleef anomie omdat hulle van mening is dat die regering korrup is, of omdat hulle alternatiewe geleenthede en lewenstyle wil skep in 'n bestaande samelewing (Siegal & Senna, 1997:156; Schmallegger, 1996:253). 'n Voorbeeld in die Suid-Afrikaanse konteks wat as rebelse optrede volgens Merton beskryf kan word, is die optrede van die aktivistiese groep "People Against Gangsterism and Drugs" (PAGAD). Die ondersteuners van PAGAD verwerp sekere norme en waardes van die samelewing en vervang dit met alternatiewe reëls en waardes (bv. deur die wet in eie hande te neem).

Prostitusie is 'n subkultuur en kan as 'n voorbeeld van rebellie teen die konvensioneel samelewingsnorme beskou word. Prostitute verwerp konvensionele voorgeskrewe reëls, norme en waardes (bv. harde werk, formele opleiding en vaardighede) en vervang dit met alternatiewe middele soos dwelmmiddelmissbruik, dwelmhandel en sekshandel om sukses te bereik.

2.7.2.1 Evaluering van die anomieteorie

Merton se anomieteorie is 'n omvattende teorie wat op 'n wye reeks afwykende en misdadige aktiwiteite toegepas kan word (Conklin, 1995:189). Hierdie teorie beklemtoon die dinamiese verhouding tussen sosiale en individuele oorsake van afwykende of misdadige gedrag (Siegal & Senna, 1997:156). Misdadige gedrag in die laerklas- stedelike gebiede asook onder

minderheidsgroepe word “in die algemeen” verklaar. Die indruk word geskep dat normloosheid ‘n eksklusiewe laerklasprobleem is – dit beperk die teorie se toeretiese omvang en empiriese verifiëring. Derhalwe dek die trefwydte van hierdie teorie nie alle tipes misdade nie – so word witboordjiemisdad byvoorbeeld geïgnoreer.

Siegal en Senna (1997:158) is van mening dat die laer klas verskeie lewensdoelwitte nastreef en dat finansiële sukses een van verskeie doelwitte uitmaak. Die gemiddelde mens streef daarna om onder andere opvoeding, sosiale sukses en status te bereik. Dit kan as verdere doelwitte wat nagestreef word, beskou word. Die bereiking van hierdie doelwitte word onder andere bepaal deur ‘n persoon se sosiale klas, fisieke vermoë, intelligensie, persoonlikheid en gesinslewe (Siegal & Senna, 1997:158).

Merton se anomieteorie verklaar nie hoekom daar ‘n oneweredige verspreiding van middele om sukses in ‘n samelewing te bereik, voorkom nie. Verder werp die teorie nie lig op die oorsprong van individue se motivering om misdad te pleeg nie. Volgens Bartollas (1997:141) word Merton se teorie gebaseer op “samelewingsanomie” (normloosheid) en nie op individuele spanning (bv. armoede) wat ervaar word nie.

2.7.3 Die algemene spanningsteorie van Robert Agnew

Robert Agnew het ‘n “algemene spanningsteorie” ontwikkel vir die verklaring van alle vorme van misdad. Met sy spanningsteorie brei hy uit op Merton se anomieteorie (Barkan, 1997:172). Volgens Agnew kan Merton se weergawe van die spanningsteorie aangevul word deurdat hy nie-ekonomiese ervarings (bv. die dood van ‘n ouer) van spanning by sy teorie insluit. Met ander

woorde, Merton fokus slegs op die oorsaak van anomie binne die struktuur van die samelewing terwyl Agnew meer op die individu se aanpassing by anomie fokus.

Volgens Agnew kan spanning aanleiding gee tot misdadige of afwykende gedrag. Ten einde hierdie verskynsel te verklaar, is daar histories net op sosiale klas gefokus (Brown et al., 1996:260). Die afname in die populariteit van Merton se anomieteorie kan volgens Agnew toegeskryf word aan die volgende vier faktore:

- Merton se anomieteorie fokus net op die laer klasse
- Doelwitte wat nie verband hou met middelklaswaardes en finansiële sukses nie, word geïgnoreer
- 'n Persoon se sosiale klas word deur Merton as die enigste middel tot sukses beskou
- Merton verduidelik nie hoekom sommige persone wat aan spanning blootgestel word nie by misdaad betrokke raak nie (Brown et al., 1996:260; Schmallegger, 1996:254).

Volgens Agnew ondervang die algemene spanningsteorie hierdie vier leemtes (Brown et al., 1996:260). Agnew argumenteer dat “if we treat people badly, they may get mad and engage in crime” (aangehaal in Barkan, 1997:172). 'n Persoon wat spanning ervaar kan moontlik by misdaad betrokke raak. Faktore soos 'n gebrek aan ondersteuning, verhoudinge met misdadige vriende en persoonlike karaktereienskappe ('n lae selfbeeld en self-effektiwiteit) kan ook betrokkenheid by misdaad bepaal (Barkan, 1997:172).

Volgens Agnew is spanning wat deur adolessente ervaar word die resultaat van:

- Die mislukking om ekonomiese sukses te bereik
- 'n Gebrek aan 'n positiewe stimuli (bv. 'n goeie ouer-kind verhouding)
- Die dood van 'n geliefde wat 'n gebrek aan 'n positiewe stimuli kan veroorsaak wat weer tot spanning kan lei

- Die blootstelling aan 'n negatiewe stimuli soos byvoorbeeld viktimisasie (kinder mishandeling) wat spanning kan veroorsaak (Barkan, 1997:172; Schmallegger, 1996:260).

Die blootstelling aan of die ervaring van hierdie vorme van spanning kan volgens Agnew tot misdaadbetrokkenheid lei (Brown et al., 1996:260).

Stresvolle gebeure wat kort op mekaar volg veroorsaak meer spanning as gebeure wat uitgestrek plaasvind (Barkan, 1997:172). Herhaalde stres of spanning kan tot negatiewe emosies soos byvoorbeeld woede, frustrasie en ongelukkigheid lei. Woede word as die belangrikste van hierdie emosies beskou (Barkan, 1997:172). Woede verhoog die behoefte aan weerwraak en inhibeer self-beheersing. Wanneer woede tesame met ander negatiewe emosies (bv. verwerping) beleef word, kan dit tot misdaad soos dwelmmiddel misbruik aanleiding gee (Barkan, 1997:172). Diegene wat hierdie spanning ervaar kan ook by prostitusie betrokke raak ten einde hulle dwelmafhanlikheid te onderhou (Bartollas, 1997:246; Campagna & Poffenberger, 1988:83, 93).

Agnew is van mening dat kriminoloë meer aandag aan die dimensies van spanning moet gee ten einde misdaad te verklaar (Conklin, 1995:189). Die omvang, tydperk (hoe lank gelede), verloop (durasie) en sameloop van stresvolle gebeurtenisse is hier van belang. Volgens Agnew word die kognitiewe, emosionele en gedragsaanpassings van stres of spanning geïgnoreer (Conklin, 1995:189). Ten einde kinderprostitusie as misdaadverskynsel te verklaar, moet kriminoloë dus fokus op die: omvang (watter faktore het tot die beroep aanleiding gegee het), tydperk (hoe oud was die kind toe die mishandeling plaasgevind het), verloop (vir hoe lank is die kind mishandel) en stresvolle gebeurtenisse (seks op 'n vroeë ouderdom, dreigemente en gesinskongflik). Tesame hiermee moet die kognitiewe (identiteitskrisis en roldiffusie), emosionele (wantroue, haat, 'n lae selfbeeld) en gedragsaanpassings (verwerping, wegloop van die

ouerhuis of dwelmmiddelmisbruik) ook in ag geneem word om kinderprostitusie as afwykende gedrag te verklaar. In aansluiting hierby meld Agnew (Conklin, 1995:189) dat faktore soos onder andere 'n sekere temperament, intelligensie en interpersoonlike vaardighede sal bepaal of 'n persoon onder spanning by misdaad betrokke sal raak.

Volgens Agnew kan 'n individu drie tipes spanning ervaar, naamlik: 'n onvermoë om doelwitte te bereik; verwydering van 'n positiewe stimuli en die teenwoordigheid van 'n negatiewe stimuli (Brown et al., 1996:260). Vervolgens word die drie tipes spanning wat deur Agnew geïdentifiseer is, bespreek.

➤ **Onvermoë om doelwitte te bereik**

'n Onvermoë om doelwitte te bereik ontstaan as gevolg van geblokkeerde geleenthede binne 'n laerklasstruktuur, individuele swakhede en persoonlike ontevredenheid (Brown et al., 1996:260). Hierdie kategorie van spanning sluit in die ontwrigting of skeiding van aspirasies en verwagtinge (doelwitte en middele). Ter illustrasie kan die volgende voorbeeld voorgehou word. 'n Onopgeleide, arm jeugdige streef rykdom en roem na maar ervaar spanning, aangesien die ontwrigting of skeiding van die verwagting (roem en rykdom) en werklike prestasie nie versoen kan word nie (Siegal & Senna, 1997:158). Hierdie individu kan prostitusie oorweeg om die doelwitte makliker te bereik. Skoolopleiding is gewoonlik 'n belangrike doelwit vir jeugdige waardeur sukses bereik kan word. In aansluiting hierby meld Du Plessis (1996:77) dat kinderprostitute meestal 'n gemiddelde skoolkwalifikasie van graad sewe of agt het. Die beperkte skoolopleiding is met ander woorde die enigste aanvaarbare kwalifikasie waarvoor hulle beskik om hul toekoms op te bou (Du Plessis, 1996:77).

Wanneer 'n persoon gefaal het en nie sy doelwitte bereik het nie, kan persepsies van ongelukheid ervaar word. Dit kan in vyandige gevoelens oorgaan. Kinders wat seksueel mishandel is kan hulself byvoorbeeld as slagoffers van volwasse onderdrukking beskou en dit kan 'n gevoel van haat en wantroue teenoor volwasse persone skep. Hierdie gevoelens kan tot uiting kom deur middel van weglopery, prostitusie, vandalisme en fisieke geweld (Siegal & Senna, 1997:158-159).

➤ **Verwydering van positiewe stimuli**

Die gebrek, afwesigheid van, of verlies aan 'n geliefde, 'n ouer, egskeiding en vervreemding kan spanning by 'n individu veroorsaak. 'n Poging om die verlore positiewe stimuli (ouer) te vervang kan in die pleeg van misdadige gedrag manifesteer (Siegal & Senna, 1997:159).

Kinders wat hulle ouers se egskeiding negatief ervaar kan by 'n misdadige portuurgroep aansluit om die verlies aan positiewe stimuli te vervang. Die verwerking van die verlies aan positiewe stimuli (vervreemding van 'n ouer) kan deur middel van dwelmmiddelmisbruik en ander afwykende gedrag soos prostitusie vermag word.

➤ **Teenwoordigheid van negatiewe stimuli**

Die vertoon van afwykende gedrag en spanning kan ook veroorsaak word deur die teenwoordigheid van negatiewe stimuli. Enige vorm van viktimisasie soos onder andere mishandeling, verwaarlosing, fisieke straf, gesin- en portuurgroepkonflik, swak skoolprestasie, en stresvolle ervarings soos verbale dreigemente kan moontlik tot misdadige gedrag aanleiding gee (Brown et al., 1996:260; Siegal & Senna, 1997:159).

Kinderprostitusie kan as 'n poging beskou word om negatiewe stimuli (seksuele mishandeling, konflik of swak skoolvordering) te verwerk (Brown et al., 1996:260). Kinders wat by prostitusie betrokke raak is meestal afkomstig uit swak ouerhuise wat gekenmerk word deur emosionele, fisieke of seksuele mishandeling, konflik asook verwaarlosing. Hulle het ook meestal swak vordering op skool getoon (Campagna & Poffenberger, 1988:65,83). Die blootstelling aan fisieke, seksuele of emosionele mishandeling kan dus prostitusie tot gevolg hê. Volgens Siegal en Senna (1997:292) is die meerderheid kinderprostitute in hul ouerhuise mishandel, en loop hulle van hul ouerhuise weg om soedoende van die omstandighede te ontsnap.

Volgens Agnew funksioneer die vorme van spanning onafhanklik van mekaar, maar hulle kan mekaar ook oorkruis of kumulatief beïnvloed (Siegal & Senna, 1997:159). Ter illustrasie hiervan die volgende: Mishandeling en konflik in die ouerhuis kan spanning by 'n kind veroorsaak wat aanleiding kan gee tot swak konsentrasie en swak vordering op skool wat dan die moontlikheid of die geleentheid tot 'n toekomstige goeie beroep sekondêr kan beïnvloed. Prostitusie kan dus as 'n "uitkomstans" of 'n middeweg tot moontlike sukses beskou word (Siegal & Senna, 1997:159).

2.7.3.1 Evaluering van die algemene spanningsteorie

Agnew se teorie fokus slegs op negatiewe verhoudings met ander persone. Hy laat dus na om positiewe verhoudings en interaksie tussen individue in ag te neem. Agnew het die konsep "spanning" verbreed deur misdaad en wangedrag as vorme van aanpassing te beskou. In teenstelling met Merton se teorie is die algemene spanningsteorie nie klasgebonden nie. Agnew en White (1992) se navorsing verleen empiriese steun aan Agnew se algemene spanningsteorie (Akers, 1997:132). Hierdie navorsers het bevind dat verskeie bronne van spanning positief

verbind word met wangedrag en dwelmmidelmisbruik. Portuurgroepe se optrede kan as 'n negatiewe stimulus beskou word wat wangedrag en dwelmmidelmisbruik tot gevolg kan hê.

2.7.4 Die subkultuurteorie van Albert K. Cohen

Albert Cohen het sy *subkultuurteorie* gebaseer op die werk van Clifford Shaw en Henry McKay (ekologiese benadering en kulturele transformasie), Edwin Sutherland (differensiële assosiasie) en Robert Merton (anomieteorie) (Ellis & Walsh, 2000:347; Williams & McShane, 1994:108). Cohen fokus veral op Merton se verklaring van misdaad wat deur die laer klas gepleeg word (Ellis & Walsh, 2000:347). Cohen sluit aan by Merton deurdat hy jeugmisdaad ook as 'n laerklasprobleem beskou (Ellis & Walsh, 2000:347; Williams & McShane, 1994:108). In die publikasie *Delinquent Boys* (1955) poog Cohen om die bestaan van subkulture te verduidelik deur uit te brei op Merton se anomieteorie en deur onwettige geleentheidstrukture (soos bendes) en/of kulture (soos kinderprostitusie) by sy teorie in te sluit (Brown et al., 1996:258).

Volgens Cohen bemoelijk sekere sosiale omstandighede soos armoede dit om sukses op 'n wettige wyse te behaal. Laerklasjeugdiges ervaar 'n vorm van kultuurkonflik wat Cohen "statusfrustrasie" noem (Siegal & Senna, 1997:164). In plaas daarvan om sukses na te streef soos deur die middelklas voorgeskryf word, streef hierdie jeugdige daarna om 'n reputasie te verkry. Hierdie reputasie word verkry deur middel van ontoegeeflikheid en om "street-smart" te wees (Siegal & Senna, 1997:161-162).

Cohen aanvaar Merton se verduideliking van spanning, maar voer ook aan dat dit van belang is om "goed te lyk vir ander" en "goed te voel oor jouself". Volgens Cohen is dit vir adolessente belangrik om doelwitte van die hoër klas (bv. sukses, geld en status) te bereik (Ellis & Walsh,

2000:347). Laerklasjeugdige vind dit egter moeilik om hierdie doelwitte te bereik (Barkan, 1997:175). Cohen se teorie is op die volgende aannames gebaseer:

- Laerklasjeugdige presteer meestal swak op skool in vergelyking met die hoërklasjeugdige
- Swak skoolprestasie kan verband hou met jeugmisdaad – hierdie aanname word ook deur verskeie studies (Hirschi, 1969; Offord et al., 1978; Wiatrowski et al., 1982; Rodgers & Mays, 1987; Tygart, 1988) ondersteun.
- Bendevoorming kan beskou word as 'n misdadige verskynsel en verder verkry benedeelde sielkundige gratifikasie deur hulle bendeaktiwiteite
- Differensiële klaswaardes tussen laerklasjeugdige en onderwysers uit die middelklas kan as die hoofrede beskou word waarom laerklasjeugdige nie op skool presteer nie (Schoemaker, 1996:107-110).

Op grond van hierdie aannames ontwikkel Cohen die “statusfrustrasieteorie”. Reid (1994:189) poneer dat die teorie daarop dui dat skoolopleiding middelklaswaardes en -norme voorstaan en laerklas persone as gevolg hiervan gevoelens van statusfrustrasie en spanning ervaar. Volgens Cohen kan die middelklaswaardes wat in die samelewing as kriteria vir sukses aangewend word, in die volgende nege punte saamgevat word:

- Dryfkrag en ambisie
- Individuele verantwoordelikheid
- Doelwitbereiking en sukses (in enige kompeterende vorm)
- Die bereidwilligheid om onmiddellike satisfaksie van behoeftes en begeertes vir toekomstige gewin uit te stel
- Rationele langtermyn- finansiële beplanning en begroting
- Selfbeheersing, veral in die teenwoordigheid van vreemdelinge
- Beheer van geweld en aggressie (verbaal en fisiek) tydens alle sosiale interaksie

- Konstruktiewe vryetydbesteding, soos byvoorbeeld om 'n stokperdjie te beoefen
- Respek vir ander individue se eiendom (dit word beskou as die mees basiese sosiale waarde) (Schoemaker, 1996:105-106).

Bogenoemde middelklaswaardes manifesteer meestal in afwykende gedrag by die laer klas, aangesien dié klas rebelleer teen hierdie waardes (Brown et al., 1996:175). Cohen voer verder aan dat swak skoolprestasie laerklasjeugdige se selfbeeld verlaag wat daartoe aanleiding gee dat hulle by misdaad betrokke raak om hulle selfbeeld te verbeter (Brown et al., 1996:175). Hierdie jeugdige word mettertyd na mekaar toe aangetrek en vorm sodoende 'n kriminele subkultuur.

Volgens Cohen is die ontwikkeling van die kriminele subkultuur 'n uitvloeisel van die sosiale en gesinsomstandighede wat kinders in krotbuurte ervaar. Misdaad is nie inherent 'n produk van klas minderwaardigheid nie, maar eerder 'n funksie van sosiale en ekonomiese beperkinge wat deur die minderbevoorregte groepe in die samelewing ervaar word (Siegal & Senna, 1997:164).

Voorstanders van dié teorie is van mening dat jeugdige wat in armoedige areas grootword 'n psigologiese oorlewingsmeganisme ontwikkel, naamlik "reaksieformasie". Dit word ontwikkel aangesien daar 'n gebrek aan wettige middele is om konvensionele sukses te bereik (Brown et al., 1996:258). Volgens Schmalleger (1996:248) is reaksieformasie die proses waarvolgens 'n laerklaspersoon middelklasdoelwitte en middele tot sukses openlik verwerp. Laerklasjeugdige ontwikkel derhalwe hul eie kulturele waardes en standaarde wat spanning en anomie tot gevolg het, aangesien dit bots met die middelklaswaardes (Siegal & Senna, 1997:161). Hierdie vervanging van alternatiewe norme en waardes word ook die kollektiewe oplossing van statusprobleme (strewe na die middelklas) genoem (Schmalleger, 1996:248). Deur middel van statusfrustrasie word 'n doelbewuste poging aangewend om te ontken wat werklik nagestreef

word, naamlik die middelklaswaardesistiem. Die teenoorgestelde waardes van die middelklas word dus nagestreef in die laerklas-subkultuur.

Cohen omskryf dié subkultuur as nie-utilitaristies. Dit beteken dat misdaad vir die genot daarvan gepleeg word. Hierdie jeugdiges is konflik georiënteerd, negatief, toon veelsydige gedrag (spesialiseer nie in een misdaad nie), glo aan korttermyn-hedonisme (onmiddellike behoeftebevreëdiging) en groepoutonomie (Brown et al., 1996:258; Reid, 1994:189; Williams & McShane, 1994:108). Laerklasjeugdiges oortree dus die wet aangesien hulle konformeer met die unieke, onafhanklike waardesistiem van hulle onmiddellike omgewing (laer klas). Die volgende faktore kan as laerklaswaardes in hierdie subkultuur beskou word: om nie vrees te toon nie, om ontoegeeflik te wees, om te lewe vir vandag en om afwykend op te tree (Siegal & Senna, 1997:161). Cohen wys daarop dat die laerklasgesinne nie hul kinders volledige sosialiseringstegnieke leer nie en as gevolg hiervan vind jeugdiges dit onmoontlik om by die dominante middelklaskultuur aan te pas (Brown et al., 1996:258; Siegal & Senna, 1997:164).

Die laerklasjeugdige word deurlopend aan middelklasstandaarde gemeet. Hierdie standaard word by die ouerhuis, deur die media en deur die samelewing beklemtoon. Dit impliseer dat aanvaarding en sukses slegs verkry kan word deur middel van die bereiking van middelklaswaardes (Reid, 1994:189; Schmallegger, 1996:248). Jeugdiges ervaar derhalwe statusfrustrasie omrede middelklaswaardes onbereikbaar is (Ellis & Walsh, 2000:347).

In sosiaal ongeorganiseerde agterbuurte is konvensionele waardes soos eerlikheid, gehoorsaamheid en harde werk van min waarde om sukses te bereik. Suksesvolle rolmodelle in die laerklasgebiede is gewoonlik dwelmhandelaars en koppelaars wat hulle geld deur middel van afwykende gedrag verdien (Siegal & Senna, 1997:161). Volgens Cohen veroorsaak dubbele seksuele standaard wat in die laer klas geld by vroue frustrasie wat aanleiding gee tot

reaksieformasie. Hierdie vroue raak betrokke by seksueel afwykende gedrag om sodoende van hulle statusfrustrasie te ontlai (Williams & McShane, 1994:109). Nieteenstaande die feit dat Cohen se subkultuurteorie op misdadige seunsbendes in die laer klasse fokus, kan dit aangewend word om vroulike kinderprostitute se gedrag te verklaar. Die meeste vroulike kindersekswerkers raak om dieselfde redes by 'n misdadige subkultuur betrokke as die laerklasseuns.

Vroulike kinderprostitute is 'n groep of 'n subkultuur wie (hoofsaaklik laerklasmeisies) moreel aan mekaar verbind is. Binne hierdie subkultuur word patrone van interaksie, soos byvoorbeeld kommunikasie en verkryging van kliënte; spesifieke gedrag, soos om seksueel uitdagend te wees en spesifieke seksuele tegnieke; houdings (om uitdagend op te tree of arrogant te wees); en sekere verwagtinge, soos om geld te verdien, gedeel. Hierdie kultuur het spesifieke gewoontes soos dwelmmiddelmisbruik wat ook gedeel en aanvaar word binne hierdie geïsoleerde gemeenskap maar wat bots met middelklasstandaarde (Labuschagné, 1996:16). Die kultuur bewaar en beskerm die "unieke" moraal en help die groep om kollektief te reageer (Labuschagné, 1996:17).

2.7.4.1 Evaluering van die subkultuurteorie

Die sosiale subkultuurteorie wys daarop dat laerklasjeugdige by misdaad betrokke raak omrede hulle poog om middelklaswaardes te bereik. Hierdie waardes is in konflik met hul onmiddellike omgewing en kan daartoe aanleiding gee dat laerklaspersone hulle tot misdadige en afwykende gedrag wend om sukses te bereik (Siegal & Senna, 1997:161).

Schoemaker (1996:111) is van mening dat Cohen se teorie nie empiries geverifieer is nie. Daar is nie genoegsame bewyse dat klas-verskille (tussen die middel- en laer klas) die gevolg is van swak skoolprestasie nie. Net so is daar ook nie bewys dat individue wat by misdaad betrokke raak, onbewustelik die middelklaswaardesisteen aanhang of ondersteun nie (Schoemaker, 1996:111). Verder is Conklin (1995:192) van mening dat Cohen se teorie (soos Merton) 'n kultuur voorstaan slegs individue aanmoedig om dieselfde doelwitte (spesifiek materiële sukses) na te streef. Dit impliseer dat Cohen se subkultuurteorie nie misdaad in die middelklas aanspreek nie. Verder kan hierdie teorie nie verklaar hoekom bendeledede uit misdaad tree wanneer hulle ouer word nie (Conklin, 1995:192). In teenstelling met Schoemaker en Conklin is Rodman (1963) en Liebow (1967) van mening dat sommige laerklasjeugdige wel die vermoë besit om suksesvol tot die dominante middelklaswaardesisteen te konformeer (Schoemaker, 1996:111).

2.8 SOSIALE PROSESTEORIEË

Sosiale prosesteorieë postuleer dat misdadige gedrag op grond van die kwaliteit van die jeugdige se sosialisering binne belangrike sosiale instellings van die samelewing verklaar kan word. Hierdie instellings is gewoonlik die gesin, die portuurgroep, die skool en die gereg. Hierdie sosialisering agente het 'n belangrike invloed op 'n kind se selfbeeld, oortuigings, waardes en gedragshandelinge.

Prosesteorieë kan as mikrotheorieë geklassifiseer word, aangesien hierdie teorieë die proses verklaar waardeur individue misdadigers word. Sosiale interaksie word beklemtoon in die veroorsaking van misdaad. Misdaad word ook nie primêr as 'n laerklasverskynsel beskou nie. Beide die beskouings dat die mens 'n gebore misdadiger is, en dat oortreders psigologies of

intellektueel probleme ervaar, word deur hierdie teorieë verwerp. Sosiale prosesteorieë beklemtoon die invloed wat groepe op 'n individu het (Brown et al., 1996:282). Hierdie teorieë sluit onder andere Travis Hirschi en Walter Reckless se beheerteorieë asook Sutherland se differensiële assosiasieteorie in.

Sosiale prosesteoretici bestudeer dan die verband tussen sosialisering en misdadige gedrag (Siegal & Senna, 1997:174). Volgens hierdie teoretici is misdaad nie 'n uitsluitlike laerklasverskynsel nie, maar kom dit in alle sosiale klasse voor. Individue se interaksie met intieme groepe soos die gesin en die portuurgroep kan hulle na misdaad stoot of aantrek (Brown et al., 1996:281). Kernelemente om die vertoon van misdadige gedrag te voorspel, is onder andere aanvaarding, gehegtheid, verbintenis, betrokkenheid, geloof en die aanleer van konvensionele waardes, norme en reëls (Brown et al., 1996:282).

Die sosiale beheerteorieë van Travis Hirschi en Walter Reckless fokus op die gesin as die primêre bron waar betekenisvolle bande, verbintenisse en dissipline toegepas word. Gesonde sosialisering beperk gewoonlik misdadige gedrag. Met ander woorde, die gesin kan die manifestering van afwykende gedrag by jeugdiges beperk (Lilly et al., 1995:76-104; Conklin, 1995:218-242). Sosiale beheer en die morele waardes in die gemeenskap reguleer wet en orde. Die gebrek aan sosiale beheer en sensitiwiteit vir ander persone se belange maak jeugdiges dus vry van enige morele besware om misdaad te pleeg (Siegal & Senna, 1997:188).

2.8.1 Die differensiële assosiasieteorie van Edwin Sutherland

Edwin Sutherland het die *differensiële assosiasieteorie* (DA), in sy boek *Principles of Criminology* (1939) geformuleer (Barkan, 1997:187). Alhoewel hierdie teorie reeds in 1939

geformuleer is, is daar teenswoordig nog belangstelling in sy navorsing oor differensiële assosiasie (Siegal & Senna, 1997:176). Voor die ontwikkeling van Sutherland se teorie, is kriminologie oorheers deur die denke van teoretici wat slegs op die biologiese en psigologiese abnormaliteite van die mens gefokus het (Brown et al., 1996:282). Die differensiële assosiasieteorie het egter daartoe bygedra dat daar 'n afname in die populariteit van biologiese en psigologiese misdaadsverklarings plaasgevind het. Sutherland se teorie is gebaseer op die Franse sosiale-sielkundige en magistraat, Gabriel Tarde (1843 - 1904) se aannames. Tarde het 'n "nabootsingsteorie" van misdaad in sy publikasie *La Philosophie Penale (Penal Philosophy)* ontwikkel waarvolgens individue mekaar naboots op grond van die hoeveelheid kontak wat hulle met mekaar het (Barkan, 1997:187; Reid, 1994:238). Drie ander denkrigtings, naamlik simboliese interaksionisme (Herbert Mead); kulturele transformasie (Shaw & McKay) en kultuurkonflik (Thorsten Sellin) het ook 'n invloed op Sutherland se teorie gehad (Brown et al., 1996:283).

Sutherland het gefokus op die konkrete oorsake van misdaad. Gedurende 1921 is hy genader om 'n kriminologiese verklaring van misdaad te publiseer (Reid, 1994:232). Volgens Reid (1994:232) was dit vir Sutherland voor die hand liggend dat geslag nie misdaad bepaal nie. *The Professional Thief* (1937) en *White Collar Crime* (1949) is van Sutherland se bekende werke. Na Sutherland se dood in 1950 is sy werk deur sy kollega Donald Cressey (1919 - 1987) voortgesit (Ellis & Walsh, 2000:340; Siegal & Senna, 1997:176).

Sutherland wou dus die dominante biologiese en psigologiese verklarings vir misdaad met 'n sosiologiese verduideliking van misdaad vervang (Brown et al., 1996:282). Differensiële assosiasie veronderstel dat persone in ongeorganiseerde buurte sosialiseer en dat kriminele deur middel van assosiasies kriminaliteit aanleer (Brown et al., 1996:284). Die belangrikste

verskil tussen konformerende en misdadige gedrag is gesetel in *wat* geleer word en nie soseer *hoe* dit geleer word nie.

Sosiale leerteoritici huldig die perspektief dat alle aspekte van misdaad, insluitend die tegnieke en houdings om misdaad te pleeg, deur noue bande met betekenisvolle ander aangeleer word (Siegal & Senna, 1997:175). Die leerteorie veronderstel dat mense "goed" gebore word en geleer word om "sleg" of misdadig te wees. Dit reflekteer die perspektief dat goed opgevoede kinders 'n produk is van 'n goeie gesinsopvoeding, dat dissipline noodsaaklik is en dat kinders wat by misdaad betrokke raak deur hul ouers geïgnoreer is (Siegal & Senna, 1997:175).

Die beginsel dat misdaad aangeleerde gedrag is, vorm die fondasie van hierdie teorie. Hiervolgens word persone nie as kriminele gebore nie, maar deur middel van interaksie met betekenisvolle ander geleer hoe om in sekere sosiale omstandighede op te tree (Brown et al., 1996:285). Die differensiële assosiasieteorie kan in nege grondbeginsels saamgevat word. Hierdie beginsels beklemtoon die leerproses waardeur 'n persoon by kriminaliteit of afwykende gedrag betrokke raak (Brown et al., 1996:285; Ellis & Walsh, 2000:340; Reid, 1994:233):

1. *Misdadige gedrag is aangeleerde gedrag net soos enige ander gedrag* (Reid, 1994:232). Hierdie beginsel veronderstel dat misdaad en afwykende gedrag aangeleer word net soos 'n kind sal leer om byvoorbeeld te skryf, te lees en te skilder. Volgens Barkan (1997:188) word misdadige gedrag nie oorgeërf nie. Promiskuiteit wat op 'n latere stadium in prostitusie kan manifesteer, kan deur kinders by ouers aangeleer word (Kenny & Lane, 1996:361-378). Volwasse prostitute kan ook hulle kinders leer dat prostitusie 'n aanvaarbare beroep is om geld te verdien.

2. *Misdadige gedrag word aangeleer deur interaksie met ander persone in 'n proses van kommunikasie. Die aanleer van kriminele gedrag geskied deur interpersoonlike interaksie met*

ander persone (Barkan, 1997:188). Afwykende gedrag word aktief deur rolmodelle aangeleer. Koppelaars en hoërklas-prostitute kan hiervolgens vir laerklasjeugdige as rolmodelle dien. So kan jeugdige deur middel van assosiasie en kommunikasie leer dat prostitusie 'n maklike wyse is om 'n goeie inkomste te verdien.

3. *Die leerproses vind plaas tydens interaksie met intieme persoonlike groepe.* Intieme groepe wat 'n belangrike invloed op die kind het, is veral die ouers, die gesin, die portuurgroep en tot 'n mate die media. Dit is deur hierdie intieme persone en die media dat kinders afwykende gedrag aanleer. Die leerproses geskied tydens die opvoedingsproses waar taal, gewoontes en gebruike aangeleer word. Volgens Barkan (1997:188) leer individue misdadige gedrag by persone aan wat emosioneel naby aan 'n persoon is. Die intimiteit van sodanige assosiasie is meer betekenisvol as enige ander vorm van kommunikasie (Siegal & Senna, 1997:177). Hiervolgens kan 'n kind in die gesin (deur die invloed van 'n moeder of 'n suster) leer dat prostitusie 'n aanvaarbare beroep is.

4. *Wanneer misdadigheid aangeleer word, dek die leerproses verskillende aspekte. Hierdie aspekte is die volgende:*

- *Tegnieke om misdaad te pleeg (ingewikkeld of eenvoudig).* Jeugdige sal byvoorbeeld deur middel van assosiasie die "korrekte" tegnieke aanleer om 'n motor te steel. So kan jeugdige spesifieke seksuele tegnieke soos byvoorbeeld orale of anale seks (gekompliseerde tegnieke) of masturbasietegnieke (eenvoudige tegnieke) by volwasse prostitute aanleer om derhalwe meer kliënte te lok.
- *Motiewe.* Om prostitusie as beroep te beoefen moet spesifieke motiewe aangeleer word. Dit behels dat individue redes moet vind word waarom hulle prostitute is. 'n Voorbeeld hiervan is finansiële redes of ter wille van oorlewing.

- *Dryfkrag*. Dit het te make met die wilskrag om lewensomstandighede te verbeter. Meisies kan by prostitusie betrokke raak om hul lewenstandaard te verhoog deur byvoorbeeld eksklusiewe klere, juwele en luukse atriels aan te skaf.
- *Rasionalisasie*. Laerklasjeugdige beskik meestal oor min tot geen vaardighede om finansiële sukses te bereik. Navorsing (Schoemaker, 1996:108) toon dat jeugdige wat swak op skool presteer, meestal uitsak en die skool verlaat. Uitsakking op skool kan tot werkloosheid lei. Prostitusie kan dan as 'n maklike uitweg tot 'n inkomste beskou word. Ander rasionaliseringsmetodes wat hier ter sprake is, is: 'n sekere ingesteldheid waarvolgens 'n jeugdige prostitueer deur nie om te gee wat met sy/haar liggaam gebeur nie; om te rasionaliseer dat hy/sy net tydelik prostitueer totdat hy/sy 'n beter beroep vind; om die onderbewussyn of skuldgevoelens te neutraliseer deurdat 'n jeugdige haarself konstant daaraan herinner dat sy haar liggaam uithuur en nie haar gees nie (Brown et al., 1996:282).

Die aanleer van die tegnieke om misdaad te pleeg, is minder belangrik as die aanleer van die regte ingesteldheid (motiewe, houdings en dryfvere). Die spesifieke ingesteldheid teenoor misdaad sal bydra tot die aanleer van bepaalde misdaadmetodes (bv. hoe om 'n kliënt oraal te bevredig) wat die uiteindelijke sukses van die onaanvaarbare handeling sal bepaal (Brown et al., 1996:287-288).

5. *Die spesifieke motivering, dryfkrag, rasionalisasie en houding om misdaad te pleeg word geleer deur definisies van wettige reëls wat gunstig of ongunstig ten opsigte van die regsisteem is.* Volgens Siegal en Senna (1997:178) verskil persone se reaksie tot sosiale reëls en wette. Hiervolgens kan jeugdige met persone wat verskillende perspektiewe oor wat reg of verkeerd is in aanraking kom. Volgens Sutherland kan dit veroorsaak dat jeugdige "kultuurkonflik" ervaar. Dit behels dat definisies van "reg" en "verkeerd" mekaar oorkruis en derhalwe verwarring veroorsaak (Siegal & Senna, 1997:178). So kan 'n kind wat in 'n laerklaswonebuurt (bv.

Hillbrow) grootgeword het, prostitusie en dwelmshandel as “normale” en wettige beroepe beskou, terwyl kinders wat in middle- of hoërklaswoonbuurte woon hierdie “beroepe” as immoreel en misdadig kan beskou. Die sosialiseringssagente en die media rapporteer dan ook dat die laasgenoemde beroepe onaanvaarbaar en misdadig is. Derhalwe lei dit dikwels tot kultuurkonflik.

6. *‘n Persoon raak by misdaad betrokke wanneer daar ‘n oormaat van gunstige definisies vir nie-konvensionele gedrag bestaan.* Die grondbeginsels van die differensiële assosiasieteorie word in hierdie sesde stelling vervat. Dit bepaal dat definisies ten gunste van misdaad swaarder weeg as die invloed van definisies wat regs-oortreding voorstaan. Ouers wat, byvoorbeeld verkeersreëls verontagsaam, leer kinders dat gehoorsaamheid aan verkeersreëls onbelangrik is (Brown et al., 1996:288). Net so kan kinders van prostitute leer dat prostitusie ‘n aanvaarbare beroep is. ‘n Ma wat prostitueer om vir haar kinders te sorg, kan haar beroep of misdadige handeling as gunstig tot wets-oortreding aan hierdie kinders oordra, al is die bedoeling goed of ter wille van oorlewing (Brown et al., 1996:288). Straatkinders kan ook by prostitute leer dat dié beroep ‘n wyse van oorlewing is. Die aanleer van ‘n definisie gunstig tot misdadige gedrag geskied wanneer ‘n jeugdige aan misdadige persone blootgestel word (Siegal & Senna, 1997:1997:179).

Matsueda en Heimer (in Siegal & Senna, 1997:180) het in die verband bevind dat jeugdige wat aan misdadige definisies blootgestel word, meer geneig is om by misdaad betrokke te raak. Ouers wat alkohol en dwelmsmiddels misbruik stel hul kinders bloot aan hierdie ongunstige definisies. Laerklasjeugdige wat in agterbuurte woon kan leer dat prostitusie aanvaarbaar is, omrede hulle oormatig aan hierdie ongunstige definisie blootgestel word.

7. *Differensiële assosiasie kan wissel ten opsigte van frekwensie, verloop (durasie), prioriteit en intensiteit.*

- *Frekwensie* verwys na hoe gereeld 'n individu aan misdaad blootgestel word (bv. seksuele mishandeling op 'n daaglikse basis)
- *Verloop* het betrekking op die lengte of tydduur van blootstelling (bv. seksuele mishandeling wat 'n uur elke dag duur)
- Sutherland het nie in sy teorie gespesifiseer wat hy met *prioriteit* bedoel nie (Siegal & Senna, 1997:179). Volgens Cressey en sy kollegas (in Siegal & Senna, 1997:179) beteken *prioriteit* die spesifieke ouderdom wanneer kinders met kriminele definisies in aanraking kom.
- *Intensiteit* verwys na die belangrikheid van assosiasies, oftewel die graad van identifikasie (Barkan, 1997:188). Dit kan ook verwys na die belangrikheid en "prestige" wat aan sekere groepe of individue geheg word (Siegal & Senna, 1997:1997:180). 'n Negatiewe invloed deur 'n ouer, rolmodel of 'n goeie vriend kan meer intens as ander invloede beleef word. 'n Moeder of 'n goeie vriend wat prostitueer sal 'n jeugdige maklik kan beïnvloed om by prostitusie betrokke te raak.

Die wyse waarop 'n kind sal reageer op blootstelling aan seksuele mishandeling sal afhang van die spesifieke tydsduur (hoe lank, hoe gereeld en deur wie die kind mishandel word), die intensiteit van die trauma (bv. seksuele penetrasie, orale stimulasie of anale seks), asook die spesifieke stadium (prioriteit) van die kind se lewe waartydens hierdie trauma ervaar word (Brown et al., 1996:289).

In aansluiting hierby het James Short 126 seuns en 50 meisies in staatskole (verbeteringskole) bestudeer om die verhouding tussen frekwensie, verloop, prioriteit en intensiteit van interaksie met misdadige portuurgroepe en blootstelling aan misdaad te bestudeer (Siegal & Senna,

1997:180). Hy het gevind dat daar 'n konsekwente verhouding tussen misdadige gedrag en misdadige assosiasies bestaan (Siegal & Senna, 1997:180).

Ook Ronald Alkers (in Siegal & Senna, 1997: 182) is van mening dat misdadige gedrag, soos alle ander gedrag, deur middel van stimuli of reaksies aangeleer word. Sosiale gedrag word aangeleer deur direkte kondisionering of blootstelling. Gedrag word versterk deur beloning en positiewe herbevestiging en terselfdertyd verswak deur negatiewe straf en die gebrek aan 'n beloning.

Definisies wat in vroeë kinderjare aangeleer word het 'n groter invloed op 'n kind as invloede wat op 'n later stadium aangeleer word (Brown et al., 1996:289). Hoe meer 'n kind met 'n spesifieke persoon assosieer (bv. 'n prostituut), hoe meer sal so 'n kind met hierdie persoon kan identifiseer en gedrag naboots. Die mate waartoe 'n kind leer om konvensionele norme en waardes te gehoorsaam of te verontagsaam, sal van die kwaliteit van sosiale interaksie afhang (Siegal & Senna, 1997:179). Gereelde kontak met misdadige invloede sal meer skadelik as ongereelde kontak wees. Siegal en Senna (1997:179) is van mening dat misdadige kontak en invloede op 'n vroeë ouderdom meer negatiewe gevolge sal inhou as op 'n latere stadium. So kan blootstelling aan seksuele mishandeling op 'n vroeë ouderdom tot kinderprostitusie aanleiding gee.

8. *Die leerproses van misdadige gedrag deur middel van assosiasie met kriminele behels meganismes (vaardighede) wat betrokke is by enige leerproses.* Kriminele gedrag word dus aangeleer op dieselfde wyse as konvensionele gedrag (Barkan, 1997:189; Brown et al., 1996:289). Met ander woorde, die aanleer van lees en prostitusie geskied op dieselfde wyse. Konstante blootstelling aan en interaksie met hierdie aktiwiteite kan daartoe aanleiding gee dat dit uitvoerbaar is.

9. *Kriminele gedrag is 'n uiting van algemene behoeftes en waardes.* Hierdie laaste beginsel van Sutherland beteken dat:

“while criminal behavior is an expression of general needs and values, it is not explained by those general needs and values. This statement is important, for it negates the belief that hungry people steal because they are hungry. That explanation fails to explain why some hungry people do not steal at all” (Reid, 1994:233).

Met ander woorde, hierdie beginsel verwerp die siening dat kinders by prostitusie betrokke raak omrede hulle mishandel is, maar ondersteun eerder die beginsel dat kinders prostitueer omrede hulle die gedrag aangeleer het.

Die laaste twee stellings van Sutherland se teorie illustreer ook die skakeling met algemene leerbeginsels. Misdadige gedrag word op dieselfde manier aangeleer as enige ander gedrag en beide tipes gedrag is die produk van soortgelyke behoeftes en waardes (Brown et al., 1996:289).

Verskeie studies het bevind dat kriminele gedrag in die gesin 'n sterk invloed op jeugmisdaad het (Siegal & Senna, 1997:286). In aansluiting hierby het Laub en Sampson (in Siegal & Senna, 1997:286) bevind dat misdadige ouers die funksionering van die “normale” gesinslewe ontwig, en 'n belangrike invloed op jeugmisdaad uitoefen. Navorsing (West en Farrington in Siegal & Senna, 1997:286) het getoon dat kinders wat misdadige vaders het, meer geneig is om kronies by misdaad betrokke te raak. Die gesin is verantwoordelik vir die emosionele, morele, intellektuele, sosiale en geestelike groei van 'n kind (Gelsthorpe & Morris, 1990:117). Hierdie vroeë leerproses, hantering van emosies, konfrontasie met reëls, outoriteit en reaksie teenoor ander, kan herhaaldelik verbind word aan die aanwesigheid of afwesigheid van misdaad (Labuschagné, 1995b:3). 'n Groot aantal kindersekswerkers is slagoffers van “geforceerde” seksuele wandade – hetsy binne of buite die gesinsmilieu. Hiervolgens het hulle geleer dat daar 'n verband tussen seks en materiële vergoeding is (McKendrick & Hoffmann, 1990:215). Kinders kan ook leer dat volwassenes mag oor hulle liggame het (om hulle liggame seksueel te misbruik)

en mag het om liggaamlike pyn toe te dien (fisieke mishandeling), wat derhalwe 'n basis vir seksuele mishandeling vorm (McKendrick & Hoffmann, 1990:6). Derhalwe bestaan die moontlikheid dat meisies wat seksueel mishandel is, kan aanleer om te prostitueer (Dallos & McLaughlin, 1993:79).

2.8.1.1 Evaluering van die differensiële assosiasieteorie

In teenstelling met hierdie eenvoudige benadering bestaan daar komplekse misdaadpatrone, motiewe en tegnieke. Volgens Brown et al. (1996:289) is die hoofkritiek teen die differensiële assosiasieteorie die toetsbaarheid, raamwerk en toepasbaarheid van hierdie teorie. Konsepte (bv. *prioriteit* en *frekwensie*) is vaag en word nie duidelik omskryf nie. Dit veroorsaak dat dit aan navorsers oorgelaat word om self hulle operasionele definisies te skep (Brown et al., 1996:289).

Verder neem die teorie aan dat definisies deur middel van assosiasie met ander persone tot afwykende gedrag aanleiding gee (Brown et al., 1996:289). Dit bring mee dat hierdie teorie nie empiries getoets kan word nie. Schmallegger (1996:245) sluit hierby aan deur te meld dat die teorie nie voorsiening maak vir 'n verskeidenheid keuses in individuele omstandighede nie. Dit verklaar nie hoekom diegene wat omring is deur misdadige persone hulle nie tot afwykende gedrag wend nie.

Ten spyte hiervan het navorsing (Weis, 1980; Jensen & Rojek, 1992) bevind dat jeugmisdaad in 'n groepkonteks plaasvind, met ander woorde, lede van 'n portuurgroep kan mekaar beïnvloed om misdaad te pleeg (Schoemaker, 1996: 141). Ter staving hiervan het ander studies (Short, 1957, 1960; Reiss & Rhodes, 1964; Voss, 1964; Jensen, 1972 & Hepburn, 1977) bevind dat daar 'n verband tussen afwykende gedrag en portuurgroepassosiasie is (Schoemaker,

1996:142). In aansluiting hierby het Sarnecki (in Schoemaker, 1996:142) bevind dat groepaktiwiteite (met ander woorde die assosiasie) belangriker as die misdaadhandeling is. Volgens Matsueda en Heimer (1987) het blootstelling aan definisies wat wetsoortreding as gunstig omskryf die mees nadelige effek op 'n individu. Die skrywers is van mening dat dié grondbeginsel die belangrikste element van differensiële assosiasie uitmaak. Verskeie studies (Thomps, Mitchell, Richard & Dodder, 1984) het die bevinding gestaaf (Schoemaker, 1996:142). In aansluiting hierby meld Brown et al. (1996:282) dat Sutherland se teorie as dié belangrikste teorie rakende afwykende gedrag beskou. Die teorie verskaf 'n simplistiese verduideliking van aangeleerde afwykende gedrag (Schoemaker, 1996:140).

'n Resente studie (DeFleur & Quinney, 1996:14) het Sutherland se teorie geherformuleer deur die trefwydte (toepassing) te vernou. Volgens DeFleur en Quinney (1996:14) kan misdadige gedrag aan die hand van simboliese interaksie en houdinge aangeleer word. Afwykende gedrag is die oorsaak van die "misdadige motiewe, houdinge en tegnieke" wat deur 'n proses van simboliese interaksie aangeleer word deur direkte blootstelling aan informele primêre groepe (DeFleur & Quinney, 1996:14).

2.8.2 Die beheersingsteorie van Walter Reckless

Walter Reckless het gedurende die 1950's en 1960's in sy boek *The Crime Problem* die *beheersingsteorie* uiteengesit (Schmalleger, 1996:259). Hierdie teorie verklaar jeugmisdad aan die hand van innerlike (interne) en uiterlike (eksterne) beheersing by die mens (Williams & McShane, 1994:285). Volgens Reckless kan uiterlike en innerlike sosiale kragte (buffers) sowel misdad voorkom as veroorsaak (Brown et al., 1996:303). Dié beheersingsmeganismes kan dus beskerming teen potensieel afwykende gedrag bied (Siegal & Senna, 1997:187). Reckless

beklemtoon die geleentheid tot konformerende en nie-konformerende gedrag. Die teorie verklaar dus sowel konformerende as afwykende gedrag en word as 'n "middeweg"-verklaring beskou (Reid, 1994:249). Konformerende gedrag is die gevolg van stabiele, sterk buffers, terwyl onstabiele, swak buffers afwykende gedrag kan veroorsaak (Reid, 1994:251).

Reckless se siening in verband met konformerende gedrag kan soos volg verklaar word: Volgens hom sal nie alle persone siek word wat aan 'n aansteeklike siekte of virus blootgestel word nie. Dit sal afhang van elke persoon se immuniteitstelsel. In hierdie konteks kan 'n siekte gelykgestel word aan 'n misdaad. In beide gevalle het 'n bepaalde beheermeganismes gefaal (intern en ekstern) (Schmalleger, 1996:259). In die geval van 'n siekte kan eksterne faktore soos byvoorbeeld onhigiëniese omstandighede, 'n gebrek aan publieke gesondheidsdienste en medisyne tot 'n siekte aanleiding gee (Schmalleger, 1996:259). 'n Siektetoestand sal ook nie intree indien 'n persoon se weerstand laag is nie. In die geval van misdaad is eksterne beheersing ('n identiteit, die gesin en waardes) die "krag" wat "siekte" voorkom, 'n groep bymekaar hou en van misdaad weerhou.

Reckless is van mening dat verskillende groepe en instansies in die gemeenskap 'n individu kan beheer (weerhou) binne die beperkinge van aanvaarde norme en verwagtinge van 'n samelewing (Schmalleger, 1996:260). Die samelewing skryf bepaalde rolle en aktiwiteite aan individue voor, wat 'n belangrike faktor van eksterne beheersing uitmaak (Schmalleger, 1996:260).

Schmalleger (1996:260) en Barkan (1997:195) omskryf *beheersing* as 'n effektiewe, stabiele krag, wat stoot en -trekkragte kan blokkeer en afwykende gedrag kan aantrek. Innerlike beheersing word as die belangrikste faktor beskou om misdadige gedrag te voorkom (Barkan,

1997:195). Reckless het drie kriminogene kragte met betrekking tot sosiale druk geïdentifiseer, naamlik:

- Sosiale druk (bv. armoede)
- Sosiale stootkragte (bv. gevoelens van minderwaardigheid)
- Sosiale trekkrigte (bv. 'n misdadige portuurgroep) (Brown et al., 1996:303).

Afwykende gedrag word verder aan 'n individu se selfbeeld gekoppel (Schmalleger, 1996:259; Siegal & Senna, 1997:187). Volgens 'n Internet artikel (<http://www.bcifv.org/summer96/csa.htm>) is 'n lae selfbeeld algemeen met kinders wat seksueel mishandel is. Williams en McShane (1994:186) sluit hierby aan en meld dat 'n individu se selfbeeld al in die vroeë kinderdae gevorm word. Die selfbeeld bestaan uit positiewe (goeie) en negatiewe (slegte) beelde van die self en dien as 'n buffer teen uiterlike invloede. Derhalwe is betrokkenheid by afwykende gedrag die resultaat van sosiale druk (aanvaarding van mishandeling en konformering) en die onvermoë om hierdie druk te weerstaan (Schmalleger, 1996:259; Siegal & Senna, 1997:187). Met ander woorde, 'n kind wat seksueel mishandel is kan moontlik aanpassingsprobleme ondervind. Die onvermoë om die mishandeling te verwerk en te aanvaar kan tot misdadige of afwykende gedrag soos prostitusie aanleiding gee.

Innerlike beheersing is nie duidelik deur Reckless omskryf nie, maar vervat 'n komponent van die "self". 'n Individu se innerlike beheersing word deur die persoon se sosiale stootkragte bepaal. Dit verwys dus na 'n individu se vermoë om homself/haarself moreel te rig (Reid, 1994:250; Schmalleger, 1996:260). Dit sluit onder andere die volgende konsepte in: selfbeheersing, 'n positiewe selfbeeld, 'n sterk ego, 'n goed ontwikkelde superego, hoë frustrasietoleransie, hoë weerstand teen afwykende gedrag, 'n sterk sin vir verantwoordelikheid, doelwitoriëntasie en die vermoë om onmiddellike behoeftes uit te stel (Barkan, 1997: 195; Bartollas, 1997:173; Brown et al., 1996:304; Siegal & Senna, 1997:187; Williams & McShane,

1994:185-186). Volgens Brown et al. (1996:304) kan skuldgevoelens hierby ingesluit word. Hierdie skuldgevoelens word deur 'n positiewe selfbeeld en individuele beheersing onderdruk. Volgens Schmalleger (1996:261) is innerlike beheersing meer effektief as uiterlike beheersing om afwykende gedrag te inhibeer.

Volgens Reckless kan 'n positiewe selfbeeld as die belangrikste effektiewe voorkoming van misdaad beskou word (Barkan, 1997:195; Schmalleger, 1996:259; Siegal & Senna, 1997:187). 'n Lae selfbeeld bied min tot geen buffers teen afwykende gedrag soos prostitusie (Williams & McShane, 1994:186). 'n Negatiewe selfbeeld en 'n gebrek aan vaardighede kan kinders na prostitusie stoot of trek ten einde ekonomies te oorleef. Kinders wat nie oor die vermoë beskik om hulself emosioneel te handhaaf nie kan makliker by 'n misdadige subkultuur soos prostitusie ingetrek word. Koppelaars en volwasse prostitute kan tydelik voedsel en skooling aan hierdie kinders verskaf in ruil vir geld wat deur prostitusie verkry word. Wanneer kinders hierdie lewenswyse aanvaar het, is dit feitlik onmoontlik om daarvan te ontsnap (Siegal & Senna, 1997:293). Die onvermoë om hierdie druk te weerstaan kan deelname aan prostitusie tot gevolg hê. 'n Meisie se kans om by prostitusie betrokke te raak sal afhang van haar innerlike en uiterlike beheersing.

Uiterlike beheersing verwys na eksterne beheermeganismes oftewel eksterne regulators/buffers. Hierdie tipe beheersing verteenwoordig strukturele buffers in die sosiale omgewing wat die individu beheer (Bartollas, 1997:173). Uiterlike beheersing word ook as normatiewe beperking beskou en word deur die samelewing en sosiale groepe gebruik om individue te beheer (Bartollas, 1997:175; Siegal & Senna, 1997:187). Volgens Reid (1994:250) kan uiterlike beheersing ook "sosiale druk" genoem word.

Voorbeelde van uiterlike beheersing is onder andere: sosiale sanksies (informeel of formeel), die skool, die gesin, 'n sin van behoort, sosiale norme, waardes en doelwitte, effektiewe toesighouding, dissipline, 'n betekenisvolle sosiale rol, 'n identiteit, billike geleenthede vir sosiale aktiwiteite, beskikbaarheid van alternatiewe (bv. vryetydsbesteding) tot afwykende gedrag, en geleenthede vir aanvaarding en erkenning (Barkan, 1997:195; Bartollas, 1997:175; Brown et al., 1996:304; Siegal & Senna, 1997:187; Williams & McShane, 1994:186). Kultuurkonflik, psigotiese gedrag, persoonlikheidsafwykings, kompulsiewe gedrag, organiese breindisfunksies, neurose en georganiseerde misdaad word nie by uiterlike beheersing ingesluit nie (Williams & McShane, 1994:185). Kinders wat 'n gebrek aan erkenning en aanvaarding ondervind, swak ouerlike en skoolverbintnisse het, nie 'n sin van behoort ervaar nie en nie billike geleenthede tot alternatiewe aktiwiteite as afwykende gedrag tot hul beskikking het nie, kan maklik tot prostitusie gestoot of aangetrek word.

Reckless het ook interafhanklike stoot- en trekkragte tot afwykende gedrag beklemtoon wat deur innerlike en uiterlike stoot- en trekkragte beperk en/of aangehelp word (Barkan, 1997:195-196; Bartollas, 1997:228; Siegal & Senna, 1997:187; Schmallegger, 1996:260). Hierdie kragte is vanuit die samelewing afkomstig en kan tot afwykende gedrag aanleiding gee (Siegal & Senna, 1997:187).

Vervolgens sal die verskillende tipe stootkragte bespreek word. *Uiterlike stootkragte* wat aan afwykende gedrag verbind kan word, is onder andere: faktore uit 'n individu se agtergrond (armoede), interaksie met 'n misdadige subkultuur, behoefte aan onmiddellike gratifikasie, rusteloosheid, 'n vyandige houding, ongelukkigheid, rebellie, geestelike konflik, negatiewe motiverings en frustrasies, teleurstellings, gevoelens van minderwaardigheid, onvoldoende lewensomstandighede, werkloosheid, beperkte geleenthede, ongelykheid, werkloosheid en

invloede van pornografie (Barkan, 1997:195; Bartollas, 1997:175-176; Schmalleger, 1996:260; Siegal & Senna, 1997:187).

Innerlike stootkragte soos rusteloosheid, emosionele deprivasie, gevoelens van minderwaardigheid, 'n lae selfbeeld, konflik en 'n vyandige houding teenoor 'n individu se ouers en gesin kan moontlike fasiliteerders of dryfkragte tot prostitusie wees. Volgens Rankin en Kern (1994:495) dien die gesin as buffer teen misdadige invloede. Die gesin verskaf basiese bande en verpligtinge teenoor betekenisvolle ander. Hier word die motiverings om te konformeer aangeleer. Die vermoë om persepsies te vorm asook, dissipline en algemene beperkings op gedrag word in die gesin ontwikkel (Labuschagné, 1996:3).

Ouers en die gesin is ook veronderstel om as 'n buffer teen stres en trauma te dien. vertroosting en gerusstelling moet veral gedurende tye van stres en trauma aan kinders oorgedra word (Straus, 1990:94). In gevalle waar die gesin nie as buffer teen misdaad en negatiewe invloede dien nie, kan 'n alternatiewe subkultuur buite die gesin gesoek word om as buffer te dien (Straus, 1990:94-95). Hierdie kinders kan die gesin verruil vir 'n subkultuur van prostitusie, waar eie bande gevorm word en andersoortige motiverings, gedrag, persepsies en dissipline geld. Die subkultuur dien dus as 'n substituuat-kwasi-gesin. Volgens Schurink et al. (1995:23) is 'n problematiese verhouding tussen die ouer en kind, die sosiale opset in die gesin wat 'n stootkrag tot onuithoudbare omstandighede vir kinders is. Die bewustheid tot en die geleentheid vir "beter" lewensomstandighede kan moontlik 'n aantrekkingskrag tot prostitusie wees. Kinders word gedryf tot prostitusie deur omstandighede in die gesin. Kinders wat nie 'n sin van "behoort" by hul ouerhuise ervaar nie en wat aan oneffektiewe toesig, swak dissipline, waardes en norme blootgestel word, kan tot prostitusie gedryf word. Prostitusie word die "vervanging" van laasgenoemde behoeftes.

Trekkragte wat betrokkenheid by misdaad verhoog, is strukturele probleme soos byvoorbeeld: armoede, werkloosheid, misdadige portuurgroepe, deprivasie, onsekerheid, minderwaardige status, beperkte geleenthede en ongelykheid, aantrekkingskragte, afwykende gedrag, propaganda, egskeiding, enkel-ouer-gesinne, haweloosheid, alkohol- en dwelmmiddelmissbruik, mishandeling, geweld, misdadige portuurgroepe, seksuele gratifikasie en 'n begeerte tot 'n hoër status (Barkan, 1997:195-196; Bartollas, 1997:228; Siegal & Senna, 1997:187; Schmallegger, 1996:260).

Bogenoemde trekkragte kan jeugdige moontlik tot prostitusie aantrek. So kan meisies wat afwykende gedrag toon, afkomstig is uit enkel-ouer-gesinne of emosioneel, fisiek of seksueel mishandel is, na prostitusie aangetrek word. Ander faktore wat ook as aanloklike trekkragte tot prostitusie kan dien is, haweloosheid, alkohol- en dwelmmiddelmissbruik, interaksie met misdadige portuurgroepe, finansiële probleme en 'n begeerte tot 'n hoër status en na beter lewensomstandighede (bv. 'n glansryke lewe).

Innerlike en uiterlike beheersing help jeugdige om interne en eksterne stoot- en trekkragte (wat aanleiding gee tot afwykende gedrag) te beheer of aan toe te gee (Barkan, 1997:195). Hiervolgens sal jeugdige met swak eksterne en interne beheersing meer geneig wees om by afwykende gedrag soos prostitusie betrokke te raak (Bartollas, 1997:176).

2.8.2.1 Evaluering van die beheersingsteorie

Walter Reckless het gepoog om 'n holistiese teorie te ontwikkel wat sowel sielkundige (innerlike kragte) as sosiologiese gedragpatrone (uiterlike kragte) in afwykende gedrag verklaar (Reid, 1994:251). Reckless se beheerteorie is 'n omvattende teorie wat afwykende gedrag verklaar.

Ten spyte hiervan kan hierdie teorie nie verklaar hoekom individue wat aan dieselfde afwykende gedrag skuldig is, verskillend geëtiketteer word deur die gemeenskap nie.

Reid (1994:251) voer aan dat Reckless se konsepte te vaag is, die teorie te algemeen, die trefkrag te wyd en daar is 'n gebrek aan 'n kontrolegroep. Die graad (sterk of swak) van innerlike en uiterlike beheersing is ook moeilik om te toets (Brown et al., 1996:304). Dié teorie verduidelik nie hoekom sommige kinders met 'n lae selfbeeld nie afwykende gedrag toon nie. Reid (1994:251) toon verder dat Reckless se beheersingsteorie doeltreffend sal wees wanneer dit in samewerking met ander teorieë (bv. Sutherland se differensiële assosiasieteorie) aangewend word.

Ten spyte van die kritiek ondersteun Jensen en Ferracuti Reckless se bevindinge (Bartollas, 1997:177). Jensen het ook in sy studie bevind dat 'n goeie selfbeeld afwykende gedrag sal voorkom. Ook Ferracuti en sy kollegas is van mening dat daar 'n verband tussen 'n lae selfbeeld en afwykende gedrag is (Bartollas, 1997:177).

2.8.3 Die sosiale beheersingsteorie van Travis Hirschi

Die sosiale beheersingsteorie is gedurende die 1950's deur Albert Reiss geformuleer (Ellis & Walsh, 2000:321). Volgens Reiss het meeste die jeugdige nie 'n verbintenis met konvensionele persone soos byvoorbeeld die gesin nie – hierdie jeugdige is volgens hom ongesosialiseerd (Ellis & Walsh, 2000:321). Reiss se teorie is deur Travis Hirschi in die 1960's uitgebrei. In sy boek *Causes of Delinquency* (1969) wys Hirschi daarop dat individue en groepe deur middel van gesonde sosialisering en normatiewe konsensus 'n belangrike (positiewe) sosiale band vorm. Hierdie band ('n skakel of verbintenis) word deur middel van sosiale instellings tussen individue

en die samelewing geskep (Schmalleger, 1996:261; Schoemaker, 1996:164). Indien hierdie band swak is, of nie bestaan nie, kan dit tot misdadige of afwykende gedrag lei (Brown et al., 1996:309; Schmalleger, 1996:261).

Hirschi was van mening dat individue "vry" is om misdaad te pleeg en dat gedrag deur verskillende grade van moraliteit bepaal word (Williams & McShane, 1994:188). Volgens Hirschi word aanvaarde of konformerende gedrag deur geïnternaliseerde norme en 'n bewustheid van en begeerte tot aanvaarding beïnvloed. Hy verwerp die idee dat motivering nodig is om by afwykende of misdadige gedrag betrokke te raak (Williams & McShane, 1994:188).

Volgens Hirschi het die samelewing wyses ontwikkel om beheer oor lede van die gemeenskap uit te oefen. Sodoende beheer die gemeenskap die neiging tot afwykende gedrag (Campagna & Poffenberger, 1988:68; Naffine, 1987:54). Hierdie beheer hou verband met die verbintenis aan konvensionele sosiale instellings (soos die gesin, skool en die kerk) en die morele kode in 'n samelewing wat 'n persoon van misdadige gedrag kan weerhou (Barkan, 1997:199; Siegal & Senna, 1997:188).

Volgens Hirschi is diegene met sterk sosiale bande tot sosiale groepe, soos die gesin en skool, minder geneig tot misdadige handeling (Campagna & Poffenberger, 1988:68). Die gesin beskik oor al die nodige elemente vir sosialisering, aanvaarding en oorlewing in die gemeenskap (Bartollas, 1997:178). Hierdie elemente vorm 'n sterk sosiale band tussen die individu en sy onmiddellike omgewing. Misdaad hou dan verband met swak bande wat tussen individue en die samelewing bestaan (Schmalleger, 1996:261). Hiervolgens word misdadige gedrag aan die kwaliteit van 'n band tussen 'n individu en die samelewing verbind (Bartollas, 1997:177; Siegal & Senna, 1997:188). Die beheerteorie wys daarop dat jeugmisdaad die resultaat van swak verbintenis met die gesin, skool, kerk, portuurgroep en ander instellings is. Swak verbintenis

met hierdie informele instellings kan aanleiding gee tot die vertoon van misdadige handeling (Siegal & Senna, 1997:175). Hirschi baseer hierdie siening op Durkheim se aanname, naamlik: hoe vryer 'n individu van sosiale bande is (swak sosiale bande met betekenisvolle ander persone en die gemeenskap), hoe meer geneig is hy/sy om misdadige gedrag te toon (Barkan, 1997:200). Durkheim het hom soos volg hieroor uitgelat: "The more weakened the group to which (the individual) belongs, the less he depends on them, the more he consequently depends only on himself and recognizes no other rules of conduct than what are founded on his private interests" (aangehaal in Barkan, 1997:199-200).

Ellis en Walsh (2000:321) voer aan dat die kern van die beheersingsteorie in die sosialiseringsproses van kinders gesetel is. Dié outeurs poneer dat die wyse waarop kinders gesosialiseer word, sal bepaal tot watter mate hulle emosioneel op hulle betekenisvolle ander sal steun. Williams en McShane (1994:191) het Hirschi se teorie in die volgende ses aannames saamgevat:

- Menslike eienskappe soos byvoorbeeld beloning en selfbehoud impliseer dat menslike gedrag selfgesentreerd is
- Dit is belangrik om menslike gedrag te reguleer tot voordeel van alle mense in die samelewing. Met ander woorde, konformering tot aanvaarbare waardes en norme kan daartoe bydra dat 'n gemeenskap in harmonie lewe
- Die morele kode (vir 'n gesonde samelewing) word deur regulasies en reëls gevorm
- Deur middel van sosialisering en samelewingsinstellings word 'n individu gebind aan die morele kode van die samelewing
- Hierdie band bestaan uit elemente wat konformerende gedrag bepaal en versterk. Die elemente van hierdie band bestaan uit: *Gehegtheid* aan betekenisvolle ander soos byvoorbeeld ouers, die skool, kerk en portuurlede; *verbintenis* aan die konvensionele samelewing, byvoorbeeld wetsgehoorsaamheid; *betrokkenheid* by konvensionele

aktiwiteite soos byvoorbeeld skolastiese en/of tersiêre opleiding en *geloof of oortuiging* in die samelewingswaardes en -norme (Greenberg, 1999:66-69; Williams & McShane, 1994:191).

Volgens Hirschi hou veral gehegtheid en verbintenis (ongeag sosiale klas of posisie) met mekaar verband (Schoemaker, 1996:165). Verder is gehegtheid, betrokkenheid, verbintenis en geloof interafhanklik, maar hierdie elemente wissel in grade, terwyl een element nie belangriker is as 'n ander nie (Schoemaker, 1996:165). In teenstelling hiermee meld Bartollas (1997:178) dat voorstanders van die beheerteorie gehegtheid as die belangrikste element beskou om misdaad te voorkom. Thomas Bernard (1987) (in Williams & McShane, 1994:193) is egter van mening dat gebondenheid die primêre element van die sosiale band met die betekenisvolle ander is wat al die ander elemente beïnvloed.

➤ **Gehegtheid**

Gehegtheid verwys na die emosionele band wat tussen kinders en hulle ouers bestaan (Greenberg, 1999:67). Hierdie band kan onder andere die volgende insluit: vertroue, respek, intimiteit, identifikasie met en sensitiwiteit vir portuurlede en ouers, positiewe sienings van betekenisvolle ander persone, ouerlike toesig, intieme kommunikasie met ouers en 'n positiewe houding teenoor die skool en onderwysers (Ellis & Walsh, 2000:322; Williams & McShane, 1994:191).

'n Mens se sensitiwiteit vir ander se belange is veral hier van belang. Gehegtheid verwys na 'n sielkundige en/of 'n emosionele verbintenis tussen 'n individu en 'n ander persoon of groepe

(Greenberg, 1999:66-69; Schoemaker, 1996:164). Die vermoë om sensitief te wees teenoor ander se opinies en gevoelens word by hierdie element ingesluit.

Die aanvaarding van sosiale norme en die ontwikkeling van 'n sosiale bewustheid word bepaal deur die tipe verbintenis met ander persone, en of daar vir hulle omgee word (Siegal & Senna, 1997:188). Hirschi beskou die gesin, portuurgroep en die skool as sleutelgroepe waaraan 'n individu verbind moet wees. Die gesin is die belangrikste groep waaraan 'n kind geheg moet wees (Bartollas, 1997:179). Volgens McKendrick en Hoffmann (1990:6) is die gesin 'n belangrike faktor in die sosialiseringproses van kinders. Die gesin en ander organisasies, soos byvoorbeeld die skool, leer kinders om selfstandig en in groepverband te funksioneer. Kinders leer ook hier om die waardes en norme van die samelewing te integreer.

Hirschi beskou alle vorme van gehegtheid as voordelig (Greenberg, 1999:66-69; Siegal & Senna, 1997:197). Al word 'n gesin verbreek deur 'n egskeiding of vervreemding, sal gehegtheid aan een of beide ouers steeds die kind van misdadige gedrag kan weerhou. Wanneer hierdie gehegtheid egter ontbreek, kan dit disrespek teenoor outoriteitsfigure tot gevolg hê (Siegal & Senna, 1997:189). Misdadige of afwykende gedrag soos prostitusie sal afhang van 'n kind se gehegtheid aan ander betekenisvolle persone, soos byvoorbeeld ouers, die skool, die kerk en portuurs. Kinders wat nie geheg is aan die betekenisvolle ander of instellings nie, sal meer geneig wees om by misdaad betrokke te raak (Siegal & Senna, 1997:197). Bowker (1978:152) staaf hierdie stelling deur te meld dat onder ander prostitute nie sterk bande van liefde en toegeneentheid met hulle ouers het nie.

Die kern van die geïnternaliseerde norme en die bewustheid daarvan lê in die gehegtheid wat 'n individu aan die betekenisvolle ander toon (Brown et al., 1996:310). Die vermoë om sensitief

teenoor ander persone te wees, hou verband met die vermoë om norme te internaliseer en om 'n bewustheid te ontwikkel.

Volgens Hirschi is kinders wat by misdaad betrokke raak, eensame individue wat verwyderd is van hulle gesinsbande (Greenberg, 1999: 66-68; Siegal & Senna, 1997:192). Kinders wat sterk bande met die gesin, die skool en die portuurgroep handhaaf, sal minder geneig wees om by misdaad betrokke te raak (Bartollas, 1997:178; Greenberg, 1999:66-69; Siegal & Senna, 1997:175). Jeugdiges met sterk gesinsbande sal die skool as betekenisvol ervaar, akademies suksesvol wees en hulle aan formele opleiding verbind (Siegal & Senna, 1997:197).

In aansluiting hiermee beskou Siegal en Senna (1997:285) swak ouer-kind-kommunikasie as die rede waarom 'n groot aantal kinders wegloop van hulle ouerhuise af. Ter wille van oorlewing raak hierdie kinders betrokke by straatmisdade soos diefstal en prostitusie (Acoca, 1998:562; Nadon, Koverola & Schuldermann, 1998:206). Navorsing (Lagrange en Silverman, in Siegal & Senna, 1997:192) toon dat die band tussen ouers en kinders en hulle gehegtheid aan mekaar, 'n belangrike voorspeller van jeugmisdad is. Hulle het bevind dat jeugdiges met sterk ouerbande spanning beter kan hanteer as diegene met swak ouerbande. Hierdie kinders ontwikkel ook vinniger aanvaarde sosiale vaardighede en handhaaf gesonde sosiale bande. In aansluiting hierby het teoretici (Barkan, 1997:199-200) wat die sosiale beheerteorie getoets het, bevind dat jeugdige wat sterk bande met hul ouers, onderwysers, skool en skoolaktiwiteite aan konvensionele reëls glo en laer misdaadpatrone toon as kinders wat nie daarby betrokke is nie. Schoemaker (1996:165) meld egter dat gehegtheid aan ouers en portuurlede moontlik 'n kind kan verhoed om gesonde bande met die skool te vorm en om wettige opleiding na te streef, veral as die individu van 'n laer of werkende klas afkomstig is.

➤ **Verbondenheid**

Verbondenheid is die proses waarvolgens individue deur middel van gehegtheid hulle tot die morele kode van die samelewing verbind (Ellis & Walsh, 2000:32). Volgens Williams en McShane (1994:190) behels verbondenheid die volgende: betrokkenheid in die konvensionele samelewing (bv. opvoeding, beroep en die gesin), akademiese bevoegdheid, opvoedkundige aspirasies en verwagtinge, doelbereiking-oriëntasie, 'n verwagte beroep en die belangrikheid van 'n reputasie.

Sowel Barkan (1997:178) as Brown et al. (1996:310) sluit hierby aan deur na verbondenheid te verwys as 'n individu se toegeneentheid en respek wat teenoor ouers, onderwysers, vriende, skool, kerk en betekenisvolle ander vertoon word. Dit verwys na die "belegging" van tyd, energie en emosies in konvensionele aktiwiteite (Williams & McShane, 1994:189). Volgens Barkan (1997:200) sluit verbondenheid ook beroepsvoorbereiding en wetsgehoorsaamheid in. Indien misdadige gedrag oorweeg word, sal 'n kind wat tyd, energie en emosies in konvensionele aktiwiteite belê het, eers die risiko's en gevolge van misdadige gedrag opweeg teen dit wat hulle kan verloor (Schmallegger, 1997:261). Met ander woorde, individue word volgens hierdie element as rasioneel beskou as mense wat die gevolge van hul besluite moet opweeg en verantwoordelikheid moet neem vir hul aksies (Brown et al., 1996:310). Volgens Hirschi word die verbintenis tot tradisionele aktiwiteite as "algemene kennis" beskou, aangesien hierdie element daartoe bydra dat vooruitgang, behoud, voordeel en status in 'n samelewing verkry word (Brown et al., 1996:310).

Volgens McCord en Laub (1995:226) is skool prestasie en intelligensie belangrike faktore wat moontlike betrokkenheid by misdadige of afwykende gedrag bepaal. Hierdie faktore kan ook belangrike verskille in klas en die gesinsopset verklaar. Dit impliseer dat die middel en hoër klas meer betrokke is by skoolprestasie en meer intelligent is as die laer klas. Dus sal die middel en hoer klas volgens McCord en Laub minder by misdadige aktiwiteite betrokke wees.

Deur middel van verbondenheid aan betekenisvolle ander, ontwikkel mense 'n sin van behoort, betekenis en beheer in hul lewens (Straus, 1990:176). As gevolg van swak of onduidelike verbintnisse en beheer kan sommige meisies wat seksueel misbruik word moontlik óf mans vermy óf oorkompenseer en seksueel promisku raak. Sodoende kan hulle in prostitusie verval (Straus, 1990:177). Beperkte skolastiese opvoeding en 'n gebrek aan beroepsondervinding kan daartoe aanleiding gee dat beperkte wettige geleenthede beskikbaar is (Nadon et al., 1998:206). Derhalwe sal hierdie kinders ter wille van oorlewing hul tot prostitusie wend (Nadon et al., 1998: 206).

➤ **Betrokkenheid**

Volgens Williams en McShane (1994:190) verwys *betrokkenheid* na: die tydsbestek wat aan tradisionele aktiwiteite soos byvoorbeeld deelname aan sport, werk, rekreasie-aktiwiteite en belangstellings gespandeer word. Ander belangrike faktore is die tyd wat aan huiswerk bestee word, 'n gebrek aan ledigheid en die hoeveelheid tyd wat aan kommunikasie met vriende bestee word (Williams & McShane, 1994:190).

Indien iemand besig bly met konvensionele aktiwiteite, beskerm isoleer en weerhou dit die persoon om by onkonvensionele aktiwiteite betrokke te raak (Brown et al., 1996:311). Die uitdrukking "idle hands are the devil's workshop" beteken dat betrokkenheid by konvensionele aktiwiteite misdadige gedrag voorkom (Barkan, 1997:261; Brown et al., 1996:311). Volgens Hirschi is tyd en energie beperk en wanneer 'n persoon wettige doelwitte en aktiwiteite nastreef, sal daar beperkte tyd en geleenthede tot misdaad en afwykende gedrag wees (Schmallegger, 1996:261).

Volgens Siegal en Senna (1997:283) kan swak skoolprestasie aanleiding gee tot afwykende gedrag. Jeugdiges wat swak presteer kan by prostitusie betrokke raak aangesien hulle nie verbonde is aan of besig is met formele opleiding en akademiese opvoeding nie (Du Plessis, 1996:77; Nadon et al., 1998:206). Met ander woorde, kinders wat nie betrokke is by tradisionele aktiwiteite soos skool, sport of die kerk nie, kan moontlik in afwykende gedrag soos prostitusie verval.

➤ **Geloof**

Geloof of *oortuiging* verwys na die aanvaarding van morele waardes, wette en norme wat in die konvensionele samelewing voorgeskryf word (Barkan, 1997:200; Schoemaker, 1996:165). Dié element impliseer dat die samelewing se reëls “regverdig” is (Williams & McShane, 1994:189). Met ander woorde, ‘n individu respekteer en aanvaar die reëls, regulasies en norme van die samelewing en voel dan moreel verplig om dit te gehoorsaam. Die beheerteorie wys daarop dat daar ‘n gemeenskaplike waardesisteem binne ‘n samelewing bestaan. Die mate van belegging in konvensionele morele standaarde sal bepaal of ‘n individu by misdaad betrokke sal raak (Schmalleger, 1996:262).

Hirschi postuleer in sy sosiale beheerteorie dat individue in die gemeenskaplike waarde, norme en reëls gesosialiseer word en dat verskeie variasies hiervan bestaan (Brown et al., 1996:311). Hoe sterker ‘n persoon se geloof in die konvensionele orde, hoe minder is die kans dat so ‘n persoon by misdaad betrokke sal raak (Brown et al., 1996:311). Die sosiale beheerteorie veronderstel dat verskeie vorme van misdadige en afwykende gedrag, soos onder andere dwelmmiddelmisbruik, deelname aan seksuele aktiwiteite, wegloup van die skool, geweld en

oormatige alkoholmisbruik, aanloklik vir tieners kan wees (Acoca, 1998:562; Nadon et al., 1998:206; Siegal & Senna, 1997:186).

Verder word gefokus op die sterkte en rigting van jeugdige se bande met konvensionele groepe, betekenisvolle individue en instellings. Uit bogenoemde kan afgelei word dat diegene wat gesonde verhoudings met hul ouers, vriende en onderwysers handhaaf en wat 'n positiewe selfbeeld het, in staat sal wees om die aanloklikheid van misdadige gedrag teen te staan. Jeugdige wat 'n gebrek aan sosiale ondersteuning ondervind, kan moontlik by misdaad betrokke raak aangesien hulle niks het om te verloor nie (Siegal & Senna, 1997:186).

2.8.3.1 Evaluering van die sosiale beheersingsteorie

Die sosiale beheersingsteorie is 'n positivistiese-mikroteorie wat konformerende gedrag verduidelik en afwykende of misdadige gedrag op grond van invloede van die gesin, die skool, die kerk en wetsgehoorsame portuurlede verklaar (Williams & McShane, 1994:190). Hierdie teorie is onderwerp aan verskeie empiriese toetse waarby verskillende ouderdomsgroepe betrek is. Die resultaat is dat die basiese grondslag van die teorie min bevraagteken word (Brown et al., 1996:311; Williams & McShane, 1994:192).

Hirschi se teorie verklaar laer-, middel- en hoërklasbetrokkenheid by afwykende gedrag (Williams & McShane, 1994:192). Die sosiale beheerteorie beklemtoon die bestaan van 'n algemene waardesisteem in die samelewing. Verder fokus dit op die proses waarvolgens 'n sosiale band verswak en nie soseer op die redes vir die bestaan van 'n swak band nie (Williams & McShane, 1994:190).

Conklin (1995:239) is van mening dat die sosiale beheerteorie nie die sosiaal-strukturele oorsake en motivering van misdadige gedrag aanspreek nie. So byvoorbeeld word veroorsakende faktore (armoede, emosionele, fisieke en seksuele eksploitering) wat moontlik tot afwykende gedrag kan aanleiding gee, nie in ag geneem nie. Verder meld Conklin (1995:239) dat 'n volledige sosiale beheerteorie sosiale, ekonomiese en kulturele invloede of motivering vir misdadige gedrag moet insluit.

Volgens Williams en McShane (1994:180-182) ondersteun nie al die studies in verband met die beheersingsteorie die sosiale beheerteorie se aanname rakende konformiteit nie. Teoretici (Williams & McShane, 1994:180-182) voer aan dat gehegtheid aan samelewingsinstellings aan die hand van verskeie kulturele en historiese waardes verduidelik moet word. Die kwaliteit van geloofs deelname, gesinsinteraksie en skoolaktiwiteite moet ook in ag geneem word om misdadige of afwykende gedrag te verklaar. Williams en McShane (1994:181) meld verder dat navorsing toon dat die effek van die sosiale band op jeugmisdaad ouderdom-spesifiek is. Die sosiale band met ouers word byvoorbeeld as 'n sterker inhibeerder vir jeugmisdaad onder 15-jariges beskou (Williams & McShane, 1994:181). Verder moet teoretici elemente soos byvoorbeeld gehegtheid oor 'n tydperk moet analiseer (Conklin, 1995:239-240). 'n Kind se gehegtheid aan sy/haar ouers moet vanaf kinderdae tot laat adolessensie gemonitor word, ten einde wedersydse invloede te bepaal. Kritici wys daarop dat die sosiale beheerteorie nie die wedersydse verhouding tussen sosiale bande en jeugmisdaad bestudeer nie. Volgens Conklin (1995:240) bestaan daar 'n wedersydse verband tussen die verbintenis van sosiale bande en jeugmisdaad. Jeugmisdaad kan dus 'n sosiale band verswak en 'n ongesonde of swak sosiale band verklaar nie residivisme nie (Williams & McShane, 1994:182). Volgens Williams en McShane (1994:182) moet daar ook aandag geskenk word aan die impak wat die verskeie elemente op mekaar het.

Greenberg (1999:66) is van mening dat die sosiale beheerteorie slegs deur selfrapporteringstudies ondersteun word. In 'n meer resente publikasie meld Hirschi (1990) dat daar eerder op 'n individu se psigologiese vermoë as op integrasie in die gemeenskap gefokus moet word (Ellis & Walsh, 2000:321; Greenberg, 1999:66). Hirschi was van mening dat hoë opvoedkundige verwagtinge betrokkenheid by afwykende gedrag sal stuit. In teenstelling hiermee het Greenberg (1999:72) bevind dat opvoedkundige spanning 'n hoë deelname aan afwykende gedrag verteenwoordig. Hierdie bevinding ondersteun dus eerder Merton se anomieteorie as die sosiale beheerteorie. Herman en Julia Siegal Schwendinger (in Trojanowicz & Morash, 1992:71-72) het in teenstelling met Hirschi bevind dat jeugdige wat aan akademiese verpligtinge verbind is (gebaseer op hulle skoolprestasie) wel afwykende of misdadige gedrag toon. Hierdie navorsers is van mening dat daar eerder op ekonomiese faktore gelet moet word om betrokkenheid by afwykende of antisosiale gedrag te verklaar (Trojanowicz & Morash, 1992:72). Ook Jensen (1995) (in Greenberg, 1999:73) het bevind dat afwykende gedrag meer teenwoordig is by verwagtinge wat gepaard gaan met hoë spanning. Alhoewel Hirschi se teorie deur selfrapporteringstudies ondersteun word, is Greenberg (1999:74) van mening dat die teorie nie so empiries sterk is as wat geïmpliseer word nie.

Hirschi het in 1990 sy sosiale beheerteorie hersien en bevind dat jeugmisdaad en die elemente van sosiale beheer eerder gevolge van lae selfbeheersing is (Greenberg, 1999:74). Kritici (Greenberg, 1999:76) meen dat Hirschi verkeerdelik die ooreenstemming tussen Merton se anomieteorie en sy sosiale beheerteorie bevraagteken het. Die spanningsteorie beklemtoon die verskille tussen individue en hul moontlike "gewin" van misdadige en nie-misdadige gedrag, terwyl die sosiale beheerteorie van Hirschi die koste hiervan verduidelik (Greenberg, 1999:74, 76).

Verder word daar verklarings vir sekere tipes misdade, soos byvoorbeeld jeugwangedrag en straatmisdad gegee, terwyl die voorkoming en beheer van georganiseerde, koöperatiewe en witboordjiemisdad geïgnoreer word. Ten einde hierdie leemte aan te spreek het Hirschi en Gottfredson die sosiale beheerteorie uitgebrei om onder andere witboordjiemisdad te verklaar (Williams & McShane, 1994:192).

Hirschi se sosiale beheerteorie is veral van toepassing op kinderopvoeding. Kinders word aangemoedig om aan konvensionele aktiwiteite soos byvoorbeeld sport en opvoeding deel te neem. Ouers moedig ook hul kinders aan om hul te verbind tot opvoedkundige en professionele doelwitte om hul kinders te laat konformeer. Hirschi se oorspronklike studie, waarin die sosiale beheerteorie getoets is, het meisies uitgesluit. Hy het egter aanbeveel dat toekomstige studies meisies moet insluit (Brown et al., 1996:311). Verskeie teoretici (Brown et al., 1996:311) wat die beheerteorie later toegepas het, het meisies by hulle studies ingesluit en soortgelyke resultate as Hirschi se studie met seuns verkry (Brown et al., 1996:311). Derhalwe is Travis Hirschi se sosiale beheerteorie 'n wetenskaplik aanvaarbare teorie om kinderprostitusie onder meisies te verduidelik.

2.9 SAMEVATTING

Mites rakende prostitusie en kinderprostitusie is in Hoofstuk 2 uiteengesit. Verskeie teoretiese perspektiewe, leemtes en bydraes met betrekking tot die voorkoms van kindersekswerk, is ook in hierdie hoofstuk bespreek. Vervolgens sal daar in Hoofstuk 3 aandag geskenk word aan die afgehandelde navorsing in verband met kindersekswerk.

3. AFGEHANDELDE NAVORSING

3.1 INLEIDING

Vervolgens sal die afgehandelde navorsing rakende kindersekswerk bespreek word.

3.1.1 Afgehandelde navorsing rakende kindersekswerk

Die meeste slagoffers van kinderprostitusie is vroulik terwyl die meeste oortreders ten opsigte van hierdie misdaad volwasse mans is (Du Plessis, persoonlike mededeling, 10 Mei 1997). Dit dra daartoe by dat ouer mans (bv. vragmotorbestuurders en mynwerkers), geneig is om kindersekswerkers te vergoed in terme van behuising, skoolfooie, kapitaal, kleding en voedsel (De Kock, 2001:40-41). Volgens Du Plessis (persoonlike mededeling, 10 Mei 1997) prostitueer veral werklose adolessente meisies met beperkte skolastiese opleiding aangesien hulle geleentheid tot wettige werk beperk is.

Koen, Van Vuuren en Anthony (2000:10) beweer dat kinders prostitueer om hulle gesinne te onderhou. Kinderprostitute word ook by sluikkroeë ("shebeens") en gehuggies (informele behuisingeenhede oftewel "shacks") verkoop. Verder postuleer Koen et al. (2000:10) dat skoolgaande kinders deur hulle gesinne en bendes in die Kaapse vlaktes as seksslawe verkoop word.

3.2 PROFIEL VAN KINDERSEKSWERKERS

Kinderprostitute word veral uitgeken aan sekere eienskappe (bv. 'n lae selfbeeld), faktore (bv. swak skolastiese opleiding) en omstandighede (bv. armoede) wat hulle aan sekswerk blootstel

(Du Plessis, 1996:46; Ennew, 1986:88; Koen et al., 2000:35; Siegal & Senna, 1997:292).

Volgens hierdie outeurs kan kindersekswerkers en potensiële kinderprostitute aan die volgende eienskappe gekenmerk word. Hulle:

- Ouderdom wissel van vier tot 17 jaar
- Verhuis van die platteland na stede (veral Johannesburg) om werk te soek
- Het van plekke/hawes van veiligheid, rehabilitasiesentrums of instansies (bv. verbeteringskole) weggeloop of gedros
- Het mishandeling (emosioneel, fisiek en seksueel) in hulle ouerhuise ervaar
- Is betrokke by portuurgroepe wat prostitusie bedryf
- Is aan armoedige omstandighede onderwerp en as gevolg van armoede is hulle ook verwaarloos
- Beskik oor beperkte skolastiese opleiding
- Is vir hulle eie oorlewing verantwoordelik
- Is aan onvoldoende volwasse toesig blootgestel
- Word meestal deur emosionele onvolwassenheid, aandagsoekende gedrag (bv. flirtasie) en 'n lae selfbeeld gekenmerk wat hulle kwesbaar vir prostitusie maak (Du Plessis, 1996:46; Ennew, 1986:88; Koen et al., 2000:35; Siegal & Senna, 1997:292).

Tydens 'n referaat wat (in Pretoria, Mei 2001) deur Le Roux by die South African Professional Society on the Abuse of Children (SAPSAC) Konferensie gelewer is, is gemeld dat demografiese eienskappe soos byvoorbeeld ras en klas nie 'n rol by mishandeling speel nie, aangesien kinders van alle rasse en klasse mishandel word.

3.3 OORSAKE VIR KINDERPROSTITUSIE

Volwassenes misbruik hulle ekonomiese en politieke magte om kinders seksueel te viktimiseer. Dit impliseer dat kindersekswerk onder andere toegeskryf kan word aan ongelykhede in die samelewing, aangesien kinders nie aanspraak kan maak op dieselfde regte as volwassenes nie (Le Roux, Mei 2001).

Volgens Visser (1985:31) behoort vier perspektiewe in ag geneem te word wanneer die oorsake van kinderprostitusie bespreek word. Eerstens, kan die deelname aan prostitusie as 'n keuse tot 'n opwindende lewe beskou word (hierdie "beroep" bied ook 'n goeie inkomste). Tweedens, kan die verskynsel as die resultaat van 'n verskeidenheid van sowel gedwonge as ongedwonge negatiewe faktore beskou word. Hierdie faktore kan ook die presipiterende (bv. weglopery) en predisponerende (bv. mishandeling) faktore genoem word. Derdens, bevorder begeertes aan beide kapitaal en perverse plesier (veral die aanvraag vir seks met kinders vir geld) die voortbestaan van verskynsels soos kinderprostitusie (Koen et al., 2000:43). Vierdens, kan prostitusie aan "trek"- en "stoot"- kragte toegeskryf word. Reckless (Lilly et al., 1995:84-85) se beheersingsteorie hou verband met Visser (1985) se standpunt, aangesien Reckless ook na presipiterende ("trek" kragte) en predisponerende ("stoot" kragte) faktore in sy teorie verwys. Hierdie faktore kan byvoorbeeld daartoe bydra dat deelname aan prostitusie bevorder word. Predisponerende faktore wat tot kindersekswerk kan aanleiding gee is onder andere: psigologiese faktore (soos 'n problematiese ouer-kind-verhouding); inkonsekwente dissipline, innerlike spanning, geweld, emosionele aftakeling, mishandeling (emosioneel, fisiek en seksueel), aggressie, gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid, rebellie, 'n disfunksionele gesin, substansiemisbruik, verwerping en 'n verbrokkelde ouerhuis (Du Plessis, 1996:62; Gordon, 1988:120-167; Visser, 1985:31-33). Hierteenoor sluit die presipiterende faktore oftewel "trek" kragte die volgende in: beloftes van vryheid en geld, besoeke aan nagklubs, restaurante en winkelsentrums (vir 'n meer opwindende lewenswyse), portuurdruk, weglopery en

die behoefte om finansiëel te oorleef in (Adler & Simon, 1979:22; Cole & Theron, 1994:110; Du Plessis, 1996:55; Jehu, 1988:134; Lilly et al., 1995:87; Smit, 1996:4).

Aangesien die oorsake van kinderprostitusie nie aan 'n enkele faktor toegedig kan word nie, bestaan daar verskeie faktore om die oorsake van kindersekswerk te verduidelik. Faktore soos byvoorbeeld armoede, dwang, verleiding, konflik binne die gesin, 'n lae selfbeeld, alkohol- en dwelmmiddelmisbruik, mishandeling en 'n gebrek aan behuising vir hawelose kinders kan deelname aan prostitusie bevorder (Campagna & Poffenberger, 1988:38; Gordon, 1988:120; Kenny & Lane, 1996:361-378). Volgens Biehal en Wade (2000:211-225) word veral vermiste kinders oftewel wegloopkinders deur dwelmmiddelsindikate by prostitusie betrek en vasgevang.

Die volgende faktore in Suid-Afrika is geïdentifiseer as bydraend tot die groeiende kinderseksmark: 'n toename in werkloosheid, relatief lae vlakke van skoolastiese opvoeding, die nukleêre gesin wat vervang word deur die uitgebreide gesinsisteme; veranderinge in godsdienstige en kulturele norme, 'n verbroke gesinslewe en 'n gebrek aan gemeenskapsondersteuningstelsels (bv. die kerk en sekulêre verenigings – soos sportklubs) (Koen et al., 2000:43). 'n Gebrek aan sosiale welsyn en plekke van veiligheid, effektiewe en toepaslike ondersoek van kinderprostitusie, swak vervolging van en ligte vonnisse vir kinderviktimiseerders kan ook kinderprostitusie bevorder, aangesien hierdie verskynsel nie as 'n prioriteit in die gemeenskap beskou word nie. Verder veroorsaak 'n toename in aanvraag vir seks met swart kinders (veral deur kliënte van Europese lande en Noord-Amerika) en veranderinge in aanvraag (meer kinders) in nasionale en internasionale seks-industrieë dat daar 'n toename in kinderprostitusie is. Sowel 'n toename in aanvraag vir seks met jonger kinders as die foutiewe aanname dat kinders nie draers van seksueel oordraagbare siektes en VIGS is nie kan veroorsaak dat die deelname aan kinderprostitusie in Suid-Afrika bevorder word (Koen et al., 2000:43).

McClanahan, McClelland, Abram en Teplin (2000:1606-1613) se navorsing hou verband met Koen et al. (2000) se bevinding aangesien hierdie outeurs van mening is dat kinderprostitute aan seksuele viktimisasie, weglopery en dwelmmiddelmisbruik gedurende hulle kinderdad blootgestel is. Verder is Schurink (1996:12-13) van mening dat 'n verbroke ouerhuis, mishandeling, bloedskande, 'n onvoldoende skolastiese opvoeding, weglopery, finansiële probleme en 'n soektog na opwinding en vryheid 'n beroep soos prostitusie aanloklik kan maak. Du Plessis (1996:16) beweer dat dwelmmiddelmisbruik en pronografie ook tot kindersekswerk aanleiding kan gee. Hy wys daarop dat nie alle meisies wat aan armoede blootgestel is en van hulle ouerhuise wegloop, by prostitusie betrokke sal raak nie. Vervolgens sal die oorsake van kinderprostitusie nader toegelig word.

3.3.1 Mishandeling

Volgens Bartollas (1997:236) verwys *kindermishandeling* na fisieke, emosionele, verbale, mediese en seksuele mishandeling. Die oorsake van kindermishandeling is kompleks en sluit onder andere faktore soos byvoorbeeld werkloosheid, stres, 'n groot gesin en sosiale isolasie in (Kenny & Lane, 1996:361-378; Reid, 1994:302-303). Kinders wat mishandel is, is gewoonlik passief en onderdanig aan hulle ouers en aan hulle kliënte (McKendrick & Hoffmann, 1990:192). Die gevolg van emosionele en seksuele mishandeling is onder andere: probleme om op skool te presteer, nie-spesifieke siektes (bv. maagpyn en hoofpyn), irritasie en aandag-soekende gedrag (McKendrick & Hoffmann, 1990:192). Volgens Helfer en Kempe (in Siegal & Senna, 1997:306) is die effek van kindermishandeling kumulatief, aangesien: "Once the developmental process of a child is insulted or arrested by bizarre child rearing patterns, the scars remain. One should not be surprised, then, to find that the large majority of delinquent adolescents indicate that they were abused as children". In aansluiting hierby meld Scholtz (Mei 2001) en Reid (1994:303) dat

dit nie verbasend is dat kinders wat seksueel mishandel is by prostitusie betrokke raak nie – aangesien “vandag se slagoffer môre se oortreder is”.

Du Plessis (1996:45) is van mening dat kinders as gevolg van mishandeling (seksueel, fisiek en emosioneel) van hulle huise wegloop en dan by prostitusie betrokke raak. Na raming is 80 % van kindersekswerkers en prostitute as kinders mishandel. Die slagoffers verwerk hulle viktimisering deurdat hulle:

“... escape the abusive situation and end up on the streets of Hillbrow hoping to find solace. Here they have to survive. Some get introduced to drugs, but they cannot find jobs to finance their addiction due to their lack of education. They resort to prostitution as means of survival. Others, on the other hand, do not start with drugs, but with prostitution, and then use drugs to make the horrors of prostitution bearable. Only the drugs can numb their souls sufficiently to cope with these horrors, and only drugs can make the harsh realities of survival on the streets bearable..” (Masemola, 1996:46).

’n Studie deur Schissel en Fedec (1999:33-56) staaf Masemola se aanname aangesien hulle gevind het dat seksuele en fisieke mishandeling bydraende faktore tot kindersekswerk is. Verder het Widom en Kuhns (1996:1607-1612) gevind dat vroeë mishandeling ’n rol in kinderprostitusie kan hê.

3.3.1.1 Seksuele mishandeling

Seksuele mishandeling is die algemeenste vorm van kindermishandeling en kom gewoonlik in disfunksionele gesinne voor waar geslag- en generasieperke (bv. ’n gebrek aan respek en norme) afgebreek is (Dallos & MacLaughlin, 1993:66; McKendrick & Hoffmann, 1990:204). Kinders wat seksueel mishandel word kan blootgestel word aan promiskuïteit, ’n onvermoë om die rol van ’n moeder en/of vrou aan te neem, seksuele disfunksie, jeugwangedrag, alkoholisme, dwelmmiddelmisbruik, depressie en selfmoord (Bartollas, 1997:247; Van der Mey & Neff,

1986:69). Hierdie gedragpatrone is pogings om die herinneringe van mishandeling te verwerk of te ontken. Geheimhouding van seksuele misbruik is meestal op vrees gebaseer – vrees vir vergelding en/of gesinsdisintegrasie (McKendrick & Hoffmann, 1990:166-167). Die kriteria wat gebruik word om vas te stel wat die moontlike risiko's tot seksuele misbruik is, sluit in: disfunksionele gesinne, onvoldoende toesig en armoedige sosiale omstandighede (McKendrick & Hoffmann, 1990:214). Onder die swart jeug dra veral werkloosheid, bloedskande en armoede daartoe by dat hulle seksueel geviktimizeer word (Mwanda, Mei 2001).

Indien 'n kind op 'n vroeë ouderdom seksueel geviktimizeer word, verdubbel dit sy/haar kans om by prostitusie betrokke te raak (McClanahan et al., 2000:1606-1613). Volgens Kratcoski en Kratcoski (1986:145) kan seksuele mishandeling van kinders as 'n bydraende faktor tot prostitusie beskou word. Sowel Straus (1990:94-95) as Reid (1994:302) wys daarop dat meisies wat in die gesin seksueel mishandel is, alternatiewe of substituut-buffers (bv. deelname aan prostitusie) buite die gesin ontwikkel, aangesien hierdie meisies nie 'n goeie moeder-dogter verhouding het nie. Verder postuleer West, Williams en Siegal (2000:49-57) dat hierdie meisies op 'n later stadium in hulle lewe (volwassenheid) ook slagoffers in gewelddadige verhoudinge en van prostitusie word.

Sowel promiskue gedrag as oormatig vroeë seksuele stimulasie kan aanleiding gee tot deelname aan prostitusie (Bartollas, 1997:247; MacFarlane & Waterman, 1986:108). Verskeie outeurs (Du Plessis, 1996:42,57; Bartollas, 1997:247; Siegal & Senna, 1997:291) beskou prostitusie as 'n langtermyn- nuwe-effek van vroeë seksuele mishandeling. Prostitute kan as “oorlewendes” van seksuele mishandeling beskou word (Du Plessis, 1996:94). Ongeag hierdie “oorlewing” meen Cole en Theron (1994:107) dat vroeë seksuele mishandeling permanente fisieke en/of psigiese skade tot gevolg het.

Farley en Hotaling (1996:14) het gevind dat 56 % prostitute tydens hulle kinderjare seksueel mishandel word. Volgens Jehu (1988:134) is 60 % prostitute voor die ouderdom van 16 jaar seksueel mishandel en 70 % van hierdie prostitute het vroeë seksuele eksploitasie (gedurende kinderjare) as rede vir hulle toetrede tot prostitusie beskou. Cole en Theron (1994:112) het gevind dat tien uit die 80 kinders (wat aan hulle studie deelgeneem het) seksueel geviktimizeer is en by prostitusie betrokke geraak het. Verder meld Bartollas (1997:247) dat prostitusie 'n aanloklike keuse vir meisies is wat seksueel mishandel is, aangesien hulle skaam voel oor die mishandeling, "gemerkt" voel en vertrou is daarmee om emosielose seks te verskaf. Dit impliseer dat prostitusie 'n self-vernietigende effek op die beoefenaars kan hê en dat hierdie "beroep" ook 'n weerspieëling van woede, bitterheid en 'n gebrek aan liefde kan wees.

Volgens Dallos en McLaughlin (1993:79) is die meeste volwasse prostitute en kinderviktimizeerders slagoffers van seksuele mishandeling. Voortydige blootstelling (gedurende kinderjare) aan seksuele aktiwiteite veroorsaak dat daar geleer word om te prostitueer. Slagoffers van prostitusie ontwikkel geleidelik 'n verdraaide persepsie van liefde en hulle inhibisies word verminder (Du Plessis, 1996:57). Kindersekswerkers loop dan ook moontlike risiko's (bv. gewelddadige verhoudinge) tot verdere mishandeling, aangesien hulle sosiaal wanaangepas is en nie oor die vermoë beskik om interpersoonlike verhoudinge in stand te hou nie (McKendrick & Hoffmann, 1990:166-167).

McKendrick en Hoffmann (1990:225-227) konstateer dat seksueel mishandelde kinders deur 'n "seksueel mishandelde kind- akkommodasiesindroom" ("child sexual abuse accommodation syndrome") gekenmerk word. Dit impliseer dat die slagoffer (as gevolg van seksuele kontak) haar as die oortreder se gelyke (in volwassenheid) beskou en emosioneel afhanklik raak van die oortreder vir onmiddellike oorlewing. Dit het tot gevolg dat die seksueel mishandelde kind

meestal van aanvaarding en empatie (in die samelewing) geïsoleer word (McKendrick & Hoffmann, 1990:225-227; Summit, 1983:177-193).

Bloedskande kan ook 'n betekenisvolle rol by die deelname aan prostitusie speel. Volgens Farley en Hotaling (1996:14) is die meeste prostitute blootgestel aan bloedskande, of vroeë seksuele mishandeling in hulle ouerhuise. In aansluiting hierby het De Young (1982:64) gevind dat 8% bloedskande-slagoffers gedurende hulle adolessensiejare by prostitusie betrokke raak.

3.3.1.2 Fisieke mishandeling

Fisieke mishandeling van kinders kom in 'n wye spektrum (van 'n stamp tot ernstige brandmerkwonde) en op alle vlakke van die samelewing voor (McKendrick & Hoffmann, 1990:166). Die meeste prostitute en kinderprostitute is slagoffers van fisieke mishandeling. Navorsing deur Farley en Hotaling (1996:10) het getoon dat 82 % van die respondente in hulle studie ernstig fisiek aangerand was vandat hulle die beroep betree het. Navorsing (Siegal & Senna, 1997:285) toon dat misdadige kinders meestal aan inkonsekwente dissipline en uitermatige geweld onderwerp word. Siegal en Senna (1997:285) het bevind dat daar 'n sterk verband tussen fisieke mishandeling, latere aggressie (gedurende volwassenheid) en misdadige gedrag is. Fisieke mishandeling affekteer die ouer-kind-verhouding, verlaag 'n kind se selfbeeld, stigmatiseer die kind (as 'n slagoffer van mishandeling) en beïnvloed die kind se respek vir die regsplegingsstelsel (McKendrick & Hoffmann, 1990:165). Dit beteken dat mishandelde kinders nie vertrou in die regsplegingsstelsel het nie, aangesien hulle slagoffers van volwasse mishandeling is en hulle nie beskerm word nie. Volgens Straus (in Siegal & Senna, 1997:285) is daar 'n betekenisvolle verband tussen die blootstelling aan fisieke mishandeling en straatmisdade (bv. prostitusie, dwelmmiddelhandel en roof).

3.3.1.3 Emosionele mishandeling

Emosionele mishandeling verwys na kroniese geskille tussen ouers en kinders. Dit sluit ook aspekte soos verwerping, verbale mishandeling, sarkasme, intimidasie en teistering in (McKendrick & Hoffmann, 1990:173-174). Hierdie tipe mishandeling kan die emosionele ontwikkeling van kinders benadeel wat veroorsaak dat hulle die reg tot liefde, 'n gevoel van behoort en sekuriteit nie ervaar nie (Bartollas, 1997:245). Die moontlike gevolg hiervan is dat hierdie kinders 'n lae selfbeeld ontwikkel en 'n behoefte aan aandag en liefde ervaar. Emosionele deprivasie kan daartoe aanleiding gee dat kinders stokkies draai, antisosiale gedrag toon en selfs van hulle ouerhuise wegloop. Emosionele mishandeling kan self-vernietigende en self-verwerpende gedrag soos byvoorbeeld selfmoord en deelname aan prostitusie tot gevolg hê (Bartollas, 1997:245). Verder poneer McKendrick en Hoffmann (1990:215) dat emosioneel mishandelde kinders gewoonlik nie op skool presteer nie, en dus nie hulself kan onderhou nie, met die gevolg dat hulle "seksuele vermoëns" hulle enigste sekuriteit word. In aansluiting hierby meld Cole (1992:35) dat emosionele deprivasie 'n bydraende faktor tot kinderprostitusie is.

3.3.2 Ekonomiese faktore

Die stand van 'n land se ekonomie word as 'n primêre oorsaak van sekshandel met kinders, kinderprostitusie en kindermishandeling beskou (Pilisuk, 1998:197-216). 'n Studie in Japan (Akahori, Sakaue, Miyakoshi, Ishii, Tsukada, Fukuda, Yasuhisa, Tahira, Hashimura & Sakuta, 1999:33-37) toon dat kinders om finansiële redes by prostitusie betrokke raak. Verder is bevind dat 20,7 % prostitute vir finansiële redes by prostitusie betrokke raak. Arm vroue en adolessente meisies wat aan Derdewêreld-armoede, 'n Eerstewêreld-ekonomie en patriargale kulturele norme (bv. ekonomiese en seksuele dominansie deur mans) blootgestel word, kan moontlik tot

sekswerk gedwing word (Leuchtag, 1995:11-16). Hierdie siening sluit aan by die Marxistiese aanname dat prostitusie die resultaat van manlike kapitalisme en dominasie is, aangesien vroue ekonomies en sosiaal deur mans onderdruk word.

Sosiaal-ekonomiese faktore (bv. armoede, werkloosheid en vervreemding van die samelewing) kom algemeen in krot- of agterbuurte voor. Dit kan jeugdige “trek” tot afwykende en/of kriminele gedrag (Siegal & Senna, 1997:283). In aansluiting hierby meld Le Roux (Mei 2001) dat kindermishandeling meestal in die laer sosio-ekonomiese klasse van die samelewing voorkom. Hierdie tendens beteken dat laerklas-ouers wat finansiële druk ervaar, as uitlaatklep hulle kinders mishandel. Die onvermoë van hierdie ouers om finansiël vir hulle kinders te voorsien, veroorsaak stres of spanning wat daartoe kan aanleiding gee dat ouers (uit frustrasie) hulle kinders mishandel of toelaat om te prostitueer.

3.3.2.1 Armoede

Volgens Siegal en Senna (1997:5) lewe 20 % kinders wêreldwyd in armoede (onder die broodlyn). Jeugdige word volgens Siegal en Senna (1997:140) meer as volwassenes deur armoede geraak, aangesien minderjarige meer aan onvoldoende voeding, onderrig en gesondheidsdienste blootgestel word. Die rede hiervoor is dat kinders nie oor die vermoë beskik om ekonomies aktief te wees nie. Dit impliseer dat kinders dus afhanklik is van volwassenes om te oorleef.

Bartollas (1997:237) is van mening dat verwaarlosing as sinoniem met armoede beskou moet word. Verskeie outeurs (Davis, 1993:1n1; Farley, 1996:5; Gordon, 1988:120,149; Smit, 1996:2) ondersteun hierdie standpunt en beskou armoede en haweloosheid as bydraende faktore tot

kinderprostitusie. In aansluiting hierby het 'n studie in San Francisco (Farley, 1996:5) getoon dat 84 % prostitute haweloosheid as rede vir toetrede tot prostitusie aangevoer het. Verder beweer Koen et al. (2000:25) dat die meeste kinderprostitute van die platteland afkomstig is waar hulle aan armoedige omstandighede blootgestel was.

Gesinsarmoede kan ook in verband gebring word met kinders se weglopery (Du Plessis, 1996:45). Sowel Miller (1986:9) as Du Plessis (1996:55,62) beweer dat tienersekswerkers, veral in gesinne met 'n lae inkomste wat afhanklik van maatskaplike fondse is en in armoedige omstandighede grootword, gesosialiseer word om te prostitueer. Hierdie meisies ontvlug van hulle armoedige omstandighede (loopweg) en raak dan ter wille van oorlewing by prostitusie betrokke.

3.3.2.2 Werkloosheid

Gedurende 1996 het 'n sensus om die omvang van werkloosheid in Suid-Afrika te bepaal, getoon dat na raming 33 % van die Suid-Afrikaanse bevolking werkloos was (Statistics South Africa, 2000:40). Die werkloosheidsyfer vir 2001 is na raming 26,4% (http://www.news24.co.za/News24/Finance/0,4186,2-8_1085142,00.html). Dit impliseer dat werkloosheid en swak sosiaal-ekonomiese toestande verskynsels soos prostitusie en kinderprostitusie kan bevorder, aangesien geen akademiese kwalifikasies of ondervinding vir hierdie "beroep" vereis word nie (Adler & Simon, 1979:22; Gordon, 1988:149; Smit, 1996:2). Werklose ouers ontwikkel skuldgevoelens aangesien hulle nie genoegsaam vir hulle kinders kan sorg nie (Le Roux, Mei 2001). Hierdie ouers kan uit desperaatheid hulle kinders mishandel deur hulle byvoorbeeld as prostitute te verhuur of te verkoop.

3.3.3 Alkohol- en dwelmmiddelmisbruik

Jeugdiges wat alkohol- en dwelmmiddelmisbruik is meestal afkomstig uit gesinne met swak intra-persoonlike verhoudinge (Du Plessis, 1996:61). Mishandelde kinders misbruik dikwels dwelmmiddels om pyn (negatiewe herinneringe aan mishandeling) en isolasie te verwerk (Bartollas, 1997:246). Volgens Bartollas (1997:229,246) staan adolessente meisies wat verwaarloos is 'n groot kans om by misdade betrokke te raak waarby dwelmmiddels 'n rol speel (bv. dwelmmiddelhandel).

Seksuele viktimisasie kan volgens Bartollas (1997:246) met dwelmmiddelmisbruik verbind word. Dit impliseer dat mishandelde kinders kwesbare teikens vir substansiemisbruik is. Volgens hierdie kinders het hulle niks om te verloor nie en derhalwe misbruik hulle alkohol en dwelmmiddels om hulle onsekerheid, angs en gebrek aan vertrouwe te verwerk. Jeugdiges wat aan dwelmmiddels verslaaf is knoop "'n vertrouens-verhouding" met dwelmmiddels aan om die gebrek aan vertrouwe-verhoudinge met betekenisvolle persone te vervang (Bartollas, 1997:246). Dit beteken dat dwelmmiddels as 'n vervanging/substituut vir biologiese en psigologiese behoeftes dien, aangesien die dwelmmiddelafhanklike nie meer 'n behoefte aan voedsel, skouling, liefde, affeksie en aanvaarding ervaar nadat die middels ingeneem is nie (Du Plessis, 1996:61).

Dwelmmiddelafhanklikheid kan deelname aan prostitusie bevorder. Met ander woorde, meisies wat byvoorbeeld aan kokaïne (of "crack") verslaaf is, kan moontlik by prostitusie betrokke raak om hulle dwelmmiddelafhanklikheid in stand te hou (Bartollas, 1997:344). Verskeie outeurs (Barlow, 1993:309; Bartollas, 1997:344; Du Plessis, 1996:60; Farley & Hotaling, 1996:14; Miller, 1986:20) is van mening dat prostitusie en dwelmmiddelafhanklikheid sinoniem is. Inciardi

(aangehaal in Bartollas, 1997:344) beklemtoon die verband tussen prostitusie en dwelmmiddelmisbruik deur aan te voer dat:

“women who trade sex for drugs, or money to buy drugs, drift in and out of both drug use and prostitution. Due to the instability of their lifestyles, it is impossible to group them by either their drug use or their sexual practices”.

Dwelmmiddelverslawing kan 'n tweeledige effek op die afhanklike hê. Eerstens lei dwelmmiddelafhanklikheid daartoe dat kapitaal benodig word om die behoefte (dwelmmiddels) te finansier. Tweedens dra dwelmmiddelafhanklikheid daartoe by dat die afhanklikes met behulp van substansies hulle emosioneel kan afstomp om sodoende die vernedering wat prostitusie inhou, te verwerk (Bartollas, 1997:144). In aansluiting hierby meld Cole en Theron (1994:112) dat alkohol- en dwelmmiddels misbruik word ten einde die realiteit van mishandeling te ontsnap. Navorsing (Farrley & Hotaling, 1996:14) toon dat 75 % prostitute aan dwelmmiddels verslaaf is, terwyl 27 % van die respondente aangedui het dat hulle 'n alkoholprobleem het.

Persoonlike onderhoude (Loubser, 7 Junie 1996; Das Neves, 23 Julie 1996 en Pienaar, 10 Mei 1996) bevestig dat kinderprostitute geneig is om dwelmmiddels te misbruik ten einde die emosionele impak van die beroep te verwerk. Hieruit kan afgelei word dat dit nie altyd moontlik is om te bepaal of dwelmmiddelafhanklikheid 'n oorsaak of 'n effek van prostitusie is nie (Du Plessis, 1996:61). 'n Prostituut in Du Plessis (1996:66) se studie laat haar soos volg uit oor die verband tussen alkohol- en dwelmmiddelmisbruik: “A lot ... (drug abuse). I think because a lot of them can't cope with being a prostitute ... and I mean, it wasn't their choice, they just have to do it to survive ... So, in order to make life easier they take the drugs in order to try and put their minds at rest” (my interpretasie).

Dwelmmiddelafhanklikheid het tot gevolg dat kinderprostitute emosioneel koud (afgestomp), disrespekvol, egosentries, aggressief en onvoorspelbaar optree. Dit dra verder daartoe by dat

kindersekswerkers belangstelling in slaap, voedsel en algemene instandhouding van hulle gesondheid verloor (Du Plessis, 1996:66). Hierdie simptome hou verband met blootstelling aan 'n gewelddadige straatkultuur (bv. prostitusie) (Du Plessis, 1996:66). Die meeste prostitute wat alkohol- of dwelmmiddels misbruik, is geneig om gewig te verloor en derhalwe verouder hierdie persone ook gouer. Verder beleef hulle ook meestal finansiële probleme aangesien 'n groot gedeelte van hulle inkomste op dwelmmiddels spandeer word (Du Plessis, 1996:46).

3.3.4 Lae opvoedingspeil en uitsakking op skool

Labuschagné (1995b:2-3) konstateer dat die skool die tweede belangrikste instansie in die lewe van 'n kind is, aangesien die skool die kind in sowel opvoeding as sosialisering moet bystaan. Dit beteken dat 'n problematiese gesinslewe die skool se taak rakende die kind se opvoeding en sosialisering net meer veeleisend sal maak (Labuschagné, 1995b:2-3). Mishandelde en verwaarloosde kinders is meer geneig om swak op skool te presteer (Bartollas, 1997:246). Hierdie kinders ervaar ook probleme met dissipline, outoriteit en het gewoonlik gebrekkige taalvaardigheid. Hulle word meestal ook in spesiale klasse geplaas om hulle gedrags- en leerprobleme aan te spreek (Bartollas, 1997:246). 'n Lae skolastiese opvoeding kan misdaad tot gevolg hê (Labuschagné, 1995b:2-3; Siegal & Senna, 1997:283).

Uitsakking op skool hou ook verband met armoede (Koen et al., 2000:31). Die rede hiervoor is dat sommige ouers nie oor die nodige fondse beskik om hulle kinders se skoolfooie en uitgawes te betaal nie. Volgens Koen et al. (2000:31) verlaat 50 % van sowel primêre as sekondêre skoliere die skool aangesien daar nie genoegsame gesinsinkomste is om hulle op skool te hou nie. Die gevolg hiervan is dat daar ekonomiese druk op kinders geplaas word om tot die

huisgesin se inkomste by te dra of om hulle eie oorlewing te bewerkstellig. Prostitusie kan dan as 'n maklike uitweg gesien word om te oorleef.

Ten opsigte van die verband tussen uitsakking op skool en 'n lae opvoedingspeil het navorsing deur Love Life (SAPSAC Konferensie, Mei 2001) aan die lig gebring dat Suid-Afrikaanse skoliere toenemend deur die volgende faktore beïnvloed word:

- Die meerderheid (75 %) van die skoolleerlinge was van mening dat misdaad 'n struikelblok tot 'n suksesvolle opvoeding is. Dit impliseer dat die moontlikheid vir persoonlike viktimisasie en trauma 'n struikelblok vir opleiding is aangesien slagoffertrauma (bv. post-traumatische stres versteurings) die skoliere se leervermoë negatief kan beïnvloed
- Volgens 62 % van die respondente het fisieke en seksuele mishandeling in die gesin 'n negatiewe effek op hulle opvoeding
- In 59 % gevalle beïnvloed dwelmmiddel- en alkoholmisbruik hulle skoolwerk negatief
- Vier en vyftig persent van die respondente het 'n vrees vir MIV/Vigs en dat dit hulle skoolwerk sal belemmer
- Tienerswangerskap is deur 41 % van die respondente as 'n struikelblok tot hulle skoolopleiding beskou
- Verder het 40 % van die respondente aangetoon dat hulle leerprobleme ervaar (Scott, Mei 2001).

Jeugdige wat van mening is dat hulle onderwysers nie omgee nie, en hulleself as akademiese mislukkings beskou, sak oor die algemeen uit op skool en raak maklik by misdaad betrokke (Siegall & Senna, 1997:175). In sowel die VSA as Suid-Afrika is armoedige etniese minderheidsgroepe en immigrante veral hoë risiko's vir uitsakking op skool (Siegall & Senna, 1997:6-7; Scott, Mei 2001). Hierdie kinders woon gewoonlik skole by wat nie genoegsame

staatsondersteuning ontvang nie. Dit impliseer dat hulle meestal ongelyke opvoedingsgeleenthede het. Met ander woorde, hierdie kinders het beperkte geleenthede tot konvensionele sukses en is maklike teikens vir prostitusie (Siegal & Senna, 1997:7).

Volgens Smit (1996:3) word skoolgaande kindersekswerkers se skoolwerk deur lang werksure en laat nagte beïnvloed. Hierdie werksomstandighede kan aanleiding gee tot vroeë skoolverlating. Derhalwe kan kinderprostitusie 'n beroep van "oorlewing" vir vroeë skoolverlaters word (Campagna & Poffenberger, 1988:37; Smit, 1996:3). Verder het 'n gebrek aan ouerlike ondersteuning en motivering uitsakking op skool en betrokkenheid by prostitusie tot gevolg (Smit, 1996:6). In aansluiting hierby meld Siegal en Senna (1997:293) dat sowel 'n gebrek aan skolastiese opvoeding as 'n lae selfbeeld prostitusie aanloklik maak. Die rede hiervoor is dat prostitusie, as 'n subkultuur, 'n sin van behoort (aanvaarding) aan die beoefenaars verskaf. Verder word geen kwalifikasies of formele opleiding vereis om hierdie "beroep" te beoefen nie.

3.3.5 Verstedeliking

Volgens Koen et al. (2000:33) word kindersekswerk in Suid-Afrika as 'n probleem (wat veral in die stede voorkom) beskou. Gedurende 1996 het na raming 50% van alle Suid-Afrikanners reeds in stede gewoon (Koen et al., 2000:33). Verstedeliking impliseer die verplasing van gesinne van die platteland na stede. Werkloosheid en oorbevolking (in stede) dra daartoe by dat gesinne wat migreer met informele behuisingseenhede tevrede moet wees. Hierdie omstandighede bedreig kinders se veiligheid en sekuriteit. Dus veroorsaak verstedeliking dat gesinne minder invloed op kinders se opvoeding het, en derhalwe word hierdie kinders meer toeganklik vir seksuele viktimisasie en prostitusie (Koen et al., 2000:33).

3.3.6 Oorbevolking

Oorbevolking in stede het tot gevolg dat daar 'n toename in werkloosheid voorkom. Dit dra by tot haweloosheid en groter kompetisie vir basiese behoeftebevrediging (Siegal & Senna, 1997). Hierdie toenemende kompetisie kan beteken dat prostitusie as 'n uitweg tot werkloosheid beskou kan word en 'n toename in die beoefening van prostitusie kan derhalwe plaasvind. Volgens Siegal en Senna (1997:6) het 37 % van 425 kinders wat hulle by hulle navorsing betrek het, ter wille van oorlewing by prostitusie betrokke geraak. In Suid-Afrika speel oorbevolking 'n betekenisvolle rol in die toename in kindersekswerk. Neethling (persoonlike mededeling, 15 Junie 2001) beklemtoon dat oorbevolking in Suid-Afrika veral onder die swart jeug 'n bydraende faktor tot prostitusie is.

3.3.7 Die gesin

Sowel McKendrick en Hoffmann (1990:6) as Siegal en Senna (1997:276) beskou die gesin as 'n belangrike faktor in die sosialisering van kinders. Labuschagné (1998:3) ondersteun hierdie stelling en is van mening dat die gesin dié belangrikste instelling in die gemeenskap is. Volgens Bartollas (1997:230-231) kan die aandag wat navorsers aan die gesin as sosialiseringsagent geskenk het, soos volg ingedeel word:

- 1900-1932: gedurende hierdie jare is die rol van die gesin as 'n bydraende faktor in misdaad beklemtoon en 'n verbrokkelde ouerhuis is as 'n belangrike faktor tot misdaad beskou
- 1933-1950: 'n verskuiwing van belangstelling in die gesin vind plaas deurdat die invloed van die skool, sosiale status en portuurgroep beklemtoon word

- 1950-1972: gedurende hierdie jare het daar 'n nuwe belangstelling in die gesin, ouer-kind-verhoudinge, ouerlike dissipline en toesig en gesinsintegrasie plaasgevind (Bartollas, 1997:230-231).

Le Roux (Mei, 2001) is van mening dat die geïdealiseerde beeld van die nukleêre gesin 'n sosiale mite is. In realiteit word die gesin as die mees gewelddadige instelling in die samelewing beskou, aangesien die meeste gesinne hulle huise se deure sluit om misdaad uit te hou, terwyl sommige kinders in misdadige omstandighede (bv. mishandeling) "ingesluit" word. In aansluiting hierby meld Siegal en Senna (1997:306) dat, met die uitsondering van die polisie en die weermag, die gesin die mees gewelddadige sosiale groep, en die huisopset die mees gewelddadige sosiale instansie in die samelewing is.

Die gesin kan as 'n mikro-sisteem beskou word wat die groter gemeenskap verteenwoordig (McKendrick & Hoffmann, 1990:164). Dit beteken dat die gesin aan noodsaaklike vereistes soos onder andere strukturele volledigheid, sosialisering, opvoeding, moraliteit asook kulturele en emosionele betrokkenheid moet voldoen om 'n opbouende en misdaadvoorkomende invloed op sy lede uit te oefen (Bartollas, 1997:276; Kratcoski & Kratcoski, 1986:119; Labuschagné, 1998:3;). Die gesin moet stabiliteit of bestendigheid meebring en is verantwoordelik vir die emosionele, intellektuele, morele, geestelike en sosiale ontwikkeling van die kind (Bartollas, 1997:228; Gelsthorpe & Morris, 1990:117). Die gesin funksioneer dus as 'n eenheid of 'n sisteem. Ter wille van oorlewing moet die gesin gedurig aanpas by die samelewing se veranderende eise en druk. Suksesvolle aanpassing geskied wanneer die gesin as 'n eenheid funksioneer en gemeenskaplike waardes en norme nastreef. Wanneer 'n lid van die gesin nie dieselfde norme en waardes nastreef nie, kan dit tot wanaanpassing lei. Vinnige of onvoorsiene veranderinge binne die gesin kan 'n onvermoë of 'n gebrek aan balans veroorsaak wat kan bydra tot die ontwikkeling van misdadige gedrag (Kratcoski & Kratcoski, 1986:18-19, 127).

Ouers is die eerste en belangrikste opvoeders van kinders ten opsigte van kulturele en morele ontwikkeling. Hulle speel ook 'n betekenisvolle rol in die vorming van die kind se persoonlikheid. Om hierdie rede dig Labuschagné (1995b:3) 'n kind se positiewe sosialisering toe aan 'n opbouende gesinsverband. Kinders leer binne die gesin om hulle behoeftes (emosioneel, fisiek en geestelik) te bevredig en dissipline na te volg om in enige gegewe situasie op 'n aanvaarbare wyse te kan funksioneer. Die gesin dien as 'n buffer teen misdadige invloede, en dien as die verskaffer van morele verantwoordelikhede tot konvensionele andere (Kratcoski & Kratcoski, 1986:119; Rankin & Kern, 1994:495). Kinders wat van gebroke ouerhuise afkomstig is en in hoëmisdaadareas woonagtig is, sal makliker misdaad kan teenstaan indien hulle konsekwente dissipline, aandag en ondersteuning van 'n enkel ouer ontvang. Dit beteken dat die kwaliteit van ouerlike betrokkenheid 'n groter invloed op kinders sal hê as die kwantiteit van ouerlike betrokkenheid. Beide ouers kan in 'n gesin teenwoordig wees, maar nie betrokke wees by hulle kinders se opvoeding nie. Dit kan 'n invloed op die kinders se betrokkenheid by jeugwangedrag hê (Bartollas, 1997:234-235; Du Plessis, 1996:61; Siegal & Senna, 1997:276).

Daar bestaan 'n positiewe verband tussen sowel konformerende gedrag as misdadige gedrag en die sosialisering van kinders (Labuschagné, 1995b:3). Die vroeë sosialiseringproses behels onder andere die inprenting van positiewe en negatiewe houdings en waardes (bv. konvensionele teenoor nie-konvensionele gedrag). 'n Wanbalans in die gesin word veral veroorsaak deur waardes soos byvoorbeeld lae seksuele standaarde, aanvaarding van egskeiding, 'n gebrek aan 'n kind-georiënteerde gesinslewe en nuwe persepsies rakende rolmodelle (Kratcoski & Kratcoski, 1986:128). Dit beteken dat ouerlike disfunksies betrokkenheid by jeugmisdaad kan versterk, en gesinsonenigheid kan 'n verlaging van 'n individu se lewenspeil tot gevolg hê (Conklin, 1995:255). Ouers kan ook as 'n bron van motivering dien vir kinders om tot aanvaarbare gedrag te konformeer. Dus sal kinders met sterk ouerlike bande en verhoudinge, 'n groter kans tot konformering hê as kinders met swak ouerlike verhoudinge

(Labuschagné, 1996:3). Verskeie outeurs (Bowker; 1978:152; Du Plessis, 1996:61; Siegal & Senna, 1997:71) ondersteun Labuschagné (1996) se perspektief en voer aan dat swak ouer-kind-bande kriminaliteit kan veroorsaak. Dallos en McLaughlin (1993:155) is van mening dat die gesin 'n paradoksale rol in jeugmisdadigheid speel. Enersyds is die gesin veronderstel om die eerste verdedigingsbuffer teen misdadigheid te wees en andersyds kan die gesinsopset ook 'n bydraende faktor tot misdadige gedrag wees. Navorsing (Kratcoski & Kratcoski, 1986:138) toon dan ook aan dat die gesin 'n betekenisvolle invloed op sowel die voorkoming as die veroorsaking van misdadigheid kan hê.

Siegal en Senna (1997:277, 280) beskou besluitneming (keuses) in die gesin, oorerwing (bv. lae intelligensie en impulsiwiteit), sosio-ekonomiese status, 'n gebroke gesin, interpersoonlike konflik, misdadige ouers en 'n gebrek aan gehegtheid aan ouers as oorwegende faktore wat tot kriminele gedrag kan aanleiding gee. Ouers kan hulle ouerlike mag misbruik deur kinders te verwerp, te terroriseer en hulle emosionele behoeftes (bv. aandag en liefde) te ontken (McKendrick & Hoffmann, 1990:18). Hierdie mishandeling kan tot onaanvaarbare gedrag soos byvoorbeeld kindersekswerk aanleiding gee.

Die rede waarom die meeste kindersekswerkers betrokke raak by prostitusie, kan toegeskryf word aan faktore in die gesin soos: mishandeling, konflik, egskeiding, enkel-ouerskap, werkloosheid, substansiebruik, geweld, stress en 'n gebrek aan liefde, aandag en ondersteuning (Bartollas, 1997:228; Siegal & Senna, 1997:276). Dit impliseer dat kinderprostitute veral binne die gesinsverband gesosialiseer word, oftewel 'n "produk" van 'n disfunksionele gesin is (Campagna & Poffenberger, 1988:38; Conklin, 1995:218-242, 255; Lilly et al., 1995:76-104; Siegal & Senna, 1997:71). Volgens Bowker (1978:152) handhaaf die meeste prostitute nie sterk bande van liefde en toegeneentheid met hulle gesinne nie.

3.3.7.1 Die disfunksionele gesin

Prostitute is meestal die produk van 'n disfunksionele samelewing wat onder andere deur disfunksionele gesinne gekenmerk word (Du Plessis, 1996:45; Neethling, persoonlike mededeling, 15 Junie 2001). Lede van disfunksionele gesinne word veral gekenmerk deur ouerlike onbetrokkenheid, onttrekking, depressie, gewelddadigheid, lae skoolastiese kwalifikasies, ouerlike verwaarlosing, rebelse gedrag, weglopery, stokkiesdraai, gesinskriminaliteit en seksuele mishandeling (Dallos & MacLaughlin, 1993:155; Siegal & Senna, 1997:282). Dit impliseer dat disfunksionele gesinne nie maklik veranderinge kan bewerkstellig (assimileer) nie en dit is veral onbetrokkenheid tussen gesinslede en los gesinsbande wat tot misdadige of afwykende gedrag kan lei. Binne die disfunksionele gesin is kommunikasie gewoonlik óf beperk óf verwronge. Die gesinslede kan maklik verward raak in hulle pogings om probleme op te los en vind dit derhalwe moeilik om te onderhandel oor geskille en om interne konflik uit die weg te ruim. Dit veroorsaak dat krisisse wat die gesin beleef moeilik opgelos of hanteer word. Dus is lede van 'n disfunksionele gesin meestal geïsoleerd en hulle handhaaf losse verbintenisse (swak bande) met konvensionele ander in die samelewing.

3.3.7.2 Die gebroke gesin en ouerlike afwesigheid

George Mangold (1924) het die gebroke gesin as die belangrikste oorsaak van jeugmisdadigheid beskou (Bartollas, 1997:232). Die afwesigheid van 'n ouer het volgens Siegal en Senna (1997:280) 'n negatiewe invloed op die kind. Kinders wat in 'n gebroke ouerhuis (weens egskeiding) grootword, is meer geneig om antisosiale gedrag te toon (Siegal & Senna, 1997:280). Navorsing (Siegal & Senna, 1997:281) het getoon dat 'n gebroke ouerhuis en misdadige gedrag in die gesin 'n belangrike rol in jeugmisdadigheid speel.

Gebroke gesinne word meestal gekenmerk deur: onenigheid, konflik, vyandigheid en aggressie (Siegal & Senna, 1997:281). Binne hierdie gesinne word 'n gebrek aan konsekwente dissipline en gehegtheid aan ouers ervaar, terwyl die portuurgroep 'n belangriker rol as die ouers speel. Cole (1992:35-36) postuleer dat daar 'n positiewe verband tussen ouerlike afwesigheid en seksuele uitbuiting van kinders bestaan. Die afwesigheid van biologiese ouers (voor die ouderdom van 16 jaar) kan moontlik kinders se kwesbaarheid ten opsigte van seksuele uitbuiting verhoog. Ouerlike afwesigheid het tot gevolg dat daar nie aan kinders se emosionele, affektiewe en finansiële behoeftes voorsien word nie. In gevalle waar moederlike voorligting rakende seksuele onderrig ontbreek, word die kinders se kans tot seksuele mishandeling verhoog (Cole, 1992:35). Dit beteken dat kwesbare kinders moontlik aandag, kapitaal en toegeneentheid deur middel van seks kan aankoop. So kan prostitusie as 'n middel tot "oorlewing" of 'n soektog na liefde en belangstelling dien om vir die gesinsonvolledigheid te kompenseer (Cole, 1992:35). Sommige kinders kan sekswerk as 'n logiese keuse en 'n moontlike uitweg van onvoldoende huislike omstandighede beskou (Campagna & Poffenberger, 1988:37).

Volgens Kratcoski en Kratcoski (1986:128) word meisies meer as seuns deur 'n gebroke ouerhuis beïnvloed en is hulle kans dus hoër as seuns om by jeugwangedrag (bv. kinderprostitusie) betrokke te raak (Kratcoski & Kratcoski, 1986:138). Navorsing deur McCord en Laub (1995:246) en Kratcoski en Kratcoski (1986:139) het getoon dat die gesinstruktuur 'n belangrike effek op misdadige gedrag onder meisies het, meer spesifiek op misdade soos byvoorbeeld weglopery en prostitusie.

Kinders wat in gebroke huise grootgeword het en aan oormatige konflik blootgestel is, ervaar volgens Siegal en Senna (1997:284) meer emosionele skade en trauma as kinders wat in 'n minder mate konflik ervaar en waar beide ouers teenwoordig is. Volgens Siegal & Senna

(1997:284) het die tipe gesinstruktuur waaraan kinders blootgestel is die volgende invloed op hul gedrag:

- Kinders wat aan die afsterwe van 'n ouer blootgestel is, is beter aangepas as kinders wie se ouers geskei is
- Die teenwoordigheid van 'n stiefouer het 'n traumatiese effek op 'n kind
- Daar bestaan nie konsensus onder navorsers rakende die invloed van 'n egskeiding op 'n kind se gedrag na mate die kind ouer word nie
- Konflik tussen ouers kan aanleiding gee tot onaanvaarbare gedrag (bv. prostitusie) van kinders
- Alhoewel 'n egskeiding vir 'n kind traumaties is, het gesinskonflik 'n skadeliker effek op 'n kind as 'n egskeiding (Siegal & Senna, 1997:284).

3.3.7.3 Verwerping in die ouerhuis

Navorsing (Bartollas, 1997:234-235) toon dat daar 'n verband tussen ouerlike verwerping en misdadige gedrag by kinders is. 'n Swak ouer-kind-verhouding bevorder kriminaliteit onder jeugdiges (Siegal & Senna, 1997:285). Die verlies, gebrek of onvermoë aan 'n ondersteunende gesin kan ook betrokkenheid by kinderprostitusie veroorsaak. Tienerprostitute vorm ondersteuningsbande met koppelaars en mede-prostitute om geld, beskerming en kameraadskap te verkry. Hierdie aspekte is "verlore" elemente in kinderprostitute se lewens wat nie deur die gesin vervul is nie (Kratcoski & Kratcoski, 1986:141). Volgens Du Plessis (1996:61) is die meeste kindersekswerkers aan vroeë mishandeling blootgestel en van disfunksionele gesinne afkomstig.

3.3.7.4 Wegloop van die ouerhuis

Kinders loop meestal weg van hulle ouerhuise om mishandeling te ontduik. In hulle soektog na liefde en aanvaarding word hulle (as prostitute) veral deur koppelaars en kliënte mishandel (Bartollas, 1997:246; Gordon, 1988:187; Smit, 1996:4). In aansluiting hierby beskou Campagna en Poffenberger (1988:37) wegloup van die huis af as die hooforsaak van prostitusie. Volgens Adler en Simon (1979:23) loop kinders gewoonlik van hulle ouerhuise weg om óf die gesin se inkomste aan te vul óf om onaanvaarbare huislike omstandighede te ontduik. Persoonlike mededelings (Das Neves, 23 Julie 1996; De Beer, 19 September 1996; Koekemoer, 28 Augustus 1996; Loubscher, 7 Junie 1996 & Neethling, 15 Junie 2001) beklemtoon dat kinderprostitute wegloukinders is wat uit ondraaglike huislike omstandighede ontsnap en dan ter wille van oorlewing en om finansiële redes by prostitusie betrokke raak. Nadon et al., (1998:206-221) sluit hierby aan deur die betrokkenheid by kinderprostitusie toe te skryf aan wegloup van die ouerhuis af. Volgens Bowker (1978:15) is kinders wat in prostitusie vasgevang is, slagoffers van onvoldoende huislike omstandighede asook seksuele, fisieke en emosionele mishandeling. Verder beskou Davis (1993: Inl.) wegloukinders, hawelose en straatkinders as kwesbaar vir prostitusie. In aansluiting hierby beskou Du Plessis (1996:55) weglouery en kinderprostitusie as sinoniem.

Kratcoski en Kratcoski (1986:145) het bevind dat kinderprostitute van hulle ouerhuise wegloup om die gebrek aan ouerlike ondersteuning en liefde te vervang met sekswerk. Veral meisies wat van hulle ouerhuise wegloup vind stede soos Johannesburg en Pretoria aanloklik, aangesien dié stede geleenthede en moontlike sekuriteit kan bied om hulle drome (bv. om 'n model te word) te kan vervul. Du Plessis (1996:52) beskryf die lewe van 'n wegloukind wat na die stede migreer of haar huislike lewe vir 'n lewe op straat verruil soos volg:

“She ends up living an 18-hour day party in a glitzy environment, in the excitement of the underworld and earning as much as R10 000 per month. From here on the road is a downward spiral. Some girls live long enough to become addicted to the drugs available on the premises, they lose their youthful looks and eventually leave to work at an escort agency or massage

parlour.” Die teenoorgestelde van dit wat die kinders antisipeer, gebeur dus met hulle.

In aansluiting hierby toon navorsing (Du Plessis, 1996: 59) ‘n positiewe verband tussen weglopery en faktore soos ‘n onstabiele gesinslewe, armoede en onstabieleit van die gemeenskap (bv. hoë werkloosheid en dwelmmiddelbruik). Wegloopkinders kan ook blootgestel word aan konflik in die ouerhuis, emosionele en fisieke verwaarlosing, ouerlike verwerping en alcohol- en dwelmmiddelbruik (in die ouerhuis). Daarenteen verlaat jeugdige ook hulle ouerhuise om geweld en seksuele mishandeling te ontsnap. Dit beteken dat weglopery nie impulsiewe gedrag is nie, maar eerder ‘n reaksie op ondraaglike huislike omstandighede (Du Plessis, 1996:59).

Volgens Leslie (2001a:11) is die meeste Suid-Afrikaanse kinderprostitute wegloopkinders. Navorsing deur Siegal en Senna (1997:292) toon dat na raming 75 % kindersekswerkers wegloopkinders is wat deur ondraaglike huislike omstandighede aangemoedig word om hulle gesinne te verlaat. Die meeste van hierdie meisies het ‘n behoefte aan aanvaarding en aandag. Derhalwe interpreteer die meeste kindersekswerkers aandag van koppelaars of kliënte as liefde en aanvaarding (Siegal & Senna, 1997:292). Kinders wat van hulle ouerhuise wegloop is dan maklike teikens vir dwelmmiddelhandelaars, koppelaars en pornografiewerwers wat hulle kwesbaarheid as gevolg van ‘n lae selfbeeld, hulpeloosheid en eensaamheid uitbuit (Du Plessis, 1996:60). Volgens Du Plessis (1996:58) is dit nie beraders en hulporganisasies wat wegloopkinders in die stede verwelkom nie, maar eerder koppelaars en dwelmmiddelhandelaars. Verder bestaan daar beperkte ondersteuningsisteme in die stede vir wegloopkinders. Hierdie kinders wend hulle dus ter wille van oorlewing tot prostitusie.

Du Plessis (1996:59) konstateer dat daar tussen *wegloopkinders* en *weggooikinders* onderskei kan word. “Weggooikinders” is diegene wat nie vrywillig van hulle ouerhuise weggeloop het nie,

maar uit die huis weggejaag of deur die gesin verstoot is. Dit beteken dat weggooikinders hulle ouerhuise vanweë omstandighede buite hulle beheer (bv. verwerping) verlaat het. Verder kan daar tussen twee tipes weglopery onderskei word, naamlik: “wegloop *van*” die ouerhuis wat meestal die resultaat van ouerlike konflik en ondraaglike huislike omstandighede is en “wegloop *na*” wat verband hou met beperkinge (bv. rigiede dissipline) in die ouerhuis waaraan die kind wil ontsnap of wat hy/sy wil vermy.

3.4 NADELE VAN KINDERPROSTITUSIE

Prostitute loop die risiko om gearresteer te word, seksueel oordraagbare siektes op te doen, met MIV/Vigs besmet te word en beseer, beroof en uitgebuit te word (Barlow, 1993:308). Volgens Siegal en Senna (1997:293) word kinderprostitute meestal deur koppelaars en kliënte mishandel. Verder is hulle kwesbare teikens vir roof aangesien hulle tot laat in die nag op straat is met geld wat deur die dag verdien is.

Du Plessis (1996:43) konstateer dat die betrokkenheid by prostitusie sowel lang- as korttermyn nadele vir die beoefenaars inhou. Korttermyn nadele van kindersekswerk behels onder andere die ervaring van: vrees, angs, skuldgevoelens, vyandigheid en skaamte (Du Plessis, 1996:43; Potgieter, 2000:33-38). Kinderprostitute toon onder andere die volgende negatiewe hanteringsmeganismes: passiewe onderdanigheid, onderdrukte gevoelens, identifikasie met die oortreder, aggressie-onderdrukking, aangeleerde hulpeloosheid, depressie, slaap en somatiese klagtes (klagtes oor nie-spesifieke siektes) en hiperaktiwiteit (Du Plessis, 1996:43). Vroeë blootstelling aan seksuele aktiwiteite kan onderontwikkelde psigo-seksuele ontwikkeling, verlaagde inhibisies, oormatige masturbasie en verwronge persepsies van liefde en teogeneentheid laat ontwikkel (Du Plessis, 1996:43; Potgieter, 2000:33-38).

Hierteenoor behels die langtermyn nadele: selfmoordtendense, histeriese aanvalle (bv. paranoia-aanvalle), ontwrigte sosiale verhoudinge (probleme met intimiteit en vertroue), sporadiese gewelddadige en aggressiewe gedrag, promiskuiteit, weglopery en misdadige gedrag. Kindersekswerkers is meestal seksueel wanaangepas en ervaar fobies (bv. vrees vir intimiteit), toon neurotiese gedrag, ly aan anoreksia en misbruik dwelmmiddels. Volgens Du Plessis (1996:43) toon kinderprostitute ook simptome van disassosiasie en selfvernietigende gedrag.

3.4.1 Die psigologiese impak van sekswerk op kinders

Volgens Labuschagné (1998:11-12) sal enige vorm van seksuele viktimisasie 'n letsel op 'n kind se lewe laat. Kinderprostitute word veral gekenmerk aan 'n verwronge selfbeeld en 'n disfunksionele seksualiteit. Verder ervaar hierdie kinders gevoelens van skuld, skaamte, vyandigheid, depressie, vrees, woede, misleiding en magteloosheid (Siegal & Senna, 1997:290-291).

Kindersekswerkers se normatiewe en kognitiewe ontwikkeling (vanweë vroeë blootstelling aan seks) word dus gekortwiek deurdat hulle nie emosioneel tot hulle volle potensiaal ontwikkel nie (Smit, 1996:2). Die sielkundige effek van enige vorm van mishandeling sal afhang van 'n individu se ontwikkeling – dit sluit onder andere in: persoonlikheidsontwikkeling, frustrasie-toleransie-ontwikkeling, 'n ondersteuningstelsel (bv. die gesin), en hoe die mishandeling deur die slagoffer ervaar word. Dit beteken dat meises met swakker ontwikkelingsvaardighede eerder by antisosiale of afwykende gedrag (soos prostitusie en dwelmmiddel-misbruik) betrokke sal raak (Du Plessis, 1996:45).

Kinderprostitusie het 'n groter sielkundige effek op die beoefenaar daarvan as enige ander tipe werk, aangesien prostitute op 'n daaglikse basis seks met verskillende mans het om sodoende hulle basiese behoeftes te finansier. Hulle werk in 'n kompeterende omgewing waar daar van hulle verwag word om hulle uiterlike skoonheid en gesondheid ten toon te stel ten einde kliënte te lok. Hierdie faktore dra meestal daartoe by dat kindersekswerkers 'n lae selfbeeld ontwikkel (Du Plessis, 1996:46). Verder ly sommige kindersekswerkers aan skisofrenie, depressie en emosionele onstabieleit – hierdie probleme kan aan 'n disfunksionele gesinsopset en prostitusie verbind word (Siegal & Senna, 1997:293).

Prostitusie het 'n vernietigende sielkundige effek op die beoefenaars daarvan, aangesien hierdie meisies sowel emosioneel as seksueel afgestomp raak en dus ervaar die meeste van hulle seksuele en emosionele intimiteitsprobleme (Farley & Barkan, 1998:37- 49). Sommige prostitute ervaar ook gevoelens van self-haat en depressie. As gevolg hiervan word dwelmmiddels misbruik om hulle emosies af te stomp en te verwerk. Verskeie outeurs (Andrews, Brewin, Rose & Kirk, 2000:72; Farley & Barkan, 1998:37- 49) postuleer dat beoefenaars van prostitusie veral aan post-traumatiese stressimptome ly. Farley en Barkan (1998:37-49) het gevind dat 88 % van die prostitute wat aan hulle studie deelgeneem het, post-traumatiese stressimptome ervaar. Voorbeelde hiervan is onder andere akute angs, depressie, slapeloosheid, nagmerries, irritasie, geheueverlies, konsentrasieprobleme, terugflitse van negatiewe gebeure (bv. van verkragting of fisieke mishandeling), emosionele afstomping en hiperaktiwiteit. Deelname aan prostitusie het ook pseudo-volwassenheid tot gevolg (MacFarlane & Waterman, 1986:229). Dit beteken dat kinders op 'n vroeë ouderdom oormatig seksueel gestimuleer kan word wat byvoorbeeld kan veroorsaak dat 'n 12 jarige kind soos 'n vroeë volwassene optree. Pseudo-gedrag wat geopenbaar word is byvoorbeeld: oormatige flirtasie met potensiële kliënte, die dra van grimering en uitlokkende kleredrag (MacFarlane & Waterman, 1986:229).

Farley en Hotaling (1996:9) vergelyk prostitusie met 'n gyselaar-situasie. Hulle is van mening dat sowel die gyselaarslagoffers as prostitute in konflik en isolasie met die samelewing verkeer. Hierdie vergelyking staan bekend as die "Stockholmsindroom" en het betrekking op die emosionele en fisieke oorlewing van slagoffers in omstandighede van aanhouding. Die slagoffers ontwikkel meestal gevoelens van waardering en respek vir die aanhouers. Verder ontwikkel die slagoffers 'n beskermende gevoel teenoor die aanhouers wat tot emosionele verwarring kan aanleiding gee. Die prostitute ervaar in vergelyking met gyselaarslagoffers swak lewensomstandighede (bv. onvoldoende higiëniese toestande). Hulle word aan onvoldoende gesondheidsfasiliteite en fisieke mishandeling blootgestel en ervaar meestal gevoelens van hulpeloosheid. Prostitute word, soos gyselaars, van hulle menswaardigheid ontnem en ontwikkel ambivalente gevoelens en gevoelens van woede teenoor koppelaars, die regering en die samelewing. Dit impliseer dat prostitusie met die Stockholmsindroom vergelyk kan word, aangesien prostitute en gyselaarslagoffers 'n emosionele band met hulle koppelaars (oftewel aanhouers) vorm (Farley & Hotaling, 1996: 10; Neethling, persoonlike mededeling, 15 Junie, 2001).

3.4.2 Fisieke gevolge

Prostitute is dikwels die slagoffers van verkragting, geweld, perversie, mishandeling en poging tot moord (Du Plessis, 1996:80). Navorsing (Farley & Barkan, 1998:137- 49) toon dat 83 % prostitute met gewere en messe gedreig word. Sommige prostitute word per geleentheid deur hulle kliënte met die vuig geslaan wat blou oë, gebarste lippe en blou merke op hulle liggame veroorsaak. Voorts word sommige prostitute selfs uit bewegende motors geskop (Du Plessis, 1996:77-78). Farley en Hotaling (1996:11) het ook bevind dat 68 % van prostitute verkrag is, waarvan 48 % van hierdie groep al meer as vyf keer verkrag is. In 46 % van die gevalle is

prostitute deur koppelaars of kliënte verkrag. Hulle is van mening dat kindersekswerk ook verkragtingrisiko's inhou.

3.4.3 Seksueel oordraagbare siektes en mediese probleme

Geslagsiektes en mediese probleme kom algemeen by beoefenaars van prostitusie voor (Visser, 1985:1). 'n Wêreldwye probleem ten opsigte van die gebruik van voorbehoedmiddels deur kinderprostitute (meisies en seuns) is dat sowel kondome vir die man of vrou nie ontwerp is dat kinders dit kan gebruik nie. Die implikasie hiervan is dat seksueel oordraagbare siektes vinniger onder kinders versprei word (Neethling, persoonlike mededeling, 15 Junie 2001). Volgens Burgos, Richter, Reininger, Coker, Saunders, Alegria en Vera (1999:59-71) word tienersekswerkers met veral ongevraagde swangerskappe en seksueel oordraagbare siektes gekonfronteer. Neethling (persoonlike mededeling, 15 Junie 2001) beklemtoon dat ongevraagde swangerskappe algemeen by Suid-Afrikaanse kindersekswerkers voorkom. Oormatige blootstelling aan anale seks het tot gevolg dat kinderprostitute nie hulle anale sluitspiere kan beheer nie en dit veroorsaak dat hulle ernstige mediese en higiëniese probleme ondervind. Dit impliseer dat kindersekswerkers veral probleme rakende hulle liggaamlike beheerfunksies (stoelgang) kan ervaar.

3.4.3.1 MIV / Vigs

Sommige tieners het 'n beperkte kennis rakende die rol en verspreiding van die Verworwe Immuniteitsgebrek-Sindroom (VIGS) (Smit, 1996:4). Weiner (1996:97-105) het getoon dat 35,2 % van 1 963 prostitute wat aan sy studie deelgeneem het HIV-positief is en dat hierdie prostitute nog aktief prostitueer. Du Plessis (1996:22) beweer dat ongeveer 45 % van Suid-Afrikaanse

prostitute HIV-positief is en dat dit wetlik aanvaarbaar is dat hulle voortgaan om te prostitueer. Neethling (persoonlike mededeling, 15 Junie 2001) meld dat daar gedurende 2000 twee HIV-positiewe kindersekswerkers in Johannesburg gevind is.

Volgens Schurink (1996:2,14) bestaan daar toenemende kommer rakende die rol van prostitusie en die verspreiding van Vigs. In Sub-Sahara-Afrika en Suid-Afrika word prostitute as die hoofdraers en verspreiders van Vigs beskou. Dit gee daartoe aanleiding dat sommige individue die standpunt huldig dat seksuele kontak met prostitute seksueel oordraagbare siektes en Vigs verhoog. 'n Studie deur die RGN (Schurink, 1996:15) het egter bewys dat prostitute in Johannesburg en Durban bewus is van die gevare wat HIV/Vigs inhou en dat hierdie prostitute genoegsame voorsorgmaatreëls (gebruik bv. kondome) tref om die verspreiding van Vigs en seksueel oordraagbare siektes te vermy.

3.5 VERWANTE PRAKTYKE VERBONDE AAN KINDERPROSTITUSIE

Pornografie, sekshandel met kinders en kinderslawerny is verwante praktyke aan kindersekswerk. Vervolgens sal daar aandag aan hierdie praktyke geskenk word.

3.5.1 Pornografie

Volgens Itzin (1997:94-106) is seksueel mishandelde kinders meestal slagoffers van pornografie en kindersekswerk. Kinderpornografie kan as 'n sub-vorm van georganiseerde misdaad beskou word, aangesien kinders gedwing word om aan onaanvaarbare seksuele aktiwiteite deel te neem en as seksslawe aangehou word (Neethling, persoonlike mededeling, 15 Junie 2001). Verder waarsku Campagna en Poffenberger (1988:37) dat kinderprostitute kwesbaar is vir

blootstelling aan kinderpornografie-ringe, aangesien hierdie kinders maklik by pornografie betrek kan word. Navorsing in San Francisco (Farley & Hotaling, 1996:8,11) het aan die lig gebring dat 49 % van 130 respondente wat by die navorsing betrek is, al by die maak van pornografiese materiaal betrokke was. Volgens Du Plessis (1996:99) word na raming 40 % van kinderprostitute by pornografie betrek. Hierteenoor beweer Neethling (persoonlike mededeling, 15 Junie 2001) dat pornografie nie 'n groot rol in kindersekswerk in Johannesburg speel nie, aangesien kinderpornografie, volgens hom, meer algemeen in Suid-Afrika deur pedofiele gebruik word.

3.5.2 Sekshandel met kinders

Gedurende die Viktoriaanse tydperk (die sogenaamde "white slavery"-tydperk) is kinders as seksslawe verkoop (De Young, 1982:111). Hierdie kinders is as seksobjekte verkoop en as seksuele slawe misbruik (Smit, 1996:3). Sekshandel van kinders behels nie noodwendig dat kinders oor nasionale grense gesmokkel word nie. Koen et al. (2000:42) is van mening dat kindersekshandel in Suid-Afrika meestal van die platteland na die stede plaasvind. Volgens Kielburger (1998:410-416) word kinders wat gebuk gaan onder armoede veral as seksslawe verkoop. Die kinders word gewoonlik op een van die volgende ses wyses by prostitusie betrek en/of as seksslawe verkoop:

- Bendes of sindikate dwing kinders om deel te wees van die seksindustrie
- Ouers of gesinslede verkoop kinders as seksslawe
- 'n Persoon met gesag in die gesin of in beheer van die kind kan deur middel van 'n wanvoorstelling die kind aan die seksindustrie verkoop
- Die bekendstelling aan prostitusie van "nuwe" kinders deur "ou" kinderprostitute. Bestaande praktiserende kindersekswerkers kan moontlik hulle vriendinne of susters as seksslawe werf en betrek by die bedryf

- Advertensies in nasionale en internasionale koerante wat minderjarige meisies met die voorwendsel om in die filmbedryf te werk, by prostitusie betrek
- Georganiseerde misdaadsindikate in Suid-Afrika. Daar bestaan beperkte inligting rakende hierdie sindikate, maar daar word gepostuleer dat kinders meestal na en van lande soos Rusland, Thailand, Taiwan, Mosambiek en Angola vir sekswerk in- en uitgevoer word (Koen et al., 2000:2-3).

Die nasionale en internasionale aanvraag na kinderseksslawe het tot gevolg dat minderjariges toenemend in- en uitgevoer word om aan hierdie aanvraag te voldoen (Koen et al., 2000:24). Georganiseerde misdaadsindikate is meestal in beheer van sekshandel met kinders. Hierdie kindersseksslawe word dan veral op een van die volgende wyses in- of uitgevoer:

- Kapitale ruilhandel van minderjariges om in die huwelik te tree
- Ontvoering van minderjariges met die doel om hulle seksueel te mishandel of as seksslawe te verkoop
- Ruilhandel tussen kliënte (kinderviktimiseerders) en persone (soos ouers of 'n voog) met die uitsluitlike doel om hierdie kinders te prostitueer (Koen et al., 2000:15).

In Suid-Afrika word slawerny deur die Grondwet (Wet 108 van 1996, Artikel 13) verbied. Dit impliseer dat kinderseksslawerny 'n onwettige verskynsel is. Na raming is 400 000 Suid-Afrikaanse jeugdiges in sowel die formele industriële sektor (bv. myn- en fabriekwerkers) as in die informele arbeidsektor (bv. "stuk-werk" en huishoudelike take) werksaam (Koen et al., 2000:29). Na raming is 28 000 van hierdie kinders sekswerkers. Die prys wat seksuele viktimizeerders betaal om 'n minderjarige se liggaam te misbruik, is gewoonlik tussen R 10 en R 150 (Koen et al., 2000:29). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat kindersekswerk en kinderslawerny in Suid-Afrika onwettig is, maar dat hierdie verskynsels tog algemeen in die samelewing voorkom. Die destydse Adjunk-Minister van Welsyn en Populasie-Ontwikkeling

(Geraldine Fraser-Moleketi, RGN Konferensie, 10 Maart 1995) meld in die verband dat die Suid-Afrikaanse koppelaar-kindersekswerkerverhouding niks anders as gedwonge kinderarbeid impliseer nie.

Koen et al. (2000:5-6) konstateer dat die ekonomiese, politieke, sosiale en kulturele transformasie in Suid-Afrika tot gevolg het dat daar sedert 1994 ongeveer 4 miljoen gesinne deur die Departement van Welsyn en Gesondheid finansieel onderhou en bygestaan word. Dit is juis kinders wat uit hierdie gesinne afkomstig is wat meer kwesbaar vir seksuele uitbuiting is (Koen et al., 2000:5-6). Die gevolg hiervan is dat:

“... the impression can easily be created that children are commodities. They can thus be used, sold, rented and trafficked. They can be stolen (abducted) and transported thousands of kilometres across borders to be used for nothing other than sexual satisfaction and gratification of those who desire them and who have the money to pay for the use and exploitation of their bodies” (Koen et al., 2000:6).

Die kinderseksindustrie is 'n gesofistikeerde, diverse industrie, aangesien hierdie bedryf uit sowel klein as groot besighede met bankrekeninge, bemarkingstrategieë en aantrekklike brosjures bestaan wat seks met minderjariges adverteer, bemark en bevorder (Koen et al., 2000:6).

3.6 DEKRIMINALISERING VAN PROSTITUSIE

Debate rakende die bestaansreg van prostitusie het reeds in die vroeë 19de eeu in die Zuid-Afrikaansche Republiek plaasgevind en duur vandag nog voort (Schurink, 1996:3). Volgens Farley (1996:6) beteken “dekrimalisering van prostitusie” om hierdie beroep “onsigbaar” te maak. Dekriminalisasie impliseer dat daar 'n sosiale stigma (immoreel van aard) aan prostitusie kleef en dat prostitute steeds gearresteer kan word. In die lig hiervan beteken dit dat huidige

wetgewing rakende prostitusie gewysig behoort te word sodat daar geen misdadrekords aangeteken word nie. Dit beteken nie dat daar nie beheer of regulering toegepas gaan word nie. Schurink (1996:3) beweer dat die dekrimalisering van prositusie in Suid-Afrika voorsiening sal maak vir deeglike gesondheidsbeheer, regulasies en opvoeding vir die beoefenaars van prosititusie. Neethling (persoonlike mededeling, 15 Junie 2001) voer aan dat die dekrimalisering van prostitusie voorgestaan moet word, maar dat Suid-Afrikaners realities moet wees rakende die polisiëring en beheer van prostitusie. Volgens hom het die Suid-Afrikaanse wetgewing in die verlede gefaal om hierdie verskynsel suksesvol te beheer. Derhalwe beteken die dekrimalisering van prostitusie dat dié verskynsel nog steeds polisiëring benodig, aangesien daar steeds aanverwante misdade is (bv. verkragting en kinderprostitusie).

In Utrecht, Nederland, is prostitusie gewettig en word die verskynsel deur 'n voorgestelde model beheer waarvolgens straatprostitute tot spesifieke areas (nie naby woonbuurte nie) beperk word. Die inwoners van die Van Asch van Wijkskade woonbuurt (Utrecht) het klagtes van rusverstoring en oormatige teenwoordigheid van motors by die owerhede ingedien. Verder het die inwoners aangedui dat prostitusie die gemeenskap se morele waardes negatief beïnvloed (Du Plessis, 1996:25). Die gevolg hiervan is dat prostitusie tot Europastraat in Utrecht beperk en afgebaken is. 'n Hawe van veiligheid, in die vorm van 'n "bus-sitkamer", is ook aan die prostitute voorsien. Hierdie bus is toegerus met 'n mediese spreekkamer, 'n stort, toilet, kombuis en 'n sitkamer om die prostitute se werksomstandighede te verbeter. Verder word kondome in die bus verkoop, en 'n mediese dokter besoek die bus twee keer per week om aan die prostitute mediese advies te gee. Die gebruik van alkohol en dwelmmiddels in die bus is verbode. 'n Parkade met 12 parkeerplekke vir motors is ook gereserveer (naby die bus) vir prostitute wat seks aan kliënte in hulle motors verskaf. Elke parkeerplek het 'n vullisblik om sodoende die parkade higiënies en skoon te hou (Du Plessis, 1996:25-29). Volgens Du Plessis (1996:31) moet Suid-Afrika die Utrecht prostitusiemodel volg wanneer prostitusie gedekriminaliseer word, aangesien

verkragting, aanranding, koppelaar-beheer en mediese gevare verbonde aan prostitusie beter met die Utrecht-beleid beheer kan word.

3.6.1 Voordele van dekriminalisering van prostitusie

Dekriminalisering van prostitusie bied vir die beoefenaar daarvan die vryheid van keuse. McCaghy en Cernkovich (1987:441) is van mening dat prostitusie vir volwassenes 'n keuse is. In Suid-Afrika word die dekriminalisering van prostitusie voorgestaan deur onder andere Milton (in Jagwanth, Schwikkard & Grant, 1994:151) en Du Plessis (persoonlike mededeling, 10 Mei 1997). Volgens Du Plessis kan die dekriminalisering van prostitusie voordele soos byvoorbeeld mediese versorging en polisiebeskerming aan die beoefenaars kan bied. Dekriminalisering sal diskriminasie teenoor prostitute en prostitusie (as beroep) beperk aangesien die Suid-Afrikaanse Grondwet enige vorm van diskriminasie teenstaan – hierdie wetgewing is ook op prostitusie van toepassing.

In *S v Jordan en twee andere* (ongerapporteerde beslissing, saaknommer A227/99) het Edele Regters Spoelstra en Webster op 23 Julie 2001 in die Transvaalse Provinsiale Afdeling beslis dat Artikel 20(1)(aA) van Wet 23 van 1957 (Wet op Seksuele Misdrywe soos gewysig 1988) teenstrydig is met die bepalings van die Grondwet. Artikel 20(1)(aA) reguleer ontug en die pleeg van onsedelike daade teen vergoeding. Die beslissing beteken dat enige persoon bo die ouderdom van 18 jaar die konstitusionele reg en keuse het om hulle liggame vir seks te verkoop. Die regters het bevind dat Artikel 20(1)(aA) inbreuk maak op sekswerkers se reg tot gelykheid, aangesien hulle handeling gekriminaliseer word maar nie die handeling van hulle kliënte nie. Dit beteken dat ontug of die pleeg van 'n onsedelike daad teen vergoeding nie 'n misdryf is nie en dat die bedryf, prostitusie, wettig is.

In dieselfde saak het die regters verder bevind dat Artikel 2 (die hou van 'n bordeel) nie indruis teen die Grondwet nie (nie onkonstitusioneel is nie) en derhalwe steeds 'n misdryf is. Dit impliseer dat die bedryf van 'n bordeel steeds 'n misdaad is aangesien dit in die openbaar bestuur word en die regte van elke burger en die gemeenskap aanraak. Die doel van Artikel 2 van die voorgenoemde Wet is, volgens die regters, om prostitusie te beperk of te onderdruk. Sodra prostitusie in die openbaar bedryf word as 'n besigheid, is dit teen die aanvaarbare waardes van die gemeenskap. Hulle het verder aangevoer dat Artikel 2 ook ontwerp is om georganiseerde prostitusie te ontmoedig en derde partye (bv. koppelaars) af te raai om van die kommersiële uitbuiting van prostitute te leef. Volgens die regters impliseer prostitusie (as 'n besigheid) die verhandeling van 'n liggaam van 'n mens. Die bogenoemde uitspraak in *Staat teen Jordan en twee andere* het prakties geen effek alvorens dit na die Konstitusionele Hof verwys word en inderdaad daar bekragtig word nie.

In die aangeleentheid van *Andrew Lionel Phillips v die Direkteur van Openbare Vervolgings en twee andere* (Witwatersrandse Plaaslike Afdeling, saaknommer 01/15987), wat hangende is voor die Hooggeregshof, word die bestaan en wese van die Wet op Seksuele Misdrywe (Wet 23 van 1957 soos gewysig) as teenstrydig met die bepalings van die Grondwet aangeval. Die bepalings van hierdie Wet wat voor die hof geplaas word as teenstrydig met die Grondwet is:

- Artikel 1 - die definisie van "wederregtelike geslagsgemeenskap" en die definisie van 'n "bordeel"
- Artikel 2 - die bedryf van 'n bordeel
- Artikel 3 - sekere persone wat geag word om 'n bordeel te hou/bedryf
- Artikel 4 - die bewyslas
- Artikels 10(a) tot 10(d) - koppelary
- Artikel 12 (A) - hulp vir doeleindes van ontug
- Artikel 19 - uitlokking rakende die pleeg van onsedelike dade

- Artikel 20(1)(a)(aA)(c) - persone wat leef van die opbrengs van prostitusie; persone wat onsedelike daade pleeg of hulp verleen tot die pleeg van sulke daade
- Artikel 21 - vermoedens

In Suid-Afrika kan die onderdrukte posisie van sekswerkers verbeter word, aangesien daar vir onder andere beter werksomstandighede; uitskakeling van intimidasie en koppelaarbeheer beding word. Verder kan vakbonde, mediese en pensioenfondse asook nag- en dagversorging vir prostitute en hulle kinders beding word (Visser, 1985:1; Harpur, 1995:6).

Schurink (1996:19) beweer dat die samelewing voordeel kan trek uit die dekriminalisering van prostitusie, aangesien prostitute 'n positiewe bydrae kan lewer tot die groei van belastingfondse. Verder kan produksie in die polisie diens verhoog word omdat polisiebeamptes meer aandag aan ernstiger misdade soos byvoorbeeld moord en verkragting sal kan skenk. Die howe en die Departement van Korrektiewe Dienste se werkklas sal ook verminder kan word, aangesien prostitute nie meer vervolgt sal word nie (Schurink, 1996:19). Ander voordele wat die dekriminalisering van prostitusie inhou, is die registrasie van prostitute (lisensies om as prostitute te werk) asook die reg tot kollektiewe onderhandeling vir fooie. Verder sal die dekriminalisering van prostitusie genoegsame mediese ondersoek en seksvoorligting (insluitend oor Vigs/MIV) vir prostitute tot gevolg hê (Schurink, 1996:19).

Neethling (persoonlike mededeling, 15 Junie 2001) is van mening dat die dekriminalisering van prostitusie polisiëring van dié verskynsel sal vergemaklik. Dit beteken dat prostitusie in 'n meer georganiseerde omgewing op grond van vasgestelde reëls bedryf sal word. Verder kan straatprostitusie en kompetisie rakende fooie uitgeskakel word. Die beoefenaars van prostitusie kan dus openlik hulle dienste teen 'n markverwante prys adverteer. Verbandhoudende misdade

(kliënteroof en aanranding) kan ook grotendeels afneem, aangesien kliënte prostitute by die owerhede kan aangee vir misdade sonder om self aangekeer te word.

Pretorius (1992:5) sluit hierby aan deur te meld dat die dekriminalisering van prostitusie positiewe gevolge vir die gemeenskap inhou. Volgens dié outeur kan mediese ondersoeke en gelagsiektes meer beheer word en kinders kan teen sekshandel en seksslawerny beskerm word.

3.6.2 Nadele van dekriminalisering van prostitusie

Die dekriminalisering van prostitusie verander nie noodwendig die sosiale waardes van 'n gemeenskap nie (Davis, 1993:200). Dit beteken dat al sou prostitusie gewettig word, die beoefenaars moontlik nog steeds as "uitgeworpenes" van die samelewing beskou kan word. Verder wys Davis (1993:295) daarop dat prostitute, ongeag dekriminalisering, nog steeds onwettig deur koppelaars beheer word. Koppelaar-beheer word in die volgende aanhaling verklaar: "No one protects the women from their protectors" (Davis, 1993:295). Volgens Diana (1985:214) is daar manlike kliënte wat juis van prostitute gebruik maak aangesien dit vir hulle opwinding veroorsaak. Dié outeur waarsku egter dat die dekriminalisering van sekswerk daartoe kan bydra dat hierdie kliënte hulle moontlik tot kindersekswerkers sal wend ten einde opwinding te beleef. Ter illustrasie hiervan meld Diana (1985:214) dat: "Readily available sex will not appeal to an unknown number of men for whom the illicit adds excitement and so constitutes a required element". Verder impliseer die dekriminalisering van prostitusie dat die risiko (bv. verkragting en dwelmmiddelmisbruik) wat die beoefenaars loop, ontken word (Farley & Hotaling, 1996:16). Met ander woorde, die emosionele en fisieke skade wat prostitute ervaar, sal deur die

dekriminalisering van prostitusie verwyder word, aangesien die “beroep” dan wettig is en die beoefenaars 'n keuse uitoefen om te prostitueer.

Die dekriminalisering van prostitusie sal waarskynlik 'n toename in die beoefening van die beroep veroorsaak. Prostitusie hou verband met die verspreiding van geslagsiektes wat moontlik 'n gesondheidsgevaar vir die samelewing kan inhou (De Bruyn, 1996:43). Verder kan die moontlike dekriminalisering van prostitusie die mening dat seksuele misbruik van vroue gering geskat word, versterk, en seksisme teenoor vroue verhoog (De Bruyn, 1996:44).

Neethling (persoonlike mededeling, 15 Junie 2001) postuleer dat indien die owerheid prostitusie dekriminaliseer, daar teenstand van godsdienstige groepe sal wees, aangesien prostitusie teen die gemeenskap se morele waardes indruis. Polisiëring van prostitusie is nog steeds nodig aangesien die polisie sowel mannekrag as tyd aan hierdie verskynsel sal moet bestee. Verder sal die gemeenskap se negatiewe persepsie rakende prostitusie (dat dit 'n immorele verskynsel is) nie afneem nie (Neethling, persoonlike mededeling, 15 Junie 2001).

3.6.3 Die implikasie van dekriminalisering op kinderprostitusie

Volgens Perschler (1996:11) sal die dekriminalisering van prostitusie nie die bestaan van kindersekswerk beïnvloed nie. Dié outeur postuleer dat armoede in Suid-Afrika die bestaan van kinderprostitusie sal verseker, aangesien hierdie kinders ter wille van oorlewing en as enigste broodwinners hulle liggame vir seks verkoop.

Hierteenoor is Neethling (persoonlike mededeling, 15 Junie 2001) van mening dat die dekriminalisering van prostitusie 'n positiewe implikasie ten opsigte van kindersekswerk sal hê.

Volwasse prostitute sal die voorreg ontsê word om te prostitueer indien hulle kinderprostitute fasiliteer of hulle met kinderprostitute vereenselwig. Dit impliseer dat volwasse prostitute nie kinders kan "trek" of bekendstel aan sekswerk nie. Verder kan kinderprostitusie 'n bedreiging en kompetisie vir volwasse prostitute inhou, aangesien kinders moontlik laer fooie kan aanvaar as volwasse prostitute. Dit kan ook veroorsaak dat hierdie ondergrondse aktiwiteit (kinderprostitusie) nie geduld word nie. Neethling meld egter dat pedofiele die bestaan van kinderuitbuiting sal verseker, aangesien hulle ook kinders vir seks betaal. Die Verslag oor Sekswerkers in Gauteng (Departement van Openbare Veiligheid en Sekuriteit, 25 Januarie 1997:6) meld dat:

"Child prostitution' is unacceptable and requires criminal sanction. However, the 'child prostitute' should be decriminalised in order to facilitate a more humane provision of services. The 'child prostitute' should not be further traumatised, stigmatised and victimised in the treatment process. However, decriminalising the 'child prostitute' does not mean 'child prostitution' is decriminalised".

3.7 BESTAANDE ONDERSTEUNINGSMEGANISMES OM KINDERPROSTITUSIE TE BEKAMP

In Gauteng bestaan daar enkele ondersteuningsmeganismes wat hulle vir die bekamping, beheer en rehabilitasie van kinderprostitute beywer. The House, in Johannesburg en Lerato Huis, in Pretoria, is onder andere bekend vir hulle diens aan prostitute. Vervolgens sal daar aan die werksaamhede van hierdie fasiliteite aandag geskenk word.

3.7.1 The House, Intombi en Ethembeni

The House (in Hillbrow, Johannesburg) is gedurende 1990 deur Adele en Jean du Plessis gestig. Hierdie instansie beywer hulle daarvoor om kinderprostitute van die strate te verwyder en te rehabiliteer. Die du Plessis egpaar beskou hulle as aktiviste ten behoeve van sowel seksueel mishandelde as kindersekswerkers. Hulle is dan ook veral vir die bewuswording van hierdie

verskynsel in die media en die publiek verantwoordelik (Du Plessis, 1996:2). Die werksaamhede van The House word vervolgens uiteengesit:

- Rehabilitasie, hulpverlening aan en bystand tot die verwydering van persone onder die ouderdom van 21 jaar wat by prostitusie betrokke is, of onderworpe is aan kriminele eksploitasie (veral seksuele mishandeling)
- Om bystand te verleen en, advies, skuiling en berading te verskaf aan persone onder die ouderdom van 21 jaar wat betrokke by en/of afhanklik is aan dwelmmiddels, negatiewe invloede (bv. negatiewe portuurgroepe) of wat van hulle huise weggehoop het
- Die instansie verleen ook bystand aan die Suid-Afrikaanse Polisie, die Departement van Welsyn en Gesondheid, die Departement van Korrektiewe Dienste asook opvoedkundige instansies soos kerke en skole om mishandelde en/of kindersekswerkers in tydelike pleegsorg of plekke van veiligheid te plaas
- Die bekamping van die kriminele eksploitasie van kinders met behulp van die media
- Om die bewustheid van die publiek rakende kinderprostitusie en verwante praktyke soos byvoorbeeld dwelmmiddelmisbruik en MIV/Vigs deur middel van die verpreiding van pamflette en ander literatuur en die reël van seminare te bevorder (Du Plessis, 1996:70-71).

The House het ook twee sub-hawes van veiligheid vir prostitute, naamlik Intombi ("shelter") wat kindersekswerkers onder die ouderdom van 20 jaar bedien en Ethembeni (in samewerking met die Heilsleër) wat prostitute oor die ouderdom van 20 jaar huisves (Du Plessis, 1996:47). Gesamentlik voorsien hierdie fasiliteite berading en beskerming en kan 'n totaal van 30 meisies en vroue.

In samewerking met The House is daar die Mary Magdalene Chapel (wat 'n nie-godsdienstig gebonde kerklike instansie is) wat hulle beywer om kinderprostitusie te bekamp. Die Kapel is

gedurende Januarie 1994 gestig en die dienste is veral gerig op die dwelmmiddel- en prostitusiesubkultuur (Du Plessis, 1996:74). Die oogmerk van hierdie instansie is om kinderprostitute in 'n Christelik ondersteunende omgewing te rehabiliteer, sonder dat die teologiese oortuigings van 'n spesifieke kerk op hulle afgedwing word (Du Plessis, 1996:2).

Du Plessis (1996:48) poneer dat daar duisende kinder- en volwasse prostitute is wat jaarliks hulp soek. Dit beteken dat The House, Intombi en Ethembi nie aan al die behoeftige prostitute hulp, beskerming en rehabilitasie kan verskaf nie. Prostitute wat om hulp by hierdie ondersteuningsnetwerke aanklop, benodig onder andere skuiling, mediese hulp, voedsel en dwelmmiddelrehabilitasie. Hierdie ondersteuningsinstansies dien slegs as 'n tydelike hawe. Permanente fasiliteite met opgeleide en ervare personeel word benodig om prostitute suksesvol in die samelewing te herintegreer (Du Plessis, 1996:48).

The House het al kinderprostitute suksesvol in Hillbrow (Johannesburg) en omliggende areas gerehabiliteer. Du Plessis (1996:54) verduidelik dié instansie se suksesse soos volg:

"We have removed children as young as 3 years from old prostitutes because they were used by their mothers to satisfy the sexual fantasies of their clients. We have come across cases where 10 and 12 year old children were used for pornographic purposes and in one case it involved an Alsatian dog of a well known steamer."

3.7.2 Lerato huis

Lerato huis is gedurende 1997 deur Stefan en Wilma de Beer gestig. Hierdie instansie beywer hulle daarvoor om kinderprostitusie in Pretoria te bekamp en om kindersekswerkers te rehabiliteer. Lerato huis verskaf ook gratis kondome aan volwasse- en kinderprostitute. Die organisasie bied prostitute persoonlike berading, rehabilitasie en Christelike bystand en help

kindersekswerkers om hulle skoolaktiwiteite te hervat. Hulle einddoel is om hierdie kinders by hulle gesinne terug te plaas.

3.8 LEEMTES IN BESTAANDE INSTANSIES

Tydens 'n referaat aanbieding by die SAPSAC Konferensie (Mei, 2001) het Mwanda gemeld dat bestaande organisasies wat hulle vir die bekamping van kindermishandeling en uitbuiting van kindersekswerkers in Suid-Afrika beywer onvoldoende is aangesien misdade teenoor kinders aan die toeneem is. Mwanda poneer dat al hoe meer klagtes van seksuele mishandeling teenoor kinders aanhangig gemaak word, aangesien daar sedert 1994 in Suid-Afrika 'n verandering in die politieke bedeling plaasgevind het. Neethling (persoonlike mededeling, 15 Junie 2001) beweer dat bestaande Christelike instansies wat hulle beywer om kinderprostitute te rehabiliteer, ongelowige beoefenaars uitsluit aangesien daar 'n geloofsvoorwaarde aan rehabilitasie verbonde is.

3.9 REHABILITASIE

Volgens Du Plessis (1996:76-77) moet kinderprostitute se lae selfbeeld verander word en hulle moet geleer word om volwasse persone weer te vertrou, aangesien dit volwasse persone (bv. ouers, koppelaars en kliënte) is wat hulle viktimiseer en seksueel eksploiteer. Die meeste kindersekswerkers het ook nie terapie ontvang vir probleme wat gedurende hulle vroeë kinderjare ondervind is nie. Die resultaat is dikwels 'n neurotiese en obsessiewe persoon wat nog te onvolwasse is om die realiteit te verwerk (Du Plessis, 1996:77). Dié outeur voer aan: "Society instills guilt on these children and any responsible therapist should teach them that they will never be forgiven for their social 'sin'" (Du Plessis, 1996:77). 'n Verdere probleem met

rehabilitasie is dat die meeste prostitute oor 'n lae skoolastiese opvoeding beskik wat hulle van ander werk, waar kwalifikasies verwag word, diskwalifiseer. Kindersekswerkers het dus 'n behoefte aan vaardighede en beroepopleiding (Du Plessis, 1996:77).

Sommige dwelmmiddelrehabilitasiesentrums spesialiseer net in dwelmmiddeldetoksifikasie, aangesien net sekere aspekte (soos ontrekkingsimptome van dwelmmiddels) behandel word. Ander belangrike aspekte, soos byvoorbeeld disfunksionele seksualiteit en antisosiale gedrag, word meestal oor die hoof gesien (Du Plessis, 1996:66). Hierdie aspekte kan suksesvol deur toepaslike in-diepte terapie aangespreek word.

Navorsing deur Farley (1996:13) het bevind dat prostitute die volgende benodig om die beroep suksesvol te kan verlaat: 'n plek van veiligheid, beroepsleiding, alkohol- en dwelmmiddelrehabilitasie, mediese dienste, portuurgroepoestersteuning, selfverdedigingsvaardighede, persoonlike berading, regsverteenvoording, kindersorg en beskerming teen koppelaars.

3.10 SAMEVATTING

In hierdie Hoofstuk is afgehandelde navorsing rakende die profiel en oorsake van kinderprostitusie bespreek. Aspekte soos die dekriminalisering van prostitusie en die effek daarvan op kinderprostitusie is ook uiteengesit. Verder is probleme en voorstelle rakende die rehabilitasie van kindersekswerkers uitgelig. Vervolgens sal daar in Hoofstuk 4 aandag aan die navorsingsontwerp van die studie geskenk word.

4. NAVORSINGSONTWERP

4.1 INLEIDING

Alvorens aandag aan die doelwitte van hierdie studie geskenk word, gaan die metodologiese grondslag bespreek word. Kwalitatiewe tegnieke word in die onderhawige studie gebruik, aangesien daarna gestreef word om die realiteit van die onderwerp wat bestudeer word, te verstaan (Mark, 1996:212). Die sosioloog Max Weber verwys na hierdie tegniek as “verstehen” oftewel “verstaan”, of om empatie te kan toon (Hagan, 1997:15). Dit beteken dat die navorser 'n onderwerp noukeurig moet ondersoek en konsepte deeglik moet omskryf ten einde kennis en begrip van 'n verskynsel te bevorder (Hagan, 1997:15). In dié verband meld Marshall en Rossman (1989:43) dat kwalitatiewe studies buigsamer as kwantitatiewe studie is. Indien fundamentele kennis van kinderprostitute ingewin wil word, behoort kwalitatief te werk gegaan te word ten einde hulle leefwêreld as prostitute en hul viktimiseringsondervindinge beter te begryp. Die realiteit van hulle leefwêreld sal dus beter begryp kan word op dié wyse.

Ten einde navorsing wetenskaplik uit te voer, moet die onderwerp wat bestudeer word, relevansie van die studie, die doel van die navorsing asook die metode waarop inligting ingesamel gaan word, duidelik uiteengesit word. Babbie (2001:113-114) konstateer in die verband dat die navorser moet spesifiseer wat bestudeer word, hoekom die studie die moeite werd is, wat die praktiese betekenis van die studie is en of die studie 'n wetenskaplike bydrae sal lewer. Verder moet daar na relevante wetenskaplike literatuur en afgehandelde studies verwys word. Die wyse waarop data ingesamel gaan word, hoe die respondente geselekteer is en die keuse van analise behoort aangetoon te word.

In aansluiting hierby meld Neuman (2000:22) dat die doel van navorsing gebaseer moet wees op dit wat die navorser beoog met die studie. Dit impliseer dat die volgende vrae beantwoord moet word:

Word 'n nuwe tema verken? Word 'n sosiale verskynsel beskryf? Verduidelik die navorser waarom die verskynsel voorkom? Verder meld Marshall en Rossman (1989:12) dat die doel van 'n wetenskaplike studie 'n leser moet oortuig dat die navorsing betekenisvol, relevant en interessant is. Die ontwerp van die studie moet relevant en uitvoerbaar wees en die navorser moet bevoeg wees om die studie suksesvol uit te voer (Marshall & Rossman, 1989:12). Hieruit word afgelei dat die navorser 'n logiese argument moet voer oor wat die navorsingsdoelwitte is en die doelwitte moet die ingesamelde feite ondersteun. 'n Navorsingsontwerp is dus die resultaat van 'n reeks interpretasies en besluite wat uit literatuur rakende die metodologie verkry is (Marshall & Rossman, 1989:13).

4.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Vervolgens word die doel van die studie en die wyse waarop die doelwitte ondersoek is, uiteengesit.

Die doel van hierdie ondersoek is om bepaalde aspekte rondom minderjarige, vroulike sekswerkers vanuit 'n kwalitatief-kriminologiese perspektief te bestudeer. Kinderprostitusie word aan die hand van die beoefenaars se persepsies, interpretasie en belewenis van hulle leefwêreld ondersoek. Kindersekswerkers in sowel Johannesburg as Pretoria word op 'n verkennende en beskrywende metode bestudeer. Kinderprostitusie kan as 'n relatief nuwe vorm van jeugviktimisasie en misdaad in Suid-Afrika beskou word. Hoewel daar navorsing uit ander dissiplines oor kindersekswerkers onderneem is, is dié verskynsel nog nie in die kriminologie bestudeer nie.

Navorsing (Nedbank ISS Crime Index, 2000:2) en spesiale polisieklompjagte op kindersekswerkers beklemtoon die erns van dié misdaadverskynsel. Na raming is ongeveer tien persent (10%) van die Suid-Afrikaanse sekswerkerpopulasie onder die ouderdom van 18 jaar (Nedbank ISS Crime Index, 2000:2). Volgens die bevelvoerder van die Johannesburgse Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenheid (GKS), superintendent André Neethling (persoonlike mededeling, 20 Maart

2001), word daar vanaf Junie 1999 gereeld klopjagte in strate en nagklubs uitgevoer om minderjarige sekswerkers in Johannesburg te identifiseer ten einde hulle na plekke van veiligheid te verwys. Volgens Neethling is misdade teen kinders (bv. kinderprostitusie) 'n nasionale misdaadprioriteit. Dit beteken dat kindersekswerk 'n prioriteitsmisdad is aangesien hierdie verskynsel 'n sub-kategorie van kindermishandeling is. Kinderprostitusie is 'n prominente verskynsel in Suid-Afrika en kinders word toenemend by hierdie "beroep" betrek.

4.2.1 Subdoelwitte

Aangesien hierdie navorsing nie aan die hand van hipoteses getoets word nie, sal navorsingsvrae en subdoelwitte gebruik word vir hierdie doeleinde. Vervolgens word die subdoelwitte van hierdie studie uiteengesit.

- 'n Kriminologiese ontleding van gevallestudies om die sosiale aard van kinderprostitusie te bepaal
- 'n Teoretiese verklaring van kinderprostitusie te formuleer aan die hand van bestaande teorieë
- Die identifisering van emosionele, psigiese en fisieke gevolge wat sekswerk op kinders het
- Die identifisering van risikofaktore wat betrokkenheid by prostitusie kan verklaar
- 'n Kontaklys van organisasies in Gauteng wat hulle vir die rehabilitasie van kindersekswerkers beywer en die beëindiging van kinderprostitusie voorstaan
- Om aan te dui wat die dekriminalisering van prostitusie op die voortbestaan van kinderprostitusie sal hê.

4.2.2 Navorsingsverwagtinge

Marshall en Rossman (1989:28) poneer dat navorsingsvrae (in 'n kwalitatiewe studie) meestal uit "leefwêreld"-observasies en -dilemmas voortspruit. Dié vrae is nie dieselfde as hipoteses wat van teorieë afgelei word nie, maar dien eerder as vrae wat geselekteer is om 'n sistematiese ondersoek in te stel. Navorsingsvrae kan op 'n deduktiewe wyse aangewend word (Marshall & Rossman, 1989:28). Dit beteken dat navorsers eers 'n navorsingsprobleem moet identifiseer voordat die navorsingsmetode gekies word. Nadat hierdie aspekte afgehandel is, kan die navorser die studie aan die hand van navorsingsvrae rig waarna antwoorde op die vrae gevind moet word (Marshall & Rossman, 1989:42).

Volgens Marshall en Rossman (1989:28-29) het hierdie vrae ten doel om die interaksie binne die sosiokulturele sisteem (kinderseks-subkultuur) te verklaar. Hierdie vrae is veral van belang indien navorsers op algemene kennis rakende die navorsingsonderwerp moet staatmaak om die navorsing te inisieer. Hierdie tegniek dra daartoe by dat die navorser enersyds meer betekenisvolle vrae tydens die studie kan formuleer en andersyds beklemtoon navorsingsvrae die belang van spesifieke bronne wat geraadpleeg moet word (Marshall & Rossman, 1989:29-30).

Die navorsingsvrae wat vir die onderhawige studie geformuleer is, is: Wat is die aard en omvang van kinderprostitusie in Gauteng (spesifiek Johannesburg en Pretoria)?; Op watter wyse raak kinders by prostitusie betrokke?; Wat is die oorlewingsmeganismes van kinderprostitute? en: Watter rol speel souteneurs by kinderprostitusie?

4.3 WYSE VAN DATA-INSAMELING

Ten einde die onderhawige studie te rig, is wetenskaplike literatuur en afgehandelde studies as 'n basis gebruik om kindersekswerk as 'n kriminologiese probleem te ondersoek. Die volgende deskundiges op die gebied van kinderprostitusie is geraadpleeg ten einde die aard, omvang en

relevansie van die probleem in Suid-Afrika te bepaal:

- Kaptein Das Neves – die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuelemisdryfeenheid – Wesrand, Johannesburg
- Ds. S. De Beer – Pretoria Community Ministries – Pretoria
- Mnr. Jean du Plessis – stigter en eienaar van The House – Hillbrow, Johannesburg
- Mev. Poppie Loubscher – maatskaplike werkster wat hoofsaaklik met kinderprostitute werk, Pretoria
- Senior Superintendent Anneke Pienaar – Nasionale Hoof van die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuelemisdryfeenheid – Gauteng
- Adv. S. Snyman – Kommissaris van die Kinderhof - Pretoria
- Superintendent André Neethling – bevelvoerder van die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming - en Seksuelemisdryfeenheid – Johannesburg

Kinderprostitute is met die hulp van die polisie (GKS eenheid) en hawes van veiligheid vir kindersekswerkers in Johannesburg (The House) en Pretoria (Pretoria Community Ministries) opgespoor.

4.3.1 Verkennende ondersoek

In hierdie ondersoek word daar ook van basiese navorsing, oftewel “suiwer” navorsing gebruik gemaak. Dit beteken dat nuwe kennis of insig oor ‘n spesifieke verskynsel verkry word (Neuman, 2000:23-24). Verkennende navorsers gebruik meestal kwalitatiewe navorsingsmetodes. ‘n Relatief nuwe verskynsel, soos byvoorbeeld kinderprostitusie, word verken om meer inligting rakende die verskynsel te verkry. Aangesien daar beperkte riglyne in hierdie tipe studie is om te volg, behoort alles rakende die onderwerp as potensieel belangrik beskou te word. Daar bestaan nie rigiede stappe wat gevolg moet word nie, derhalwe kan die ondersoek deurgaans verander. Volgens Marshall en Rossman (1989:36) het ‘n verkennende studie ‘n tweeledige doel, naamlik: om ‘n proses

te verken wat nog nie in navorsing geïdentifiseer is nie en om 'n verskynsel te bestudeer wat nog nie deur 'n teorie verklaar is nie. Dit beteken dat 'n verkennende studie teorieë verken sonder om noodwendig op hipoteses te steun. 'n Verkennende studie het nie 'n presiese, afgebakende probleem of hipotese nie (Marshall & Rossman, 1989:43). In die onderhawige studie is daar nie hipoteses geformuleer nie, maar is verskeie subdoelwitte en navorsingsvrae geformuleer wat die ondersoek sal word. Marshall en Rossman (1989:43) meld in die verband dat 'n kwalitatiewe studie ten doel moet hê om belangrike vrae te beantwoord en dat die navorser wat sodanige studie onderneem moet poog om prosesse en verbande te ontdek.

Verkennende studies verg kreatiwiteit, onbevooroordeeldheid en buigsaamheid ten opsigte van die navorsingsprosedure en data-insameling. In die lig van die feit dat wetenskaplike navorsing en publikasies rakende kinderprostitusie beperk is, sal alle beskikbare bronne ten opsigte van dié verskynsel verken word (Babbie, 2001:91-92; Marshall & Rossman, 1989:43; Neuman, 2000:22).

Mouton en Marais (1989:43) postuleer dat 'n verkennende studie ten doel het om 'n relatief onbekende studieveld of verskynsel te ondersoek. Volgens hulle kan navorsers aan die hand van 'n verkennende studie nuwe insigte ten opsigte van 'n verskynsel verkry. 'n Kriminologiese ondersoek van kinderprostitusie kan nuwe idees en insigte rakende hierdie verskynsel openbaar. Ten einde 'n aanvanklike ondersoek te doen, kan 'n kwalitatiewe studie rakende kindersekswerkers dus as 'n voorlopige of inleidende studie tot verdere kriminologiese navorsing dien. Prioriteite vir verdere navorsing kan gestel word en leemtes, soos byvoorbeeld 'n teoretiese raamwerk om kindersekswerk as 'n misdadverskynsel te verklaar, kan geïdentifiseer word. Die behoefte aan navorsing oor 'n spesifieke onderwerp kan vasgestel word. Daar is tot op hede geen kriminologiese navorsing rakende kinderprostitusie in Suid-Afrika onderneem nie, derhalwe bestaan daar 'n behoefte vanuit 'n kriminologiese paradigma om dié verskynsel te verklaar. Verder kan daar ook metodes ontwikkel

word vir 'n meer uitgebreide studie. Hiervolgens kan die onderhawige studie as 'n inleidende en verkennende studie tot verdere, meer uitgebreide/omvattende navorsing dien (Mouton & Maraes, 1989:43).

4.3.2 Beskrywende ondersoek

Beskrywende navorsing fokus op die "hoe"- en "wie"-vrae, en beskryf 'n verskynsel soos dit is (Neuman, 2000:22). Dit beklemtoon in-diepte, fundamentele beskrywings van 'n spesifieke individu, 'n situasie, 'n groep of 'n organisasie (Babbie, 2001:93). 'n Beskrywende studie kan die navorser help om kinderprostitusie as verskynsel te "verstaan". Volgens Neuman (2000:22) is die taak van die kriminoloog nie net om 'n verskynsel te beskryf nie, maar ook om die onderwerp te verstaan om sodoende 'n grondige kennis van kinderprostitusie te verkry. Die resultaat sal dus 'n gedetailleerde beeld van die onderwerp vervat.

'n Beskrywende studie verskaf 'n akkurate profiel van kindersekswerkers. Risikofaktore wat tot die kinders se betrokkenheid by prostitusie bydra, sal geïdentifiseer en bespreek word en hierdie risikofaktore kan as 'n riglyn dien om potensiële kindersekswerkers vroegtydig te identifiseer (Neuman, 2000:22). Dus lewer navorsing rakende kindersekswerkers 'n fundamentele bydrae tot die analisering en verklaring van seksueel mishandelde kinders in die spesialisingsveld van jeugmisdaad.

4.3.3 Rigtinggewende vooraftoets

Ten einde hierdie studie te rig, is 'n rigtinggewende vooraftoets onderneem om die betroubaarheid en akkuraatheid van die studie te verhoog. Verder is deskundiges (bv. die bevelvoerder van die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenheid, die Kommissaris van die Kinderhof

en maatskaplike werkers) in die gebied van kinderprostitusie geraadpleeg. Afgehandelde studies en ander toepaslike literatuur is bestudeer ten einde 'n tentatiewe, semi-gestruktureerde vraelys op te stel. In dié verband meld Neuman (2000:166) dat die betroubaarheid van 'n studie deur 'n vooraftoets of voorafmeting verbeter word. Die rasionaal van sodanige toets is om vorige of soortgelyke navorsingsmetodes te verifieer en uit te brei. Nieswiadomy (1993:32) beveel aan dat 'n rigtinggewende vooraftoets gebruik moet word voordat die navorsingdeelnemers genader en die werklike studie uitgevoer word. Marshall en Rossman (1989:51) meld dat 'n vooraftoets tot die beplande navorsing se geloofwaardigheid kan bydra, aangesien die navorser hiermee bewys dat die studie uitvoerbaar is. Die navorser illustreer die vermoë om 'n kwalitatiewe studie te kan onderneem deur aanvanklike observasies of onderhoude te beskryf. Die toets staan ook as die "first days in the field" bekend (Marshall & Rossman, 1989:51).

4.3.3.1 Bepanning van 'n vooraftoets

Volgens Bailey (1994:143-144) kan daar in 'n vooraftoets van 'n aantal navorsingdeelnemers gebruik gemaak word. Hierdeur kan moontlike probleme geïdentifiseer en uitgeskakel word voordat daar met die beplande studie begin word. Nieswiadomy (1993:201) wys daarop dat daar nie 'n vasgestelde aantal respondente vir 'n vooraftoets gebruik word nie, maar stel voor dat minstens tien navorsingdeelnemers betrek moet word. Faktore soos byvoorbeeld tyd, koste en beskikbaarheid van navorsingdeelnemers (soortgelyk aan die respondente van die finale studie) sal ook 'n rol speel by die seleksie van respondente vir die vooraftoets (Nieswiadomy, 1993:201).

Daar bestaan verkeie redes vir die gebruik van 'n rigtinggewende vooraftoets. Die navorser kan onder andere die uitvoerbaarheid van die studie en die tipe meetinstrumente wat in die finale studie gebruik gaan word, struktureer. Verder verkry die navorser praktiese metodologiese ondervinding en potensiële probleme kan in die insameling van data opgespoor word (Nieswiadomy, 1993:32-33).

Hoewel die navorser byvoorbeeld van mening kan wees dat die aanvanklike vraelys deur 'n tiener voltooi sal kan word, kan die vooraftoets die teendeel bewys. Sodanige probleme kan dan vir die hoofstudie voorkom word.

Die taalgebruik, bewoording, vraagorde, irrelevante vrae, belangrike aspekte wat nie aangeraak word nie, ongepaste vrae, dubbelsinnige vrae of vrae wat verwarring kan veroorsaak, word deur middle van die vooraftoets bepaal (Bailey, 1994:144). Tydens 'n onderhoud kan navorsingdeelnemers wat iets nie verstaan nie, bygestaan word en kan onduidelike inligting aan hulle verduidelik word totdat hulle dit begryp. Volgens Bailey (1994:144) is een van die mees algemene probleme wat met die vooraftoets ondervind word, die bewoording van vrae. Die rede hiervoor is dat inligting soms onvanpas of verwarrend is. Verder moet die navorser ook let op die patroon van beantwoording – indien 'n reeks vrae identies beantwoord is of 'n duidelike patroon van beantwoording bestaan, moet daar gepoog word om met die finale studie hierdie tendense te vermy (Bailey, 1994:145). Sodoende kan gefokus word op vrae wat betekenisvolle data oplewer. Vrae word beter bewoord aangesien navorsingdeelnemers hulle antwoorde in 'n vooraftoets kwalifiseer of verduidelik (Bailey, 1994:145).

4.3.3.2 Semi-gestruktureerde vraelys

Die semi-gestruktureerde vraelys dien as 'n konsepvraelys aangesien die vooraftoets ten doel het om moontlike probleme wat met die amptelike vraelys kan opduik, te elimineer. Volgens Nieswiadomy (1993:32, 200-201) moet die navorsingdeelnemers wat vir die vooraftoets geselekteer word oor soortgelyke karaktereienskappe as die respondente in die hoofstudie beskik ten einde die nodige resultate met die semi-gestruktureerde vraelys te bereik. Bailey (1994:144) is egter van mening dat die vrae in 'n vooraftoets aangepas kan word, aangesien die navorsingdeelnemers aan die vooraftoets en die finale studie nie oor presies dieselfde karaktereienskappe hoef te beskik nie.

Bailey (1994:144) waarsku egter dat daar beperkings bestaan, byvoorbeeld dat minderjarige manlike sekswerkers nie in 'n vooraftoets gebruik kan word wanneer die beplande studie oor minderjarige vroulike sekswerkers handel nie.

4.4 UITVOERING VAN DIE VOORAFTOETS: FASE EEN

'n Rigtinggewende vooraftoets is 'n kleinskaalse eksperiment van die aanvanklike of die finale studie wat onderneem gaan word, derhalwe moet die uitvoering van die vooraftoets in 'n groot mate met die finale studie ooreenstem (Nieswiadomy, 1993:200). Vervolgens sal die voorbereiding vir die vooraftoets bespreek word.

4.4.1 Voorbereiding vir die vooraftoets

Volgens Bailey (1994:447) moet aspekte soos byvoorbeeld 'n beperkte woordeskat, die onvermoë om abstrakte konsepte te verstaan, die kind-volwassene-verhouding, die onvermoë om die onderhoudvoeringproses te verstaan en 'n kort konsentrasievermoë in ag geneem word wanneer kinders in 'n studie gebruik word. Ten einde bogenoemde probleme te oorkom het die navorser 'n slagofferhanteringskursus rakende kindersekswerkers by The House ('n hawe vir veiligheid en rehabilitasiesentrum vir kinder- en volwasse prostitute) deurloop. Dit het daartoe bygedra dat beter begrip en insig rakende kindersekswerkers verkry is. Die kursus het veral op die identifisering, hantering en rehabilitasie van seksueel mishandelde prostitute en kinderprostitute gefokus. Gedurende die opleiding is die navorser blootgestel aan sekswerkers wat haar die kliektaal (straatjargon) aangeleer het en sy is ook blootgestel aan die prostitute se daaglikse leefwyse en roetines. Aspekte soos byvoorbeeld dwelm- en alkoholmisbruik is ook tydens die kursus bespreek. Op 10 Maart 1995 het die navorser 'n werkwinkel rakende kinderprostitusie in Suid-Afrika bygewoon (hierdie werkwinkel is deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in Pretoria aangebied).

Verder het die navorser as 'n vrywillige werker en traumaberader by Pretoria Community Ministries (PCM) diens gelewer. By hierdie instansie is daar veral met mishandelde vroue en kinders (insluitend kinderprostitute) gewerk. Hier is die navorser ook blootgestel aan die beperkte taalgebruik en skolastiese opvoedingspeil van kinderprostitute. Verder het die navorser in samewerking met die Departement van Gesondheid en Pretoria Community Ministries op 'n weeklikse basis kondome (op straat) aan kindersekswerkers in Pretoria uitgedeel.

4.4.2 Meetinstrumente

Ten einde die meetinstrumente te ontwikkel, is in-diepte, semi-gestruktureerde onderhoude met deskundiges op die gebied van kinderprostitusie en verteenwoordigers van organisasies (The House - Johannesburg - en Pretoria Community Ministries – Pretoria) gevoer. Hierdie deskundiges is die volgende: die bevelvoerders van die Narkotiese Buro verantwoordelik vir die bekamping van prostitusie (Johannesburg en Pretoria); nagklubeienaars en klubbestuurders van The Summit Club – Johannesburg- en die Ndabada Hotel – Pretoria, vier huurmotorbestuurders wat spesifiek vervoer aan kindersekswerkers bied (drie in Johannesburg en een in Pretoria); lede van die Pretoria Straatwerkersbeweging; proefbeampes van 'n nywerheidskool; 'n maatskaplike werker - mev. Loubscher – wat met kindersekswerkers werk, die bevelvoerders van die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenhede (GKS) van Johannesburg en Pretoria (Superintendent André Neethling en Superintendent Das Neves onderskeidelik); die Kommissaris van die Kinderhof in Pretoria – Advokaat Snyman; die Adjunk – Direkteur van Openbare Vervolgings in Johannesburg – Senior Advokaat Jan Henning; 'n satanis wat kinderprostitute as seksslawe vir 'n satanistiese okkult gewerf het - mnr. Phoenix Bakker (Leeukop Maksimum Gevangenis); en 'n pedofiel wat van kinderprostitute se dienste gebruik gemaak het - mnr. Dirk Swanepoel.

Die navorser het verder plekke van veiligheid vir kinder- en volwasse prostitute (The House in

Hillbrow en Pretoria Community Ministries in Pretoria) genader om onderhoude met kindersekswerkers te bewerkstellig. 'n Gesellinklub (The Ranch) in Johannesburg is besoek ten einde kinderprostitute op te spoor en werkareas van kindersekswerkers (in Johannesburg en Pretoria) is deur middel van deelnemende waarneming verken.

4.4.3 Proefpersone

Tien minderjarige vroulike sekswerkers van Johannesburg en Pretoria is in fase een van die navorsing betrek. Vyf van hierdie meisies is van Johannesburg afkomstig terwyl die ander vyf in die Pretoria area werksaam is. Ses navorsingsdeelnemers is swart en vier is blank. Semi-gestruktureerde onderhoude is met dié kindersekswerkers in privaatheid gevoer. Hierdie onderhoude is by die volgende plekke afgeneem: respondent een: The House, Hillbrow – Johannesburg; respondent twee: The Summit Club – Johannesburg; respondent drie: Pretoria Community Ministries – Pretoria; respondent vier: Pretoria Community Ministries – Pretoria; respondent vyf: die Ndabada Hotel – Pretoria; respondent ses: kantoor van die Suid-Afrikaanse Narkotiese Buro – Pretoria; respondent sewe: Die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenheid – Die Wesrand (Roodepoort/Johannesburg); respondent agt: The Summit Club – Johannesburg; respondent nege: die Ndabada Hotel – Pretoria en respondent tien: The Ranch Club – Johannesburg.

4.4.4 Profiel van die respondente wat by die vooraftoets betrek is

In Tabel 3 word die demografiese inligting rakende die respondente wat by fase een betrek is, uiteengesit en bespreek. Die bespreking van resultate sal geïnkorporeer word in samehang met die bevindinge wat met die amptelike ondersoek verkry is (sien Hoofstuk 5). Die vraelys wat vir fase een gebruik is, word as Bylaag 1 ingesluit (kyk Bylaag 1, bladsy 292). Vervolgens sal die demografiese

inligting van die navorsingdeelnemers wat in fase een betrek is, in Tabel 3 uiteengesit word.

Tabel 3: Demografiese Inligting rakende die respondente wat in Fase Een betrek is

N	Ouderdom	Bevolkingsgroep	Etnisiteit	Taal	Area / plek van geboorte	Skolastiese opvoeding	Maandelikse inkomste
1	13	Swart	Tswana	Tswana en Suid-Sotho	Mafikeng	Graad 3	R 1500
2	17	Swart	Sotho	Suid-Sotho	Qwa-Qwa	Graad 8	R 7000
3	12	Swart	Zulu	Zulu	Ulundi	Graad 3	R 2000
4	11	Swart	Xhosa	Xhosa	Umtata	Graad 3	R 1500
5	8	Swart	Ndebele	Ndebele en Zulu	Kwa Mhlanga	Geen skoolbywoning	R 1500
6	16	Blank	Afrikaans	Afrikaans	Klerksdorp	Graad 9	R 15 000
7	16	Blank	Afrikaans	Afrikaans	Roodepoort	Graad 9	R 15 000
8	17	Blank	Afrikaans	Afrikaans	Virginia	Graad 7	R 20 000
9	14	Swart	Xhosa	Xhosa	Qunu	Graad 7	R 4000
10	15	Blank	Engels	Engels	Vereeniging	Graad 9	R 20 000

Die ouderdom van die navorsingdeelnemers in Tabel 3 wissel van agt tot 17 jaar. Die swart sekswerkers se etnisiteit verteenwoordig die Tswana, Sotho, Zulu, Xhosa en Ndebele groepe. Daarenteen is die blanke sekswerkers van Afrikaanse en Engelse afkoms. Die respondente het aangedui dat hulle die tale van hulle betrokke etniese groepe vlot kan praat. Slegs respondent sewe is oorspronklik van Gauteng (Roodepoort) afkomstig. Ses van die meisies (respondente een, twee, vier, sewe, agt en tien) het ten tye van die onderhoude nog kontak met hulle gesinne gehad. Respondente een, vier en agt het aangedui dat hulle maandeliks geld huis toe stuur om hulle gesinne te onderhou. Twee respondente (ses en tien) het aangedui dat hulle 'n bankrekening het waarin hulle op 'n weeklikse basis geld inbetaal. Die ander respondente het aangedui dat hulle op 'n dag-tot-dag-basis lewe (hulle maak dus geen finansiële voorsiening vir die toekoms nie).

Navorsingdeelnemers ses, sewe en tien beskik oor die hoogste skolastiese kwalifikasie van die groep, naamlik graad nege. Respondent vyf het nog nooit skool bygewoon nie. Hoewel dié respondent ongeletterd is, het sy aangedui dat een van haar mede-sekswerkers haar leer lees en skryf het. Die sekswerkers het aangedui dat hulle meestal sekshandel in Afrikaans en Engels dryf;

hulle is Afrikaans en Engels magtig. Aangesien respondent vyf nog “nuut” in die beroep was (sy het op daardie stadium prostitusie slegs vir ses maande beoefen), is daar met behulp van ‘n tolk (‘n vroulike swart polisiebeampte) ‘n onderhoud met dié respondent gevoer.

Daar is ‘n duidelike verskil tussen die swart en blanke meisies se inkomste. Die blanke kindersekswerkers het op daardie stadium tot R 20 000 per maand verdien, terwyl die hoogste inkomste van die swart meisies R 7000 per maand was. Die rede hiervoor kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die hoeveelheid blanke kindersekswerkers minder is as die swart kindersekswerkers. Dit beteken ook dat blanke kindersekswerkers waarskynlik op daardie stadium in groter aanvraag as hulle swart mede-sekswerkers was. Al die respondente het vir souteneurs gewerk. Die blanke meisies werk oor die algemeen vir blanke souteneurs, terwyl die swart meisies in diens van swart souteneurs was. Volgens al die respondente gebruik hulle voorbehoedmiddels (kondome), maar nie een van die meisies het tydens die onderhoude enige kondome by hulle gehad nie (onderhoude is gedurende die respondente se werkstye gevoer).

4.4.4.1 Redes vir die beoefening van kindersekswerk

Redes wat deur die sekswerkers aangevoer is vir hulle betrokkenheid by prostitusie is onder andere: ‘n tekort aan geld, ‘n strewe na onafhanklikheid, armoedige lewensomstandighede, werkloosheid, konflik in die ouerhuis en mishandeling. Respondente drie, vier, ses, agt en nege het as gevolg van seksuele en fisieke mishandeling, armoede en konflik in die ouerhuis van hulle ouerhuise weggeloop. Respondente een, drie, en vier het aangedui dat hulle die enigste broodwinners van hulle gesinne is. Volgens hierdie meisies is hulle ouers bewus van die feit dat hulle prostitueer. Vyf van die respondente (respondente twee, ses, sewe, agt en tien) gebruik dwelmmiddels en alkohol. Hulle onderhou hulle verslawing deur middle van sekswerk. Dwelmmiddels soos Wellconal, kokaïne en dagga word deur die blanke sekswerkers gebruik, terwyl die swart meisies meestal verkies om

dagga en alkohol te misbruik.

4.4.4.2 Probleme wat tydens die voorafvoets ondervind is

Vervolgens sal die probleme wat met die kindersekswerkers in die voorafvoets ondervind is onder die loep geneem word. Die respondente het aanvanklik nie geglo dat die navorser hulle slegs vir navorsingsdoeleindes wou betrek nie. Hulle was van mening dat die navorser 'n polisiebeampte is wat hulle wou arresteer, of ten doel gehad het om hulle van die strate te verwyder. Hulle het ook die vrees uitgespreek dat die navorser hulle na plekke van veiligheid sou verwys. Die navorsingdeelnemers het nie die navorser se doel/rol verstaan nie, aangesien een respondent selfs gedink het dat die navorser 'n mediaverteenwoordiger is. Aangesien die kindersekswerkers gespanne was, is tee en eetgoed aangebied om rapport te skep en hulle op hulle gemak te plaas. 'n Verdere probleem was dat daar in samewerking met bepaalde eenhede van die Suid-Afrikaanse Polisie diens gewerk is. Die polisie-eenhede het die kindersekswerkers op verskillende wyses hanteer. Dit het in een geval daartoe bygedra dat 'n polisiebeampte 'n kinderprostituut fisiek mishandel het wat veroorsaak het dat die navorser nie bruikbare inligting of samewerking van hierdie respondent kon verkry nie. Verder het 'n souteneur in Hillbrow gedreig om die navorser aan te rand indien die sekswerkers nie met rus gelaat word nie.

Ongeag die feit dat die kindersekswerkers aangedui het dat hulle Afrikaans en Engels magtig is, was kommunikasie met hulle moeilik. Dit kan toegeskryf word aan beperkte skolastiese opvoeding. Die vrae moes meestal herhaal en meer omvattend aan die respondente verduidelik word. Die kindersekswerkers wat dwelmmiddels en alkohol gebruik het, het 'n beperkte aandagsduur getoon. Alkohol- en dwelmmiddel misbruik het ook kommunikasie met die meisies bemoeilik, aangesien hulle spraak- en redenasievermoë aangetas was. 'n Verdere probleem was dat die onderhoude, ongeag die tyd van die dag, met die sekswerkers se werksure ingemeng het. Afsprake wat gedurende die

oggend geskeduleer wou word is van die hand gewys, aangesien die meisies gedurende dié tyd moes rus. Laastens het die meeste van die kindersekswerkers nie hulle ouderdom gegee nie, uit vrees vir die polisie. Dié wat wel het, het gejak oor hulle ouderdom. Verder het die kinderprostitute ook nie hulle identiteitsdokumente aan hulle gedra nie. Derhalwe moes kindersekswerkers se woord rakende hulle ouderdom aanvaar word en die navorser moes van hulle se ouderdom skat.

4.4.4.3 Algemene kommentaar deur prostitute

Uit die respondente se terugvoer het die navorser bewus geraak van aspekte wat nie deur die vraelys gedek is nie. Twee respondente (navorsingdeelnemers twee en agt) was getroud. Drie van die respondente (respondente twee, ses en agt) het kinders gehad - respondent twee het 'n driejarige seuntjie, respondent ses het 'n agtien maande oue babadogtertjie en respondent agt het 'n vier maande oue dogtertjie. Die tydperk wat die kindersekswerkers gewoonlik betrokke is by prostitusie wissel van ses maande tot drie jaar. Respondent twee het tydens die afneem van die onderhoud reeds vir vier jaar geprostitueer (vanaf 13-jarige ouderdom). Respondent ses het op daardie stadium al vir drie jaar geprostitueer (vanaf tien jaar), terwyl respondent agt al vir drie jaar en ses maande geprostitueer het (vanaf 14 jaar). Respondent nege het aangedui dat sy vir twee jaar in die seksbedryf werksaam is (vanaf 12 jaar).

Ten opsigte van voorbehoedmiddels het die volgende aan die lig gekom: die meeste navorsingdeelnemers was oningelig oor beskikbare voorbehoedmiddels. Hulle het aangedui dat indien 'n instansie (bv. die Departement van Gesondheid en Welsyn) nie kondome aan hulle veskaf nie, hulle nie sommer hulle eie kondome sal aanskaf nie. Die respondente het ook aangedui dat hulle tydens menstruasie prostitusie beoefen.

4.5 FASE TWEE: ONDERHAWIGE STUDIE

Vervolgens word aandag geskenk aan die meetinstrumente, steekproefmetode en die profiel rakende die steekproef van die onderhawige studie, oftewel Fase Twee van die navorsing.

4.5.1 Meetinstrumente vir onderhawige studie

Aan die hand van Mark (1996:214) se aanbeveling, word daar in die onderhawige studie van ongestruktureerde in-diepte onderhoude, observasie en deelnemende observasie gebruik gemaak tydens data-insameling. In aansluiting hierby meld Marshall en Rossman (1989:78) dat deelnemende waarneming, observasie en in-diepte onderhoude gepaste fundamentele metodes vir kwalitatief-verkennende studies is. Wanneer die metodes gekombineer word, kan die navorser dit wat geobserveer word met bestaande feite vergelyk (Marshall & Rossman, 1989:82). 'n Studie in verband met kinderprostitusie kan gedoen word aan die hand van observasie (insluitend deelnemende observasie), in-diepte onderhoudvoering, dokument-analise en vraelysgepaste metodes om data in te samel. Die navorser het byvoorbeeld die kindersekswerkers se verduidelikings rakende dwelmmiddel- en alkoholmisbruik met empiriese literatuur bevestig. Die algemeenste verduideliking hiervoor is dat prostitute substansies gebruik om hulle in 'n bepaalde stemming te plaas om seksueel met kliënte te kan verkeer en om hulle emosies (emosionele ontlading) af te stomp (Farley & Barkan, 1998:37-49).

4.5.1.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie kan daartoe bydra dat die navorser verbande tussen gebeure kan vergelyk (Marshall & Rossman, 1989:41). So kan nuwe inisiatiewe ontwikkel word en kan afgehandelde

navorsing met resente navorsing geïntegreer word (Neuman, 2000:446).

Die kritiese bestudering van literatuur rakende kinderprostitusie het aan die lig gebring dat afgehandelde studies in Suid-Afrika aspekte aanraak wat nie in die onderhawige studie herhaal word nie. Die meeste studies (Du Plessis, 1996; Labuschagné, 1995a; Schurink & Ndabandaba, 1991; Smit, 1996) het sowel kinderprostitusie as relevante praktyke (soos dwelmmiddelmissbruik en koppelaar-beheer) geïdentifiseer en bespreek. Hierdie studie het ten doel om dié misdadverskynsel vanuit 'n kriminologiese perspektief te bestudeer en aan die hand van kriminologiese en sosiologiese teorieë te verklaar. Die onderhawige studie fokus veral op die proses van kindersekswerk (hoekom kinders by sekswerk betrokke raak), terwyl afgehandelde studies op die bewusmaking van dié verskynsel in Suid-Afrika fokus.

Die volgende bronne staan veral fundamenteel tot die literatuurstudie van hierdie navorsing:

- Uittreksels uit die oorkonde van die strafverrigtinge in *Staat teen Roets* (saaknommer: 53/92, gedateer 18 Junie 1992) in besonder die bekentenis; akte van beskuldiging; erkennings en gevolge (Artikel 220 van Wet 51 van 1977); rekord van vonnis van sy Edele Regter Schabbort; aansoek om appél van Simonè Roets en die vorige veroordelings en vonnis; uitspraak en skrywe van sy Edele Regter Schabort.
- Wetenskaplike tydskrifartikels in die kriminologie, sielkunde, sosiologie en maatskaplike werk is geraadpleeg.
- Internetartikels, wat 'n wye spektrum oor kinderprostitusie in die wêreld verteenwoordig, word ook in hierdie studie vervat.
- Wetenskaplike publikasies rakende die mishandeling van kinders (emosioneel, fisiek en seksueel), jeugmisdaad, viktimisasie asook literatuur rakende volwasse prostitute is bestudeer.
- Afgehandelde studies rakende prostitusie en kinderprostitusie is ook gebruik om hierdie

studie te rig.

4.5.1.2 Werwing van proefpersone

Navorsingdeelnemers is met behulp van die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en die Seksuelemisdryfeenhede (GKS), die Suid-Afrikaanse Narkotiese Buro (SANAB), Pretoria Community Ministries (PCM), die Pretoria Straatwerkersvereniging en maatskaplike werkers verbonde aan welsynsinstansies geïdentifiseer. Verder is volwasse prostitute genader om van hulp te wees by die identifisering van kindersekswerkers. Die navorser het gedurende Fase Twee veral op die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuelemisdryfeenheid (in Johannesburg) gesteun om kindersekswerkers in Johannesburg te betrek, aangesien hierdie meisies nie bereid was om aan die steekproef deel te neem nie. Die kindersekswerkers het, nadat die navorser hulle alleen genader het, aangevoer dat daar teen hulle gediskrimineer sal word of dat hulle gearresteer sal word. Nadat onderhoude met kindersekswerkers in Johannesburg gevoer is, is die meisies weer teruggeneem na hulle werksareas (waar hulle gevind is).

4.5.1.2.1 Plek van werwing

- *Respondente een tot tien:* hierdie respondente is in samewerking met die Johannesburgse Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuelemisdryfeenheid in Johannesburg en omliggende areas se strate gevind. Die onderhoude is in privaatheid (in die Eenheid se kantore) gevoer. Die meeste van hierdie sekswerkers was ooglopend onder die invloed van alkohol- en dwelmmiddels en duidelike reuk (bv. sweet en semen) kon by hulle onderskei word. Klopjagte is onder leiding van superintendent André Neethling gevoer, aangesien sowel kinderprostitute as hulle werkareas aan hierdie eenheid bekend is. Die navorser en die polisielede moes eers die sekswerkers oortuig om saam te kom na die Eenheid se kantore



toe. Die meeste van die meisies (respondente twee, drie, vyf, ses, sewe, agt, tien en elf) was aanvanklik huiwerig en bang, maar hulle is verseker dat hulle net ondervra sal word en weer by hulle werkareas afgelaai sal word. Ongeag die onderneming dat hulle slegs ondervra en weer afgelaai sal word het hulle die navorser en polisielede gevloek. Respondente drie, vier, sewe en agt het weggehardloop, maar is met behulp van die polisie aangekeer. Respondente een tot tien is na die Eenheid se kantore geneem, waar hulle ondervra is. Rapport met die respondente kon eers by die kantore bewerkstellig word, aangesien die respondente eers hier hulle volle samewerking begin gee het. Tydens die onderhoude is eetgoed aan die navorsingdeelnemers verskaf. Die respondente was oop (uitgesproke) en het maklik die vrae beantwoord. Aangesien hulle tot laat in die nagte werk en min geslaap het, het hulle ten tye van die onderhoude gou moeg geword. Die respondente is meestal vanaf ongeveer nege uur in die aand tot twee uur in die oggend ondervra. Respondent sewe het voor die navorser kokaïne gebruik, terwyl respondent een aanvanklik ontken het dat sy by prostitusie betrokke is, maar sy het later gedurende die onderhoud erken dat sy prostitueer.

- *Respondent 11:* Oxfordstraat – Rosebank, Johannesburg. Die onderhoud is in die navorser se motor gevoer. Navorser moes die respondent R 150 vir haar tyd betaal.
- *Respondent 12:* Kerkstraat – Pretoria. Hierdie respondent is genader terwyl die navorser kondome aan kindersekswerkers uitgedeel het. Daar is dieselfde aand op die perseel van Pretoria Community Ministries met haar gekonsulteer.
- *Respondente 13, 14 en 15:* Hierdie respondente is deur respondent 12 uitgewys en onderhoude is by Pretoria Community Ministries gevoer. Hierdie meisies het vrywillig deelgeneem (navorser is van mening dat die drink- en-eetgoed wat aan die sekswerkers beskikbaar gestel is daartoe bygedra het dat hulle hul samewerking gegee het).
- *Respondente 16 en 17:* Die Suid-Afrikaanse Narkotiese Buro van Pretoria het gehelp om hierdie respondente op te spoor. Onderhoude is in dié eenheid se kantore in Gezina,

Pretoria gevoer. Beide hierdie respondente is informante vir hierdie eenheid en het vrywillig saamgewerk.

- *Respondent 18:* Dié respondent het by Pretoria Community Ministries aangeklop vir rehabilitasie. Sy wou uit prostitusie tree en die onderhoud is op die perseel van hierdie instansie gevoer.
- *espondente 19 en 20:* Beide hierdie respondente is in samewerking met die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenheid in Pretoria gevind en onderhoude is by dié instansie gevoer. Eet- en drinkgoed is ook aan respondente 19 en 20 gebied en hulle is ook verseker dat hulle nie gearresteer sou word nie.

4.5.1.3 Observasie en deelnemende observasie

Observasie behels 'n sistematiese beskrywing van die gedrag en werksaamhede van kinderprostitute (Marshall & Rossman, 1989:79). Aan die hand van observasie kan die navorser gedrag en die betekenis wat aan hierdie gedrag geheg word bestudeer (Marshall & Rossman, 1989:79). Observasie is die primêre tegniek wat in Fase Een en Twee gebruik is om die werksterrein van kinderprostitute te verken. Verskeie navorsers (Bailey, 1994:242; Hagan, 1997:6; Marshall & Rossman, 1989:29) beklemtoon dat observasie die geskikste metode is om gedrag wat in 'n gegewe kultuur plaasvind, in detail te bestudeer. Dit beteken dat observasie die meetbaarheid, duplisering (herhaling van observasie) en geldigheid van 'n studie versterk en kreatiwiteit aan 'n studie verleen. Moeilik waarneembare gedrag (soos dwemmiddel misbruik) wat antisosiaal van aard is, kan sodoende waargeneem word (Bailey, 1994:242).

Observasie verteenwoordig dus 'n in-diepte studie van die individu. Sodoende kan die navorser toepaslike karaktereenskappe van die respondente bestudeer. Dit beteken dat gedrag waarvan die respondent nie noodwendig bewus is nie, ook aangeteken kan word (Bailey, 1994:244). Ter

illustrasie hiervan kan gemeld word dat sommige kindersekswerkers as dwelmmiddelverspreiders vir die souteneurs optree. Dit is ook nie ongewoon dat 'n aantal kinderprostitute ook lesbiese verhoudings met hulle mede-sekswerkers het nie. Hulle beskou hulleself nie as lesbiërs of voorstanders van biseksuele gedrag nie, maar as heteroseksuele persone. Sowel kinderprostitute se sosialisering en interaksie met kliënte as hulle gewoontes (bv. die neem van dwelmmiddels voordat kliënte gesien word), is deur die navorser aan die hand van observasie aangeteken.

Verder kan veranderinge wat in 'n studieveld plaasvind deur middel van observasie waargeneem word (Bailey, 1994:244). So het die navorser gevind dat gedurende die tydperk wat verloop het van Fase Een tot Fase Twee daar 'n verandering van dwelmmiddelgebruik onder die kindersekswerkers in Johannesburg en Pretoria plaasgevind het. Gedurende Fase Een het die Johannesburgse respondente veral dagga, Wellconal en kokaïne gebruik terwyl die respondente in Fase Twee meestal net kokaïne en heroïene gebruik het. Gedurende fase een het die respondente in Pretoria meestal net dagga gerook en alkohol misbruik, terwyl daar in Fase Twee 'n verskuiwing na "Ecstasy" tablette, Wellconal en heroïene plaasgevind het.

Deelnemende observasie vereis eerstehandse oftewel direkte betrokkenheid in die sosiale leefwêreld van die studieonderwerp (Marshall & Rossman, 1989:79). Aan die hand van deelnemende navorsing word 'n groot aantal gedetailleerde informasie ingesamel ten einde 'n in-diepte kennis van die studie onderwerp (in dié geval kinderprostitusie) in te win (Nieswiadomy, 1993:231). Aangesien nie alle gebeure gekodeer kan word nie, moet die navorser besluit watter inligting vir die studie belangrik en bruikbaar is (Neuman, 2000:364). Aspekte soos byvoorbeeld hoe kindersekswerkers onder die invloed van dwelmmiddels optree en hulle seksuele oriëntering (bv. homoseksuele voorkeure) is met behulp van waarneming in hierdie studie vervat.

Volgens Marshall en Rossman (1989:79) kan deelnemende waarneming, waar 'n navorser betrokke

is by 'n instansie wat verband hou met die studieonderwerp (bv. The House of Pretoria Community Ministries), daartoe aanleiding gee dat meer praktiese inligting en kennis verkry word. Die navorser is die mede-stigter van Lerato-huis ('n hawe van veiligheid en rehabilitasie vir kinderprostitute in Pretoria). Verder het die navorser op 'n weeklikse basis as 'n assistent en berader by Pretoria Community Ministries gewerk. Tydens hierdie sessies is kondome aan kindersekswerkers uitgedeel.

Deelnemende waarneming stel die navorser verder in staat om te reageer op die proefpersone se response. Indien die navorser oor eerstehandse kennis van die praktiese leefwêreld van kindersekswerkers bekom, kan dit tot 'n positiewe verhouding tussen die navorser en repondent lei. Kinderprostitute se atipiese funksionering en die relatief onbekende realiteit van die kinderprostitusiebedryf (byvoorbeeld mishandeling deur kliënte en souteneurs en dwelmmiddelmissbruik) kan met groter insig bestudeer word. Dit impliseer dat die wetenskaplikheid (geldigheid en betroubaarheid) van die sosiale milieu (kinderprostitute se leefwêreld) deur deelnemende waarneming versterk word (Marshall & Rossman, 1989:79).

In die onderhawige studie is deelnemende waarneming soos volg geïnisieer: noue samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisie diens (die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenhede) asook betrokkeheid by Pretoria Community Ministries en besoeke aan nagklubs in Johannesburg en Pretoria is 'n meer noukeurige en getroue bestudering van die gedrag en optrede van kinderprostitute bewerkstellig.

4.5.1.4 Semi-gestruktureerde vraelys

'n Semi-gestruktureerde-vraelystegniek word aangewend om onbekende feite bloot te lê ten einde rigting aan die navorser te bied. In-diepte vraagtegnieke, oftewel "probing", is aangewend om spesifieke verskynsels (soos die aard van seksuele aktiwiteite) meer breedvoerig te bestudeer.

Hierdie tegniek bied ook aan die navorser die nodige ruimte om skynbaar nie-relevante verskynsels (soos wanaanwending van fondse) bloot te lê en nader te ondersoek.

Volgens Bailey (1994:108) is die relevansie van 'n vraelys belangrik om drie redes, naamlik die doelwitte van die studie, die relevansie van vrae (wat die doelwitte van die studie moet ondersteun) en die relevansie van vrae wat individueel aan navorsingdeelnemers gerig word. Die vrae wat in 'n vraelys gebruik word moet eers geanaliseer word om 'n betroubare vraelys te verseker. Hierdie voorstel is een van die redes waarom daar van 'n rigtinggewende vooraftoets (Fase Een) gebruik gemaak is. Ten einde te voorkom dat vrae foutief geformuleer word, is die volgende riglyne van Bailey (1994) gevolg:

- *Dubbelsinnige vrae:* Terme soos byvoorbeeld *sosiale interaksie*, *norme* en *waardes* wat nie aan die navorsingsdeelnemers bekend is nie, moet vermy word. Volgens Bailey (1994:111) voorkom 'n vooraftoets dubbelsinnige vrae. Die navorser het hierdie probleem oorkom deur soortgelyke vrae in die rigtinggewende vooraftoets te vra. Byvoorbeeld: "Tot watter etnisiteit behoort jy? Xhosa, Zulu, Tswana, Ndebele...?" Sommige van die respondente kon met meer as een van hierdie etniese groepe identifiseer (bv. in sommige gevalle was 'n respondent se vader 'n Zulu en die moeder 'n Tswana) en derhalwe moes die navorser geen spesifikasie gee nie, maar slegs riglyne, sodat die respondente self kon spesifiseer.
- *Die vlak van bewoording:* Die bewoording van vrae moet sodanig wees dat die respondente se opvoedingspeil in ag geneem word (Bailey, 1994:113). Gedurende Fase Een van die ondersoek het die kindersekswerkers se opvoedingspeil gewissel van geen skolastiese ervaring tot Graad nege. Derhalwe moes die vlak van bewoording van so 'n aard wees dat hierdie respondente sonder moeite die vrae kon verstaan en beantwoord. In die vooraftoets is die vlak van die navorsingdeelnemers se opvoeding bepaal en is die bewoording dienoreenkomstig aangepas om geldige en betroubare kommunikasie te verseker.
- *Abstrakte teenoor feitelike vrae:* Abstrakte konsepte soos byvoorbeeld *geluk*, *liefde* of

geregtigheid moet volgens Bailey (1994:115) vermy word, aangesien elke individu verskillende betekenis aan hierdie woorde heg. Aansluitend hierby moet vrae waar opinies ter sprake is, vermy word.

- *Leidende vrae*: Hierdie tipe vrae stel 'n antwoord aan die respondent voor en moet derhalwe vermy word om bevooroordeeldheid uit te skakel (bv. "Jy gebruik mos nie dwelms nie, doen jy?").
- *Morele, sensitiewe of dreigende vrae*: Volgens Bailey (1994:116) kan vrae wat aspekte soos seks en selfmoord bevat, daartoe aanleiding gee dat sosiaal-aanvaarbare antwoorde gegee word. So kan van die respondente antwoorde gegee word wat hulle weet nie teen konvensionele gedrag sal indruis nie. Navorsingdeelnemers kan onder druk verkeer om voorgeskrewe gedrag te volg, terwyl hulle in praktyk dit nie volg nie (bv. "Watter voorbehoedmiddels gebruik jy?". Dit terwyl die respondent nie van voorbehoedmiddels gebruik maak nie) (Babbie, 2001:241-245; Bailey, 1994: 110-116).

Bailey (1994:116) stel voor dat wanneer daar van vrae gebruik gemaak word wat oor onaanvaarbare gedrag (bv. kinderprostitusie) handel, die navorser die vraag op so 'n wyse moet stel dat daar reeds aanvaar word dat die respondent aan genoemde gedrag deelneem. Die navorser kan byvoorbeeld die volgende vraag stel: "Hoe gereeld maak jy van voorbehoedmiddels in jou beroep gebruik?" 'n Tweede benadering is om normatiewe antwoorde op sensitiewe vrae te verminder deur die vrae so te bewoord dat daar aangeneem word dat daar konsensus oor 'n norm bereik is (Bailey, 1994:117). Byvoorbeeld: "Sommige mense is van mening dat kinderprostitusie nadelig vir kinders is terwyl ander van mening is dat sekswerk voordeel kan inhou; Wat is jou mening hieroor?" 'n Derde strategie is om aan te toon dat sekere gedrag nie misdadig is nie maar eerder wyd beoefen word, al is dit teen die norm (Bailey, 1994:117). Byvoorbeeld: "Die meeste meisies raak een of ander tyd seksueel aktief, wanneer het jy die eerste keer seksueel verkeer?"

Volgens Mark (1996:249-253) moet die navorser die volgende in ag neem tydens vraelyskonstruksie:

- Die navorser moet 'n vraelys opstel wat die doel van die studie aanspreek
- Elke vraelysitem moet bydra tot die doel van die studie
- Die bewoording en die vlak van sofistikasie moet van so 'n aard wees dat dit in ooreenstemming is met die respondente se opvoedingspeil
- Die tipe vrae (oop en geslote) moet so gestel word dat relevante inligting ingewin kan word
- Die vrae moet so gestel word dat inligting vermy word waaroor die respondent nie kennis dra nie

Die voorafgaande riglyne is in gedagte gehou by die opstel van die semi-gestruktureerde vraelys.

4.5.1.5 Onderhoudvoering

Onderhoudvoering is een van die belangrikste bronne van data-insameling in kwalitatiewe navorsing, aangesien hierdie tegniek die verhouding tussen die navorser en respondent versterk en noue kontak bewerkstellig. Dit impliseer dat gesistematiseerde inligting bekom word waarvolgens kindersekswerkers se daaglikse leefwyse ontleed word. Hierteenoor kan persoonlike interaksie ook nadelig wees, aangesien persoonlike inligting (bv. deelname aan ander misdadige aktiwiteite) gedeel word (Marshall & Rossman, 1989:82).

Onderhoudvoerders moet oor goeie luistervaardighede beskik en hulle moet oor die nodige vaardighede beskik om persoonlike interaksie suksesvol te kan bewerkstellig. Marshall en Rossman (1989:83) waarsku egter dat indien onderhoudvoering as die enigste tegniek van data-insameling gebruik word, daar 'n verdraaiing in data kan plaasvind aangesien die onderhoudvoerder persoonlike voorkeure kan oorsien. Hierdie probleem is in die onderhawige studie oorkom, aangesien sowel observasie as onderhoudvoering as data-insamelingstegnieke gebruik is en daar voortdurend

gepoog is om objektief te bly.

Ofskoon daar tekortkominge (soos verdraaiing van data) in 'n onderhoud is, hou dit ook sekere voordele (bv. die lees van nie-verbale gedrag) in. Volgens Bailey (1994:174) is hierdie metode buigsaam, aangesien die navorser gedrag noukeurig kan bestudeer. Die responskoers met onderhoude is meer volledig as byvoorbeeld posvraelyste - veral wanneer daar met respondente gewerk word wat ongeletterd is. Respondent vyf wat aan Fase Een van die vooraftoets deelgeneem het, kon byvoorbeeld nie lees of skryf nie. Deur middel van onderhoudvoering kon sy wel by die navorsing betrek word. Verder kan nie-verbale gedrag soos onder andere tekens van dwelmmiddel misbruik (soos merke van spuitnaaldgebruik) so waargeneem word. Die navorser het ook meer beheer oor die situasie, aangesien die onderhoud in privaatheid geskied sonder enige steurings. In die vooraftoets is die navorser byvoorbeeld op straat deur kliënte van prostitute en souteneurs lastig geval. Die navorsingsdeelnemers wat aan Fase Twee deelgeneem het, is meestal in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisie diens (die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenhede) geïdentifiseer en in privaatheid ondervra.

Tydens onderhoudvoering het die navorser verder ook beheer oor die vraagorde. Dit verseker dat respondente die vrae in 'n sekere volgorde beantwoord. Tydens die vooraftoets is respondente die geleentheid gebied om tydens die onderhoude uit te brei oor 'n situasie. Ten opsigte van die vraag wat gehandel het oor viktimisasie, tydens hulle vroeë kinderdae het die respondente in plaas van slegs "ja" of "nee" te antwoord, uitgebrei oor die tipe viktimisasie (bv. verkragting). Respondente het persoonlik die vrae beantwoord wat verhoed het dat enige van hulle voorgesê of beïnvloed is. Tydens onderhoudvoering word spontane antwoorde verkry en word al die vrae gewoonlik beantwoord.

4.6 STEEKPROEFTREKING

Die grootte van 'n steekproef word bepaal deur die doel van die studie en die tipe populasie wat bestudeer word. Volgens Bailey (1994:96-98) kan 'n minimum aantal respondente by 'n studie betrek word en kan dit in sommige gevalle as verteenwoordigend van die populasie beskou word. Hierenteen is Sarantakos (1998:26-27) van mening dat kwalitatiewe navorsers maklik foute begaan tydens nie-vertteenwoordigende steekproeftrekking, aangesien die respondente nie die werklike populasie verteenwoordig nie. Ten einde hierdie foute te beperk kan op die volgende gelet word:

- Die hoeveelheid navorsingsdeelnemers wat in die voorafstudie gebruik word kan in die hoofstudie vermeerder word. Tydens Fase Een is tien respondente gebruik en tydens die onderhawige studie is die respondente tot 20 vermeerder.
- Die navorser moet op kontrasterende gevalle let, met ander woorde, op gevalle waar sekere tendense (bv. tipe dwelmmiddels) nie ooreenstem nie. In die onderhawige studie is byvoorbeeld gevind dat blanke sekswerkers meer geneig is om sekere tipes dwelmmiddels (bv. kokaïne en heroïne) te gebruik, terwyl die swart kindersekswerkers weer meestal dagga en alkohol gebruik het. Verder het van die respondente uit eie keuse by prostitusie betrokke geraak, terwyl ander gedwing is om betrokke te raak by die bedryf.
- Die gevalle moet sistematies georganiseer word om die nie- bruikbare gevalle uit te skakel. Een respondent wat in samewerking met die Johannesburgse Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenheid betrek is, kon nie aan die navorsing deelneem nie aangesien sy slegs die nagklub besoek het en nie by prostitusie betrokke was nie.
- Verder moet eweredige gevalle (bv. tien gevalle) in die studieveld geselekteer word om die interpretasie van navorsingbevindinge te vergemaklik (Sarantakos, 1998:26-27).

Die aard van die onderhawige studie het die navorser gedwing om van nie-waarskynlikheid-steekproef tegnieke gebruik te maak. Ten einde uitvoering aan die studie te kon gee is die volgende steekproef tegnieke gebruik:

4.6.1 Nie-waarskynlikheid- steekproeftrekking

Nie-waarskynlikheid-steekproewe, oftewel toevallige steekproewe, betrek navorsingdeelnemers op grond van hulle beskikbaarheid (Mark, 1996:111). Hierdie metode is gewoonlik beperk tot persoonlike kontak tussen die respondente en die navorser. Neuman (2000:196) postuleer dat navorsers wat van kwalitatiewe navorsing gebruik maak, selde 'n verteenwoordigende steekproef trek en gewoonlik nie-waarskynlikheidtegnieke moet aanwend. Volgens dié outeur sal die studie-tema die verteenwoordiging van 'n populasie bepaal, aangesien die steekproefgrootte nie voorafbepaal kan word nie. Gevalle sal selektief gekies word wat die algemene kindersekswerkerspopulasie verteenwoordig. Hierdie tipe steekproef kan nie veralgemeen word na die algemene kinderprostitusiepopulasie nie, aangesien die navorsingdeelnemers selektief gekies is en dus nie die werklike kindersekswerkerspopulasie verteenwoordig nie (Bailey, 1994:94). Die voordeel van hierdie steekproef is dat dit minder gekompliseerd en koste-effektief is. Navorsing kan op die ingewing van die oomblik uitgevoer word om voordeel te trek uit die beskikbaarheid van die respondente, sonder die statistiese kompleksiteit wat 'n waarskynlikheidsteekproef inhou (Bailey, 1994:94). Respondente een tot elf (respondente van Johannesburg en omliggende area) is aan die hand van hierdie steekproeftegniek betrek op grond van hulle beskikbaarheid by die onderhawige studie.

4.6.1.1 Doelgerigte steekproeftrekking

'n *Doelgerigte steekproef* word gebruik wanneer die navorser spesifieke respondente in die steekproef insluit (Neuman, 2000:198). Dié steekproef is veral van toepassing in die volgende gevalle:

- Die metode is aanvaarbaar wanneer die navorser unieke gevalle in die steekproef moet insluit

- Die navorser moet sekere respondente selekteer aangesien hulle moeilik bereikbaar is. In samewerking met die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenheid is navorsingsdeelnemers in die Johannesburg-area geïdentifiseer. Op grond van Neuman (2000:198) se aanbeveling dat alle prostitute nie bestudeer en by 'n steekproef betrek kan word nie, (aangesien die prostituutpopulasie te groot is), het die navorser navorsingdeelnemers wat bereikbaar was by die studie betrek. Dus is sekere kindersekswerkers aan die hand van subjektiewe inligting (bv. bekende prostitusie-areas) doelgerig by die studie ingesluit. Verder is daar in samewerking met deskundiges op die gebied (polisie en sosiale werkers) kinderprostitute geïdentifiseer wat uit die populasie afkomstig is (Neuman, 2000:198).

Aangesien sommige kindersekswerkers in Johannesburg nie aan die navorsing wou deelneem nie, is daar in samewerking met die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenheid kinderprostitute geïdentifiseer. Hierdie kinders was aan die polisie bekend en kon dus makliker by die steekproef betrek word.

4.6.1.2 Sneebal tegniek

Die *sneebal tegniek*, oftewel die “ketting-verwysingsteekproef”, is van belang wanneer nie-sigbare, misdadige, “geslote” subkulture (bv. kinderprostitute) bestudeer word (Neuman, 2000:199; Bailey, 1994:96). Volgens Huysamen (1994:44-45) behels die sneebal metode dat enkele proefpersone vanuit 'n toepaslike populasie by die steekproef betrek word. Hierdie proefpersone word as informante beskou omrede hulle kennis dra van ander persone wat dieselfde populasie verteenwoordig. Dit het tot gevolg dat die steekproeftrekking 'n “rollende” sneebal word en ander proefpersone met soortgelyke karaktereienskappe geïdentifiseer word (Bailey, 1994:96).

'n Navorser sal byvoorbeeld die proefpersoon met wie daar 'n onderhoud gevoer word, versoek om

behulpzaam te wees om ander proefpersone te identifiseer wat bereid sal wees om vrywillig aan die ondersoek deel te neem. Sodoende kan individue betrek word wat andersins nooit aan die navorser bekend sou wees nie. Die belangrikste element van die sneeubalmetode is dat elke moontlike navorsingdeelnemer wat direk of indirek met prostitute verbind word, geïdentifiseer kan word (Neuman, 2000:199). Volgens Bailey (1994:96) het die sneeubalmetode meer waarde wanneer daar van observasie gebruik gemaak word of wanneer navorsing in die gemeenskap uitgevoer word. Drie kindersekswerkers is aan die hand van die sneeubalmetode by die navorsing betrek. Die navorser het respondent 12 by Pretoria Community Ministries (PCM) geïdentifiseer en by die steekproef betrek. Die respondent het die navorser na respondente 13, 14 en 15 verwys waarna hulle genader en versoek is om aan die navorsing deel te neem.

4.7 DEMOGRAFIESE INLIGTING RAKENDE DIE RESPONDENTE WAT BY FASE TWEE BETREK IS

Vervolgens sal die demografiese inligting rakende die respondente wat by Fase Twee betrek is in Tabel 4 weergegee word. Die vraelys wat in Fase Twee gebruik is word as Bylaag twee (2) ingesluit (kyk Bylaag 2, bladsy 298).

Tabel 4: Demografiese Inligting rakende die respondente wat in Fase Twee betrek is

N	Ouderdom	Bevolkingsgroep	Etnisiteit	Taal	Opvoedingspeil	Afhanklikes	Inkomste
1	16	Indiër	Indiër	Afrikaans	Graad tien	Seuntjie van nege maande	R20 000
2	14	Swart	Sotho	Sotho	Graad nege	Geen	R6 000
3	15	Swart	Sotho	Sotho	Graad tien	Seuntjie van drie-jaar	R 7 500
4	14	Kleurling	Kleuring	Afrikaans	Graad nege	Geen	R 13 000
5	14	Swart	Zulu	Zulu	Graad agt	Geen	R7 000
6	12	Swart	Zulu	Zulu	Graad drie	Seuntjie van agt maande	R6 000
7	16	Blank	Arikaans	Afrikaans	Graad tien	Geen	R30 000
8	15	Kleurling	Kleurling	Engels	Graad agt	Seuntjie van 11 maande	R9 000
9	14	Swart	Zulu	Zulu	Graad agt	Geen	R10 000
10	14	Swart	Sotho	Sotho	Graad agt	Dogtertjie van een-jaar	R5 000
11	17	Blank	Afrikaans	Engels	Graad nege	Geen	R25 000
12	15	Swart	Tswana	Tswana	Graad nege	Geen	R15 000
13	16	Swart	Sotho	Sotho	Graad nege	Geen	R 9 000
14	17	Swart	Zulu	Zulu	Graad agt	Dogtertjie van ses maande	R12 000
15	14	Kleurling	Kleurling	Afrikaans	Graad sewe	Geen	R10 000
16	15	Swart	Xhosa	Xhosa	Graad agt	Geen	R7 500
17	15	Swart	Tswana	Tswana	Graad sewe	Geen	R10 000
18	16	Blank	Afrikaans	Afrikaans	Graad nege	Geen	R20 000
19	14	Swart	Xhosa	Xhosa	Graad vier	Geen	R12 000
20	17	Swart	Zulu	Zulu	Graad nege	Dogtertjie van twee-jaar	R15 000

Daar is 20 minderjarige sekswerkers by Fase Twee betrek. Die jongste kindersekswerker was 12 jaar, terwyl die oudste kindersekswerker 17 jaar is. Nege kinderprostitute is uit die Pretoria-area (die Sentrale Besigheidsdistrik) betrek, terwyl 11 respondente uit die Johannesburg area (Hillbrow, Rosebank en Rosettenville) afkomstig is. Vervolgens sal elke item ten opsigte van die biografiese profiel apart bespreek word.

4.7.1 Rassesamestelling

Uit Tabel 4 blyk dit dat 13 respondente swart is, drie kleurlinge is, drie blank is, terwyl net een meisie 'n Indiër is. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat al hoe meer swart kindersekswerkers (as enigste broodwinners) prostitusie beoefen. Blanke kinderprostitute kom sedert die uitvoering van Fase Een

meer algemeen op straat voor en derhalwe is hulle meer geredelik beskikbaar vir navorsing. Die ondervteenwoordiging van die Indiërkinders kan waarskynlik toegeskryf word aan die bevolkingsgroep se streng waardestelsels (persoonlike mededeling, Neethling, 15 Junie, 2001).

4.7.2 Taalvoorkeur

Die taalvoorkeur van die swart sekswerkers is Sotho-, Zulu-, Xhosa- en Tswanagroepe; dit is ook hulle moedertaal. Respondente vier en 15 (kleurlingrespondente) het aangedui dat Afrikaans hulle moedertaal is. Respondent agt het aangedui dat Engels haar moedertaal is, terwyl die Indiër sekswerker se taalvoorkeur Afrikaans is.

4.7.3 Opvoedingspeil

In teenstelling met Fase Een het al die respondente wat by Fase Twee betrek is oor 'n mate van skoolastiese opvoeding beskik. Respondent ses het oor die laagste opvoedingsvlak beskik, naamlik graad drie, terwyl respondente een, drie en sewe oor 'n graad-tien-skoolopvoeding beskik het. Respondent een het graad tien in 'n verbeteringskool voltooi.

4.7.4 Voorbehoedmiddels

Ten opsigte van voorbehoedmiddels het slegs respondent 17 aangedui dat sy nie hiervan gebruik maak nie. Verder gebruik die ander 19 respondente voorbehoedmiddels. Respondente twee, vier, vyf, sewe, agt, 11, 13, 14 en 15 het ten tye van die onderhoud kondome in hulle besit gehad en aangedui dat hulle altyd versoek dat hulle kliënte kondome gebruik. Respondent een gebruik voorbehoedpille; sy kon nie die tipe pil spesifiseer nie. Respondente nege, tien en 12 gebruik slegs

kondome wanneer dit tot hulle beskikking is. Volgens respondent sewe is kondome die beste voorbehoedmiddel aangesien dit 'n betroubare middel is om swangerskap en seksueel oordraagbare siektes te voorkom. Respondent 14 het aangedui dat sy van kondome gebruik maak aangesien sy al swanger was en nie weer swanger wil word nie. Hierdie respondent se vorige koppelaar is die vader van haar babadogter wat ten tye van die onderhoud ses maande oud was. Sy het ook aangedui dat die pa van haar kind tydens die onderhoud 'n vonnis vir handle in dwelmmiddels dien.

4.7.5 Inkomste van die respondente

Die laagste inkomste van die navorsingdeelnemers in Fase Twee is R5 000 terwyl, dit in Fase Een R1 500 was. Die hoogste inkomste per maand wat deur respondent sewe gerapporteer is, was R30 000. Hierteenoor was dit in fase een R20 000. Die blanke, Indiër en kleurlingrespondente (een, vier, sewe, agt, 11, 15 en 18) het 'n hoër inkomste as die swart respondente (twee, drie, vyf, ses, nege, tien, 12, 13, 14, 16, 17, 19 en 20) verdien. Die rede hiervoor is dat daar meer swart kinders as anderkleurige kinders by prostitusie betrokke is. Die afleiding is dus dat daar 'n groter aanvraag vir blanke, kleurling- en Indiër kindersekswerkers is.

4.7.6 Ouderdom

Aangesien nie een van die respondente identiteitsdokumente in hulle besit gehad het nie, moes die navorser hulle woord neem ten opsigte van hulle ouderdom en ook van eie diskresie gebruik maak om hulle korrekte ouderdomme te skat.

4.7.7 Algemeen

In die onderhawige studie het sewe (35%) navorsingdeelnemers (respondente een, drie, ses, agt, tien, 14 en 20) aangedui dat hulle kinders het. Respondente ses, tien en 14 se koppelaars is ook die vaders van hulle kinders. Slegs een respondent (respondent 20) het aangedui dat sy getroud is.

4.8 ANALISE

Hierdie inligting is aan die hand van relevante psigologiese, sosiologiese en kriminologiese teorieë uiteengesit. Babbie (2001:359) verwys na hierdie metode van analise as die “koppel-analise teorie” (“link theory analysis”), aangesien “a theory represents our best understanding of how life operates. The more our research confirms a particular set of relationships among particular concepts, the more confident we become that our understanding corresponds to social reality” (Babbie, 2001:359). Die navorsingdata word aangewend om die risikofaktore en die oorsake van kinderprostitusie teoreties te bestudeer. Die navorsingresultate het nie ten doel om ‘n oplossing te vind nie en verteenwoordig nie ‘n poging om ‘n praktiese probleem te veralgemeen nie. Aangesien daar tydens Fase Een en Twee klein steekproewe getrek is, kon die data per hand verwerk word.

4.9 SAMEVATTING

In die onderhawige studie is daar van kwalitatiewe tegnieke gebruik gemaak om minderjarige vroulike sekswerkers vanuit ‘n kwalitatief-kriminologiese perspektief te bestudeer. Die beoefenaars van kindersekswerk is aan die hand van hulle interpretasies, persepsies en belewenis van hulle leefwêreld ondersoek. Verder word navorsingsvrae en subdoelwitte gebruik om hierdie studie te rig.

Die metodologiese ondersoek bestaan uit twee fases: Fase Een is ‘n rigtinggewende vooraftoets waar tien kindersekswerkers betrek is, terwyl Fase Twee die hoofstudie is waar 20 kindersekswerkers vir navorsing betrek is. In beide fases behels die meetinstrumente observasie en

deelnemende observasie, semi-gestruktureerde onderhoudvoering met behulp van semi-gestruktureerde vraelyste. Vervolgens sal die bevindings in Hoofstuk 5 uiteengesit word.

5. BESPREKING VAN RESULTATE EN VERWESEN- LIKING VAN NAVORSINGSVERWAGTINGE EN SUB- DOELWITTE

5.1 INLEIDING

Die bevindinge rakende Fase Twee van die onderhawige studie word vervolgens in verband met die gestelde navorsingsverwagtinge gerapporteer. In gevalle waar die bevindinge van Fase Een (vooraftoets), dié van Fase Twee komplementeer, sal dit ook gerapporteer word.

5.2 BEVINDINGE RAKENDE DIE NAVORSINGSVERWAGTINGE

Vervolgens sal die bevindinge rakende die navorsingsverwagtinge van die onderhawige studie onder die loep geneem word.

5.2.1 Navorsingsverwagting 1: Aard en omvang van kinderprostitusie in Gauteng (Johannesburg en Pretoria)

Die aard en omvang van kinderprostitusie in Gauteng word aan die hand van die volgende faktore uiteengesit: aard en omvang van kindersekswerk; ouderdom; verstedeliking; aard van seksuele aktiwiteite; kleredrag; inkomste en werksure.

5.2.1.1 Voorkoms (aard en omvang) van kindersekswerk in Gauteng

Volgens Neethling (persoonlike mededeling, 25 Julie 2001) bestaan daar nie statistiese gegewens rakende kindersekswerkers in Gauteng nie. Du Plessis (1996:75, 97) is egter

van mening dat kinderprostitusie in Johannesburg jaarliks toeneem. Dit is wel bekend dat ongeveer tien persent (10%) van die sekswerkerpopulasie in Suid-Afrika onder die ouderdom van 18 jaar is (Nedbank ISS Crime Index, 2000:2). Gedurende 1996 het ongeveer 'n kwart van die land se prostitusiepopulasie uit kinderprostitute bestaan. Die meeste van hierdie kindersekswerkers was in Johannesburg werksaam gewees. Volgens Brümmer (1999:7) was daar in 1998 ongeveer 38 000 aktiewe kinderprostitute in Suid-Afrika. Leslie (2001a:3) sluit hierby aan deur te beweer dat die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenhede na raming tot 28 000 kinderprostitute gedurende 2000 geprosesseer het. Neethling (persoonlike mededeling, 25 Julie 2001) is van mening dat ongeveer 25 % van die land se prostitusiepopulasie uit kindersekswerkers bestaan. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat die meeste kindersekswerkers in Johannesburg werksaam is (Leslie, 2001a:3; Neethling, persoonlike mededeling, 25 Julie 2001).

5.2.1.2 Ouderdomsverpreiding van die respondente

Die ouderdomme van die navorsingdeelnemers in Fase Een (vooraftoets) en Fase Twee (die hoofstudie) wissel van agt tot 17 jaar. Respondent vyf, in Fase Een, was die jongste (8 jaar) wat by die vooraftoets betrek is, terwyl respondent ses (12 jaar) in Fase Twee, die jongste respondent was. Navorsingdeelnemers twee, agt (in Fase Een), 11, 14 en 20 (in fase twee) was die oudste respondente (20 jaar). Hierdie respondente se ouderdomme stem ooreen met Koen et al. (2000:35) se bevindinge rakende die ouderdomsprofiel van kindersekswerkers. Volgens Koen et al. (2000:30) wissel die ouderdomme van kindersekswerkers tussen vier en 17 jaar. Verder postuleer Leslie (2001a:10) dat ouderdomskatting van kinderprostitute 'n probleem is, aangesien die

meeste kindersekswerkers nie bereid is om hulle werklike ouderdomme weer te gee nie. Hierdie probleem is ook in die onderhawige studie ondervind.

5.2.1.3 Verstedeliking en kindersekswerk

Respondente een, drie, vier en agt (Fase Een) het aangedui dat hulle van die platteland na Gauteng (Johannesburg en Pretoria) verhuis het om te werk. In Fase Twee het respondente ses, nege, tien, 16 en 18 ook aangedui dat hulle van plattelandse areas afkomstig is. Ten opsigte van hierdie bevinding meld Koen et al. (2000:33, 35) dat kinders wat van die platteland na stede verhuis, veral kwesbaar is om by prostitusie betrek te word. Verder beweer Koen en sy medewerkers dat kindersekswerk in Suid-Afrika 'n stedelike verskynsel is. Volgens Leslie (2001a:10, 14) en Schurink (1996:8) is die meeste Suid-Afrikaanse kinderprostitute wat in die stede werkzaam is, van die platteland afkomstig. Die navorser se studie staaf nie hierdie stelling nie, aangesien 30% van die respondente (van sowel Fase Een as Twee) van die platteland na Gauteng verhuis het om te werk.

5.2.1.4 Aard van seksuele aktiwiteite

In die onderhawige studie is bevind dat die aard van die respondente se seksuele aktiwiteite onder andere die volgende behels: penaal-vaginale seks, anale en orale stimulasie, masturbasie, deelname aan pornografie, sado-masochistiese seksuele aktiwiteite, deelname aan groepseks en versoeke van kliënte aan kinderprostitute om alternatiewe seksuele gunsies (bv. urophilia – seksuele assosiasie met urine) uit te voer. Verder is bevind dat sommige kindersekswerkers in spesifieke seksuele style, versoeke

en voorkeure van kliënte spesialiseer. Vervolgens sal die verskillende variasies van alternatiewe seksuele gunste wat in die navorsing na vore gekom het, bespreek word.

In Fase Een (vooraftoets) het respondent vyf (agt jaar) aangedui dat sy “fullhouse”-seks verskaf. Dit beteken dat seks, anale en orale seks en masturbasie as seksuele dienste verskaf word. Hierdie respondent het verder aangedui dat sy ook “golden showers” verskaf – dit beteken dat sy op versoek van ‘n spesifieke kliënt op hom urineer, aangesien dit aan hom seksuele gratifikasie bied. Verder het respondent tien (15 jaar) aangedui dat sy “fullhouse”-seks en sado-masochistiese seksuele aktiwiteite (waar kliënte haar vasbind en slaan terwyl hulle seks het) aanbied. Hierdie respondent het ten tye van die onderhoud ‘n rol toiletpapier by haar gehad. Volgens haar gebruik sy die toiletpapier om haarself na elke seksuele sessie skoon te maak. Sy vee, volgens haar, die semen, feses en bloed af veral nadat sy by sado-masochistiese aktiwiteite betrokke was.

In die hoofstudie (Fase Twee) het respondent een (16 jaar) aangedui dat sy “fullhouse”-seks en “dirty sex talk” (tydens seks) aan kliënte verskaf. Dit beteken dat sy gedurende seks die kliënte vloek of van kru taal gebruik maak. Respondent drie (15 jaar) verskaf slegs penaal-vaginale seks, maar sy neem eers alkohol saam met die kliënte in voordat sy seks toestaan. Respondent sewe (16 jaar) het aangedui dat sy in die sogenaamde “doggie style”-tegniek spesialiseer. Volgens hierdie respondent het sy drie kliënte wat ‘n voorkeur vir hierdie seksuele posisie het. Verder verskaf sy ook “fullhouse”-seks. Respondent 15 (14 jaar) neem deel aan groepseks. Volgens haar het sy al onder andere met ‘n manlike kliënt se vrou seks gehad terwyl hy toegekyk en gemasturbeer het. Sy het ook aangedui dat sy per geleentheid seks met drie mans en een vrou gehad het. Volgens respondent 19 (14 jaar) verskaf sy “fullhouse”-seks en laat sy kliënte toe om

naakfoto's van haar te neem. Hierdie respondent het aangedui dat sy 'n kliënt het wat haar een keer per maand besoek sodat sy in sy mond moet urineer.

5.2.1.5 Kleredrag

Die meeste navorsingdeelnemers dra, ongeag die seisoen, kort miniromppe, kort broeke en deursigtige bloese. Gedurende die winter word trui en jasse oor hierdie klere gedra om hulle teen die koue te beskerm. Respondent vier (14 jaar) wat gedurende Fase Twee betrek is, het aangedui dat sy nie omgee hoe sy lyk nie, aangesien sy net 'n inkomste wil genereer. Respondent nege (14 jaar) dra slegs sweetpakke (winter en somer), aangesien dit volgens haar gemaklik is, terwyl respondent tien (14 jaar) aangedui het dat sy nooit onderklere dra nie, aangesien sy dan vinniger aan kliënte seks kan verskaf. Respondent 12 dra gedurende die somer en winter slegs slenterbroeke (jeans) met T-hemde en trui. Uit die bogenoemde kan afgelei word dat daar nie 'n streng kleredragkode by kindersekswerkers is nie.

5.2.1.6 Inkomste en uitgawes van die respondente

Die navorsingdeelnemers in sowel Fase Een as Twee spandeer maandeliks hulle verdienste op behuising, voedsel en klere. In Fase Een het respondente twee, ses, sewe, agt en tien aangedui dat hulle maandeliks tussen R 1500 en R 3500 aan alkohol en dwelmmiddels spandeer. Volgens respondente drie en 14 spandeer hulle ongeveer R 500 per dag aan dwelmmiddels. Respondent 16 het aangedui dat sy slegs ongeveer R 160 per dag aan dwelmmiddels spandeer.

Respondente een, vier en agt (Fase Een) stuur maandeliks geld huis toe om hulle gesinne te onderhou. In Fase Twee het respondente een, drie, ses, agt, tien, 14 en 20 aangedui dat hulle onderhoud aan hulle gesinne of souteneurs betaal om hulle kinders te versorg. Volgens respondent twaalf spaar sy maandeliks geld ten einde prostitusie te kan opgee.

5.2.1.7 Werksure

In sowel Fase Een as Twee wissel die respondente se werksure vanaf sesuur in die aand tot ongeveer vieruur in die oggend. In Fase Twee het respondent drie aangedui dat sy begin prostitueer wanneer sy in die middag wakker word en dan werk totdat sy genoeg geld gemaak het. Hierdie respondent het nie aangedui hoeveel "genoeg" geld is nie. Verder het respondent 17 (Fase Twee) aangedui dat sy slegs gedurende die week prostitusie beoefen, aangesien sy oor naweke huis toe gaan.

5.2.1.8 Profiel van kliënte wat van kinderprostitute gebruik maak

In die vooraftoets was die kliënte manlik en het hulle ouderdomme gewissel van 20 tot 75 jaar. Die respondente in die vooraftoets het aangedui dat hulle na raming tussen drie en tien kliënte per dag akkommodeer. Verder het die respondente in die vooraftoets (behalwe respondent ses) aangedui dat hulle kliënte blanke mans is wat Afrikaans- of Engelssprekend is. Respondent ses het aangedui dat sy manlike blanke, swart en Indiër kliënte het.

Fase Twee se respondente (met die uitsondering van respondent 15) het ook uitsluitlik manlike kliënte. Respondent 15 het aangedui dat sy gedurende groepseks ook vroulike

kliënte het. Respondent drie het aangedui dat sy ouer kliënte (50 jaar en ouer) verkies, aangesien hulle makliker hanteerbaar is (nie te veel seksuele eise stel nie). Volgens respondente twee en 14 het hulle nie swart kliënte nie, aangesien hierdie kliënte geneig is om die meisies fisiek en verbaal te mishandel en nie “goeie betaling” gee nie. Respondent vier het slegs blanke en Portugese kliënte, terwyl respondent vyf net Zulu-sprekende kliënte het. Verder het respondente 15 en 19 aangedui dat hulle aan enige manlike kliënte (ongeg ras en ouderdom) seksuele dienste sal verskaf.

Navorsingsverwagting Een is bereik, aangesien die aard en omvang van kinderprostitusie in Gauteng (Johannesburg en Pretoria) aan die hand van bogenoemde bevindinge beantwoord is.

5.2.2 Navorsingsverwagting 2: Wyse waarop kinders by prostitusie betrokke raak

Vervolgens sal die redes waarom die 20 respondente in Fase Twee prostitusie beoefen, uiteengesit word.

5.2.2.1 Uitsakking op skool

In Fase Twee van die navorsing het die respondente aangedui dat hulle op skool uitgesak en by prostitusie betrokke geraak het. Volgens respondent ses het stokkiesdraai op skool en 'n gebrek aan vriende daartoe aanleiding gegee dat sy geïsoleerd gevoel en skool “gehaat” het. Derhalwe het sy die skool op 'n vroeë ouderdom verlaat.

Hierdie bevinding korreleer met Campagna en Poffenberger (1988:37), Du Plessis (1996:77), Koen et al. (2000:31), Siegal en Senna (1997:283) en Smit (1996:6) se navorsing, aangesien hierdie outeurs bevind het dat 'n beperkte skoolopleiding 'n belangrike rol by kinderprostitusie speel. 'n Beperkte skoolopleiding en uitsakking op skool kan betrokkenheid by prostitusie bevorder, aangesien kinderprostitusie 'n beroep van oorlewing kan word vir vroeë skoolverlaters.

Cohen se subkultuurteorie ondersteun ook hierdie bevinding rakende uitsakking op skool en deelname aan prostitusie, aangesien hy van mening is dat skoolprestasie en jeugwangedrag korreleer (Schoemaker, 1996:107-110). Jeugdige met 'n lae skolastiese opleiding streef middelklas- en hoërklaswaardes (bv. finansiële sukses) na, maar as gevolg van die onbereikbaarheid van hierdie waardes word statusfrustrasie ervaar en kan deelname aan prostitusie as 'n maklike uitweg tot finansiële sukses (middel- en hoërklaswaardes) beskou word (Ellis & Walsh, 2000:347; Schmallegger, 1996:248).

Volgens Merton se anomieteorie is dit te wagte dat kinders met 'n beperkte formele opleiding hulle tot misdaad (bv. prostitusie) sal wend. Die anomieteorie beklemtoon dat sowel beperkte formele opleiding as beperkte ekonomiese hulpmiddele (bv. vaardighede) kinders se vermoë tot materiële sukses negatief kan beïnvloed (Barkan, 1997:167, Siegal & Senna, 1997:155). Dit impliseer dat hierdie kinders prostitusie as 'n "beroep" kan oorweeg ten einde hulle beperkte formele opleiding te oorbrug en finansiële sukses te bereik. Kinderprostitute word dan as innoveerders beskou aangesien hulle nie op wettige wyses en voorgeskrewe middele sukses kan bereik nie (Siegal & Senna, 1997:156). In aansluiting hierby verklaar Agnew se algemene spanningsteorie die verband tussen uitsakking op skool en betrokkenheid by

kindersekswerk. Volgens Agnew veroorsaak 'n gebrek aan skoolopleiding 'n onvermoë om doelwitte (bv. finansiële sukses) te bereik en hierdie onvermoë plaas spanning op kinders wat 'n beperkte opleiding het. Hierdie kinders is dus aan finansiële spanning blootgestel en sekswerk kan as 'n uitweg tot materiële sukses beskou word (Barkan, 1997:172; Schmalleger, 1996:260).

5.2.2.2 “Oorlewingseks” vir finansiële redes

Die respondente in sowel Fase Een (vooraftoets) as Fase Twee het aangedui dat hulle prostitusie om finansiële redes of ter wille van “oorlewing” beoefen. In Fase Twee het respondent een aangevoer dat sy prostitusie beoefen om finansiëel onafhanklik te wees en om te oorleef. Hierdie respondent laat haar soos volg hieroor uit: “If you need food or a place to stay, you will go for it. I have no choice, I cannot beg for money. I will rather prostitute than steal”. Respondente twee, drie, vier, vyf, ses, nege, tien, 12, 13, 15 en 19 (55 % van die respondente in Fase Twee) het aangedui dat hulle die broodwinners van hulle gesinne is en maandeliks geld huis toe stuur. Respondent sewe beoefen prostitusie om haar dwelmmiddelafhanklikheid in stand te hou en om te oorleef. Verder onderhou hierdie respondent ook haar vriend (wat as haar souteneur optree). Respondente agt, 11, 14, 16, 17, 18 en 20 het aangedui dat hulle ter wille van finansiële oorlewing by prostitusie betrokke geraak het. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat kinders ter wille van oorlewing by prostitusie betrokke raak.

Hierdie bevinding hou verband met Doyle (1995:31) se navorsing, aangesien dié outeur van mening is dat werkloosheid daartoe kan bydra dat individue uit die laer klas by prostitusie betrokke kan raak. Verder ondersteun Du Plessis (1996:55, 62) die navorser se resultate deur aan te voer dat meisies by prostitusie betrokke raak ter wille van

oorlewing. Ook Leslie (2001a:7) is die mening toegedaan dat kindersekswerk met "oorlewingseks" verband hou.

Die navorser se bevinding word verder ondersteun deur Merton se anomieteorie. Volgens dié teorie (innovasie) kan prostitusie as 'n middel tot finansiële sukses vir laerklasmeisies dien. Kindersekswerkers, oftewel innoveerders, beskik nie oor die vermoë om sonder 'n wettige beroep of formele opleiding finansiëel suksesvol te word nie, derhalwe prostitueer hulle om te kan oorleef (Bartollas, 1997:139). Vroeë feministiese verklarings korreleer ook met die navorser se bevinding, aangesien hulle sowel prostitusie as kinderprostitusie as ekonomiese uitbuiting beskou (Carlen & Worrall, 1987:56). Dit impliseer dat die chauvinistiese kapitalistiese sisteem die kinders seksueel eksploiteer op grond van hulle swak ekonomiese posisie. Die Marxistiese feministe (Engels en Bebel) postuleer dat prostitusie 'n produk van 'n kapitalistiese samelewing is waarin vroue en kinders nie ekonomiese regte geniet nie, aangesien mans meestal eiendomsbesitters is. As gevolg van klas- en geslagsongelykheid raak vroue en kinders by prostitusie betrokke om armoede te oorbrug (Bartollas, 1997:201). Verder sluit Agnew se algemene spanningsteorie ook aan by die navorser se bevinding. Volgens Agnew kan die onvermoë om ekonomiese sukses te bereik spanning veroorsaak wat tot misdadbetrokkenheid kan lei (Brown et al., 1996:260). Dit beteken dat kinderprostitute se geleentheid tot sukses geblokkeer is en dat hulle nie op 'n wettige wyse finansiëel sal kan oorleef nie. Derhalwe prostitueer hulle om sodoende hulle doelwitte (materiële sukses) makliker te bereik (Siegal & Senna, 1997:158).

5.2.2.3 Huislike omstandighede

Vervolgens sal huislike omstandighede wat aanleiding kan gee dat kinders hulle tot prostitusie wend, uiteengesit word.

5.2.2.3.1 Konflik in die ouerhuis

In Fase Twee het respondente een, drie, vier, agt, nege en 11 aangedui dat hulle konflik in hulle ouerhuise ervaar het. Volgens respondent agt het sy van haar ouerhuis weggeloop om die ondraaglike konflik en haglike huislike omstandighede te ontduik. Hierdie respondent het by prostitusie betrokke geraak om te oorleef.

Hierdie bevinding hou verband met Kratcoski en Kratcoski (1986: 121, 128, 138) en McKendrick en Hoffmann (1990:173) se navorsing. Volgens hierdie outeurs kan ouerlike konflik kinders se positiewe ontwikkeling kortwiek wat daartoe kan aanleiding gee dat hulle by prostitusie betrokke kan raak. Dit impliseer dat konflik in die gesin kinders tot prostitusie kan “dryf”.

Die navorser se bevinding word ook ondersteun deur Walter Reckless se beheersingsteorie. Volgens dié teorie kan konflik in die ouerhuis as ‘n stootkrag tot prostitusie dien, aangesien die gesin veronderstel is om ‘n kind se uiterlike beheermeganismes te versterk. Gesinne wat in disharmonie funksioneer en wat deur onenigheid gekenmerk word, kan meisies sodanig affekteer dat hulle moontlike teikens vir sekswerk kan word (Barkan, 1997:195; Schmalleger, 1996:260). Volgens Schurink et al. (1995:23) kan problematiese ouer-kind-verhoudinge (bv. konflik) as ‘n stootkrag tot prostitusie dien. Verder staaf Agnew se algemene spanningsteorie ook die navorser se bevinding. Volgens Agnew kan konflik in die ouerhuis as ‘n negatiewe stimulus dien (Barkan, 1997:172; Schmalleger, 1996:260). Hierdie negatiewe stimulus veroorsaak dat

gevoelens van woede en negatiewe emosies (bv. verwerping) ontwikkel word. Dit beteken dat individue moontlik kan poog om die negatiewe stimulus (konflik in die ouerhuis) met 'n ander stimulus (prostitusie) te vervang (Barkan, 1997:172). Die navorser se bevinding hou ook verband met Hirschi se sosiale beheersingsteorie. Hiervolgens is kinders met swak sosiale bande tot sosiale groepe, soos die gesin, meer geneig tot misdaad (Campagna & Poffenberger, 1988:68). Kindersekswerk kan dus as die resultaat van swak gehegtheid tussen ouers en kinders beskou word. Dit beteken dat daar nie 'n betekenisvolle emosionele band tussen kindersekswerkers en hulle ouers is nie en dat hierdie kinders van hulle gesinsbande verwyderd is (Bartollas, 1997:179; Siegal & Senna, 1997:192).

5.2.2.3.2 Weglopery

In Fase Een het 60 % van die respondente aangedui dat hulle van hulle ouerhuisse weggeloop het. Volgens respondente twee, vier, ses, agt, nege en tien het omstandighede tuis hulle laat wegloop en gedwing om prostitusie te beoefen. In die hoofstudie het agt respondente (respondente een, twee, vier, ses, sewe, agt, tien, 13, 14 en 20) aangedui dat weglopery daartoe bygedra het dat hulle begin prostitusie beoefen het.

Hierdie bevinding word ondersteun deur Ennew (1986), Koen et al. (2000) en Siegal en Senna (1997) se navorsing. Ennew (1986:88) beskou weglopery van die ouerhuis (a.g.v ondraaglike huislike omstandighede) as die hoofrede vir kindersekswerk. In aansluiting hierby meld Siegal en Senna (1997:292) dat kinders wat van hulle ouerhuisse weggeloop meestal by prostitusie betrokke raak. Koen et al. (2000:35) staaf dat weglopery 'n belangrike rede vir kinders se toetrede tot prostitusie is. Hierdie outeurs is van mening

dat sowel kinders wat van hawes van veiligheid wegloop as kinders wat van hulle ouerhuise wegloop, maklike teikens vir sekswerk is.

Volgens Hirschi se sosiale beheerteorie is dit te wagte dat kinders wat van hulle ouerhuise wegloop maklike teikens vir kinderprostitusie sal wees. Die rede is dat hierdie kinders 'n gebrek aan verbondenheid en gehegtheid in hulle ouerhuise ervaar (Ellis & Walsh, 2000:32). Verder is daar nie 'n positiewe verband (gehegtheid) of 'n goeie ouer-kind-verhouding tussen hierdie kinders en hulle ouers nie (Barkan, 1997:178; Brown et al., 1996:310).

Agnew se algemene spanningsteorie verklaar betrokkenheid by kindersekswerk aan die hand van spanning wat ervaar word. 'n Gebrek aan 'n positiewe stimulus (bv. 'n goeie ouer-kind-verhouding), of die blootstelling aan 'n negatiewe stimulus (bv. weglopery) kan spanning veroorsaak wat betrokkenheid by prostitusie kan versterk (Barkan, 1997:172; Brown et al., 1996:260). Reckless se beheersingsteorie ondersteun ook die navorser se bevinding. Volgens dié teorie kan weglopery as 'n uiterlike stootkrag beskou word, aangesien kinders wat van hulle ouerhuise wegloop maklik in prostitusie "ingestoot" kan word (Barkan, 1997:175-176; Schmallegger, 1996:260). Hierdie kinders word dus tot prostitusie gedryf aangesien hulle nie 'n sin van "behoort" by hulle ouerhuis ervaar nie.

5.2.2.3.3 Seksuele, emosionele en fisieke mishandeling

In Fase Twee van die onderhawige studie het drie respondente (respondente een, drie en 17) aangedui dat hulle seksueel mishandel was in hulle ouerhuis. Volgens respondente een en 17 is hulle herhaaldelik deur hulle vaders seksueel gemolesteer. Respondent drie het aangedui dat sy meer as een keer deur haar oom verkrag is. Vier

respondente (respondente een, twee, drie en 17) het aangedui dat hulle fisiek mishandel was. Volgens respondente een en drie het beide hulle ouers hulle fisiek mishandel. Respondent twee beweer dat haar stiefmoeder haar gereeld met 'n sambok aangerand het. Hierdie respondent het ook haar letsels wat van die mishandeling oorgebly het aan die navorser getoon. Respondent 17 het ook aangedui dat haar vader haar fisiek mishandel het. Hy het haar byvoorbeeld gereeld geslaan en geskop.

Vyf van die meisies (respondente twee, vier, sewe, 14 en 20) is emosioneel mishandel. Volgens hierdie respondente is hulle in hulle ouerhuise emosioneel gedepriveer en verwaarloos. Respondente vier en 20 het aangedui dat hulle deur hulle stiefmoeders emosioneel verneder en afgekraak is. Respondent vier beskryf haar emosionele mishandeling soos volg: " My dad doesn't love me, he told me so many times, and even said I'm a nothing ... but he takes money from me every week". Daarenteen het respondent sewe aangedui dat sy 'n gebrek aan liefde en aandag in haar ouerhuis ervaar het. Respondent 14 het aangedui dat haar moeder haar emosioneel verwaarloos het (veral na die afsterwe van haar vader).

Hierdie bevinding hou verband met Campagna en Poffenberger (1988:182), Dallos en McLaughlin (1993:78) en McKendrick en Hoffmann (1990:173) se navorsing. Volgens hierdie outeurs kan seksuele mishandeling, verwerping en emosionele en fisieke mishandeling tot deelname aan kinderprostitusie lei. Mishandelde kinders leer dat seksuele gunsies vir liefde, aandag, geborgenheid en geluk verruil kan word. Dallos en McLaughlin (1993:73) is van mening dat veral meisies wat seksueel mishandel is direk leer om te prostitueer. McClanahan et al. (2000:1606-1613) postuleer dat sowel vroeë seksuele viktimisasie as weglopery betrokkenheid by sekswerk bevorder. Verder beweer

Brown et al. (1996:260) en Siegal en Senna (1997:15) dat enige vorm van viktimisasie (konflik binne die portuurgroep of tydens skoolopleiding) prostitusie tot gevolg kan hê.

Erikson se psigo-sosiale teorie ondersteun die navorser se bevinding rakende vroeë viktimisasie in die ouerhuis en afwykende gedrag (bv. kindersekswerk). Volgens Erikson speel faktore soos identifikasie en aandag 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die persoonlikheid. Derhalwe is 'n positiewe identiteit die belangrikste faset van persoonlikheidsontwikkeling (Thom, 1988:114). As gevolg van vroeë seksuele, emosionele en fisieke viktimisasie word kinders van 'n positiewe selfbeeld en onskuldige kinderjare beroof. Verder is kindersekswerkers se lewenstake (aanleer van gedragsgrense, innerlike sekuriteit en 'n positiewe identiteit) meestal nie suksesvol deurloop nie en beskik hulle nie oor die vermoë om 'n beroepskeuse te maak nie (Thom, 1988:110-112).

Robert Agnew se algemene spanningsteorie kan ook deelname aan prostitusie verduidelik. Volgens Agnew kan enige vorm van mishandeling (seksueel, emosioneel en fisiek) veroorsaak dat kinders die negatiewe stimulus (mishandeling) vervang met 'n ander, betekenisvolle stimulus (prostitusie). Die navorser se bevinding hou ook verband met die feministiese perspektief. Volgens sekere feministe prostitueer meisies omdat hulle slagoffers van seksuele mishandeling en manlike dominansie is. Meisies wat seksueel mishandel is, vervang dus die mishandeling met prostitusie (Bartollas, 1997:202-203).

5.2.2.3.4 Die rol van stiefouers

In Fase Een het respondente een, vier en agt aangedui dat hulle stiefouers het, en dat hulle nie 'n goeie verhouding met hulle stiefouers het nie. Volgens respondent agt het haar stiefvader haar gereeld verneder en afgekraak. Sy voer aan dat haar stiefvader haar beskuldig het dat sy haar soos 'n straatvrou gedra en ook soos een aantrek. Respondent agt voer aan dat haar stiefvader se opmerkings en vernedering daartoe aanleiding gegee het dat sy haarself met prostitusie kon vereenselwig.

In Fase Twee het respondente twee en 20 aangedui dat hulle stiefmoeders die oorsaak was dat hulle op 'n vroeë ouderdom die huis verlaat het. Beide hierdie respondente het nie 'n goeie verhouding met hulle stiefmoeders gehad nie. Volgens respondent 20 het haar stiefmoeder haar gereeld van die huis weggejaag.

Navorsing (Bartollas, 1997:276; Labuschagné, 1998:3; Kratcoski & Kratcoski, 1986:118; Siegal & Senna, 1997:276) dui daarop dat daar 'n kousale verband tussen gesinsonenigheid (bv. konflik met stiefouers) en jeugwangedrag bestaan. In aansluiting hierby meld Bowker (1978:152) dat die meeste prostitute gewoonlik nie 'n positiewe verhouding met hulle ouers en/of stiefouers het nie. Die navorser se bevinding word dus deur hierdie navorsing gestaaf.

Hierdie bevinding word ook ondersteun deur Agnew se algemene spanningsteorie. Volgens Agnew kan kinders wat aan sowel 'n verwydering van 'n positiewe stimulus (bv. die afwesigheid van 'n biologiese ouer) as die teenwoordigheid van 'n negatiewe stimulus (stiefouers) blootgestel word, spanning ervaar (Brown et al., 1996:260). Hierdie spanning kan daartoe aanleiding gee dat kinders wat 'n negatiewe verhouding met hulle stiefouers ervaar, van hulle ouerhuise wegloop en by sekswerk betrokke raak. Hirschi se beheersingsteorie korreleer ook met die navorser se bevinding. Volgens Hirschi sal sterk

sosiale bande tussen ouers (insluitend stiefouers) en kinders betrokkenheid by misdadige gedrag teenwerk (Campagna & Poffenberger, 1988:68). Kinders wat nie aan hulle stiefouers geheg is nie (geen positiewe emosionele band nie), sal meer geneig wees om by misdaad (bv. prostitusie) betrokke te raak (Williams & McShane, 1994:191).

5.2.2.3.5 Alkohol- en dwelmmiddelmisbruik deur ouers

In die vooraftoets het respondente een, sewe, agt, nege en tien aangedui dat beide hulle ouers alkohol en dagga misbruik het. Volgens respondent sewe het haar ouers mekaar gewoonlik onder die invloed van alkohol en dagga ernstig fisiek aangerand. Hierdie respondent het na 'n insident verwys waar haar moeder as gevolg van die aanranding vir 'n week in die hospitaal opgeneem moes word. Verder voer sy aan dat sy en haar twee broers somtyds skuiling by die bure moes gaan soek, aangesien hulle vader hulle ook tydens sy uitbarstings wou aanrand. Volgens hierdie respondent het haar ouers se substansiemisbruik daartoe aanleiding gegee dat sy van haar ouerhuis weggeloop en by prostitusie betrokke geraak het.

In Fase Twee het respondente een, drie en 11 aangedui dat hulle ouers daagliks alkohol misbruik en mekaar as gevolg hiervan gereeld fisiek aangerand het. Respondente vier en nege het aangedui dat hulle vaders op 'n gereelde basis alkohol misbruik het en dat hulle dan onder die invloed hiervan aggressief opgetree het.

Die navorser se bevinding hou verband met Bartollas (1997:228), Conklin (1995:255) en Siegal en Senna (1997:276) se navorsing. Volgens hierdie outeurs is alkohol- en dwelmmiddelmisbruik in die ouerhuis 'n belangrike rede waarom kinders by sekswerk betrokke raak. Dus kan ouerlike disfunksies (bv. alkohol- en dwelmmiddelmisbruik) kinders se betrokkenheid by prostitusie versterk.

Edwin Sutherland se sosiale leerteorie ondersteun ook die navorser se bevinding. Volgens Sutherland kan kinders misdadige gedrag of gewoontes (bv. substansiemisbruik) aanleer deur interaksie en kommunikasie met intieme, belangrike persone of groepe (bv. ouers) wat 'n invloed op 'n kind het (Brown et al., 1996:285; Reid, 1994:233). So kan kinders leer om alkohol en dwelmmiddels te misbruik. Kinders wat substansies misbruik, kan moontlik prostitueer om sodoende hierdie afhanklikheid te kan bekostig (Barlow, 1993:309; Du Plessis, 1996:60). Verder korreleer Agnew se algemene spanningsteorie ook met die navorser se bevinding. Volgens Agnew kan die teenwoordigheid van 'n negatiewe stimulus (bv. substansiemisbruik deur ouers) deelname aan kindersekswerk versterk aangesien hierdie negatiewe rolmodelle 'n invloed op jeugwangedrag (bv. prostitusie) kan hê. Reckless se beheersingsteorie hou ook verband met die navorser se bevinding. Volgens Reckless kan ouers wat alkohol en dwelmmiddels misbruik kinders tot sekswerk dryf of stoot (Bartollas, 1997:228). Schurink et al. (1995:23) sluit hierby aan deur te meld dat 'n problematiese ouer-kind-verhouding (a.g.v substansiemisbruik) 'n stootkrag tot prostitusie kan wees. Dit beteken dat kinders by sekswerk betrokke raak om hulle ondraaglike huislike omstandighede te ontsnap.

5.2.2.4 Armoede

Die respondente in sowel Fase Een as Twee het aangedui dat armoede prostitusie aantreklik maak, aangesien die beoefenaars van hierdie "beroep" altyd werk het en 'n goeie inkomste kan verdien. In Fase Twee het respondent vyf haar soos volg hieroor uitgelaat: "When you are hungry and you need money for food, what do you do? I have to sell my body to make money and eat".

Verskeie outeurs (Davis, 1993:1n1; Farley, 1996:5; Gordon, 1988:120; Smit 1996:2) beweer dat faktore soos onder andere armoede, 'n gebrek aan geld en haweloosheid deelname aan kinderprostitusie bevorder. Volgens Schoemaker (1996:75) sal armoede betrokkenheid by wangedrag bepaal. Hierdie bevinding, naamlik dat armoede en 'n gebrek aan geld deelname aan prostitusie bevorder, word ook ondersteun deur Du Plessis (1996:5) en Smit (1996:2). Hierdie outeurs het bevind dat armoede en haweloosheid bydraende faktore tot kindersekswerk is. Leslie (2001a:6, 12; 2001b:2, 4, 5) konstateer dat armoede 'n rede is waarom mishandeling en die kommersiële seksuele eksploitasie van kinders algemeen voorkom.

Die bevindinge in die onderhawige studie hou ook verband met Cohen se subkultuurteorie. Volgens Cohen (Siegal & Senna, 1997:164) veroorsaak sosiale omstandighede, soos byvoorbeeld armoede en swak skoolopleiding, statusfrustrasie. Kultuurkonflik ontstaan aangesien die laer klas die doelwitte (sukses) van die hoër klas nastreef, maar die hoër klas se middele om sukses te bereik is onbereikbaar vir die laer klas. Derhalwe wend die laer klas hulle tot misdaad om hulle ideale te verwesenlik. Verder ondersteun Agnew se algemene spanningsteorie ook hierdie bevinding, aangesien jeugdige spanning ervaar wanneer hulle nie ekonomies suksesvol is nie, of wanneer hulle geleenthede tot sukses geblokkeer is. Om finansiële sukses te bereik, wend hierdie kinders hulle tot misdaad (Brown et al., 1996:260). Reckless se beheersingsteorie sluit hierby aan, aangesien armoede ook as 'n stoot- of trekkrag tot prostitusie kan dien (Bartollas, 1997:228). Volgens die feministiese perspektief kan prostitusie aan faktore soos armoede, mishandeling en manlike dominansie toegeskryf word (Schoemaker, 1996:242). Vroue word gedwing om te prostitueer aangesien hulle onder andere in 'n swak ekonomiese posisie verkeer (Carlen & Worrall, 1987:56). Dus kan vroue se betrokkenheid by prostitusie aan ekonomiese magteloosheid toegeskryf

word. Die Marxistiese feministe ondersteun ook die navorsers se bevinding. Volgens hulle is mans kapitaliste (eiendomsbesitters) wat verantwoordelik is vir die bestaan van prostitusie, aangesien hierdie verskynsel 'n produk van 'n kapitalistiese samelewing is (Bartollas, 1997:201). Met ander woorde, die eiendomsbesitters gun ander individue geen deelname aan die ekonomiese stelsel nie. Hierdie individue moet derhalwe van alternatiewe strategieë gebruik maak om hulle armoede te bekamp.

5.2.2.5 Oorbewoning in die ouerhuis

Net respondent tien (Fase Twee) het aangedui dat oorbewoning 'n rol gespeel het in haar toetrede tot prostitusie. Volgens Siegal en Senna (1997:6) kan oorbevolking daartoe bydra dat kinders by prostitusie betrokke raak. Hierdie outeurs het bevind dat kinders in New York prostitueer om te oorleef. Reckless se beheersingsteorie staaf ook hierdie bevinding, aangesien oorbewoning individue na prostitusie kan trek of stoot (Schmallegger, 1996:260).

5.2.2.6 Werkloosheid

Werkloosheid het 'n belangrike bydrae in die navorsingdeelnemers se betrokkenheid by prostitusie in sowel Fase Een as Twee gespeel. Die respondente wat wel kwalifiseer vir wettige werk (respondente wat ouer as 15 jaar is – kyk par. 1.4.4.1, bladsy 35) beskik nie oor formele opleiding of die nodige praktiese ervaring om werk in óf die formele óf die informele sektor te verrig nie. Verder het 65 % van die respondente (13 respondente in Fase Twee) aangedui dat een of albei van hulle ouers werkloos is, derhalwe prostitueer hierdie respondente om 'n bydrae tot die gesinsinkomste te maak.

Volgens Smit (1996:2) bevorder werkloosheid kinderprostitusie. Die rede hiervoor is dat akademiese kwalifikasies nie vir hierdie “beroep” vereis word nie. Reckless se beheersingsteorie ondersteun ook die navorser se bevinding aangesien werkloosheid individue na prostitusie kan “trek” (Siegal & Senna, 1997:187; Schmalleger, 1996:26). Dit beteken dat prostitusie as ‘n maklike uitweg (om ‘n inkomste te verdien), deur werklose kinders beskou kan word. Die feministiese perspektief hou ook verband met die navorser se bevinding, aangesien feministe prostitusie aan die beoefenaars se ekonomiese magteloosheid en manlike onderdrukking, beheer en eksploitasie toeskryf (Carlen & Worrall, 1987:53, 56). Die Marxitiese feministe argumenteer dat prostitusie die resultaat van klas- en geslagsongelykheid en manlike dominansie in ‘n kapitalistiese samelewing is (Bartollas, 1997:201).

5.2.2.7 Dwelmmiddelmisbruik

Slegs respondent sewe (Fase Twee) het aangedui dat dwelmmiddelmisbruik haar tot prostitusie gedryf het. Volgens hierdie respondent was prostitusie aanloklik, aangesien sy haar dwelmmiddelafhanklikheid in stand kon hou deur haar liggaam vir seks te verkoop. Verder is prostitusie, volgens hierdie respondent, ‘n “beroep” waar beoefenaars “maklike geld” kan verdien om sodoende dwelmmiddels aan te skaf. Sy het verder aangedui dat haar souteneur ook die verskaffer van haar dwelmmiddels is.

Hierdie bevinding strook met Barlow (1993:309), Du Plessis (1996:60) en Miller (1986:20) se navorsing. Hierdie outeurs beskou prostitusie sinoniem met dwelmmiddelmisbruik. Bartollas (1997:344) poneer dat meisies wat aan dwelmmiddels verslaaf is maklike teikens vir prostitusie is, aangesien prostitute maklik geld kan verdien. Dwelmmiddelmisbruik onder kinderprostitute sal breedvoering onder

Navorsingsverwagting 5.2.3 (par. 5.2.3.3, bladsy 240) – “Risikofaktore verbonde aan kinderprostitusie” bespreek word.

Merton se anomieteorie ondersteun die navorser se bevinding, aangesien onttrekking ‘n vorm van aanpassing is. Dit impliseer dat kindersekswerkers dwelmmiddels misbruik om van die samelewing te ontsnap; met ander woorde, die misbruik van dwelmmiddels word ‘n ontsnappingsreaksie vir kinderprostitute (Siegal & Senna, 1997:156). Kinderprostitute onttrek hulleself van die samelewing en verwerp die aanvaarde doelwitte (finansiële sukses) en middele (formele opleiding en harde werk) om sukses te bereik. Derhalwe is dwelmmiddel misbruik ‘n algemene verskynsel by kindersekswerkers, aangesien dwelmmiddels hulle help om van die realiteit te ontsnap (Siegal & Senna, 1997:156). Verder word die verband tussen dwelmmiddel misbruik en kindersekswerk deur Reckless se beheersingsteorie gestaaf, aangesien dwelmmiddels as ‘n trekkrag tot prostitusie beskou kan word (Siegal & Senna, 1997:187; Schmallegger, 1996:26).

Bogenoemde afgehandelde navorsing en toerieë korreleer met die navorser se bevinding en dus is hierdie navorsingsverwagting aangespreek en verwesenlik.

5.2.3 Navorsingsverwagting 3: Risikofaktore verbonde aan kinderprostitusie

Verskeie risikofaktore verbonde aan kinderprostitusie is geïdentifiseer. Hierdie faktore is onder andere: weglopery, verbrokkelde/onvolledige gesinne, alkohol- en dwelmmiddel misbruik, swak skolastiese opleiding, Vigs, seksueel oordraagbare siektes, arrestasies en pornografie. Hierdie faktore sal vervolgens onder die loep geneem word.

5.2.3.1 Weglopery

In Paragraaf 5.2.2.3.2 (bladsy 228) is daar reeds na weglopery verwys. 60 % van die respondente in Fase Een het van hulle ouerhuise weggeloop, terwyl 40 % van die respondente in die hoofstudie (Fase Twee) van hulle ouerhuise weggeloop het. Dit beteken dat weglopery as 'n belangrike risikofaktor vir prostitusie beskou kan word.

Hierdie bevinding word deur sowel buitelandse as Suid-Afrikaanse navorsing (Ennew, 1986:88, Koen et al., 2000:35 en Siegal & Senna, 1997:292) ondersteun, aangesien hierdie outeurs van mening is dat daar 'n positiewe verband tussen weglopery en kinderprostitusie is. Verder strook Bartollas (1997:246), Gordon (1988:187), Schurink (1996:13) en Smit (1996:4) se navorsing ook met die navorsers se bevinding. Hierdie outeurs beskou wegloukinders as maklike teikens vir kindersekswerk, aangesien die kinders in hulle soektog na aanvaarding en liefde deur koppelaars en kliënte mishandel word. Campagna en Poffenberger (1988:37) sluit hierby aan deurdat hulle weglopery aan prostitusie verbind. Nadon et al. (1998:206-221) beweer dat kindersekswerk met weglopery verband hou. In aansluiting hierby het Du Plessis (1996:59) bevind dat weglopery 'n risikofaktor tot kinderprostitusie is.

5.2.3.2 Verbrokelede en onvolledige gesinne

In Fase Twee het 17 van die respondente aangedui dat die hooforsake wat volgens hulle tot disfunksionaliteit gelei het, van hulle gesinne afkomstig is. Hierdie respondente se ouers is meestal oorlede, vermis, geskei of van mekaar vervreemd. Respondent sewe se vader is oorlede en sy weet nie waar haar ma is nie. Respondent een skakel haar ouers twee keer per jaar, terwyl respondent twee een keer per jaar kontak met haar

ouers het. Respondent drie ken nie haar vader nie en het hom nog nooit gesien nie. Respondente vier en tien is deur hulle oumas grootgemaak. Volgens respondent tien het haar vader haar by haar ouma gelaat toe sy 'n baba was, waarna sy hom nooit weer gesien het nie. Respondent agt het haar moeder vyf jaar gelede gesien en sy het ook nog nooit kontak met haar vader gehad nie. Volgens hierdie respondent het sy al 'n foto van vader gesien. Slegs respondent 17 het aangedui dat sy by haar ouers woon en dat hulle gelukkig getroud is. Verder het 90% van die respondente (behalwe respondente vier en 17) aangedui dat hulle konflik in hulle ouerhuise ervaar het.

Navorsing (Bartollas, 1997:228, 234, 276; Conklin, 1995:218-242, 255; Du Plessis, 1996:45; Kratcoski & Kratcoski, 1986:118; McKendrick & Hoffmann, 1990:164; Siegal & Senna, 1997:276) ondersteun die navorsers se bevinding. Volgens hierdie outeurs kan prostitusie as die produk van 'n disfunksionele gesin beskou word. Dus is daar 'n positiewe verband tussen 'n versteurde gesinslewe en kindersekswerk. In aansluiting hierby meld Campagna en Poffenberger (1988:38), Conklin (1995:218-242, 255), Lilly et al. (1995:76-104) en Siegal en Senna (1997:71) dat kindersekswerkers binne die gesinsverband gesosialiseer word.

5.2.3.3 Alkohol- en dwelmmiddel misbruik

In Fase Twee van die onderhawige studie het slegs twee respondente (respondente 17 en 19) aangedui dat hulle nie alkohol of dwelmmiddels misbruik nie. Dit beteken dat 90% van die respondente alkohol- of dwelmmiddels misbruik. Respondente een, vier, vyf, ses, agt, tien, 11, 12, 13, 18 en 20 het aangedui dat hulle op 'n daaglikse basis alkohol misbruik. Volgens respondente een, vier, vyf, tien en 13 misbruik hulle slegs alkohol en dagga, terwyl respondent 12 net oor naweke alkohol misbruik. Verder misbruik

respondente twee, drie, sewe, nege, 11, 14, 15, 16, 18 en 20 dwelmmiddels soos byvoorbeeld dagga, "crack"-kokaïne, LSD, Mandrax, Wellconal en heroïene. Respondente drie, agt, 16 en 20 het aangedui dat hulle souteneurs (manlike Nigeriërs) aan hulle dwelmmiddels verskaf. Volgens respondent drie laat dwelmmiddels haar wakker en slim voel. Sy voer aan dat sy onder die invloed van dwelmmiddels oor die vermoë beskik om meer kliënte te akkommodeer. Respondent 16 sê dat dwelmmiddels "makes you have no worries", terwyl respondent 20 van mening is dat dwelmmiddels haar dapper laat voel. Verder het respondent 20 aangedui dat sy haarself ongeveer tien dwelmmiddel-inspuitings per dag toedien, aangesien dit haar laat "lekker" voel en wakker hou om meer kliënte te bedien.

Verskeie navorsers (Barlow, 1993:309; Bartollas, 1997:246; Du Plessis, 1996:61; Miller, 1986:20) het soortgelyke resultate gekry. Volgens Barlow (1993:309), Bartollas (1997:344), Du Plessis (1996:60) en Miller (1986:20) kan kinderprostitusie en alkohol- en dwelmmiddel-misbruik as interafhanklik beskou word. Hierdie navorsing hou verband met die navorsers se bevinding dat alkohol- en dwelmmiddel-misbruik as 'n risikofaktor tot kindersekswerk beskou kan word.

5.2.3.4 Swak skolastiese opleiding

In sowel die vooraftoets as die hoofstudie het die respondente aangedui dat hulle op skool uitgesak het en nie hulle skoolopleiding voltooi het nie. Hierdie bevinding hou ook verband met paragraaf 5.2.2.1 (bladsy 223). Schurink (1996:12-13) ondersteun ook die navorsers se bevinding dat 'n swak skolastiese opleiding betrokkenheid by kinderprostitusie kan bevorder. Volgens Schurink kan finansiële probleme en swak skolastiese opleiding prostitusie as 'n beroep aantreklik maak. Swak skolastiese opleiding

kan dus daartoe aanleiding gee dat prostitusie as “beroep” aantreklik gevind word en dit kan as 'n risikofaktor tot kinderprostitusie beskou word.

Respondent een (Fase Twee) het aangevoer dat haar gevoel van lae status haar weg van die skool gedryf het. Volgens Cohen is dit te wagte dat lae status kinders sodanig kan affekteer dat hulle uitsak op skool (Schoemaker, 1996:107-110). Cohen konstateer dat laerklasjeugdige meestal op skool swak presteer. Hierdie gebrek aan prestasie kan daartoe aanleiding gee dat hulle 'n lae selfbeeld ontwikkel wat betrokkenheid by prostitusie kan stimuleer. Kinderprostitusie word dus 'n middel tot oorlewing wat in 'n subkultuur van misdadige gedrag vasgelê word. Hierdie bevinding korreleer met Cohen se aanname dat laerklasjeugdige veral vatbaar is vir wangedrag en subkulture (bv. prostitusie). Agnew se algemene spanningsteorie staaf ook die navorser se bevindinge, aangesien jeugdige wat swak op skool presteer 'n onvermoë ontwikkel om hulle doelwitte (wettige werk en finansiële sukses) te bereik. Hierdie jeugdige ervaar spanning wat daartoe aanleiding kan gee dat hulle by prostitusie betrokke raak.

5.2.3.5 Seksueel oordraagbare siektes, MIV en aborsie

Vyf respondente (respondente een, twee, nege, 16 en 19) in die hoofstudie het aangedui dat hulle seksueel oordraagbare siektes het. Volgens respondent een gebruik sy 'n bleikmiddel (byvoorbeeld Jik) om haar sifilis te behandel. Verder het respondente twee en 19 ook aangedui dat hulle sifilis het, terwyl respondente nege en 16 herpes het.

Die meeste van die respondente in sowel die vooraftoets as Fase Twee het beperkte kennis rakende Vigs getoon. In die vooraftoets kon nie een van die navorsingsdeelnemers verduidelik wat Vigs behels nie. In Fase Twee was slegs

respondente een, sewe en 11 ingelig oor Vigs. Verder het respondente twee, ses en twaalf geen kennis gedra van Vigs nie, terwyl respondent 17 aangedui het dat Vigs "... is the white-man's thing to stop black people from having more babies than white people". Respondent ses het Vigs soos volg omskryf: "You get it if you have sex without a condom, first your mouth changes ... it goes green, then your private parts (vagina) pain, you sleep a lot, your eyes change and after two weeks you die" (my interpretasie).

Volgens respondente ses, nege en 20 sal hulle seks aan kliënte verskaf sonder om enige voorbehoedmiddels te gebruik. Respondente nege en 20 het aangevoer dat hulle dit sal oorweeg om sonder voorbehoedmiddels seks te verskaf indien die betaling goed is. Respondent 20 het aangedui dat sy "... will have intercourse without contraception if he (the client) promises more money ... I will take the chance for the money" (my interpretasie). Hieruit kan daar afgelei word dat hierdie respondente oningelig is oor seksueel oordraagbare siektes en Vigs, aangesien hulle bereid is om sonder voorbehoedmiddels seks te verskaf.

Hierdie bevinding hou verband met sowel Burgos et al. (1999:59-71) as Schurink (1996:14-15) se navorsing, aangesien hierdie outeurs van mening is dat tienersekswerkers aan seksueel oordraagbare siektes en MIV blootgestel word. Smit (1996:4) se navorsing korreleer ook met die navorser se bevinding. Volgens Smit het kindersekswerkers 'n beperkte kennis rakende Vigs. Verder strook Du Plessis (1996:22) en Weiner (1996:97-105) se navorsing ook met dié bevinding, aangesien hulle postuleer dat kindersekswerkers daagliks aan Vigs blootgestel word. Du Plessis meld voorts dat MIV-positiewe kinders aktief by prostitusie betrokke is.

In Fase Twee het slegs respondent drie aangedui dat sy 'n aborsie ondergaan het. Volgens haar het haar vriend (wat ook haar souteneur is) haar gehelp om die aborsie uit te voer. Hulle het 'n draadklerehanger wat in warm water en Dettol geweek is gebruik om die foetus af te dryf. Sy het daarna hospitaal toe gegaan vir 'n mediese ondersoek.

5.2.3.6 Pornografie

Tien respondente (respondente drie, vier, vyf, sewe, agt, nege, 13, 14, 18 en 20 - Fase Twee) het aangedui dat hulle geposeer het vir pornografiese doeleindes. Volgens respondent sewe is sy deur drie kliënte genader om aan pornografiese films deel te neem – sy het ook aan al hulle versoeke voldoen. Verder het respondent agt aangedui dat sy naak in 'n pornografiese film met ander vroue gedans het, terwyl respondente vyf, nege en 13 toegelaat het dat kliënte naakfoto's van hulle neem.

Hierdie bevinding hou verband met Campagna en Poffenberger (1988:37) en Schurink (1996:8) se navorsing. Volgens hierdie outeurs is kinderprostitute veral kwesbaar vir blootstelling aan kinderpornografie-ringe. Navorsing (Farley & Hotaling, 1996:8, 11) toon verder dat 'n groot aantal prostitute by pornografie betrokke is. Verder korreleer Du Plessis (1996:54) se navorsing met die navorser se bevinding. Du Plessis (1996:54) meld dat: "We have come across cases where 10 and 12 year old children were used for pornographic purposes and in one case it involved an Alsatian dog of a well known steamer".

In die lig hiervan kan betrokkenheid by pornografie as 'n risikofaktor verbonde aan kindersekswerk beskou word. Die rede hiervoor is dat kinders wat nog besig is met

ontwikkeling (Erikson se vroeë-kinderjare- of speelstadium) uitgebuit word sonder dat hulle die implikasies daarvan insien.

5.2.3.7 Kontak met die Kriminele Regsplegingsstelsel

Die navorser het bevind dat kindersekswerkers gereeld kontak met die Kriminele Regsplegingsstelsel het. In die vooraftoets het respondente twee, ses en tien aangedui dat hulle voorheen vir die besit van dwelmmiddels gearresteer is. In die hoofstudie het agt respondente (respondente drie, vier, sewe, agt, 11, 13, 18 en 19) aangedui dat hulle al gearresteer is. Hierdie respondente is meestal tydens polisieklompjagte vir deelname aan prostitusie gearresteer.

5.2.3.7.1 Deelname aan misdadige aktiwiteite

Nege respondente (respondente een, twee, drie, vier, sewe, agt, nege, 16 en 18 – Fase Twee) het aangedui dat hulle by die pleeg van misdade betrokke was. Volgens respondente een, twee, drie, vier, sewe en 18 het hulle per geleentheid hulle kliënte van hulle besittings of geld beroof. Respondent twee voer aan dat sy 'n kliënt meer as een keer van sy beursie beroof het, maar dat "he comes back for sex every time, he doesn't even know that I did it ... maybe he thinks it was his wife or his kids ...". Volgens respondent drie is sy vir prostitusie en roof gearresteer, terwyl respondent nege aangedui het dat sy vir motorkaping en aanranding gearresteer is. Respondent nege was 'n medepligtige in 'n motorkaping gewees, terwyl respondente een, vier, sewe en agt kliënte fisiek aangerand het (volgens hulle was dit uit selfverdediging).

Hierdie bevinding hou verband met *S v Roets* (Witwatersrandse Plaaslike Afdeling, Saaknommer: 53/92, 5 Junie 1992) waar die beskuldigde (mej. Simoné Roets), 'n 19-jarige blanke prostituut is wat op 14-jarige ouderdom begin prostitueer het. Mej. Roets is op 17-jarige ouderdom skuldig bevind aan moord en roof van 'n kliënt ('n 61-jarige blanke man). Sy het 'n misdaadrekord van weglopery, alkohol- en dwelmmiddelmisbruik, roof en aanranding.

Volgens Barlow (1993:308) word prostitute gereeld aan arrestasie, kriminele strawwe en roof en uitbuiting deur kliënte, koppelaars en die polisie blootgestel. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat kontak met die Kriminele Regsplegingsstelsel en betrokkenheid by misdadige aktiwiteite risikofaktore vir kindersekswerk is. Hierdie bevinding lewer 'n unieke bydrae, aangesien kindersekswerkers se betrokkenheid by misdadige aktiwiteite uitgelig word.

5.2.3.8 Slagoffers van misdaad

In Fase Een het respondente een, drie, vier, vyf en nege aangedui dat hulle slagoffers van misdaad was. Volgens respondent nege het twee blanke kliënte haar uit 'n bewegende motor geskop nadat sy aan hulle seks verskaf het. Respondente een, drie, vier, vyf en nege is hulle foie deur kliënte geweier vir seksuele dienste wat gelewer was. Respondent vier beweer dat van die kliënte haar gevloek, beledig en verneder het.

In Fase Twee het die respondente (met die uitsondering van respondent 17) aangedui dat hulle gereeld slagoffers van misdaad is. Hulle viktimisasie behels veral fisieke, emosionele en seksuele mishandeling. Volgens respondent twee het drie kliënte haar van haar klere en skoene beroof. Sy voer aan dat dié kliënte haar naak op die hoofweg

(10 kilometer van waar hulle haar gevind/opgetel het) afgelaai het. Respondente drie, vyf, sewe en tien het aangedui dat hulle deur kliënte verkrag is, terwyl respondent vier beweer dat kliënte haar gewurg, geskop en met die vuus geslaan het. Respondent 16 beweer dat haar vorige souteneur op haar geskiet het en haar fisiek aangerand het. Verder het die respondente (met die uitsondering van respondent 17) aangedui dat kliënte hulle van hulle foie beroof of hulle betaling weerhou het.

Hierdie bevinding strook met Domeris (1996:80), Farley en Barkan (1998:77-78) en Farley (1996:5) se navorsing. Hierdie outeurs het bevind dat prostitute veral aan fisieke geweld, verkragting, mishandeling, moord en verbale dreigemente blootgestel word. Leslie (2001a:7) se navorsing ondersteun ook die navorser se bevinding. Volgens Leslie word kindersekswerkers fisiek en emosioneel deur koppelaars en kliënte mishandel en verkrag.

In die lig hiervan kan enige vorm van viktimisasie as 'n risikofaktor verbonde aan kinderprostitusie beskou word, aangesien hulle reg tot vryheid volgens die konstitusie ontnem word.

5.2.3.9 Post-traumatiese stressimptome

In sowel Fase Een as die hoofstudie het die respondente (met die uitsondering van respondent vyf) aangedui dat hulle ontvlugting soek deur oormatig te slaap. Hulle ervaar ook nagmerries, terugflitse van negatiewe gebeure, paranoia, eet- en slaapprobleme (disfunksies), moegheid, depressie, alkohol- en dwelmmiddelmisbruik, angs en senuweeagtigheid. Hierdie simptome kan as post-traumatiese stressimptome geïnterpreteer word, aangesien dit volgens die respondente reeds 'n geruime tyd

voorkom (DSMIV, 1994:424). Respondent vier het haar soos gevolg oor prostitusie uitgelaat: "Dit breek jou binne af, jy's altyd moeg en jy slaap baie want jy's moeg vir die lewe". Volgens respondent sewe is sy paranoïes, aangesien sy haar souteneur en kliënte daarvan verdink dat hulle haar wil vermoor. Daarenteen het respondent vyf aangedui dat sy geen newe-effekte van prostitusie ervaar nie.

Hierdie navorsing korreleer met die bevindinge van Farley en Barkan (1998:37- 49). Hierdie navorsers het bevind dat prostitusie 'n vernietigende effek op die beoefenaars het. Volgens dié outeurs is prostitute meestal emosioneel en seksueel afgestomp en ly hulle aan post-traumatische stresssimptome. Hulle het bevind dat 88 % van prostitute in hulle studie post-traumatische stresssimptome ervaar. 'n Soortgelyke bevinding is deur Du Plessis (1996:9, 46) in Suid-Afrika verkry, wat impliseer dat post-traumatische stresversteurings as risikofaktore van kinderprostitusie beskou kan word.

In die lig van bogenoemde navorsing kan die afleiding gemaak word dat die volgende as risikofaktore verbonde aan kindersekswerk beskou kan word:

- Weglopery
- 'n Verbrokele en onvolledige gesin
- Alkohol- en dwelmmiddelmisbruik
- Swak skolastiese opleiding
- Seksueel oordraagbare siektes, MIV en aborsie
- Pornografie
- Kontak met die Kriminele Regsplegingsstelsel
- Deelname aan misdadige aktiwiteite
- Slagoffers van misdaad
- Post-traumatische stresversteurings

Hierdie risikofaktore lewer 'n unieke bydrae, aangesien vorige navorsing nie risikofaktore verbonde aan kinderprostitusie aanspreek of identifiseer nie. Uit bogenoemde bevinding en afgehandelde navorsing is Navorsingsverwagting Drie verwesenlik.

5.2.4 Navorsingsverwagting 4: Oorlewingsmeganismes van kinderprostitute

In sowel die voorafstoets as die hoofstudie het die respondente aangedui dat dwelmmiddels, alkohol en slaap hulle help om die nuwe-effekte van prostitusie te verwerk. In hierdie konteks word dit as verdedigingsmeganismes beskou om die aard van hulle werk te verwerk. Vervolgens sal aandag aan hierdie faktore, oftewel verdedigingsmeganismes, geskenk word.

5.2.4.1 Psigo-sosiale verdedigingsmeganismes

In Fase Twee het respondent 17 aanvanklik beweer dat sy geen nuwe-effekte van prostitusie ervaar nie. Sy het aangedui dat sy oorwegend slaap en video's kyk om haar van prostitusie te laat "vergeet". Verder het al die respondente (met die uitsondering van respondent 19) aangedui dat hulle met hulle mede-sekswerkers gesels oor die gevare en nuwe-effekte wat prostitusie inhoud.

Respondente twee, vier, ses, sewe, nege, 15 en 20 het aangedui dat hulle nie seks geniet nie en dat hulle emosioneel afgestomp voel. Dit beteken dat hulle emosielose seks verskaf. Verder het respondente drie, vyf, ses, agt en tien aangedui dat prostitusie hulle "vuil" en "goedkoop" laat voel. Hierdie respondente het aangedui dat hulle oormatig slaap en inkopies doen (veral mooi klere aankoop) om hulle gevoelens te verwerk.

Volgens hulle laat slaap en inkopies hulle beter voel. Respondent sewe voer aan dat sy video's uitneem om haar te help "vergeet" dat sy haar liggaam vir seks verkoop. Volgens hierdie respondent kyk sy net video's wat oor gelukkige liefdesverhale handel, aangesien sy ook eendag "ware liefde" gaan vind. Hierdie bevinding hou verband met Du Plessis (1996:5, 50) en Farley en Barkan (1998:37-49) se navorsing, naamlik dat prostitute as gevolg van die aard van hulle werk skuldgevoelens ontwikkel en emosioneel afgestomp word. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat kindersekswerkers aan die hand van psigo-sosiale verdedigingsmeganismes die nuwe-effekte van prostitusie verwerk.

5.2.4.2 Alkohol- en dwelmmiddelmisbruik

Soos reeds vermeld in paragraaf 5.2.3.3 (bladsy 240) speel alkohol- en dwelmmiddelmisbruik 'n belangrike rol in prostitusie. In die onderhawige studie het 18 respondente (90 % van die respondente) substansies misbruik – dit beteken dat daar 'n positiewe verband tussen kindersekswerk en substansiemisbruik is. Die meeste respondente (met die uitsondering van respondente 17 en 19) het aangedui dat hulle alkohol en dwelmmiddels misbruik om prostitusie as "beroep" emosioneel te verwerk. Volgens respondent 14 het dwelmmiddels die volgende effek: "... it makes you forget all the pain and abuse, I think it's the only nice thing in my life". Navorsing deur Cole en Theron (1994:112) ondersteun hierdie bevinding. Hierdie outeurs is van mening dat kinders alkohol en dwelmmiddels misbruik ten einde die realiteit van mishandeling te verwerk of om emosioneel te ontsnap. Ook Farley en Hotaling (1996:14) het bevind dat prostitusie en substansiemisbruik nie geskei kan word nie. In aansluiting hierby konstateer Bartollas (1997:246) dat mishandelde kinders dwelmmiddels misbruik ten einde negatiewe gevoelens (bv. aggressie en haat) en gevoelens van isolasie te

verwerk. Verder word kindersekswerkers wat dwelmmiddels misbruik aan onhigiëniese spuitnaalde blootgestel wat 'n gesondheidsrisiko vir hulle kan inhou.

In die lig hiervan kan die afleiding gemaak word dat sowel psigo-sosiale verdedigingsmeganismes as alkohol- en dwelmmiddelmisbruik as oorlewingsmeganismes en risikofaktore verbonde aan kinderprostitusie beskou kan word. Navorsingsverwagting Vier is aan die hand van bogenoemde bevindings en afgehandelde navorsing aangespreek.

5.2.5 Navorsingsverwagting 5: Souteneurs se rol by kinderprostitusie

In Fase Twee het respondente twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, tien, 11, 12, 13, 15, 16, 18 en 20 (dus 75 % van die respondente) aangedui dat hulle vir souteneurs werk. Volgens respondente twee, vier, ses, agt, 11, 13, 18 en 20 is hulle kêrels hulle souteneurs. Respondent tien se souteneur is 'n vrou met wie hierdie respondent ook 'n seksuele verhouding het. Respondente twee, drie, vier, ses, sewe, 12, 13, 15, 16, 18 en 20 se koppelaars is Nigeriërs. Dit beteken dat 55 % van die kindersekswerkers se koppelaars Nigeriërs is, terwyl respondente vyf, agt en 11 vir blanke, manlike koppelaars werk.

Volgens respondent ses versorg haar koppelaar haar kind wanneer sy slaap en werk. Verder het respondent 20 aangedui dat haar koppelaar aan haar dwelmmiddels verskaf en haar teen viktimisering deur kliënte en die polisie beskerm. Haar koppelaar is ook haar kêrel en hy betaal haar borggeld wanneer sy gearresteer word, maar sy voer aan dat "if I'm ill and I don't want to go out (to work) - he shouts at me until I leave".

Du Plessis (1996:19, 22, 40) het in dié verband bevind dat koppelaars kinderprostitute “sag” maak met dwelmmiddels waarmee hulle die “kuns” van prostitusie geleer word. Die rol van die souteneur is om die kindersekswerker te beskerm. Du Plessis (1996:40) postuleer dat kinders glo dat koppelaars die enigste persone is wat vir hulle omgee en hulle liefhet. Dié outeur beskryf koppelaars as “fat cat pimps” wat gewelddadig teenoor kindersekswerkers optree, hulle emosioneel mishandel en dreig (Du Plessis, 1996:19, 22). Verder meld Du Plessis (1996:55) dat Suid-Afrikaanse koppelaars gewoonlik die prostitute se kêrels is wat prostitusie aanmoedig en dan die opbrengs daarvan op alkohol en dwelmmiddels spandeer.

Volgens Leslie (2001b:4) word Suid-Afrikaanse kinderprostitute deur Nigeriese koppelaars vermink, mishandel en selfs doodgemaak as hulle die “beroep” probeer verlaat. ‘n Voorbeeld van so ‘n geval is waar ‘n kinderprostituut probeer onvlug het van haar Nigeriese koppelaar. Toe hy ontdek dat sy probeer onvlug het, het hy beide haar voete so verbrand met kookwater dat sy nie kon loop nie (Leslie, 2001b:4). Ander gevalle is dié waar Nigeriese koppelaars kinderprostitute (wat probeer onvlug het) doodgemaak het (Leslie, 2001b:4). Volgens respondent tien het haar vorige souteneur (‘n Nigeriese man) haar in haar gesig (op haar linkerwang) met ‘n strykster gebrand toe sy hom verlaat het. Hierdie brandmerk was duidelik sigbaar tydens die onderhoud. Verder postuleer Leslie (2001a:12; 2001b:3, 5) dat die meeste koppelaars in Johannesburg Nigeriese mans is wat kinders in sekswerk indwing en hierdie kinders met behulp van dwelmmiddel misbruik in prostitusie hou.

Bogenoemde navorsing strook met die navorsers se bevinding dat die meeste kindersekswerkers vir souteneurs werk en dat hierdie koppelaars veral die rol van ‘n kêrel, ‘n beskermer en/of ‘n viktimizeerder aanneem. Verder is die meeste van die

souteneurs Nigeriese mans. Hiermee is die rol van souteneurs rakende kinderprostitusie aangespreek.

5.3 ALGEMEEN

Vervolgens sal die volgende algemene faktore, naamlik vryetydsbesteding, persepsie teenoor die Suid-Afrikaanse Polisie diens en behoefte aan en beskikbare meganismes om prostitusie te verlaat, onder die loep geneem word.

5.3.1 Vryetydsbesteding

Aangesien Fase Een 'n vooraftoets was, is hierdie aspek slegs in Fase Twee ondersoek. In die hoofstudie het die respondente aangedui dat hulle graag slaap wanneer hulle vrye tyd het. Respondente een en tien besoek kroeë nadat hulle geslaap het, terwyl respondent twee graag kook en lees. Respondente vier, vyf, ses, nege, 12, 16 en 18 spandeer graag tyd aan films en video's terwyl respondente drie en 18 inkopies in hulle vrye tyd doen. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die aard van kindersekswerkers se vryetydsbesteding in 'n groot mate ooreenstem met die huislike aktiwiteite van individue wat nie by prostitusie betrokke is nie.

5.3.2 Persepsie teenoor die Suid-Afrikaanse Polisie diens

In die onderhawige studie het respondente twee, drie, vier, sewe, nege, tien, 14, 16, 18 en 19 (50% van die respondente) aangedui dat polisie lede hulle hardhandig hanteer en emosioneel of fisiek mishandel. Wanneer kindersekswerkers slagoffers van misdaad is

word hulle nie geredelik deur die Suid-Afrikaanse Polisie diens beskerm nie. Volgens respondent vier beskou die polisie prostitusie nie as 'n belangrike of prioriteitsmisdaad nie. Sy het die volgende oor die polisie gesê: " ... it is not their business, they can't protect you". Respondent sewe voer aan dat die polisie haar soos 'n "hoer" hanteer (hulle sê vir haar dat sy "'n goedkoop hoer is"), en van die polisie lede het haar ook ander vloekwoorde toegesnou. Respondente agt en 19 het aangedui dat hulle gratis seks aan sommige lede van die polisie verskaf, terwyl respondent 18 aangedui het dat 'n polisie lid haar fooie geneem het toe sy tydens 'n klopjag in hegtenis geneem is. Die algemeenste klagte was dat hulle nie die polisie vertrou nie. Hieruit kan afgelei word dat 50 % van die respondente (in Fase Twee) die polisie in 'n negatiewe lig beskou.

In aansluiting hierby meld Du Plessis (1996:66) dat kinderprostitusie deur die polisie se onhulpvaardigheid, 'n gebrek aan belangstelling en ervaring, korrupsie en onopgeleide lede vererger word. Verder poneer Du Plessis (1996:66) dat The House klagtes van kindersekswerkers ontvang het wat deur polisie lede verkrag, fisiek aangerand en emosioneel mishandel is. Hierdie outeur is van mening dat kinderprostitusie nie 'n prioriteitsmisdaad vir die polisie is nie (Du Plessis, 1996:99). Volgens Leslie (2001a:7) is sommige polisie lede deel van kinderseksringe waar seksuele wandade met meisies so jonk as 12 jaar gepleeg word.

In die lig van die bogenoemde is die kinderprostitute se persepsie teenoor die Suid-Afrikaanse Polisie diens aangespreek.

5.3.3 Behoeftes van kindersekswerkers om prostitusie te verlaat

Hierdie aspek is na aanleiding van die vooraftoets by Fase Twee (die hoofstudie) geïnkorporeer. In die hoofstudie het die respondente hulle soos volg oor hierdie aangeleentheid (die behoefte om prostitusie te beëindig) uitgedruk:

- Vyftig persent van die respondente het aangedui dat hulle geld benodig om hierdie “beroep” te verlaat
- Vyf en vyftig persent van die respondente benodig ‘n werk om dit te kan doen
- Vyf en veertig persent van die respondente versoek behuising of ‘n plek van veiligheid voordat hulle dit sal oorweeg
- Dertig persent van die respondente het alkohol- en dwelmmiddelrehabilitasie as ‘n vereiste gestel om prostitusie suksesvol te kan verlaat
- Dertig persent van die respondente verlang beskerming teen koppelaars voordat hulle dit sal oorweeg om prostitusie te verlaat
- Twintig persent van die respondente benodig op ‘n gereelde basis voedsel en klere om oor te gaan tot hierdie stap
- Vyf en dertig persent van die respondente meld versorging van afhanklikes/kinders as ‘n vereiste om prostitusie te verlaat
- Veertig persent van die respondente benodig skoolastiese of tersiêre opleiding.

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat bogenoemde behoeftes aangespreek moet word voordat kindersekswerkers prostitusie kan verlaat.

5.3.4 Beskikbare meganismes om prostitusie te verlaat

In die hoofstudie het respondente sewe, 11, 13, en 16 aangedui dat hulle plekke van veiligheid of rehabilitasiesentrums genader het in hulle poging om prostitusie te verlaat. Volgens respondent sewe is sy by Magaliesoord rehabilitasiesentrum opgeneem vir alkohol- en dwelmmiddelrehabilitasie, maar sy het na twee weke se behandeling gedros.

Respondente 11 en 13 was by Norman House ('n hawe van veiligheid vir hawelose en wegloopkinders) in Johannesburg, maar het as gevolg van te streng dissipline en higiëniese vereistes gedros. Verder is respondent 16 by Lerato Huis ('n hawe van veiligheid vir kindersekswerkers) in Pretoria opgeneem, maar sy het ook gedros aangesien sy 'n gebrek aan geld en vryheid ervaar het.

Die meeste respondente wat aan Fase Twee deelgeneem het (met die uitsondering van respondente vyf en 16) het aangedui dat hulle graag prostitusie wil verlaat. 90 % van die respondente het die behoefte uitgespreek dat hulle hulle betrokkenheid by prostitusie wil beëindig.

Die twee respondente wat nie prostitusie wou verlaat nie het die volgende redes hiervoor aangebied. Respondent vyf het aangedui dat sy gaan prostitueer totdat sy 23 jaar oud is, aangesien sy eers genoeg geld wil maak voordat sy uittree. Respondent 16 het kommer uitgespreek oor alternatiewe werk om haarself te finansieel te onderhou. Respondent drie het ook aangedui dat dit moeilik sal wees om prostitusie te verlaat, aangesien prostitute op 'n maklike wyse 'n goeie inkomste kan verdien. Daarenteen het respondent agt aangedui dat prostitusie "... is a low life, it's dangerous and not nice". Ook respondent 19 het aangedui: "Yes, I want to leave, there is no future – it bugs me".

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die meeste kindersekswerkers in die hoofstudie prostitusie wil verlaat. As gevolg van onvoldoende sorg en rehabilitasiegeleenthede voorsien bestaande plekke van veiligheid nie aan kindersekswerkers se behoeftes nie. Derhalwe dros kinderprostitute van plekke van veiligheid en verval hulle terug in prostitusie.

5.3.5 Voordele van prostitusie

Volgens respondente een, twee, vier, sewe, 14, 15 en 20 hou prostitusie geen voordele in nie. Respondent 14 laat haar soos volg oor die voordele van prostitusie uit: "Nothing (no advantages), not even the money, because it is dirty money". Hieruit kan die afleiding gemaak word dat 35 % van die respondente in die hoofstudie van mening is dat prostitusie geen voordele inhou nie.

Daarenteen is respondente drie, vyf, ses, agt, nege, tien, 11, 12, 13, 16, 17 18 en 19 (65 %) van mening dat prostitusie wel finansiële voordele inhou. Respondent drie voer aan dat prostitusie "maklike" geld is en dat daar altyd werk vir prostitute is. Verder is hierdie respondent van mening dat prostitute nie hard werk nie. Respondent tien beweer dat prostitusie "maklike" geld is vir werklose vroue en 65 % van die respondente vereenselwig prostitusie met finansiële voordele.

In die lig hiervan is die respondente (in die hoofstudie) se mening rakende die voordele van hulle "beroep" aangespreek.

5.3.6 Toekomsverwagtinge van die respondente

In Fase Twee het respondente een, twee, ses en 19 aangedui dat hulle maatskaplike werkers wil word, aangesien hulle soortgelyke kinders (kindersekswerkers) wil help. Respondente drie, vyf, tien en 17 wil kassiere in 'n supermark of 'n winkel word, terwyl respondente 13 en 15 die onderwys wil betree. Respondente nege en 12 wil verpleeg en respondent 11 wil graag 'n mediese dokter word. Respondent vier wil 'n polisievrout word om kinders wat mishandel word te beskerm. Respondent agt hou van lees en wou nog

altyd 'n bibliotekaresse geword het. Respondent sewe wil 'n lugwaardin word om sodoende die wêreld te sien, terwyl respondent 14 'n suksesvolle besigheidsvrou wil word, aangesien besigheidsvroue professioneel lyk en duur klere dra. Verder het respondent 14 aangedui dat sy 'n sangeres wil word, terwyl respondent 20 die behoefte uitgespreek het om haar skoolopleiding te voltooi.

Kindersekswerkers het dus dieselfde beroepsaspirasies as kinders en adolessente van hulle ouderdom.

5.4 SUBDOELWITTE

Vervolgens sal die subdoelwitte van die onderhawige studie bespreek word.

5.4.1 Subdoelwit 1: 'n Kriminologiese ontleding van gevallestudies om die sosiale aard van kinderprostitusie te bepaal

Ten opsigte van Doelwit 1 kan aanvaar word dat dit verweselik is, aangesien die navorser 20 kindersekswerkers (van Johannesburg en Pretoria) vanuit 'n kwalitatief-kriminologiese perspektief bestudeer het. Verder is 'n profiel van kinderprostitute aan die hand van hulle aard en omvang, ouderdom, kleredrag, inkomste, werksure, aard van seksuele aktiwiteite en kliënte-basis opgestel.

5.4.2 Subdoelwit 2: 'n Teoretiese verklaring van kinderprostitusie

Subdoelwit 2 is verweselik aangesien kinderprostitusie aan die hand van vroeë biologiese, sosiologiese, psigologiese en feministiese perspektiewe uiteengesit is. Hierdie vroeë verklaring is bloot gebruik om die teoretiese grondslag vir die

onderhawige studie te rig. Verskeie teorieë, naamlik die sosiale struktuurteorieë (die anomieteorie, algemene spanningsteorie en die subkultuurteorie) en die sosiale proseteorieë (die leerteorie en beheersingsteorie) is in Hoofstuk 2 aangewend om kinderprostitusie as 'n kriminologiese verskynsel te verklaar. Feministiese verklarings en Erikson se persoonlikheidsontwikkelingsteorie is ook by die onderhawige bevindings geïnkorporeer.

5.4.3 Subdoelwit 3: Die identifisering van emosionele, psigiese en fisieke gevolge wat sekswerk op kinders het

In hierdie studie is die emosionele, psigiese en fisieke gevolge van kinderprostitusie in sowel Hoofstuk 3 (Afgehandelde navorsing) as in Hoofstuk 5 (Bespreking van resultate) geïdentifiseer en bespreek. In Hoofstuk 3 is aspekte soos byvoorbeeld 'n lae selfbeeld en verwerping (emosionele gevolge) aangespreek, terwyl onder andere post-traumatiese stresversteurings (psigiese gevolge) en mishandeling deur koppelaars en kliënte (fisieke gevolge) in Hoofstuk 5 uiteengesit is. In die lig hiervan is Subdoelwit 3 verwesenlik.

5.4.4 Subdoelwit 4: Identifisering van risikofaktore wat betrokkenheid by prostitusie kan verklaar

Subdoelwit 4 is aangespreek aangesien risikofaktore verbonde aan kinderprostitusie in Hoofstuk 5 (Bespreking van resultate) geïdentifiseer en bespreek is. Faktore soos byvoorbeeld weglouery, 'n verbrokkelde gesin, alkohol- en dwelmmiddelbruik, 'n beperkte skolastiese opleiding, seksueel oordraagbare siektes en MIV, asook pornografie, is as risikofaktore geïdentifiseer.

5.4.5 Subdoelwit 5: 'n Kontaklys van persone en organisasies wat betrokke is by kindersekswerkers in Gauteng

'n Kontaklys van organisasies wat hulle vir die rehabilitasie van kindersekswerkers beywer en die beëindiging van kinderprostitusie voorstaan (kyk par. 3.7 – bladsy 176 en par. 6.6 – bladsy 274) is saamgestel. Instansies soos byvoorbeeld The House (Johannesburg), Lerato House (Pretoria), Rahab en Zizanani (sien Hoofstuk 6) is geïdentifiseer. Hierdie organisasies beywer hulle vir die rehabilitasie van kinderprostitute en die beëindiging van kinderprostitusie in Gauteng. Verder word daar ook na relevante instansies (bv. die Nasionale Raad vir Kinderwelsyn) en organisasies (bv. die Heilsleër) verwys. Hierdie instansies en organisasies kan moontlik in die toekoms as netwerk saamwerk om kinderprostitusie vir rehabilitasiedoeleindes te ondersteun. Derhalwe is Subdoelwit 5 verwesenlik.

5.4.6 Subdoelwit 6: Om aan te dui wat die dekriminalisering van prostitusie op die voortbestaan van kinderprostitusie sal hê

Die moontlike dekriminalisasie van prostitusie en die implikasie hiervan vir kindersekswerk is in Hoofstuk 3 (Afgehandelde navorsing) aangespreek. Verder is sowel die voordele (bv. mediese regulering van prostitute) as die nadele (bv. ontkenning van skade en onwettige beheer van koppelaars) van moontlike dekriminalisasie in Hoofstuk 3 uiteengesit. In die lig hiervan word aanvaar dat Subdoelwit 6 verwesenlik is.

5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is bevindinge rakende Fase Een (vooraftoets) en Fase Twee (hoofstudie) bespreek. Afgehandelde navorsing en teorieë is in gevalle waar dit die

bevindinge komplementeer, ook gerapporteer. Verder is die subdoelverwesenliking (6 subdoelwitte) ook aangespreek. Vervolgens sal die aanbevelings en aspekte wat verdere navorsing verlang in Hoofstuk 6 uitgelig word.

6. AANBEVELINGS

In hierdie hoofstuk sal sowel die aanbevelings as aspekte wat verdere navorsing behoort te geniet, bespreek word. Verder sal leemtes rakende die wetgewing in verband met kindersekswerkers, plekke van veiligheid en beskerming en rehabilitasie van kinderprostitute aangespreek word.

6.1 ONVOLDOENDE OPLEIDING

Volgens die Kinderwelsyn bestaan daar 'n behoefte aan opleiding vir maatskaplike werkers wat met kinderprostitute kan werk (Leslie, 2001a:5). Maatskaplike werkers, sielkundiges en polisielede is nie vaardig genoeg om met kindersekswerkers te werk nie aangesien hierdie kinders gewoonlik aan veelvuldige trauma (bv. weglopery, alkohol- en dwelmmiddelmisbruik, verkragting en emosionele mishandeling) blootgestel is (Du Plessis, 1996:107, 112, 116). Dit beteken dat sowel deskundiges as polisielede wat met kinderprostitute in aanraking kom, nie oor die nodige vaardighede beskik om met hulle en hul motiewe te identifiseer nie. Du Plessis (1996:118) laat hom soos volg hieroor uit: "The children suffered so much trauma, of such intensity, that any therapist recoils in horror and impotence when these children open their hearts."

Verder word onopgeleide en onervare polisielede in areas soos byvoorbeeld Hillbrow geplaas waar hulle veral deur koppelaars en kliënte omgekoop word om "n blinde oog te draai". Die gevolg is dat hierdie polisielede nie na die belange van die kindersekswerkers (bv. beskerming teen mishandeling van kliënte en souteneurs) omsien nie (Du Plessis, 1996:115-116).

Om hierdie leemtes aan te spreek, moet daar aan die hand van kinderprostitute se perspektiewe rakende hulle probleme (bv. armoede en werkloosheid) op prostitusie gefokus

word. 'n Vaardigheidsontwikkelingsprogram moet dus ontwikkel word om hierdie probleem aan te spreek. Dit impliseer dat hierdie program veroorsakende faktore van kinderprostitusie moet insluit. Aspekte soos byvoorbeeld vroeë mishandeling in die ouerhuis, weglopery, 'n lae selfbeeld, alkohol- en dwelmmiddelmisbruik, armoede en werkloosheid kan in hierdie program ingesluit word.

6.2 VESTIGING VAN NETWERKE

In Suid-Afrika bestaan daar 'n gebrek aan koördinasie en kommunikasie tussen regerings- en nie-regeringsorganisasies rakende kinderprostitusie (Leslie, 2001a:8). In dié verband stel Du Plessis (1996:112) voor dat hawes van veiligheid (vir kindersekswerkers) 'n positiewe werksverhouding met die volgende instansies moet bewerkstellig: die Suid-Afrikaanse Polisie, die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenhede, gesinsbeplanningsklinieke, MIV-klinieke, gesellinklubs, plaaslike hospitale, die staatslykhuys, mond- en higiëniese klinieke, die media, kinderhuise, howe (wat spesifiek op dwelmmiddels fokus en kinderhowe), die Departement van Gesondheid, verkragtingsklinieke, traumaklinieke, die Heilsleër (Salvation Army), Child Line en Kinder-assesseringsentrums. 'n Studie behoort dus geïnisieer te word ten einde strategieë te ontwikkel om hierdie organisasies as 'n netwerk te vestig.

6.3 WETGEWING

Vervolgens sal aanbevelings en leemtes rakende die beskerming van kinders in sowel die Internasionale as die Suid-Afrikaanse wetgewing bespreek word.

6.3.1 Internasionale wetgewing

Suid-Afrika is 'n ondertekenaar van sowel die “African Charter of Human Rights”, as die “African Charter on the Rights and Welfare of the Child”. Dit beteken dat Suid-Afrika die beskerming van kinderregte teen uitbuiting en skadelike praktyke, soos byvoorbeeld kinderprostitusie en sekshandel met kinders, moet bekamp en voorkom (Koen et al., 2000:81).

Volgens die “African Charter on Human and People’s Rights” (Artikel 5 van 1981) is Suid-Afrika verplig om kinders teen alle uitbuiting en vernederende gedrag (veral slawerny, kinderprostitusie en sekshandel met kinders) te beskerm. In hierdie verband word daar in Artikel 16(2) van die “African Charter on the Rights and Welfare of the Child” (1990) op die belangrikheid van voorkoming, beskerming, identifisering, rapportering, verwysing en ondersoek van mishandeling van kinders gefokus (Koen et al., 2000:81). Verder bepaal Artikels 21(2), 27 en 29 dat kinders teen kinderhuwelike en kinderprostitusie beskerm moet word. Dit impliseer dat Suid-Afrika verplig is om wetgewing rakende kinderprostitute wat fokus op hulle beskerming, uitbuiting, mishandeling en misbruik voor te staan. Na raming (Neethling, persoonlike mededeling, 15 Junie 2001) bestaan 25% van die Suid-Afrikaanse prostitusie-populasie uit kinders. Dit beteken dat Suid-Afrika se wetgewing nog nie suksesvol is in die voorkoming van kinderprostitusie en beskerming rakende kindersekswerkers nie – veral nie ten opsigte van hulle seksuele eksploitasie en mishandeling nie.

6.3.2 Suid-Afrikaanse wetgewing

Vervolgens word die wetgewing wat dié persone wat direk of indirek by die uitbuiting en fasilitering van kinderprostitute betrokke is, aangespreek. Die volgende wetgewing handel oor elemente wat verband hou met misdade rakende die seksuele eksploitasie van kinders, sekshandel met kinders en kinderprostitusie. Persone (bv. souteneurs), wat op direkte of indirekte wyse by kinderprostitusie betrokke is (bv. ouers wat kinders toelaat om te

prostituëer) en wat die seksuele eksploitasie van kinders of sodanige praktyke fasiliteer, word deur die volgende wetgewing geregleer.

6.3.2.1 Die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 (soos gewysig in Wet 19 van 1999)

Daar is reeds na hierdie Wet (par. 1.4.4 – bladsy 33) verwys. Volgens Koen et al. (2000:84) definieer die Wet (Hoofstuk 8) nie die term “mishandeling” nie. Dit beteken dat hierdie gebrek aan ‘n definisie ruimte laat vir eie interpretasies van “mishandeling”. Met ander woorde, die gebrek aan ‘n wetlike definisie van “mishandeling” kan veroorsaak dat enige persoon wat betrokke is by die mishandeling van ‘n kind, moontlik nie suksesvol vervolgt sal kan word nie. ‘n Voorstel is om die begrip deeglik en duidelik (in hierdie Wet) te omskryf om sodoende alle vorme van moontlike mishandeling in te sluit en die leemte in die definisie te ondervang.

Artikel 50(1) van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983, gewysig 1999) word ook in paragraaf 1.4.4 (bladsy 35) bespreek. Hierdie Wet reguleer die vervolging van ouers of ‘n voog wat toesig of beheer oor ‘n kind het, en wat toelaat dat ‘n kind mishandel word. Hierteenoor kan enige ander persoon (bv. ‘n kindersekshandelaar) slegs skuldig bevind word aan ‘n misdad indien hy of sy ‘n kind mishandel. Dus reguleer die Wet nie die fasilitering van kindermishandeling nie. Dit beteken dat ‘n huurmotorbestuurder wat ‘n kind na ‘n plek vervoer waar mishandeling plaasvind, nie aan ‘n misdryf skuldig bevind kan word nie. Derhalwe kan die huurmotorbestuurder ook nie vervolgt word nie, ten spyte van die feit dat hy moontlik die mishandeling (bv. kindersekswerk) van kinders fasiliteer. Verder plaas hierdie Wet nie ‘n verantwoordelikheid op medici of onderwysers wat kennis dra, of ‘n vermoede het dat kinders mishandel word, om sodanige mishandeling aan die toepaslike owerhede, (bv. die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenheid of maatskaplike werkers) te rapporteer nie. Daar bestaan dus ‘n leemte in die wetgewing rakende persone se “verantwoordelikheid” om kindermishandeling te rapporteer. ‘n Aanbeveling is dat aspekte

soos fasilitering en rapportering van uitbuiting van kinders in hierdie Wet vervat word om sodoende hierdie leemtes aan te spreek.

Artikel 50A(1) handel oor die kommersiële seksuele eksploitering van kinders en bepaal dat enige persoon wat hieraan deelneem, of hierby betrokke is, aan 'n misdryf skuldig is. Alhoewel hierdie Artikel die deelname aan en betrokkenheid by die kommersiële eksploitering van kinders reguleer, spesifiseer dit nie die spesifieke aktiwiteite (bv. prostitusie) en persone (bv. ouers) wat sodanige eksploitasie toelaat nie. Met ander woorde, hierdie Artikel is slegs van toepassing op persone (bv. kliënte) wat “direk” deelneem aan, of betrokke is by die kommersiële eksploitasie van kinders en **nie** diegene (bv. die fasiliteerders) wat “indirek” betrokke is of sodanige aktiwiteite (bv. prostitusie of sekshandel met kinders) fasiliteer nie.

'n Aanbeveling is dat hierdie Wet spesifieke aktiwiteite (bv. prostitusie), persone en fasiliteerders wat sowel direk as indirek by die kommersiële eksploitasie van kinders betrokke is, moet omskryf en vervat om hierdie misdade teen kinders te voorkom.

Artikel 50A(2) is in paragraaf 1.4.4 (bladsy 35) bespreek. In terme van hierdie Artikel is dit nie duidelik wat met die term “eiendom” (bv. 'n gebou of 'n motor waar die seksuele eksploitasie van kinders plaasvind) bedoel word nie. Met ander woorde, die gebrek aan 'n wetlike definisie van “eiendom” kan veroorsaak dat kinderviktimiseerders (bv. persone wat kinders in hulle motors seksueel eksploiteer) nie vervolgd kan word nie. Andersyds beklemtoon hierdie Artikel die verantwoordelikheid van enige persoon ('n eienaar, huurder of bestuurder) wat kennis dra van 'n eiendom waar die seksuele eksploitasie van kinders plaasvind, om hierdie aktiwiteite binne 'n redelike tydperk te rapporteer. Die Artikel omskryf nie wat bedoel word met “binne 'n redelike tydperk” nie en omskryf ook nie die term “redelik” nie. Dit impliseer dat 'n persoon sy eie diskresie rakende die terme “redelik” en “binne 'n redelike tydperk” mag gebruik.

'n Voorstel is dat dié Wet die terme “eiendom” en “binne 'n redelike tydperk” duidelik moet definieer om sodoende verwarring en ruimte vir die gebruik van eie diskresie rakende hierdie terme uit te skakel.

Daar is ook na Artikel 50A van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983, soos gewysig in 1999) in paragraaf 1.4.4 (bladsy 35) verwys. Hierdie Artikel is nie van toepassing op persone wat seksuele eksploitering van kinders toelaat, fasiliteer of “indirek” betrokke is by sodanige aktiwiteite nie. Dit beteken dat hierdie Artikel slegs die misdryf (seksuele eksploitasie) en die plek waar die misdryf plaasvind (bv. 'n bordeel) reguleer, maar nie ander aktiwiteite (bv. sekshandel met kinders) wat verband hou met seksuele eksploitasie nie.

'n Aanbeveling is dat hierdie Wet sowel persone wat seksuele uitbuiting van kinders toelaat (fasiliteer) as seksuele aktiwiteite (bv. sekshandel) breedvoerig moet omskryf om sodoende die fasiliteerders te beperk en alle moontlike seksuele aktiwiteite in te sluit.

6.3.2.2 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997

Hierdie Wet is breedvoerig in paragraaf 1.4.4.1 (bladsy 35) bespreek. 'n Aanbeveling is dat Artikels 14(1), 14(2) en 14(2)(b) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997, aangewend moet word om kinders teen sekshandel te beskerm, aangesien sommige kinders deur handelaars in sekswerk ingedwing word. Derhalwe bevind hierdie kinders hulle in omstandighede wat hulle welstand, gesondheid, opvoeding en geestelike, morele en sosiale ontwikkeling benadeel. Verder beveel Koen et al. (2000:86) aan dat enige vorm of metode van handeldryf met kinders (vir seksuele gewin) outomaties deur die Wet vervolg moet word. 'n Voorstel is dat hierdie Wet hersien moet word om kinders teen enige vorm of metode van sekshandel te beskerm.

6.3.2.3 Die Wet op Seksuele Misdrywe, Wet 23 van 1957 (gewysig in 1988)

Hierdie Wet handel oor die bedryf van bordele en ontug. Volgens Koen et al. (2000:87) maak dit nie voorsiening vir die vervolging van persone wat betrokke is by sekshandel met kinders nie. Verder is dié outeurs van mening dat die wetgewing nie die terme “bordeel” en “ontug” omskryf nie. Die wetgewing gee slegs ‘n “eng” definisie van seksuele geslagsgemeenskap en omskryf nie ander vorme van seksuele aktiwiteite (bv. anale seks) nie. Verder is hierdie Wet beperk aangesien dit slegs vroue as slagoffers van “ontug” erken en insluit en geen voorsiening maak vir die vervolging van seksuele misdade teen mans (as slagoffers) nie.

‘n Aanbeveling is dat hierdie Wet hersien moet word om sodoende duidelike definisies van “bordeel”, “ontug”, “geslagsgemeenskap” en “seksuele aktiwiteite” te omvat. Verder moet hierdie Wet voorsiening maak vir die vervolging van persone wat sekshandel met kinders dryf, en sowel vroue as mans moet as slagoffers van seksuele misdade erken word.

Artikel 10 van die Wet op Seksuele Misdrywe, No. 23 van 1957 (gewysig in 1988), reguleer koppelary. Hierdie Artikel beperk die omskrywing van die slagoffer as ‘n “vrouepersoon”, en maak nie voorsiening vir die vervolging van seksuele misdade teen seuns of mans nie. Verder is die term “ontug” (die handeling van ‘n man wat geslagsgemeenskap met ‘n vrou het) beperk, aangesien dit nie voorsiening maak vir die vervolging van vroulike oortreders wat onwettige seksuele aktiwiteite met ander vroue of mans/seuns pleeg nie. ‘n Voorstel is dat hierdie Wet ook voorsiening moet maak vir manlike slagoffers van seksuele misdade en vroulike oortreders.

Volgens Artikel 11 is sameswering om ‘n vrouepersoon te onteer of om ontug met haar te pleeg, ‘n misdryf. Dit impliseer dat indien ‘n manspersoon saamsweer om ‘n ander man aan seksuele eksploitasie te onderwerp, of ‘n vrouepersoon saamsweer om ‘n ander vrou aan

seksuele eksploitasie te onderwerp, niemand aan 'n misdryf skuldig is nie. Hierdie artikel beperk dus die slagoffer tot 'n vrou en die oortreder tot 'n man en sluit ander slagoffers (mans) en oortreders (vroue) uit.

Verder reguleer Artikel 13 van die Wet ontvoering. Hierdie Artikel bepaal dat enige persoon wat 'n ongetroude mans- of vrouepersoon onder die ouderdom van 21 jaar uit die bewaring en teen die wil van sy of haar vader of moeder of voog neem of aanhou, of ontug met opset toelaat, skuldig is aan 'n misdryf. Hierdie Artikel is dus slegs van toepassing op die wil van die persoon in beheer van die kind en spesifiseer nie die wil van die kind self nie.

'n Voorstel is dat Artikels 11 en 13 van hierdie Wet herskryf moet word om alle tipes slagoffers (mans en vroue) en oortreders in te sluit en om aan die "wil" van die kind erkenning te gee.

6.3.2.4 Die Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998)

Die Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998) kan aangewend word om kinders teen sekshandel (vir seksuele eksploitasie, bv. prostitusie) te beskerm (Koen et al., 2000:92). Die definisie van "gesinsgeweld" sluit 'n verskeidenheid vorme van mishandeling in, naamlik: fisieke, seksuele, emosionele en sielkundige mishandeling, intimidasie (dreigemente), teistering en "enige ander gekontroleerde gedrag" (bv. gedwonge sekswerk). Dit beteken dat sekshandel met kinders ook deur die Wet op Gesinsgeweld verhoed kan word en dat kinders hiervolgens teen eksploitasie beskerm kan word (Koen et al., 2000:92). Die toepassing van hierdie Wet op kinders sal beteken dat ouers wat kinders in sekswerk of enige ander vorm van seksuele eksploitasie dwing, aan 'n misdryf skuldig sal wees. Verder poneer Koen et al. (2000:93) dat kinders deur hulle ouers as seksslawe of as "seksbruide" verkoop of wegegee word. Hierdie kinders word dus in seksslawerny en ander vorme van kinderslawerny ingedwing. Indien die Wet op Gesinsgeweld op kinders van toepassing kan wees, behoort

hierdie kinders teen verdere mishandeling en geweld beskerm te word. Die oortreder kan met behulp van dié Wet vervolgt word.

6.3.2.5 Die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdad (Wet 121 van 1998)

Die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdad (Wet 121 van 1998) kan aangewend word om misdade rakende sekshandel met kinders, die seksuele eksploitasie van kinders en kinderprostitusie te reguleer en te voorkom (Koen et al., 2000:93). Hierdie Wet handel oor die voorkoming en kriminalisering van sekere aktiwiteite wat verband hou met bendes en afpersing. Verder maak dié Wet voorsiening vir die herstelling en/of beslaglegging van enige winste wat onregmatig uit onwettige aktiwiteite (bv. kinderprostitusie) verkry is. In terme van hierdie Wet kan volwasse persone wat kinderprostitute fasiliteer, of met kinders handel dryf, skuldig bevind word aan 'n misdad. Die aktiwiteite waaraan volwasse persone skuldig bevind kan word, sluit onder andere die volgende in: verkragting, ontvoering, onsedelike aanranding, statutêre misdade (bv. verkragting), immorele en onsedelike dade, seks vir geld, kinderdiefstal of sameswering om enige van bogenoemde aktiwiteite te pleeg (Koen et al., 2000:93). Hierdie wetgewing fokus dus op enige persone (bv. souteneurs) wat op 'n direkte of 'n indirekte wyse (bv. fasiliteerders of kinderhandelaars) winste maak uit die prostituering en seksuele eksploitering van of sekshandel met kinders.

'n Aanbeveling is dat hierdie Wet aangewend moet word om kinders teen seksuele uitbuiting, sekshandel en sekswerk te beskerm. Verder kan die winste

wat koppelaars uit kinderprostitusie kry, verhaal en aangewend word om kindersekswerkers te rehabiliteer.

Ten opsigte van die Suid-Afrikaanse wetgewing beveel Koen et al. (2000:99-101) die volgende aan:

- Die ontwikkeling van wetgewing wat sekshandel met kinders, kinderprostitusie of enige ander vorm van eksploitasie (emosioneel en fisiek) verbied. Hierdie voorstel hou verband met die navorsers se aanbeveling in paragraaf 6.3.2 – 6.3.2.4 (bladsy 264-269).
- Om die waarneming en vervolging van kinderviktimiseerders te verhoog deur spesiale polisie- en vervolgingseenhede te stig. 'n Ander voorstel is om 'n spesiale taakmag of regeringsinstansie te stig wat spesifiek op kinderprostitusie kan fokus.
- Die daarstelling van restoratiewe geregtigheid vir kinderslagoffers. Kompensasie of restitusie kan in gevalle waar daar winste uit kinderprostitute gemaak word aanbeveel word (bv. souteneurs kan kinderprostitute of hulle gesinne op 'n finansiële wyse vergoed). Verder moet daar ter versagting (bv. selfverdediging) teen kinderslagoffers opgetree word - veral wanneer hulle beskuldigdes in kriminele verhoore is. Hierdie voorstel hou verband met die navorsers se aanbeveling in paragraaf 6.3.2.5 (bladsy 270).
- Die voorkoming en monitering van kinderprostitusie en sekshandel met kinders, insluitend die bewusmaking van die landsburgers rakende hierdie verskynsels
- 'n Register van kinderviktimiseerders om sodoende herhaalde oortreders te monitor

In die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat sekere wette aangepas behoort te word en ander gewysig moet word om kinderprostitusie meer effektief te kan aanspreek.

6.4 FASILITEITE VAN VEILIGHEID

Daar bestaan 'n behoefte aan plekke van veiligheid wat slegs na die behoeftes van kinderprostitute (bv. alkohol- en dwelmmiddelrehabilitasie) kan omsien. 'n Aanbeveling is dat daar plekke van veiligheid vir kinderprostitute in stede (bv. Johannesburg, Pretoria, Nelspruit, Pietersburg, Durban, Bloemfontein en Kaapstad) behoort te wees, aangesien Du Plessis (1996:107) meen dat kinderprostitute die meeste in dié stede voorkom. Kindersekswerkers behoort nie na "gewone" plekke van veiligheid (bv. Norman House waar hawelose en wegloopkinders gehuisves word) geneem te word nie, aangesien hierdie instansies nie na die behoeftes van kinderprostitute (bv. persoonlike berading en alkohol- en dwelmmiddelrehabilitasie) omsien nie. Kinders onder die ouderdom van 13 jaar wat seksueel aktief is, kan nie in kinderhuise of pleegsorg geplaas word nie, aangesien hierdie kinders 'n risiko vir ander jeugdige inhou (Du Plessis, 1996:116). Die aard van kindersekswerkers se seksuele aktiwiteite, gewoontes (bv. alkohol- en dwelmmiddelmisbruik) en blootstelling (bv. verkragting) kan ander jeugdige negatief beïnvloed (Leslie, 2001a:7, 11).

Verder moet plekke van veiligheid wat kinderprostitute akkommodeer deur die regering gesubsidieer word. In die lig hiervan kan die afleiding gemaak word dat die volgende dienste aan kindersekswerkers verskaf moet word:

- Behuising, voedsel en kleding
- Beskerming teen souteneurs en kliënte
- Persoonlike berading (vir post-traumatische stresversteurings en mishandeling)
- Alkohol- en dwelmmiddelrehabilitasie
- Lewens-sosialiseringsvaardighede (bv. kommunikasie- en konflikthanteringsvaardighede)
- Skoolopleiding
- Na-skoolse opleiding – byvoorbeeld rekenaar- of tik-kursusse
- Mediese sorg (bv. inligting rakende seksueel oordraagbare siektes en MIV)
- Nasorg vir kinders van kindersekswerkers

- Ondersteuningsgroepe – byvoorbeeld 'n tutorstelsel waar gerehabiliteerde prostituee kindersekswerkers wat die “beroep” wil verlaat, kan ondersteun
- Regsadvies – raad rakende die kindersekswerkers se regte (bv. indien hulle deur souteneurs gedreig sou word) en hofprosedures
- Pleegsorgplasing
- Ondersteuning met die reïntegrasie van kindersekswerkers in die gemeenskap of die gesin.

Kindersekswerkers moet op 'n gereelde basis geëvalueer word om te bepaal of daar aan hulle behoeftes (bv. persoonlike berading) voldoen word en of alternatiewe terapie benodig word. Plekke van veiligheid behoort 'n register van kindersekswerkers by te hou ten einde kinders wat wegloop of verdwyn, weer te vind. Sodanige registers sal ook meer akkurate statistiek rakende kinderprostituee in die toekoms kan bied. In aansluiting hierby beveel Du Plessis (1996:117) aan dat instansies wat kinderprostituee huisves, 'n “oop-deur”-beleid moet handhaaf sodat kinders wat van hierdie instansies wegloop nie, bang is om weer terug te keer nie.

6.5 REHABILITASIE

Tydens die Wêreldkongres rakende die Kommersiële en Seksuele Eksploitasie van Kinders (Stockholm, Augustus 1996) is daar voorgestel dat dat die “pedofiele” oftewel kliënte, rehabilitasie benodig. Verder is voorgestel dat kindersekswerkers “healing” (terapeutiese behandeling) en reïntegrasie in die gemeenskap benodig.

Volgens Pienaar (persoonlike mededeling, 10 Mei 1996) kan kindersekswerkers slegs gerehabiliteer word indien daar 'n alternatief tot hulle finansiële behoeftes verskaf kan word. Du Plessis (1996:117) stel in dié verband voor dat die oorsake van kinderprostitusie (bv.

alkohol- en dwelmiddelafhanklikheid) as riglyne vir rehabilitasie van kindersekswerkers gebruik moet word. Leslie (2001a:6) beskou opvoeding as die sleutel tot suksesvolle rehabilitasie van kindersekswerkers. Hierdie outeur beveel aan dat die Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling en Opvoeding moet saamwerk om 'n program te ontwikkel ten einde kindersekswerkers die nodige lewensvaardighede aan te leer, verdere skoolopleiding te gee en vir hulle werkseleenthede te skep. Met ander woorde 'n proaktiewe benadering moet gevolg word om kinderprostitute te rehabiliteer. Die gemeenskap speel 'n fundamentele rol in die verband. Die gemeenskap behoort:

- Samewerking te verseker teen die bekamping van kindersekswerk
- Voorkoming van die verskynsel te bewerkstellig
- Beskerming van kinderslagoffers (bv. kinderprostitute) te ondersteun
- Die herstelling en reïntegrasie van kindersekswerkers te bewerkstellig (Leslie, 2001a:6).

In Suid-Afrika is daar 'n gebrek aan rehabilitasieprogramme wat gerig is op kindersekswerkers (Leslie, 2001b1:7). Die Suid-Afrikaanse Raad vir Kinder- en Gesinswelsyn het 'n program ontwikkel wat spesifiek op die kommersiële seksuele uitbuiting van kinders fokus. Hierdie program is daarop gemik om kinderprostitute te beskerm. "Kinderbeskerming" is 'n nasionale program wat as 'n eksperiment aangewend sal word om te bepaal of kindersekswerkers gerehabiliteer kan word. Die nodige fondse om hierdie program te implementeer moet nog bewillig word. Hierdie program is gerig op:

- Die beskerming van kinders in die gemeenskap
- Die bewusmaking van kinders rakende hulle regte
- Die vestiging van strukturele bronne (bv. plekke van veiligheid) in gemeenskappe om risikokinders te identifiseer en by te staan (Leslie, 2001b:7).

6.6 INLIGTINGSLYS RAKENDE ORGANISASIES WAT BY KINDERSEKSWERKERS BETROKKE IS

Volgens Leslie (2001a:2) behoort daar 'n lys van organisasies wat met kinderprostitusie werksaam is, bekend gestel of versprei te word. Hierdie lys moet sowel Staatsorganisasies (bv. die Departement van Justisie) as nie-regeringsorganisasies (bv. Zizanani – 'n organisasie wat fokus op die rehabilitasie van kindersekswerkers) insluit. Dit sal moontlik daartoe bydra dat 'n netwerk (kyk par. 6.2 - bladsy 263) tussen Staatsorganisasies en nie-regeringsorganisasies kan ontwikkel wat meer aandag op kinderprostitusie sal vestig en beter diensverskaffing sal bewerkstellig.

Gedurende Junie 2000 het die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuelemisdryfeenhede en die Kindermishandeling eenheid van die Departement van Maatskaplike Dienste 'n strategiese plan geïnisieer om kinderprostitusie in die groter Johannesburg area (veral Hillbrow, Rosettenville en die Johannesburg Sentrale Besigheidsdistrik) aan te spreek (Leslie, 2001a:8). Die volgende sleutelorganisasies is by die plan betrek:

- Die Suid-Afrikaanse Polisie se Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuelemisdryfeenheid
- Die Kinderbeskerming-eenheid van die Departement van Maatskaplike Dienste
- Childline – hierdie instansie plaas onder andere seksueel mishandelde kinders onder pleegsorg of verwys hierdie kinders na plekke van veiligheid
- Die “Teddy Bear” - kliniek – hierdie kliniek identifiseer en assesser kindersekswerkers (hofvoorbereiding van slagoffers), doen forensiese mediese ondersoeke (hofgerigte ondersoeke om die bewyslas teen die oortreder te versterk) en voorsien sielkundige berading aan seksueel mishandelde kinders en
- Child Abuse Treatment and Training Services (CATTS), Johannesburg (Leslie, 2001a:8).

Bogenoemde taakspan is gedurende Januarie 2001 uitgebrei deurdat die volgende organisasies en persone ook betrek is:

- Die Departement van Justisie – Advokaat Naidoo (jeugberegting)
- Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling – in samewerking met maatskaplike werkers wat in howe in Johannesburg diens verrrig
- Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling – Gauteng, hoofkantoor
- Die Suid-Afrikaanse Polisiediens se Kriminele Intelligensie-afdeling en
- Die plaaslike Metropolitaanse rade van Gauteng (Leslie, 2001a:9).

Ander organisasies wat hulle vir die voorkoming en beskerming van kinderprostitusie beywer, is:

- Zizanani: 'n Plek van veiligheid vir kinderprostitute en ander seksueel mishandelde kinders. Hierdie organisasie maak gebruik van kuns- en musiekterapie om kinderprostitute die geleentheid te bied om aan hulle emosies uiting te gee. Verder verskaf hierdie instansie skoolopleiding, sielkundige berading en die aanleer van vaardighede aan kindersekswerkers.
- Child Abuse Treatment and Training Services (CATTS): Hierdie organisasie beywer hom vir die voorkoming van kindermishandeling. Persoonlike berading word verskaf aan sowel seksueel mishandelde kinders as hulle gesinne. Verder word daar opleiding aan professionele en vrywillige werkers op die gebied van seksuele mishandeling van kinders verskaf. CATTS beskik ook oor fasiliteite soos byvoorbeeld speltherapie, gesinsterapie, 'n biblioteek en videospelers om die behandeling van seksueel mishandelde kinders te bevorder.
- Thembaletu: Hierdie instansie is 'n affiliasie van CATTS wat veral hawelose en wegloopkinders huisves wat as hoërisikogevalle tot prostitusie beskou kan word. Thembaletu fokus veral op die voorkoming van kinderprostitusie en die identifisering van straatkinders in Johannesburg. Daar word aan hierdie kinders se opvoeding, ontwikkeling van vaardighede en reïntegrasie in die gesin aandag geskenk.
- Rahab: Is 'n organisasie wat deur die Katolieke kerk (Good Shepherd Sisters) en die Ethembeni Plek van Hoop geïnisieer is. Hierdie instansie word deur die Heilsleër

(Salvation Army) ondersteun. Rahab se dienste aan kindersekswerkers sluit onder andere die verspreiding van pamflette (om vrywillige bystand rakende bekamping van prostitusie te verseker), dwelmmiddelrehabilitasie en berading rakende seksuele en fisieke mishandeling en verkragting in.

- Network against Child Labour (NACL) – Johannesburg. Hierdie organisasie beywer hom vir die voorkoming en beskerming van kinders in dwangarbeid (bv. kinderprostitusie)
- Die Laudium organisasie – Pretoria. Hierdie organisasie beywer hom vir die beskerming van straatkinders en kinderprostitute. Die Laudium projek help kinders met die ontwikkeling van vaardighede (bv. kommunikasie) en verskaf ook voeding aan hawelose kinders (bv. 'n sopkombuis).
- Child at Risk Assessment – Pretoria. Hierdie organisasie identifiseer kinders wat risikogevalle is om by prostitusie betrek te word. Child at Risk Assessment poog om risikokinders te bereik voordat hulle deur souteneurs of dwelmmiddelhandelaars by prostitusie betrek word (Leslie, 2001a: 13-15).

6.7 ALGEMENE AANBEVELINGS

Aangesien slegs 20 navorsingdeelnemers in die onderhawige studie betrek is, word aanbeveel dat instansies soos byvoorbeeld die Nasionale Raad vir Kindersorg en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) in die toekoms hierdie aspek breedvoeriger moet bestudeer. Ter bevestiging hiervan meld sowel Leslie (2001a:2) as Schurink (1996:9) dat daar 'n gebrek aan kennis en inligting rakende kinderprostitusie in Suid-Afrika bestaan. Volgens Leslie (2001a:13) word meer fasiliteite wat die veiligheid en beskerming van kinderprostitute bevorder, benodig. Op regeringsvlak is daar 'n tekort aan personeel en 'n gebrek aan genoegsame ondersteuning aan behoeftige gesinne.

Die Gesinsgeweld-, Kindermishandeling- en Seksuelemisdryfeenhede behoort, in samewerking met die Nasionale Intelligensie Agentskap, doelgerig inligting in te win rakende plekke (bv. hotelle) waar kinderprostitusie bedryf word (Leslie, 2001a:10). Hierdie plekke moet dan ook gemonitor word om die fasilitering van kindersekswerk te voorkom. Inligting oor kinderviktimiseerders (kliënte) moet ingewin word om hulle te kan arresteer en potensiële kliënte behoort ook met nasionale veldtogte afgeskrik te word (Leslie, 2001a:12). Verder beveel hierdie outeur aan dat die regering gesinne wat in armoede verkeer finansiëel moet bystaan om sodoende “oorlewingseks” en “seksuele broodwinners” onder kinders te voorkom.

Verdere algemene aanbevelings rakende die beheer en voorkoming van kinderprostitusie behels onder andere:

- Die oorsake van “oorlewingseks” (bv. armoede) moet deur die regering aangespreek word
- Fondse behoort deur die regering begroot te word ten einde armoede landwyd te bekamp en sodoende risikokinders (bv. straatkinders) se lewenskwaliteit te verhoog
- Samewerking tussen regerings- en nie-regeringsorganisasies (netwerke / kanale) moet aangemoedig word
- Stigmatisering van kinders wat seksueel geviktimiseer word moet vermy word, aangesien hierdie kinders hoërisikogevalle vir kinderprostitusie is
- Onderwysers, die bestuur en werkers by plekke van veiligheid vir kindersekswerkers moet ‘n simpatieke houding teenoor kindersekswerkers openbaar
- ‘n Nie-blamerende (“non-punitive”) houding moet teenoor slagoffers van seksuele uitbuiting geopenbaar word
- Terapeutiese behandeling, veral die gebruik van musiek en kuns, moet aangewend word om kindersekswerkers te rehabiliteer, aangesien dit aan hulle die geleentheid kan bied om aan hulle gevoelens uiting te gee

- Deskundige hulp (van kriminoloë) om die risikofaktore verbonde aan kindersekswerk te identifiseer en om hierdie verskynsel te help voorkom, word benodig. Vanaf Junie 2001 tree die navorser in 'n adviserende hoedanigheid (rakende risikofaktore verbonde aan kinderprostitusie) op vir die Nasionale Raad van Kinderwelsyn in Gauteng.
- Verdere studies rakende kinderprostitusie in Suid-Afrika moet onderneem word om as 'n basis vir die bewuswording van die omstandighede van kindersekswerkers en van opleiding van beraders te dien
- Kinders moet teen kinderviktimiseerders beskerm word en strenger wette moet ingestel word om kinderviktimiseerders te vervolg
- Spesialis-eenhede moet gestig word om kinderprostitusie te bekamp en oortreders te vervolg
- Programme wat gerig is op die rehabilitasie van kinderprostitute word benodig
- Meer personeel (bv. kriminoloë en maatskaplike werkers) moet in regeringsposte aangestel word om spesifiek die kindersekswerkerverskynsel in Suid-Afrika aan te spreek (Leslie, 2001a:17-18).

In aansluiting hierby is Schurink (1996:21) van mening dat makro-, meso- en mikrovlakstrategieë rakende kinderprostitusie ontwikkel moet word om hierdie verskynsel te beheer en te bekamp. Makrovlakstrategieë behels wetgewing, beleid en die verandering van die publiek se persepsie rakende prostitusie. Die publiek se persepsie rakende kindersekswerk is belangrik, aangesien die publiek beleidsinisiatiewe (bv. wetgewing rakende die gratis rehabilitasie van kinderprostitute) kan beïnvloed. Mesovlakstrategieë verwys veral na gemeenskapsorganisasies wat kinderprostitute kan help om die "beroep" te verlaat, terwyl mikrovlakstrategieë spesifieke programme (bv. skolastiese opleiding en kommunikasievaardighede) is wat op kindersekswerkers gerig is.

6.8 SAMEVATTING



In hierdie hoofstuk is sowel aanbevelings as leemtes rakende kindersekswerk aangespreek. Die stigting van netwerke (regerings- en nie-regeringsorganisasies), rehabilitasieprogramme en navorsing is onder andere as behoeftes ten opsigte van kindersekswerk geïdentifiseer. Verder is die leemtes in die Suid-Afrikaanse wetgewing rakende kindersekswerk, seksueel mishandelde kinders en plekke van veiligheid wat hierdie kinders huisves, ook aangespreek.

VERWYSINGS

- Adler, F. & Simon, R.J. 1979. *The criminology of deviant women*. Boston: Houghton Mifflin.
- Acoca, L. 1998. Outside/Inside: The violation of American girls at home, on the streets, and in the Juvenile Justice System. *Crime & Delinquency*. 44(4): 561-589.
- Akahori, S., Sakaue, M., Miyakoshi, M., Ishii, Y., Tsukada, N., Fukuda, T., Yasuhisa, K., Tahira, M. Hashimura, T. & Sakuta, T. 1999. Social pathology and sexual delinquency in Japan. *International Medical Journal*. 6(1): 33-37.
- Akers, R.L. 1997. *Criminological theories: Introduction and evaluation* (2nd ed.). Los Angeles, California: Roxbury
- Andrews, B., Brewin, C.R., Rose, S. & Kirk, M. 2000. Predicting PTSD symptoms in victims of violent crime: The role of shame, anger, and childhood abuse. *Journal of Abnormal Psychology*. 109(1): 69-73.
- Babbie, E. 2001. *The practice of social research* (9th ed.). Belmont, CA: Wadsworth Publishers Co.
- Bailey, K.D. 1994. *Methods of social research* (4th ed.). New York: The Free Press.
- Bakker, P. 1996. Kindersekswerkers. Persoonlike mededeling, 9 Julie 1996. Gevangene: Diepkloof Maksimum Gevangenis.
- Barlow, H.D. 1993. *Introduction to criminology* (6th ed.). New York: Harper Collins College Publishers.
- Barkan, S.E. 1997. *Criminology. A sociological understanding*. New Jersey: Prentice Hall.
- Bartol, C.R. & Bartol, A.M. 1989. *Juvenile delinquency: A systems approach*. Englewood Cliffs, N.J: Prentice Hall.
- Bartol, C.T. 1999. *Criminal behavior: A psychosocial approach* (5th ed.). Englewood Cliffs, N.J: Prentice Hall.
- Bartollas, C. 1997. *Juvenile delinquency* (4th ed.). New York: Macmillan.
- Bhengu, C. 2000. 19 May. Children raped 'sold for sex'. *Sowetan*. p.1.
- Biehal, N. & Wade, J. 2000. Going missing from residential and foster care: Linking biographies and contexts. *British Journal of Social Work*. 30(2):211-225.
- Bowker, L.H. 1978. *Women, crime and the criminal justice system*. Lexington: Lexington Books: D.C. Heath & Company.
- Brown, S.E., Esbensen, F.A. & Geis, G. 1996. *Criminology: Explaining crime and its context* (2nd ed.). Cincinnati, OH: Anderson.

- Brümmer, W. 1999. 18 Junie. Kaap is paradys vir pedofiele sê betogers. *Die Burger*. p.7.
- Bullough, V.L. & Bullough, B. 1977. *A bibliography of prostitution*. New York: Garland Publishers.
- Bullough, V.L. & Bullough, B. 1987. *Women and prostitution: a social history*. Buffalo, N.Y.: Prometheus Books.
- Burgos, M., Richter, D.L., Reininger, B., Coker, A.L., Saunders, R., Alegria, M. & Vera, M. 1999. Street-based female adolescent Puerto Rican sex workers: Contextual issues and health needs. *Family and Community Health*. 22(2):59-71.
- Campagna, D.S. & Poffenberger, D.L. 1988. *The sexual trafficking in children. An investigation of the child sex trade*. Dover, Massachusetts: Auburn House Publishing Company.
- Carlen, P. & Worrall, A. 1987. *Gender, crime and justice*. Philadelphia: Milton Keynes.
- Chapkis, W. 1997. *Live sex acts: Women performing erotic labor*. New York: Routledge.
- Chapman, J.R. 1980. *Economic realities and the female offender*. Lexington, Massachusetts: Lexington Books.
- Chipfakacha, V. 1993. Prevention of sexually transmitted diseases. The Shurugwi sex-workers project. *South African Medical Journal*, 83(1):40-41.
- Ciba Foundation Symposium 194. Genetics of criminal and antisocial behaviour. 1996. Chichester: John Wiley & Sons.
- Coetzee, S. 1998. 26 September. 'Dis moeilik om te vergeet'. Verkrachte kinders 'dikwels later prostitute'. *Beeld*. p.2-3.
- Cole, J. 1987. *Die vrou as slagoffer van verkragting*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Cole, J. 1992. *Die kind as slagoffer van ekstrasfamiliale seksuele uitbuiting met verwysing na die kenmerke en modus operandi van die oortreder: 'n Viktimologiese ondersoek*. Universiteit van Pretoria: Pretoria.
- Cole, J. 1995. Parental absence as risk factor in the sexual exploitation of children. *Acta Criminologica*, 8(2): 35-40.
- Cole, J. & Theron, A. 1994. Nadelige gevolge van seksuele uitbuiting: Mite of realiteit. *Maatskaplike Werk*, 30(2): 107-114.
- Conklin, J.E. 1995. *Criminology* (5th ed.). Boston: Allyn & Bacon.
- Coulborn Faller, K. 1990. *Understanding child sexual maltreatment*. Newbury Park: Sage Publications.
- Dallos, R. & McLaughlin, E. 1993. *Social Problems and the family*. London: Sage Publications.

- Das Neves, L. 1996. Kindersekswerkers. Persoonlike mededeling, 23 Julie 1996. Destydse Kaptein van die Wesrandse Gesinsgeweld-, Kindermishandeling- en Seksuele misdryfeenheid.
- Davids, F. 2000. 26 May. South Africa labeled child sex capital of Africa: 28 000 child prostitutes on the streets. *Kwana* p. 1.
- Davis, N.J. 1993. *Prostitution: An international handbook on trends, problems and policies*. Westport: Greenwood Press.
- De Beer, S. 1996. Kindersekswerkers. Persoonlike mededeling, 19 September 1996. Pastoor by Pretoria Community Ministries (PCM), Pretoria.
- De Bruin, G. 2000. 10 September. Kinders se lot bekyk op wêreldkongres. *Rapport*. p.10.
- De Bruyn, I. 1996. 'n Bespreking van die vraagstuk of prostitusie in Suid-Afrika gedekriminaliseer behoort te word. *Acta Criminologica* 9(2): 38-46.
- De Kock. 2001. Januarie. Taxi queens. *Aktueel*. p. 40-42.
- De Young, M. 1982. *The sexual victimization of children*. London: McFarland.
- DeFleur, M. & Quinney, R. 1996. A reformation of Sutherland's differential association theory and a strategy for empirical verification. *Journal of Research in Crime and Delinquency*, 2:1-22.
- Diana, L. 1985. *The prostitute and her clients: Your pleasure is her business*. Springfield, United States of America: Thomas.
- Doyle, C. 1995. *Helping strategies for child sexual abuse*. England: Whiting and Birch Ltd.
- Domeris, W.R. 1996. *Prostitution in the context of Christianity*. In J. du Plessis (red.). *Prostitution Perspectives. A collection of pragmatic and authoritative essays*. (pp.80-87). Hillbrow, Johannesburg: The House.
- DSMIV. American Psychiatric Association. 1994. *Diagnostic and statistical manual of mental disorders*. (IV) (4th ed.) Washington, DC: Author.
- Du Plessis, A. 1996. Gauteng Konferensie van Dekriminalisering van Sekswerk, Oktober.
- Du Plessis, J. 1996. *Prostitution Perspectives: A collection of pragmatic and authoritative essays*. Hillbrow, Johannesburg: The House.
- Du Plessis, J. Kindersekswerkers. Persoonlike mededeling, 10 Mei 1997. The House, Hillbrow, Johannesburg.
- Du Plessis, J. 1997. *Notes on field workers survival guide*. Hillbrow, Johannesburg: The House.
- Du Preez, L. 1998. 12 September. Talle inwoners van Brits by 'kinderprostitusie' betrek. *Beeld*. p.4.
- Du Toit, Y.A. & Pretorius, R. 1997. The influence of parents' perceptions on society's attitude towards the prevention of child sexual abuse. *Acta Criminologica*, 10(1): 67-75.

- Elias, J.E., Bullough, V.L., Elias, V. & Brewer, G. 1998. *Prostitution: On whores, hustlers, and johns*. Amherst, NY: Prometheus Books.
- Ellis, L. & Walsh, A. 2000. *Criminology: A global perspective*. Boston: Allyn and Bacon.
- Ennew, J. 1986. *The sexual exploitation of children*. Cambridge: Polity.
- Farley, M. & Barkan, H. 1998. Prostitution, violence and posttraumatic stress disorder. *Women and Health*, 27(3): 37-49.
- Farley, M. 1996. *Prostitution is a hate crime*. In J du Plessis (red.). *Prostitution perspectives: A collection of pragmatic and authoritative essays*. (p. 5-8). Hillbrow, Johannesburg: The House.
- Farley, M. & Hotaling, N. 1996. *Prostitution, violence and post-traumatic stress disorder*. In J du Plessis (red.). *Prostitution perspectives: A collection of pragmatic and authoritative essays*. (p. 9-16). Hillbrow, Johannesburg: The House.
- Flowers, R.B. 1987. *Women and criminality. The women as victim, offender, and practitioner*. New York: Greenwood Press.
- Flowers, R.B. 1995. *Female crime, criminals and cellmates*. Jefferson, NC: McFarland.
- Finch, S. 1967. Sexual activity of children with other children and adults. *Clinical Pediatrics*, 6(1): 1-5.
- Gelinas, D.J. 1983. The persisting negative effects of incest. *Psychiatry*, 46(4): 312-331.
- Gelsthorpe, L. & Morris, A. 1990. *Feminist perspectives in criminology*. Philadelphia: Open University Press.
- Gordon, L. 1988. *Heroes of their own lives. The politics and history of family violence*. Viking Penguin Inc.: Canada.
- Green, P. 1996. The women of Patpong. Rahab Ministries: An outreach program to women working in prostitution in Bangkok. *NU. News on Health Care in Developing Countries*, 2(10): 5-121.
- Greenberg, R.P. 1999. The weak strength of social control theory. *Crime & Delinquency*. 45(1): 66-81.
- Grondwet 108 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.
- Hagan, F.E. 1997. *Research methods in Criminal Justice and Criminology* (4th ed.). Boston: Allyn & Bacon.
- Harpur, C. 1995. *Prostitution and criminality. Prostitutes and prostitution and crime and criminality: An analysis of socio-economic and other forces affecting the person and the group within society*. Pietermaritzburg: Mallard Publishers.
- Hewlitt, A.A. 1991. *When the bough breaks. The cost of neglecting our children*. United States of America: Harper Collins Publishers.

- Hjelle, L.A. & Ziegler, D.J. 1981. *Personality theories: basic assumptions, research and applications* (2nd ed.). Auckland: McGraw-Hill.
- Hodgson, D. 1995. Combating the organized sexual exploitation of Asian children: Recent developments and prospects. *International Journal of Law and the Family*, 9(1): 23-53.
- Huyshamen, G.K. 1994. *Methodology for the social and behavioural sciences*. Pretoria: Sigma Press.
- Itzin, C. 1997. Pornography and the organization of intrafamilial and extrafamilial child sexual abuse: Developing a conceptual model. *Child Abuse Review*, 6(2):94-106.
- Jagwanth, J., Schwikkard, S. & Grant, B. 1994. *Women and law*. Pretoria: HSRC Publishers.
- Jehu, D. 1988. *Beyond sexual abuse: therapy with women who were childhood victims*. Chichester, England: Willey.
- Kenny, M. & Lane, R.C. 1996. Memoirs of a drug-abusing prostitute: Dynamics and treatment considerations in a case of intergenerational child abuse. *Journal of Contemporary Psychotherapy*, 26(4): 361-378.
- Kielburger, C. 1998. Children helping children around the world. *Family and Conciliation Courts Review*, 36(3): 410-416.
- Klopper, F.H. 1994. *'n Viktimologiese perspektief van die aard en beleving van verkragting binne die huwelik*. (MA-Verhandeling). Universiteit van Pretoria: Pretoria.
- Koekemoer, I. 1996. Kindersekswerkers. Persoonlike mededeling, 28 Augustus 1996. Destydse Kaptein van die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenheid, Pretoria.
- Koen, K., Van Vuuren, B. & Anthony, V. 2000. *The trafficking of children for purposes of sexual exploitation – South Africa*. A report by Molo Songololo. Cape Town: Molo Songololo.
- Kratcoski, P.C. & Kratcoski, L.O. 1986. *Juvenile delinquency* (2nd ed.). New Jersey: Prentice Hall.
- Labuschagné, R.J. 1995a. *Prostitusie by seuns: 'n opvoedkundige-Sielkundige benadering*. Proefskrif: Doctor Educationis in Opvoedkunde en Verpleegkunde aan die Randse Universiteit.
- Labuschagné, I.L. 1995b. (cc12/95). Kriminologiese Voorvonnisevalueringsverslag: Amanda du Toit.
- Labuschagné, I.L. 1996. 15/10/96. Criminological Presentencing Evaluation: Imraan Kahn, Shiraz Essop and Salim Essop.
- Labuschagné, I.L. 1998. 27/03/98. Kriminologiese Voorvonnisevalueringsverslag: Marie Thelma Cornelessen.
- Le Roux, J. 2001. Child sexual abuse in the family. The South African Professional Society on the Abuse of Children. (SAPSAC). 2nd Annual National Conference. 15-17 May 2001. University of Pretoria.

- Leslie, S. 2001a. *Commercial sexual exploitation of children. Five years after the Stockholm-Commercial sexual exploitation of children.* (Unpublished document). p. 1-19.
- Leslie, S. 2001b. *Survey on child sex tourism.* (Unpublished document). p. 1-10.
- Leuchtag, A. 1995. Merchants of flesh: International prostitution and the war on women's rights. *Abstract of Journal Article*, 55(2): 11-16.
- Lilly, J.R., Cullen, F.T. & Ball, R.A. 1995. *Criminological theory. Context and consequences* (2nd ed.). Thousand Oaks, California: Sage Publications.
- Loubser, P. 1996. Kindersekswerkers. Persoonlike mededeling, 7 Junie 1996. Maatskaplike werkster by Bramley Kinderhuis, Pretoria.
- Louw, D.A., Van Heerden, T.J. & Smith, P.R. 1978. *Kriminologiese Woordeboek.* Durban: Butterworth.
- Maguire, M., Morgan, R. & Reiner, R. 1997. *The Oxford Handbook of Criminology* (2nd ed.). Oxford: University Press.
- Mark, R. 1996. *Research made simple. A handbook for social workers.* Thousand Oaks, California: Sage Publications.
- Martin, R., Mutchnick, R.J. & Austin, W.T. 1990. *Criminological thought. Pioneers past and present.* New York: Macmillan.
- Marshall, C. & Rossman, G.B. 1989. *Designing Qualitative Research.* Newbury Park, California: Sage Publications.
- Masemola, M. 1996. *Recovering prostitutes – their therapeutic needs.* In J du Plessis (red.). *Prostitution Perspectives: A collection of pragmatic and authoritative essays.* (p. 45-49). Hillbrow, Johannesburg: The House.
- McCaghy, C.H. & Cernkovich, S.A. 1987. *Crime in American society.* New York: Macmillan.
- McClain, C.V. 1997. *National Register of Sexual Offenders. Draft Working Paper. Prepared for the Task Team in Commercial Sexual Exploitation of Children.* Community Law Centre: University of the Western Cape.
- McClanahan, S.F., McClelland, G.M., Abram, K.M. & Teplin, L.A. 2000. Pathways into prostitution among female jail detainees and their implications for mental health service. *Psychiatric Services*. 50(12): 1606-1613.
- McConaghy, N. 1993. *Sexual behavior: Problems and management.* New York: Plenum Press.
- McCord, J. & Laub, J.H. 1995. *Contemporary Masters in Criminology.* Plenum Press: New York.
- MacFarlane, J. & Waterman, J. 1986. *Sexual abuse of young children: Evaluation and treatment.* New York: Guilford Press.

- McKendrick, B. & Hoffmann, W. 1990. *People and Violence in South Africa*. Cape Town: Oxford Press.
- McNeill, R. 1996. A sexworker's sex art. *Femina*, February 1996. p. 46.
- Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 1993. *Personality theories from Freud to Frankl*. Johannesburg: Lexicon.
- Mhlanga, E. 2001. *Your child, my child, our child: Society's responsibility for children's rights*. The South African Professional Society on the Abuse of Children. (SAPSAC). 15-17 May 2001. University of Pretoria.
- Miller, E. 1986. *Street women*. Philadelphia: Temple University Press.
- Minnaar, G.G., Venter, M.K. & Schurink, W.J. 1980. *'n Psigodinamiese verkenningstudie van 'n aantal blanke prostitute in Johannesburg*. Suid-Afrikaanse Instituut vir Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing. Pretoria: RGN.
- Muncie, J. McLaughlin, E. & Langan, M. 1996. *Criminological perspectives. A reader*. London: Sage Publications.
- Mwanda, N. 2001. *Child abuse service in South Africa – our National Lottery?* The South African Professional Society on the Abuse of Children (SAPSAC). 2nd Annual National Conference. 15-17 May 2001, University of Pretoria.
- Mouton, J. & Marais, H.C. 1989. *Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Nadon, S.M., Koverola, C. & Schuldermann, E.H. 1998. Antecedents to prostitution: Childhood victimization. *Journal of Interpersonal Violence*, 13(2): 206-221.
- Naffine, N. 1987. *Female crime. The construction of women in Criminology*. Sydney, Australia: Allen and Unwin.
- National Clearinghouse on Child Abuse and Neglect. Information obtained (from Internet) on 08/06/97:1.
- Neethling, A. 2001. Kindersekswerkers. Persoonlike mededeling, 20 Maart 2001. Superintendent van die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenheid, Johannesburg.
- Neethling, A. 2001. Kindersekswerkers. Persoonlike mededeling, 15 Junie 2001. Superintendent van Die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenheid, Johannesburg.
- Neethling, A. 2001. Kindersekswerkers. Persoonlike mededeling, 25 Julie 2001. Superintendent van die Gesinsgeweld-, Kindermishandeling- en Seksuele misdryfeenheid, Johannesburg.
- Nedbank ISS Crime Index. 2000. Sex workers in South Africa. *Worlds apart*. 4(6): 25-28
- Nelmapius, K. 1995. Maart. "...draai sy nek om gooi hom in die sloot... ". *De Kat*. p. 76-78.

- Neuman, W.L. 1997. *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches* (3rd ed.). Boston: Allyn & Bacon.
- Neuman, W.L. 2000. *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches* (4th ed.). Boston: Allyn & Bacon.
- Nieswiadomy, R.M. 1993. *Foundations of nursing research* (2nd ed.). Norwalk, Connecticut: Appleton & Lange.
- Occational Bulletin, Vol. XII Oct. 1995 No.6. Microsoft Internet Explorer.
- O'Connor, M. 2000. 23 Augustus. Kinders in SA 'het nie reg tot onderwys'. *Die Volksblad*. p.3-4.
- Olivier, T. 1999. 29 Julie. Jong meisies in prostitusie-net wek groot sorg. *Die Burger*. p. 1, 2, 9.
- Otis, L.L. 1985. *Prostitution in Medieval Society. The history of an urban institution in Languedoc*. Chicago: University of Chicago.
- Patterson, R.L. 1995. Criminality among women: a brief review of the literature. *Journal of Offender Rehabilitation*, 22(3/4): 33-53.
- Pelser, W., 1998. 13 September. Kinders verhuur vir seks. *Rapport*. p. 3.
- Perschler, V. 1996. *Report on the Workshop on "Legal Protection from Child Prostitution"*. Held in Pretoria, 26 to 27 March 1996. Pretoria: HSRC.
- Phillips v Direkteur van Openbare Vervolgings (01/15987).
- Pienaar, D. 1992. 13 Maart. Advertensie met seksuele uitnodigings...die veldbrand is besig om te spreid. *Die Kerkbode*. p. 9.
- Pienaar, A. 1996. Kindersekswerkers. Persoonlike mededeling, 10 Mei 1996. Senior Superintendent, Nasionale Bevelvoerder van die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele misdryfeenheid, Pretoria.
- Pilisuk, M. 1998. The hidden structure of contemporary violence. *Peace and Conflict: Journal of Peace Psychology*, 4(3): 197-216.
- Posel, D. 1993. *The sex market in the inner city of Durban. The economic and social effects of criminalising sex work, and the search for alternatives*. Economic Research Unit. Durban: University of Natal.
- Potgieter, R. 2000. The internal trauma of the sexually abused child. *Child Abuse Research in South Africa (CARSA)*, 1(1): 33-39.
- Pretorius, S.P. 1992. Prostitusie - In beginsel reeds gewettig? *Die Hervormer*, 85(17): 5-7.
- Pretorius, R. 1984. *Die vrou as slagoffer van geweld binne huweliksverband: 'n Viktimologiese ondersoek*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Pretoria.

- Rademeyer, N. 1996. Kindersekswerkers. Persoonlike mededeling, 20 Mei 1996. Destydse Kaptein van die Suid-Afrikaanse Narkotiese Buro, Pretoria.
- Rankin, J.E. & Kern, R. 1994. Parental Attachments and Delinquency. *Criminology*, 32(4): 495-515.
- Reid, S.T. 1994. *Crime and criminology* (7th ed.). Madison: Brown & Benchmark.
- Russell, D.E.H. 1984. *Sexual Exploitation: rape, child sexual abuse, and workplace harassment*. London: Sage Publications.
- S v D 1995 (1) SACR 259 (A).
- S v Jordan (A227/99).
- S v Roets (53/92) Ongerapporteerde saak.
- Sarantakos, S. 1998. *Social research* (2nd ed.). Hampshire: McMillan Press Ltd.
- Schissel, B. & Fedec, K. 1999. The selling of innocence: The gestalt of danger in the lives of youth prostitutes. *Canadian Journal of Criminology*, 41(1): 33-56.
- Schmalleger, F. 1996. *Criminology today*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.
- Schoemaker, D.J. 1996. *Theories of delinquency: An examination of explanations of delinquent behavior* (3rd ed.). New York: Oxford University Press.
- Scholtz, J. 2001. *Knowing more about emotional (child) abuse*. The South African Professional Society on the Abuse of Children. (SAPSAC). 2nd Annual National Conference. 15-17 May 2001. University of Pretoria.
- Scott, M. 2001. *A "whole school" approach to the identification and management of dysfunctional children*. The South African Professional Society on the Abuse of Children (SAPSAC). 2nd Annual National Conference. 15-17 May 2001. University of Pretoria.
- Schur, EM. 1965. *Crimes without victims: Deviant behaviour and public policy*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.
- Schurink, W. J. 1996. *Research on sex work with special reference to policy formulation*. Paper presented during a workshop entitled "Workshop on decriminalization of sex work" at the Council Chamber, Metropolitan Council, Braamfontein, Johannesburg, 28-29 October 1996.
- Schurink, W.J. & Ndabandaba, L.B.G. 1991. Sex-for-money in Durban and adjacent residential areas: An exploratory of some features of prostitution. *Acta Criminologica*, 4(2): 142-158.
- Schurink, W.J., Schurink, E.M., & Smit, C. 1995. *Children involved in prostitution. Exploring a social process to manage the problem in South Africa*. Workshop Background Document. Human Sciences Research Council. Pretoria.
- Sharp, P.M. & Hancock, B.W. 1995. *Juvenile delinquency. Historical, theoretical, and societal reactions to youth*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

- Siegal, L.J. & Senna, J.J. 1997. *Juvenile delinquency: theory, practice, and law* (6th ed.). St. Paul, New York: West Publishing Company.
- Smit., H.C. 1996. *Prostitusie by dogters: 'n Opvoedkundig-Sielkundige benadering*. Fakulteit Opvoedkunde en Verpleegkunde. Randse Afrikaanse Universiteit.
- Snyman, C.R. 1995. *Criminal Law* (3rd ed.). Durban: Butterworths.
- Steenkamp, L. 2000. 20 Desember. Kinderprostitute 'se kans op rehabilitasie skraal'. *Beeld*. p.4.
- Statistics South Africa. 2000. Pretoria: Statistics South Africa.
- Strating, H. 1961. *Wangedrag van dogters*. Kaapstad: Citadel.
- Straus, M.B. 1990. *Abuse and victimization across the life span*. London: The Johns Hopkins University Press.
- Swanepoel, D. 1996. Kindersekswerkers. Persoonlike mededeling, 9 Oktober 1996. Selferkende pedofiel van Pretoria.
- Thom, D.P. 1988. *'n Psigoanalitiese ontleding en vergelyking van die blanke en swart adolessent ten opsigte van ouer-kindverhoudings, portuurverhoudings, identiteitsontwikkeling en die vorming van 'n beroepsidentiteit*. DPhil. Sielkunde. Universiteit van Suid-Afrika.
- Trojanowicz, R.C. & Morash, M. 1992. *Juvenile delinquency. Concepts and control* (5th ed.). Englewoodcliffs, New Jersey: Prentice Hall.
- Tyler, K.A., Hoyt, D.R. & Whitbeck, L.B. 2000. The effects of early sexual abuse on later sexual victimization among female homeless and runaway adolescents. *Journal of Interpersonal Violence*, 15(3): 235-250.
- UNICEF. United Nations Children Fund. World Congress on Commercial Sexual Exploitation of Children. Stockholm, Sweden 27-31 August 1996.
- UN. 1994. Vide United Nations. United Nations. African Institute for the prevention of Crime and the Treatment of Offenders. 1994. Report of the training workshop on law, women and crime in Africa. Uganda: UNAFRI. Publication no 11.
- Uys, S. 1996. 14 Oktober. Oorteder word só beskerm, nie kind nie – Duarte. *Beeld*. p.6.
- Van der Mey, B.J. & Neff, R.L. 1986. *Incest as child abuse: research and applications*. New York: Praeger Publications.
- Van Hamm, C.P. 1997. Die Staat teen Ellen Jordan, Loisa Johanna Francina Broodryk, en Christine Louise Jacobs. Ongepubliseerde dokument. Die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Transvaalse Provinsiale Afdeling, saaknommer.A296/97).
- Van Heerden, M. 1995. 24 Maart. Kinderprostitusie kry aandag. *Beeld*. p.19.
- Van Zyl, P. 2000. 5 Junie. Kinders moet gesien én gehoor word. *Beeld*. p.1, 5, 7.

Verslag oor Sekswerkers in Gauteng. Die Departement van Publieke Veiligheid en Sekuriteit. 25 Januarie 1997.

Visser, A.D.M. 1985. *Prostitusie. Prostitusie as Maatskaplik - Patalogiese verskynsel in Kaapstad met die klem op die hantering daarvan deur die maatskaplike werker en belanghebbende instansies*. Tesis. Magister in Maatskaplike werk aan die Universiteit van Stellenbosch.

Walklate, S. 1995. *Gender and crime: an introduction*. London: Prentice Hall.

Weiner, A. 1996. *Understanding the social needs of street prostitutes*. *Social Work*, 41(1): 97-105.

Wells, H.M. 1978. *The sensuous child*. New York: Stein & Day.

West, C.M., Williams, L.M. & Siegel, J.A. 2000. Adult sexual revictimization among Black women sexually abused in childhood: A prospective examination of serious consequences of abuse. *Journal of the American Professional Society on the Abuse of Children*, 5(1): 49-57.

Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997. Pretoria: Staatsdrukker.

Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 (soos gewysig in 1999). Pretoria: Staatsdrukker.

Wet op Seksuele Misdrywe, Wet 23 van 1957. Pretoria: Staatsdrukker.

Widom, C.S. & Kuhns, J.B. 1996. Childhood victimization and subsequent risk for promiscuity, prostitution, and teenage pregnancy. A prospective study. *American Journal of Public Health*, Vol. 86(11): 1607-1612.

Williams, F.P. (III) & McShane, M.D. 1994. *Criminological theory* (2nd ed.). Englewood Cliffs. NJ: Prentice Hall.

Yablonsky, L. & Haskell, M. 1988. *Juvenile delinquency* (4th ed.). New York: Harper & Row Publishers Inc.

BYLAAG 1

PHASE ONE

QUESTIONNAIRE: THE FEMALE CHILD SEX WORKER

ORIENTATION

1. BIOGRAPHIC INFORMATION

1.1 Age:

1.2 Race/ethnic group:

1.3 Highest qualification/trade:

1.4 Citizenship:

1.5 Place of birth:

2. GENERAL

2.1 How old were you when you got involved in prostitution?

3. Why did you get involved in prostitution (reasons)?

4. How much do you earn per month?

5. What do you do with your income?

6. Do you work for somebody (pimp)? Yes / No

6.1 If yes, describe your relationship with the person you work for.



7. What do you do for safe sex (contraceptives)? Explain.

8. Describe your sexual activities with your clients.

8.1 Do you specialize in a specific activity/technique? Explain.

8.2 Describe your clients (age, sex, race).

9. What is your dressing code? Explain.

10. Describe your working hours.

11. Did you ever run away from home? Explain.

11.1 Did you ever run away from school? Explain.

12. Did/do you attend school?

12.1 How did you experience school? Explain.

13. Did/do you use alcohol or drugs? Explain.

14. Have you ever been arrested? Explain/

15. Have you ever been a victim of crime? Explain.

16. Does prostitution have advantages? Explain.



17. Did I exclude anything that you would like to elaborate on?

BYLAAG 2

QUESTIONNAIRE: THE FEMALE CHILD SEX WORKER

1. BIOGRAPHIC DETAILS:

1.1 Age:

1.2 Race/ethnic group (specify):

1.3 Work area:

1.4 Highest qualification/trade:

1.5 Citizenship:

1.6 Marital status:

1.7 Children:

1.8 Home language:

2. FAMILY RELATIONSHIP (PARENTS, GUARDIANS):

2.1 Are your parents still alive? Yes / No

2.2 Do you still live with your parents/guardian? Yes / No

2.3 If you do not live with your parents, do you know where they are?

2.4 How often do you have contact with your family?

2.5 What is your father's/guardian's occupation?

2.6 What is your mother's/guardian's occupation?

2.7 Did a lack of family income contribute to your decision to leave home? Explain.

2.8 Describe your relationship with your brothers and sisters.

2.9 What is your birth order in the family?

2.10 Are your parents:

Married

Separated

Divorced

One or both parents dead (please specify)

2.11 Describe the nature of your parents relationship.

2.12 Describe your relationship with you're parents.

2.13 With which parent/guardian do/did you get along? Explain.

2.14 Did your family abuse any substances (alcohol or drugs)? Explain

2.15 Does your parents/guardians know that you are involved in sex work? Explain.

2.16 If not, how do you think they would react if they should know? Explain.



3. SCOLASTIC QUALIFICATION

3.1 Do you attend school? Yes / No

3.2 If so, how does prostitution influence your school work/performance? Explain.

3.3 If you do not, or never did attend school, would you have liked to attend school? Explain.

3.4 Describe how you experience/experienced school.

3.5 Describe your relationship with your school friends (peer group relationships).

3.6 Have you been truant at school? Explain.

3.7 Did substance abuse (alcohol and drugs) have an effect on your school career? Explain.

3.8 If so, which substances did you use?

3.9 What would you like to be one day (career/profession)? Explain.

4. VICTIMISATION

4.1 Were you abused during your childhood? Yes / No

4.2 Would you mind explaining the nature (emotional, physical or sexual) of the abuse?

4.3 By whom were you abused? Explain.

4.4 For how long (hours, days, months, years) were you abused? Explain.

4.5 Is there an incident that you would like to share with me? Explain.

4.6 Did you ever reveal to anyone that you were abused? Yes / No

4.7 If so, to whom?

4.8 How did they react? Explain.

4.8 What effect did the abuse have on you? Explain.

4.9 Do you think that there is a link between your abuse and the sex work? Explain.

5. INVOLVEMENT IN PROSTITUTION

5.1 What do you understand under the term "sex worker"? Explain.



5.2 Do you perceive yourself as a prostitute / sex worker? Explain. *

5.3 How old were you when you got involved in prostitution?

5.4 Why did you get involved in prostitution (reasons)? Explain.

5.5 How did you get involved in prostitution (introduced to prostitution)? Explain.

5.6 Explain the nature of the sexual activities that you are expected to perform.



5.7 Describe your clients (sex, age, race).

5.8 Do you experience any stress with regard to your involvement in sex work? Yes / No

5.9 If so, how do you cope with the stress? Explain.

5.10 Would you like to end this profession? Yes / No

5.11 If so, please explain why?

5.12 If not, why?

5.13 Is there an alternative to sex work (e.g. waitress, cashier)?

5.14 Do you have a dress code? Yes / No

5.15 What is your dress code during summer? Explain.

5.16 What is your dress code during the winter? Explain.

5.17 Describe your working hours.

5.18 What do you do in your leisure time? Explain.

6. MEDICAL PROFILE

6.1 Do you go for medical check-ups? Yes / No

6.2 If so, how often do you go for medical check-ups? Explain.

6.3 Where do you go for a medical check-up?

6.4 Do you use any form of contraception? Explain.

6.5 Where do you get your contraceptives? Explain.

6.6 Would you have intercourse without contraception? Explain.



6.7 Are you scared of contracting sexually transmitted diseases? Explain.

6.8 Have you ever suffered from any sexually transmitted disease? Explain.

6.9 What do you understand by the concept HIV/AIDS? Explain.

6.10 Have you ever been pregnant? Explain.

6.11 Did you ever have an abortion? Yes / No

6.12 If so, why did you go for an abortion? Explain.

6.13 Who conducted the abortion?

6.14 Who cares for your child(ren) while you are working? Explain.

6.15 Do you work when you have your periods? Yes / No

6.16 If so, please explain.

6.17 Where do you go when you are ill (e.g. flu)? Explain.

7. SUBSTANCE ABUSE

7.1 Do you use any substances (alcohol/drugs)? Yes / No

7.2 If so, please specify the types of substances that you use.

7.3 Who supply you with the drugs/alcohol? Explain.

7.4 What effect does the substances have on you? Explain.

7.4 How much money do you spend on substances? Explain.

8. FINANCIAL MOTIVATION

8.1 How much do you earn per month? Explain.

8.2 How much do clients pay for?

Sex

Sex with toys

Masturbation

Blowjobs (oral sex)

Anal sex

Other, please specify

8.3 Do clients have specific requirements? Explain.

8.4 Do you save money on a monthly basis? Explain.

8.5 On what do you spend your money? Explain.

9. CHALLENGES OF PROSTITUTION

9.1 How many clients do you see?

Per day

Week

Month

9.2 Have you ever been involved in pornography? Yes / No

9.3 If so, please explain the nature thereof.



9.4 If you were involved in pornography, by whom were you approached? Explain.

9.5 Have you ever been a victim of violence while practising prostitution? Explain.

9.6 How do the South African Police members treat you? Explain.

9.7 Have you ever been arrested? Yes / No

9.8 If so please explain why.

9.9 Have you ever appeared in court? Yes / No



9.10 If so, please explain why.

9.11 What role does pimps (middle-man) play in prostitution? Explain.

9.12 Do you work under a pimp? Yes / No

9.13 If so, describe the role of your pimp.

9.14 Why do you work for a pimp? Explain.

9.15 Explain the nature of your relationship with your pimp.



9.16 If you do not work for a pimp, explain why.

9.17 How much does your pimp earn a month?

9.18 Have you ever been threatened or treated badly by your pimp? Explain.

9.19 What according to you would be needed to successfully exit prostitution? Explain.

9.20 Have you ever thought of leaving prostitution? Yes / No

9.21 If so, why?

9.22 If not, why?

9.23 What are your future expectations? Explain.

10. ADVANTAGES / DISADVANTAGES OF PROSTITUTION

10.1 Does prostitution have any advantages? Explain.

10.2 Does prostitution have any disadvantages?

11. REHABILITATION / PLACES OF SAFETY

11.1 Do you think that prostitutes need any assistance after exiting this career? Yes / No



11.2 If so, why?

11.3 If not, explain why?

11.4 Have you ever been administered to a rehabilitation centre or a place of safety? Yes / No

11.5 If so, why?

11.6 Where have you been administered?

11.7 Did the assistance contribute to your well being? Explain.

11.8 Do you know any rehabilitation centres or places of safety for prostitutes? Explain.



11.9 Is there anything that you would like to say, that would contribute to this research? Explain.
